
# Die erediens as uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens: ’n Pentekostalistiese perspektief




**André du Preez**

# Die erediens as uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens: ‘n Pentakostalistiese perspektief

**AP du Preez**

**13007440**

Proefskrif voorgelê vir die graad Doctor Philosophiae in Liturgiek aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof dr RS Letšosa

Mei 2014

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Dit begin alles hier ™

# VOORWOORD

Dank aan ons hemelse Vader, Sy Seun Jesus Christus en die Heilige Gees vir die genade, gesondheid en vermoë om hierdie werk tot eer van Sy koninkryk en kerk te kon voltooi het.

Aan my ouers, Duppie en Ria du Preez vir die opvoeding en geestelike ruimte waarbinne ek kon vreugde vind in die uitlewing van my verhouding met die Here.

Aan my vrou Pieta. Sonder jou liefde, ondersteuning en ure en ure se harde werk sou hierdie studie nooit gedoen kon word nie. Jy is ŉ inspirasie en lewende getuie van Sy liefde in my lewe.

My kinders, JP en Shari, Anrich en Angelique, Marli en Nantes. ŉ Pa sou nooit vir beter kon vra nie. Jul het jul hele lewe vir my bediening opgeoffer en mag die erfenis daarvan in ons nageslagte gedy.

Prof RS Letšosa vir nimmereindige geloof in my vermoë. Elke keer as ek wou opgee het u eenvoudig nuwe vuur in my hart geblaas. Ek sal u insette in my werk en in my lewe nooit vergeet nie.

Aan Noorwes Universiteit vir die finansiële steun waarsonder ek nie hierdie navorsing sou kon doen nie. Daar is soveel pragtige vriende en gemeentelede wat ons gedra het met baie liefde en bystand. Dankie dat jul jul liefde so prakties verwoord het.

Elmari Snoer vir die taalversorging. Absoluut uitstaande! Baie dankie.

Pinkster Dinamiek Bedieninge wat my toelaat om my passie vir verloregaande mense uit te leef.

**1 Korintiërs 2:2 – “Want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet as Jesus Christus, en Hom as gekruisige”.**

Opgedra aan elke volgeling van die Here Jesus Christus.

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1 1


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Oriëntering en probleemstelling | 1 |
| 1.1.1 | Inleiding | 1 |
| 1.1.2 | Die erediens as ontmoetingsgebeure | 2 |
| 1.1.3 | ’n Kort oorsig oor die geskiedenis van die erediens as ontmoetingsgebeure met besondere verwysing na die Pentekostalistiese tradisie | 2 |
| 1.1.4 | Die liturgiek as ’n Pinksterbelewenis | 4 |
| 1.1.5 | Probleemstelling | 4 |
| 1.2 | Doelstelling en Doelwitte | 5 |
| 1.3 | Sentrale Teoretiese argument | 6 |
| 1.4 | Metode van ondersoek | 6 |
| 1.5 | Die voorlopige hoofstukindeling | 7 |


## HOOFSTUK 2 10


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Sleutelterme en begrippe | 10 |
| 2.1.1 | Liturgie | 10 |
| 2.1.2 | Liturgiek | 11 |
| 2.1.3 | Erediens | 12 |
| 2.1.4 | Dinamiese ontmoetingsgebeure | 13 |
| 2.1.5 | Liturgie vanuit ’n Pentekostalistiese perspektief | 14 |
| 2.1.6 | Pinkster | 15 |
| 2.2 | Perspektiewe vanuit die Ou Testament | 16 |
| 2.2.1 | Die primitiewe erediens | 17 |
| 2.2.2 | Die noodkreet | 19 |
| 2.2.3 | Die bevestiging | 20 |
| 2.2.4 | Verandering | 26 |
| 2.2.5 | Standvastigheid | 30 |
| 2.2.6 | Perspektiewe vanuit 2 Kronieke 5-7 | 31 |
| 2.2.6.1 | Sosiohistoriese konteks | 32 |
| 2.2.6.1.1 | Inleiding tot 1 & 2 Kronieke | 33 |
| 2.2.6.1.2 | Sosiaal-politiese en -historiese agtergrond | 34 |
| 2.2.6.1.3 | Woonplek en ligging van die eerste lesers | 35 |
| 2.2.6.1.4 | Kosmospolitiese aard van die samelewing | 35 |
| 2.2.6.1.5 | Godsdienstige en Filosofiese strominge | 35 |
| 2.2.6.2 | Keuse van die perikoop | 37 |
| 2.2.6.3 | Plek van die perikoop in die boek Kronieke en die Bybel | 37 |
| 2.2.6.4 | Ontleding van die makro/mikro gedagte-opbou | 38 |
| 2.2.6.4.1 | Makrostruktuur van 1 en 2 Kronieke | 38 |
| 2.2.6.4.2 | Die mikrostruktuur van 2 Kronieke 5:2 tot 7:22 | 40 |
| 2.2.6.5 | Die genre van die perikoop en die boek | 41 |
| 2.2.6.6 | Die openbaring van God in die perikoop | 42 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.2.6.7 | Die kommunikasiedoel van die perikoop | 44 |
| 2.2.6.8 | Die eksegetiese ontginning van 2 Kronieke 5:2-7:22 | 44 |
| 2.2.6.8.1 | Fokus op die voorbereiding van die liturgie vir die erediens – 2 Kronieke 5:1, 5:2-14 en 6:1-2 | 44 |
| 2.2.6.8.2 | Fokus op die prediking in die erediens – 2 Kronieke 6:3-42 | 47 |
| 2.2.6.8.3 | Die afsluiting van die erediens met gebed bewerk geleentheid vir 'n ontmoeting – 2 Kronieke 7:1-3 | 49 |
| 2.2.6.8.4 | Die kerkganger se reaksie op God se teenwoordigheid in die erediens – 2 Kronieke 7:4-10 | 51 |
| 2.2.6.8.5 | Die gevolge van 'n erediens: 'n dinamiese ontmoeting – 2 Kronieke 7:1-22 | 52 |
| 2.3 | Basisteoretiese samevatting uit die Ou Testament | 53 |


## HOOFSTUK 3 55


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Die tempel, sinagoge en huiskerke as plekke van aanbidding in die Nuwe Testament | 55 |
| 3.1.1 | Die Tempel | 56 |
| 3.1.1.1 | Verdere geskiedenis van die Tempel | 56 |
| 3.1.1.2 | Die Tempel as belangrike plek vir publieke aanbidding | 56 |
| 3.1.1.3 | Mattheus 21:12-17 - Reiniging van die Tempel | 57 |
| 3.1.1.4 | Liturgie in die Nuwe Testamentiese Tempel maak 'n dinamiese ontmoeting met God moontlik | 58 |
| 3.1.2 | Die Sinagoge | 59 |
| 3.1.2.1 | Die oorsprong van die Sinagoge | 59 |
| 3.1.2.2 | Die funksie van die Sinagoge | 61 |
| 3.1.2.3 | Die liturgie van die Sinagoge maak 'n dinamiese ontmoeting met God moontlik | 62 |
| 3.1.3 | Huiskerke | 63 |
| 3.1.3.1 | Die oorsprong van die huiskerk | 63 |
| 3.1.3.2 | Die funksie van die huiskerke | 65 |
| 3.1.3.3 | Die liturgie van die huiskerk maak 'n dinamiese ontmoeting met God moontlik | 66 |
| 3.2 | Die dood, opstanding en hemelvaart van Jesus gaan die belofte van die uitstorting van die Heilige Gees vooruit | 67 |
| 3.3 | Perspektiewe vanuit Handelinge 2-4 | 68 |
| 3.3.1 | Basiese agtergrond van die boek Handelinge | 69 |
| 3.3.2 | Eksegetiese ontginning van Handelinge 2-4 met besondere klem op die dinamiese aktiwiteite | 70 |
| 3.3.3 | 'n Vergelyking van teks met die oog op die erediens: 2 Kronieke 5-7 en Handelinge 2-4 | 76 |
| 3.3.4 | Uitleg oor die positiewe en negatiewe reaksie op 'n dinamiese ontmoeting tussen God en mens in Handelinge 2-4 | 78 |
| 3.4 | Perspektiewe vanuit 1 Korintiërs 11-14 | 79 |
| 3.4.1 | 'n Oorsig | 79 |
| 3.4.2 | 1 Korintiërs 11-14 werp lig op die erediens | 79 |
| 3.4.3 | Struktuur van die brief | 82 |
| 3.4.4 | Riglyne vir 'n dinamiese ontmoeting tussen God en mens deur die werking van die Geestelike Gawes: 1 Korintiërs 12-14 | 82 |
| 3.5 | Basisteoretiese samevatting uit die Nuwe Testament | 86 |

## HOOFSTUK 4 88


| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Die relevansie van dinamiese ontmoetings tussen God en mens in die geskiedenis vir die ontwikkeling van die erediens | 88 |
| 4.1.1 | Inleidende gedagtes | 90 |
| 4.1.2 | ŉ Historiese sketsplan van die ontmoetingsoomblikke tussen God en mens in die geskiedenis | 91 |
| 4.1.3 | Die invloed van Postmodernisme op die filosofie van Pentekostalisme en die pad wat vir ŉ dinamiese ontmoeting gebaan is | 97 |
| 4.1.4 | Gevolgtrekkings uit die geskiedenis om die ontmoeting tussen God en mens in die erediens toe te lig | 98 |
| 4.2 | Perspektiewe op die erediens as uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens in die Pentekostalisme | 100 |
| 4.2.1 | ŉ Historiese oorsig van die Pentekostalisme | 100 |
| 4.2.1.1 | Inleiding | 102 |
| 4.2.1.2 | Vroeë Kerk | 102 |
| 4.2.1.3 | Middeleeue | 104 |
| 4.2.1.4 | Die Protestantse Reformasie en die charismata | 105 |
| 4.2.1.4.1 | "Klein profete van Cheyennes" | 105 |
| 4.2.1.4.2 | Die vroeëre kwakers (gemeenskap van vriende) | 105 |
| 4.2.1.4.3 | Edward Irving (1792-1834) | 106 |
| 4.2.1.5 | Die Metodiste en "Holiness Movement" | 106 |
| 4.2.1.5.1 | John en Charles Wesley | 106 |
| 4.2.1.5.2 | Metodisme se bydrae tot Pentekostalisme | 107 |
| 4.2.1.6 | Piëtisme | 107 |
| 4.2.1.7 | Die tweede evangeliese ontwaking | 108 |
| 4.2.1.8 | "Holiness Movement" | 109 |
| 4.2.1.9 | Die Keswich konvensies | 110 |
| 4.2.1.10 | Die invloed van herlewings op die Pentekostalisme | 110 |
| 4.2.1.11 | "The Divine Healing Movement" se bydrae tot Pentekostalisme | 111 |
| 4.2.1.11.1 | John Alexander Dowie (1847-1907) | 111 |
| 4.2.1.11.2 | Frank Sandford (1862-1948) | 112 |
| 4.2.1.12 | Charles Fox Parham: Die geboorte-uur van moderne Pentekostalisme | 112 |
| 4.2.1.13 | William Seymour: Azusastraat-herlewing | 113 |
| 4.2.1.14 | Die effek van die internasionale herlewings as dinamiese ontmoetingsgebeure tussen God en mens | 114 |
| 4.2.1.15 | Pentekostalisme in Afrika en Suid-Afrika: Winde van verandering | 115 |
| 4.2.1.15.1 | Faktore wat die koms van Pinkster na Suid-Afrika begunstig het | 116 |
| 4.2.1.15.2 | Engenas Lekganyana (1880-1948) | 116 |
| 4.2.1.15.3 | Die Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike Afrika | 117 |
| 4.2.1.16 | Die toekoms van Pentekostalisme | 118 |
| 4.2.1.17 | Die Pinksterdiens as ŉ bydrae tot kerkgroei in Suidelike Afrika | 120 |
| 4.2.2 | Samevattende gevolgtrekkings | 123 |


## HOOFSTUK 5 125


| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Sosiologie | 125 |
| 5.1.1 | Inleiding | 125 |

5.1.2 Godsdiens as 'n Sosiale Wetenskap 126
5.1.2.1 Definisie 126
5.1.2.2 Emile Durkheim 126
5.1.2.3 Max Weber 127
5.1.2.4 Peter Berger 128
5.1.2.5 Kontemporêre Sosiologie en Godsdiens 129
5.1.3 Die Sosiologie en Liturgiek 130
5.1.3.1 Inleiding 130
5.1.3.2 Rituele 130
5.1.4 Allokasie en Integrasie 132
5.1.5 Norme 133
5.1.6 Kohesie 134
5.1.7 Bydrae deur die Sosiologie 136
5.2 Kommunikasiekunde 137
5.2.1 Omskrywing en definiëring van kommunikasie 137
5.2.2 Enkele kommunikasiemodelle 139
5.2.2.1 Litfin se basiese kommunikasiemodel 139
5.2.2.2 Dingemans se interaksionele simboolkommunikasie 140
5.2.2.3 Marais en Nieuwmeijer se model vir beïnvloedingskommunikasie 141
5.2.2.4 'n Geïntegreerde model vir dinamiese ontmoeting tussen God en mens tydens die erediens 142
5.2.3 Die noodsaaklikheid van kommunikasie as 'n wyse om 'n verbintenis te vorm wat 'n ontmoeting met God bewerk 143
5.2.3.1 Inleiding 143
5.2.3.2 'n Model om konneksievorming moontlik te maak 143
5.2.3.3 Gemeenskaplike belange skep 'n konneksie tussen mense 144
5.2.3.4 Die vier bestanddele vir konneksievorming 144
5.2.3.5 Die inspirasievergelykingsformule – 'n ontmoeting word bewerk 146
5.2.4 Bydrae uit die Kommunikasiekunde 147
5.3 Emosie beskou vanuit die hoek van die Psigologie 147
5.3.1 Definisie van emosie 147
5.3.2 Die invloed van godsdienstige oortuigings op die emosie van die mens 149
5.3.3 'n Kognitiewe model vir die pinksterondervinding van die Heilige Gees 149
5.4 Die Antropologie en rituele studies 152

## HOOFSTUK 6 157

6.1 Inleiding 157
6.2 Metode van die empiriese ondersoek 157
6.2.1 Metodiek 157
6.2.2 Vraelys 163
6.2.3 Respons 163

## HOOFSTUK 7 171

7.1 Inleiding 171
7.1.1 Basisteoretiese oorsig van hoofstukke 2-4 171
7.1.2 Metateoretiese oorsig van hoofstuk 5 172
7.2 Praktykteoretiese riglyne vanuit die wisselwerking tussen basisteorie en 174

| | | |
|---|---|---|
| | metateorie om uitdrukking te gee aan die erediens as dinamiese ontmoeting tussen God en mens | |
| 7.2.1 | Ontmoeting in die erediens (A1) | 174 |
| 7.2.1.1 | Basisteoretiese beginsels | 174 |
| 7.2.1.2 | Metateoretiese gegewens | 174 |
| 7.2.1.3 | Insigte vanuit prakties-teologiese empiriese navorsing | 175 |
| 7.2.1.3.1 | Liturgie en die respondent se ervaring van ontmoetingsoomblikke | 175 |
| 7.2.1.3.2 | Sang en musiek en die respondent se ervaring van ontmoetingsoomblikke | 175 |
| 7.2.1.3.3 | Plaasvind van ontmoetingsoomblikke | 175 |
| 7.2.1.4 | Praktykteoretiese riglyne | 175 |
| 7.2.2 | Verootmoediging (A2) | 176 |
| 7.2.2.1 | Basisteoretiese beginsels | 176 |
| 7.2.2.2 | Metateoretiese gegewens | 176 |
| 7.2.2.3 | Insigte vanuit prakties-teologiese empiriese navorsing | 176 |
| 7.2.2.3.1 | Plaasvind van ontmoetingsoomblikke | 176 |
| 7.2.2.4 | Praktykteoretiese riglyne | 176 |
| 7.2.3 | Versoening (A3) | 177 |
| 7.2.3.1 | Basisteoretiese beginsels | 177 |
| 7.2.3.2 | Metateoretiese gegewens | 177 |
| 7.2.3.3 | Insigte vanuit prakties-teologiese empiriese navorsing | 177 |
| 7.2.3.3.1 | Ervaring van dinamiese ontmoetingsoomblikke | 177 |
| 7.2.3.4 | Praktykteoretiese riglyne | 177 |
| 7.2.4 | Die woorddiens (A4) | 178 |
| 7.2.4.1 | Basisteoretiese beginsels | 178 |
| 7.2.4.2 | Metateoretiese gegewens | 178 |
| 7.2.4.3 | Insigte vanuit prakties-teologiese empiriese navorsing | 178 |
| 7.2.4.3.1 | Prediking en die respondent se ervaring van ontmoetingsoomblikke | 178 |
| 7.2.4.4 | Praktykteoretiese riglyne | 179 |
| 7.2.5 | Die reaksie/responsoria (A5) | 179 |
| 7.2.5.1 | Basisteoretiese beginsels | 179 |
| 7.2.5.2 | Metateoretiese gegewens | 180 |
| 7.2.5.3 | Insigte vanuit prakties-teologiese empiriese navorsing | 180 |
| 7.2.5.3.1 | Prediking en die respondent se ervaring van ontmoetingsoomblikke | 180 |
| 7.2.5.4 | Praktykteoretiese riglyne | 180 |
| 7.2.6 | 'n Dinamiese ontmoeting (A6) | 181 |
| 7.2.6.1 | Basisteoretiese beginsels | 181 |
| 7.2.6.2 | Metateoretiese gegewens | 181 |
| 7.2.6.3 | Insigte vanuit prakties-teologiese empiriese navorsing | 181 |
| 7.2.6.3.1 | Ervaring van dinamiese ontmoetingsoomblikke | 181 |
| 7.2.6.4 | Praktykteoretiese riglyne | 181 |
| 7.2.7 | Uitstuur (A7) | 182 |
| 7.2.7.1 | Basisteoretiese beginsels | 182 |
| 7.2.7.2 | Metateoretiese Gegewens | 182 |
| 7.2.7.3 | Insigte vanuit prakties-teologiese empiriese navorsing | 182 |
| 7.2.7.3.1 | Ervaring van dinamiese ontmoetingsoomblikke | 182 |
| 7.2.7.4 | Praktykteoretiese riglyne | 182 |
| 7.2.8 | Algemene opmerkings | 183 |
| 7.2.8.1 | Groei in die Pentekostalistiese beweging | 183 |
| 7.2.8.1.1 | Wat A aanbetref | 183 |
| 7.2.8.1.2 | Wat B aanbetref | 183 |
| 7.2.8.2 | Interne skeurings en afsplinterings (vgl. 4.2.1.16) | 184 |
| 7.2.8.3 | 'n Ou ideologie versus 'n nuwe ideologie | 184 |
| 7.2.8.3.1 | 'n Ou Ideologie | 184 |
| 7.2.8.3.2 | Nuwe Ideologie | 184 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.2.8.4 | Die toekoms van Pentekostalisme (vgl. 4.2.1.16) | 185 |
| 7.2.8.5 | Pentekostalisme bestaan en word verwoord in 'n dinamiese ontmoeting tussen God-mens, mens-God en mens-mens onderling | 185 |
| 7.2.8.6 | Samevatting | 186 |
| 7.3 | Bepaalde bydraes uit 'n Pinksteroogpunt vir die daarstel van 'n model vir die erediens as uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens | 187 |
| 7.3.1 | Die gebruik van die model | 188 |
| 7.3.2 | Slot | 189 |

SAMEVATTING 190

OPSOMMING 193

ABSTRACT 194

SLEUTELTERME / KEY WORDS 195

BIBLIOGRAFIE 196

# HOOFSTUK 1

## 1.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

### 1.1.1 Inleiding

Hierdie studie ondersoek die erediensliturgie vanuit 'n Pinksterbelewenis. Die fokus is Pentekostalisties van aard en die erediens word as ŉ uitdrukking van ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en mens beskou. Pentekostalisme vanuit 'n liturgiese metodieke oogpunt is ŉ relatiewe nuwe studieveld en daarom is verdere navorsing ŉ noodsaaklikheid. White (1989:207-208) ondersteun die belangrikheid van verdere studie in hierdie veld met sy aanhaling: "Pentecostal worship… It is still a radical concept for most Christians, but it has thrived and matured for nearly a century and will doubtless continue to develop for much longer".

Teologie is die openbaring van God deur die Woord. Literatuur bevestig ook dat Liturgiek as ŉ vakgebied op eie vlak beskou word. Barnard (1981:47,91) verwys na Liturgiek as ŉ dissipline van Praktiese Teologie, ŉ amptelike vak of diakoniologiese vak. Dit word dus duidelik as 'n selfstandige en wetenskaplike vakgebied binne die Teologie beskou (Hughes, 2003:225-226; Saliers, 1994:25 en Vrijlandt, 1987:7). Voorts ondersteun Vos (1997:16,17) dat Liturgiek ŉ wetenskaplike tradisie opsigself is wat oor eeue ontwikkel het. Dit is ŉ tradisie wat die kommunikasie wyses binne die raamwerk van die erediens verteenwoordig. Hughes (2003:226) meld dat "the concern of liturgical theology is the rite as an instantiation of the church's *lex orandi."* Barnard (1981:47) som op dat Liturgiek duidelik as teologiese en wetenskaplike vak afgegrens is en as ŉ selfstandige onderdeel 'n regmatige plek binne die Teologie inneem. Vos (1997:15) se opsomming van die liturgiek se plek en funksie binne die praktiese teologie is baie duidelik vanuit ŉ perspektiewe benadering. Binne hierdie benadering kan Liturgiek metafories as 'n spinneweb uitgebeeld word, naamlik dat dit een van die spindrade is, maar ook deel van die web. Die praktiese teologie is gerig op die Christelike geloofspraksis. Die praksis word in die erediens beoefen en gevoed. Die Liturgiek (**leitourgikè technè**) bied ŉ wetenskaplike besinning oor die oefening en voeding.

In hierdie studie word die aanname gemaak dat die erediens uitdrukking gee aan die dinamiese ontmoeting tussen God en mens. Die positiewe kant van hierdie veronderstelling is dat God Hom in die erediens openbaar. Leuschner (2001:2) stel dat God Sy "volk", die gemeente wil ontmoet, en hierdie ontmoeting geskied deur die liturgiese spel, hetsy die prediker, die gemeente, die verkondiging, die geloofsbelydenis, die musiek, die sakramente, en gebed. Daar is egter ook ŉ negatiewe kant aan hierdie ontmoeting. Hierdie negatiewe kant word verwoord in die "geruis" wat ontstaan wat hierdie ontmoeting wil verhinder. Hierdie geruis in die erediens kan op ŉ paar wyses omskryf word. Daar is die invloed van die bose wat wil verhinder dat die Woord "gepredik" en "gehoor" word. Verder het die voorbereiding en persoon van die prediker ook ŉ bepaalde invloed. Die hoorder moet ook in ag geneem word, naamlik in watter mate lewer die hoorder se ingesteldheid en gesindheid van sy "hart" ŉ bydrae tot die wese van die erediens. Du Preez (2006:103) het reeds ŉ aspek hiervan aangeraak. Hy dui aan: "God wil Hom aan die mens openbaar; Satan sal altyd hierdie openbaring probeer keer. Die Heilige Gees staan mense by in hulle swakhede en gebreke; die Gees tree vir mense in en rig hul woorde en dade. Christus se verlossing is voldoende vir elke mens". Hierdie aspek gaan later volledig behandel word aan die hand van ŉ kognitiewe model wat vir die Pinksterondervinding van die erediens ontwerp is (Hoofstuk 5). Hierdie model fokus op die werksaamhede van die Heilige Gees in die Pinksterdiens.

Hierdie besondere dinamika vir 'n ontmoeting in die erediens sal verder deur die studie geskets word. As agtergrond sal die volgende elemente bespreek word: die erediens as ontmoetingsgebeurtenis, geskiedenis van die ontwikkeling van die erediens as 'n ontmoetingsgebeurtenis binne die Pentekostalistiese benadering en die liturgie as 'n Pinksterbelewenis.

### 1.1.2 Die erediens as ontmoetingsgebeure

Alvorens daar in diepte ondersoek ingestel kan word na die erediens as 'n uitdrukking van 'n dinamiese ontmoetingsgebeurtenis, moet bevestig word dat die erediens 'n ontmoetingsgebeurtenis is. Daar is reeds resente navorsing gedoen met betrekking tot Liturgiek. Bepaalde skrywers wat 'n belangrike bydrae hiertoe gelewer het, word kortliks aangehaal:

- Barnard (1981:8) dui die wese van die erediens aan as 'n ontmoeting van God met die gemeente, die gemeente met God en die gemeente onderling met mekaar.
- De Klerk (1987:9-10, 32) maak melding van die werking van die Heilige Gees in die erediens as ontmoeting van die Verbondsgod met sy gemeente en dui verder aan dat in Christus, God sy nuwe volk ontmoet en die volk ook so die lewende God.
- Jones, Wainwright, Yarnold en Bradshaw (1992:19) bied 'n treffende illustrasie van die interaksie en ontmoeting tussen God en mens: “Looking back from the point at which we have arrived, it is possible to see that Christian liturgy is patterned on the history of salvation. There is the original initiative of God, who throughout the ages offers us his love. The history is carried forward by the redeeming events of Christ the Son of God, who on the cross gives Himself totally to his Father and the salvation of humankind. He ascends to the Father and sends upon his church the Holy Spirit so that the ecclesia may continue…”
- Vos en Pieterse (1997:7) skryf dat die erediens 'n kragveld is waarbinne die ontmoeting met God en Sy gemeente voltrek word. Hierdie ontmoeting vestig dan verskillende verhoudinge, naamlik tussen:

    - God en die gemeente;
    - God en die enkeling;
    - Gemeentelede onderling;
    - Die gemeente en die wêreld; en
    - Die enkeling en die wêreld.

- Oskamp en Schuman, (1998:73) verwys na die kerkdiens as 'n samekoms wat 'n dinamiese gebeurtenis is.
- “With the spread of Pentecostalism across the world, it would not be unfair to say that the charismatic meeting, complete with worship time, powerful, emotive and biblical preaching, and the manifestation of the Spirit in some dramatic form, is now the most common form of Christian worship in the contemporary world” (Stinger, 2005:234).

### 1.1.3 'n Kort oorsig oor die geskiedenis van die erediens as ontmoetingsgebeure met besondere verwysing na die Pentekostalistiese tradisie.

Op grond van die standpunte wat uit die literatuurstudie verkry is, is dit duidelik dat die erediens in wese 'n ontmoeting tussen God en mens is en gedurende die ontmoeting bepaalde gebeure afspeel. Die erediens as ontmoeting en gebeure het 'n besondere geskiedenis binne die liturgiese opset. Dit is 'n geskiedenis wat die besondere dinamika tussen God en mens illustreer. “Het is evenwel zinvol om eerst een blik terug te werpen, in de lengte van de geschiedenis, in de richting van de oorsprong en daarop volgende

ontwikkelingen van de kerklike liturgie". (Oskamp en Schuman, 1998:25-26). Reeds in die eerste hoofstuk van die eerste boek in die Bybel word die ontmoeting tussen God en mens voorgestel. "With that sudden act, the whole sweep of biblical history begins, continuing down to the present day – spiritually in our synagogues and churches and in our hearts…" (Pfatteicher, 1997:246). Oskamp en Schuman (1998:26) meld verder dat die diepste liturgiese tradisie in die Ou Testament gewortel is. Barker (2003:80) sluit hierby aan deur te sê: "The tabernacle had originally been build so that the Lord could "dwell" there". Na die ballingskap het die ontstaan van die sinagogale erediens begin, wat weer 'n belangrike brug na die Nuwe Testamentiese erediens sou bou (De Klerk, 1987:19).

In die Nuwe Testament word geleer dat die eerste gelowiges nog nie 'n vaste vorm van erediens gehad het nie. Na die uitstorting van die Heilige Gees het samekomste ontwikkel wat bestaan het uit volharding in die leer van die apostels, breking van die brood, onderlinge meelewing met mekaar en volharding in gebed (De Klerk, 1987:33-34). Hierdie samekomste was so dinamies van aard dat die gemeente daagliks gegroei het (Hand. 2:47). 'n Diepte-analise op hierdie gedeelte volg later in hierdie studie. Leuschner (2004:121-122) lewer 'n verdere bydrae in sy navorsing oor die atmosfeer in die erediens, deur die identifisering van 'n oplewing in die erediens gedurende die tweede eeu, 'n afplatting in die vierde eeu en weer 'n oplewing in die tydperk van die Reformasie. Hierdie studie gaan voortbou op Leuschner se navorsing en poog om te verklaar dat afplattings in die erediens in die geskiedenis voorgekom het as gevolg van ontbreking van kommunikasie en ontmoetingsgebeure wat die dinamika tussen God en mens laat kwyn. Dit is ook waar dat oplewings in die erediens deur die geskiedenis 'n direkte gevolg van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens was. Die oplewings het ook veral vanaf die laaste eeu gestalte gekry met die opkoms van die Pentekostalisme en die groot herlewings. 'n Paar van die groot herlewings in die geskiedenis van die kerk gaan vir hierdie doeleindes in diepte ontleed word.

Aangesien hierdie studie op die Pinksterbeskouing fokus, moet daar aandag geskenk word aan die geskiedenis van die erediens as ontmoetingsgebeurtenis binne die Pinksterbeweging. In 'n latere hoofstuk sal hierdie aspek breedvoerig bespreek word. In kort word verwys na Du Plessis (1984:1-5) se navorsing oor die geskiedenis van die Volle Evangelie kerk van God in Suidelike Afrika gedurende 1910-1983. Hierdie denominasie dien as voorbeeld van die gebeure binne die Pinksterbeweging. Du Plessis (1984:1-5) bied belangrike eras wat uitdrukking gee aan die oorsprong van die Pinksterverskynsel:

- Die ontstaan van die huidige Pinksterbeweging word teruggevoer na die kerklike ondervinding van die afwagtende dissipels op Pinksterdag, na die hemelvaart van Jesus.
- Pinksterpredikers verwys en gebruik die verhaal van die Vroeë Kerk soos in die boek Handelinge opgeteken is, as strukturering van die Christelike Kerk.
- Hoewel die kenmerkende manifestasie van Pinkster langsamerhand verdwyn het, kan sporadiese gevalle van die Pinksterbelewenis tog deur die eeue heen nagespeur word.
- In die tydvak van die Hervorming vind ons dan ook die Zwickau-profete onder leierskap van Thomas Muntzger.
- In die Negentiende eeu ontspring daar byna 'n universele verlange na 'n geestelike herlewing in die Christelike Kerk met predikers soos Charles Finney, D.L Moody in Amerika en Charles Spurgeon in Londen.
- Teen die tweede helfte van die Negentiende eeu het die Pinksterbeskouing na Suid-Afrika filtreer.

### 1.1.4 Die Liturgiek as ŉ Pinksterbelewenis

Leuschner (2004:4) stel dit onomwonde: die erediens moet tref. Gesien vanuit die hoek van die Pentekostalisme neem die erediens ŉ sentrale plek in binne die uitlewing van hul godsdiensbelewing. Die erediens word beskou as liturgiese spel. Reid (2000:29) illustreer hierdie spel duidelik: "Its worship is exuberant and expressive. Services are full of upbeat, hand-clapping songs… shouts of 'amen' and 'hallelujah' punctuate the service". Die erediens is die vertoonvenster van gelooflike gebeure en ontmoetinge. ŉ Vertoonvenster van koinonia, kerugma, musiek, gebed en meelewing, deur elkeen wat daar teenwoordig is. Smith Wigglesworth (1999:49) vra die vraag: "What is the nature of religious conference?" en antwoord hierop: "It is a condition of not falling asleep, of not being lazy or apathetic; it is a condition of a continual longing after God for the real outpouring of His Spirit.". Vanuit ŉ Pinksterraamwerk het die liturgiek ŉ besondere dinamika, ŉ dinamika waarbinne God en mens ontmoet: "Jesus did not merely talk about the realm and reign of God, He handed out bread, fish and wine for its feast, laid hands on the sick and dying, walked as he talked, reached down and picked up children, and probably hugged those who simply needed to be loved" (Moeller, 1998:52). Hierdie passievolle dinamika tussen God en mens maak die weg oop vir bonatuurlike dade om te gebeur en kan die krag en werking van God deur die "toeskouer" beleef word.

Barnard (1981:419) vat dit treffend saam: "Die groot vraag by die erediens agter alles is steeds of die ontmoeting plaasgevind het. Hiervan hang alles af". Uit ŉ Pinksterbenadering is hierdie vraag beslissend; nie net hang die erediens hiervan af nie, maar illustreer die erediens die dinamiese verhouding tussen die heilige, verhewe God en die afhanklike, kleine mens. Die mens wat die skouspel beleef, staan verbaas oor hierdie illustratiewe interaksie tussen God en mens en keer uiteraard keer op keer terug om hierdie Goddelike openbaring en ontmoeting te beleef.

**SAMEVATTEND**

- Hierdie studie gaan poog om die erediens as uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens te ondersoek vanuit ŉ Pentekostalistiese perspektief.
- Sleutelterme sal verder ondersoek en gedefinieer word.
- Daar sal in die studie daarmee rekening gehou moet word dat die dinamiese ontmoeting ŉ positiewe en negatiewe kant het.
- Daar sal in die studie ook voortdurend daarmee rekening gehou moet word dat die dinamika wat in die erediens ter sprake kom ten diepste met ontmoetingsgebeure te doen het.
- Daar sal in die studie daarmee rekening gehou word dat die Pinksterbeweging na Suid-Afrika begunstig is teen die tweede helfte van die Negentiende eeu.
- Daar sal in die studie daarmee rekening gehou word dat vanuit die Pinksterraamwerk die Liturgiek ŉ besondere dinamika het waarbinne God en mens ontmoet.

### 1.1.5 Probleemstelling

Die Pinksterbeweging het met rasse skrede gegroei binne die Suid-Afrikaanse konteks. Wepener (2006:50) meld dat ŉ totaal van 79,8% van Suid Afrikaners in 2001 aangedui het dat hulle aan ŉ Christelike godsdiens behoort. Die grootste kerk is die Sioniste en onafhanklike Afrika kerke (meer as 17%). Daarna maak die Pinkster en Charismatiese kerke die tweede grootste groep uit (8.2%) met kleiner groepe wat volg naamlik Rooms-katolieke kerk (7.1%), Metodiste (6.8%) en die Reformatoriese kerke (6.7%). Die vraag wat

ontstaan is in watter mate die samestelling van die erediens ŉ invloed het op die dinamika van die ontmoetingsgebeure, en hoe die lidmate van ŉ bepaalde kerk hierdie ontmoeting beleef. In so ŉ geval is dit belangrik om te kyk na die aard van die erediens binne die Pentekostalistiese raamwerk om die effek daarvan op die groei van die beweging te bepaal. Daar gaan ook aangesluit word by die werk wat Hendriks (2003) in hierdie verband gedoen het. Wat navorsing op hierdie gebied betref, is daar ŉ baie groot leemte. Leuschner (2001:2) het wel aangedui dat die erediens nie ŉ statiese begrip of gebeurtenis is nie, maar ŉ dinamiese ontmoeting van God met Sy volk, en deur Sy inisiatief maak Hy dit vir die volk moontlik om Hom te ontmoet en met mekaar in ontmoeting te kom. Die studie handel egter oor gemeentebou binne die Gereformeerde tradisie en het hy die aspekte ten opsigte van hierdie dinamiese ontmoeting nie verder aangeraak nie. Reid (2000:96) raak ietwat hieraan as hy verklaar: "…It is actually a 'trialogue' that involves the Lord, who reveals the speaker, who declares; and the congregants, who affirm". Sy studie handel egter oor Afrosentriese aanbidding en het nie ŉ suiwer Pentekostalistiese invalshoek nie. In sy studie oor *Protestant Worship* wy White (1989:193-208) ŉ totale hoofstuk aan "Pentecostal Worship" alhoewel sy studie meer vanuit die Amerikaanse kultuur handel, lewer hy tog ŉ paar waardevolle bydraes. "Pentecostal worship… shows that it is quite possible, even feasible, for Christians to worship without benefit of clergy or even fixed structures. In Pentecostal worship, all are called to express their worship spontaneously in the context of a worshipping community". Stinger (2005:234) bied ook 'n relevante waarneming: "It has been widely recognized, however, that the study of Pentecostal worship as such cannot follow the normal patterns of liturgical study because it does not contain the kind of text that liturgical scholars choose to focus on." Hy meld voorts dat Antropologie en die studie van rites ŉ baie belangrike bydrae kan lewer om die Pentekostalistiese en Charismatiese tradisie na te vors. Wat die Suid-Afrikaanse konteks aanbetref het Ernstzen (2006:66) navorsing gedoen getiteld: "The Physical Manifestations of the Glory of God – Fact or Fiction". Alhoewel daar ŉ paar raakpunte is wat later meer breedvoerig bespreek sal word, fokus die studie eerder op die glorie van God, wat die glorie is en hoe dit manifesteer. Met bogenoemde in ag geneem, is daar ŉ leemte in studies oor die aard van die erediens in die Pentekostalistiese raamwerk en die invloed wat dit op die groei van die beweging het.

Die sentrale navorsingsvraag is: **Hoe kan die erediens vanuit ŉ Pentekostalistiese perspektief uitdrukking gee aan die dinamiese ontmoetings tussen God en mens?** Uit die sentrale navorsingsvraag vloei die volgende vrae voort:

- Watter basisteoretiese perspektiewe vorm die basis van die Pentekostalistiese erediens?
- Watter metateoretiese perspektiewe vanuit Sosiologie, Kommunikasiewetenskappe, Psigologie en Antropologie het betrekking op die dinamiese ontmoeting tussen God en mens binne die Pentekostalistiese erediens?
- Wat kan afgelei word uit empiriese navorsing oor die karakter van die erediens binne die Pentekostalistiese beweging?
- Watter praktykteoretiese riglyne vloei voort uit die literatuurstudie en empiriese resultate?

## 1.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die doelstelling van die navorsing is om te bepaal hoe die erediens ŉ uitdrukking is van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens vanuit ŉ Pentekostalistiese perspektief.

Om hierdie doel te bereik, word die volgende doelwitte vir die navorsing gestel:


- Om basisteoretiese perspektiewe te bied wat die basis vorm vir die uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens deur die Pentekostalistiese erediens;
- Om die uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens metateoreties te ondersoek binne die velde van Sosiologie, Kommunikasiewetenskappe, Psigologie en die Antropologie;
- Om ŉ kwalitatiewe ontleding van ŉ empiriese ondersoek te doen; en
- Om ŉ kritiese interaktiewe sintese saam te stel ten einde ŉ praktykteorie vir die Pentekostalistiese erediens te bied.

## 1.3 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die erediens vanuit die Pentekostalistiese perspektief deur die daarstelling van ŉ nuwe model ŉ duideliker uitdrukking kan wees van die dinamiese ontmoeting tussen God en sy gemeente.

## 1.4 METODE VAN ONDERSOEK

Die navorser is bewus van die verskillende metodes in die praktiese teologie soos Osmer (2008). Aangesien die NWU Zerfass met die tyd van die navorsing gebruik het bly die studie steeds by Zerfass se metode. Skematies word die model voorgehou soos dit deur De Wet (2006:72) geïllustreer word:




***Figuur 1: Zerfass se model vir Teologiese ontwerp***

ŉ Basisteorie word gevorm deur eksegetiese ondersoek (Coetzee, 1997:1-14). Die erediens as ontmoetingsgebeurtenis volgens 2 Kronieke 5-7 en Handelinge 2-4. Verder is 1 Kor. 11-14 ook in die besonder ondersoek. ŉ Historiese ondersoek na die erediens as ontmoetingsgebeure met klem op die Pinksterbeweging is voltooi.

ŉ Metateorie word gevorm deur die gevolgtrekkings uit die basisteorie in wisselwerking te plaas met naasliggende wetenskappe, soos die Sosiologie, Kommunikasiewetenskap, Psigologie en die Antropologie. Op hierdie gebied is veral eklekties te werk gegaan (Stoker, 1961:56 e.v.).

Die praktyk binne bepaalde Pinksterkerke is empiries ontleed ten einde ŉ blik op die situasie en interaksie midde die beweging te verkry. ŉ Kwalitatiewe metode is gevolg waar gestruktureerde onderhoude met willekeurige gekose respondente gevoer is (vergelyk Heitink, (1999:229). Die resultate is georden in ŉ hermeneutiese wisselwerking ten einde ŉ nuwe model te ontwerp (Venter, 1992:42-44).

In hierdie sin word die grondstruktuur van ŉ korrigerende ingryp in die handelingsfeer van die Christelik-kerklike praksis in Zerfass se model op ideaal-tipiese wyse daargestel (De Wet, 2006:72).

## 1.5 VOORLOPIGE HOOFSTUKINDELING

Die volgende hoofindelings word gebruik:

**Hoofstuk 1: Inleiding**

1.1 Oriëntasie en probleemstelling
1.2 Doelstellings en doelwitte
1.3 Metode van ondersoek

**Hoofstuk 2: Basisteoretiese perspektiewe op die erediens as uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens in die Ou Testament**

2.1 Verheldering van sekere terme
2.2 Perspektiewe vanuit die Ou Testament
2.3 Basisteoretiese samevatting uit die Ou Testament

**Hoofstuk 3: Basisteoretiese perspektiewe op die erediens as uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens in die Nuwe Testament**

3.1 Die Tempel, Sinagoge en huiskerke as plekke van aanbidding in die Nuwe Testament
3.2 Perspektiewe vanuit Handelinge 2-4
3.3 Perspektiewe vanuit 1 Korintiërs 11-14

**Hoofstuk 4: Perspektiewe op die erediens as uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens in die geskiedenis en die Pentekostalisme**

4.1 Perspektiewe uit die geskiedenis
4.1.1 Inleiding

4.1.2 Historiese sketsplan
4.1.3 Postmodernisme
4.1.4 Gevolgtrekking
4.2 Perspektiewe uit die geskiedenis van Pentekostalisme
4.2.1 ŉ Historiese oorsig van Pentekostalisme
4.2.2 Samevattende gevolgtrekkings

**Hoofstuk 5: Metateoretiese perspektiewe op die erediens as uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens in die erediens**

5.1 Sosiologie
5.2 Kommunikasiekunde
5.3 Emosie beskou uit die hoek van die Psigologie
5.4 Antropologie

**Hoofstuk 6: Perspektiewe op die erediens as uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens in die huidige praktyk**

6.1 Inleiding
6.2 Metode van empiriese ondersoek

**Hoofstuk 7: Praktykteoretiese riglyne vanuit die wisselwerking tussen basisteorie en metateorie om uitdrukking te gee aan die erediens as dinamiese ontmoeting tussen God en mens in die erediens**

7.1 Inleiding
7.2 Praktykteoretiese riglyne vanuit die wisselwerking tussen die basisteorie en metateorie
7.3 Bepaalde bydraes uit 'n Pinksteroogpunt vir die daarstel van 'n model vir die erediens as uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens

**SAMEVATTING**

**Hierna volg:**

- Opsomming
- Abstract
- Sleutelterme
- Bibliografie

## SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE BEOOGDE NAVORSING.

| Probleemstelling | Doelstellings en doelwitte | Metodologie |
|---|---|---|
| In watter mate kan die erediens gesien word as 'n uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens: 'n Pentekostalistiese perspektief? | Die belangrikste doelstelling van die navorsing is om te bepaal hoe die erediens 'n uitdrukking is van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens vanuit 'n Pentekostalistiese perspektief | Hierdie liturgiese studie word gedoen vanuit die gereformeerde tradisie. Dit is 'n studie in Praktiese Teologie in ooreen-stemming met Prakties-teologiese navorsings-metodes. |
| Watter basisteoretiese perspektiewe kan gebied word aan die hand van die Bybel met besondere verwysing na 2 Kron. 5-7, Hand. 2 en 1 Kor. 11-14 en ook die geskiedenis van die Pentekostalistiese beweging toegespits op die erediens? | Om basisteoretiese perspektiewe te bied om die erediens as 'n uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens vanuit 'n Pentekostalistiese perspektief te ontleed in die lig van 2 Kron. 5-7, Hand. 2 en 1 Kor. 11-14 | Wat die ontwerp van basisteorieë betref, sal eksegeties te werk gegaan word – hoofsaaklik volgens die grammaties-historiese metode (Coetzee, 1997:1-14). Vir hierdie studie word aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:166 e.v.) vir die Praktiese Teologie ontwerp het. Die model behels die vorming van basisteorieë uit die teologiese tradisie, die vorming van metateorieë uit onder andere die grens-wetenskappe en die daarstel van praktyk-teoretiese perspektiewe op grond van bogenoemde resultate. |
| Watter metateoretiese perspektiewe is toepaslik ten opsigte van die erediens gesien as 'n uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens: 'n Pentekostalistiese perspektief? In hierdie opsig sal gekyk word na die bydrae wat die kommunikasiekunde, sosiologie en 'n empiriese ondersoek kan bied. | Om die erediens as 'n uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens vanuit 'n Pentekostalistiese perspektief metateoreties te ondersoek met behulp van die Kommunikasiewetenskap, sosiologie en 'n empiriese ondersoek. | Op metateoretiese gebied sal veral eklekties te werk gegaan word (vgl. Stoker, 1961:56 e.v.) Die metode hou in dat toepaslike gegewens veral vanuit die Kommunikasiekunde en Sosiologie deur analise en interpretasie gelewer en gerangskik sal word om in te pas in die opset van die navorsing. |
| Watter empiriese uitgangspunte gebied kan word ten opsigte van die erediens gesien as 'n dinamiese uitdrukking van die ontmoeting tussen God en mens vanuit 'n Pentekostalistiese perspektief. | Om die praktyk binne bepaalde Pinksterkerke empiries te ontleed ten einde 'n blik op die situasie en interaksie midde die beweging te verkry. | 'n Kwalitatiewe metode is gevolg waar gestruktureerde onderhoude met willekeurige gekose respondente gevoer is tot daar genoegsame inligting bekom is en ddataversadiging plaasgevind het. Die resultate is georden in 'n hermeneutiese wisselwerking ten einde 'n nuwe model te ontwerp. |
| Watter praktykteoretiese riglyne vloei voort uit bogenoemde? | Om te bepaal watter praktykteoretiese rigtingwysers voortvloei uit die bogenoemde sal 'n nuwe model ontwerp word. | Met die oog op die praktykteoretiese dimensie sal die navorsing uitloop op die ordening van die resultate uit albei bogenoemde refleksievelde in 'n hermeneutiese wisselwerking. |

***Tabel 1: Voorstelling van die beoogde navorsing***

# HOOFSTUK 2

## BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE EREDIENS AS UITDRUKKING VAN DIE DINAMIESE ONTMOETING TUSSEN GOD EN MENS IN DIE OU TESTAMENT

### 2.1 SLEUTELTERME EN BEGRIPPE

Vir die doeleindes van hierdie studie is daar spesifieke terme wat verklaar moet word. Die terme Liturgie, Liturgiek en erediens is reeds in besonder nagevors (Vos, 1997:2, 4, 15). Vanuit die navorsing en bestaande definiëring, word 'n paar belangrike aksente uitgelig wat op hierdie studie van toepassing is. Die ander terme wat uitgelig en definieer word, is dinamiese ontmoetingsgebeure, Pentekostalistiese perspektief en Pinkster. Hierdie terme is van besondere waarde vir die doeleindes van die studie en word die spesifieke konteks waarbinne dit begryp moet word, toegelig.

#### 2.1.1 Liturgie

Volgens Labuschagne en Eksteen (1993:460) verwys Liturgie na die kerklike, seremoniële gebruike, gebede, formuliere ens. wat die erediens inrig. Indien bogenoemde as 'n meer moderne beskrywing beskou word, is dit noodsaaklik om die oorsprong van die woord liturgie te ondersoek. Vos (1997:4-6) meld dat "liturgie" afgelei is van die Griekse term ***leitourgia***, wat die dienswerk vir die volk aandui. In die Nuwe Testament omvat ***leitourgia*** die volgende:

- Die Ou Testamentiese tempeldiens (Luk. 1:23, Heb.8:2);
- Persoonlike liefdesdiens aan mense (Fil. 2:25);
- Diens aan Christus (Rom. 15:16); en
- Samekoms van dissipels om te bid (Hand. 13:2).

Keith (2003:14) het aangedui dat Liturgie met verloop van tyd nie net 'n dienswerk aan God was nie, maar ook 'n dienswerk van die volk wedersyds aan mekaar met die gee van aalmoese. Liturgie het dus te make met die besondere interaksie tussen God en mens. Gregorius van Nyssa beskou dit as 'n geestelike interaksie: "We bow ourselves, therefore, before the Father, that we may be sanctified; before the Son also, that the same end may be fulfilled; we bow also before the Holy Spirit, that we may be made what He is in fact and in name" (White, 1999:19). White (1999:21-27) beklemtoon dat die algehele gesondheid van ons spirituele lewe openbaar word in die kwaliteit van ons liturgiese deelname. Hierdie interaksie geskied op ses wyses:

- 'n Taal vir gebed en meditasie;
- 'n Patroon vir geestelike dissiplines;
- 'n Arena vir 'n ontmoeting met God;
- Tekens, simbole en rites waardeur verhouding met God uitgedruk word;
- 'n Model vir die Christelike lewe en gemeenskap; en
- Moed vir tye van geestelike krisis.

Dit is noodsaaklik om te fokus op die derde vorm van interaksie naamlik 'n arena vir 'n ontmoeting met God. Die Liturgie skep 'n geleentheid vir die mens om God te ontmoet

(White, 1999:24). Liturgie bou ŉ brug tussen die historiese Jesus en die Jesus wat weer gaan kom, deurdat dit ŉ platform vir die kerkganger in die erediens geskep word om die teenwoordigheid van God in Christus te ervaar (Braso, 1960:98). Nie net word die teenwoordigheid van God in Christus ervaar nie, maar ook die teenwoordigheid van God deur die werking van die Heilige Gees. Dit maak dit moontlik vir die aanbidder om die krag van die Drie Enige God te beleef (White, 1999:24). Hierdeur word die genade van God sigbaar (Abbot, 1966: par 6) en word ŉ ontmoeting met God in die Liturgie verstaan as God se inisiatief en die reaksie van die kerkganger daarop en vorm die basis vir Christelike aanbidding (Keith, 2003:23). Die elemente van die outeurs wat hierbo aangehaal is, dui daarop dat daar ŉ progressiewe ontwaking is ten opsigte daarvan dat die Liturgie ook verstaan kan word as ŉ ontmoeting tussen God en mens wat veral die vorming van ŉ eie definisie vir hierdie navorsing benadruk. Vir die doeleindes van hierdie studie word Liturgie as volg gedefinieer:

**Liturgie is die geestelike interaksie tussen God, Drie-Enig wat die inisiatief neem, en die mens wat soekend en met waardering deur gebed, sang, woord en nie-verbaal daarop reageer**.

### 2.1.2 Liturgiek

In kort is Liturgiek die wetenskaplike behandeling en verklaring van die Liturgie (Labuschagne en Eksteen, 1993:460). In Hoofstuk een is die begrip Liturgiek in besonder verklaar, en beklemtoon Vos (1997:15) dat die erediens gevoed en geoefen word binne die Liturgiek **(Leitourgikè techè).** Barnard (1981:45-47) kan beskou word as een van die baanbrekers in die verklaring van die begrip Liturgiek en beklemtoon drie belangrike beginsels wat Liturgiek standpunt gee:

- Beginsels afgelei uit die tradisie;
- Beginsels afgelei uit die empiriese werklikheid; en
- Beginsels afgelei uit die Skrif.

Die siening van Liturgie bepaal dus hoe Liturgiek verstaan word. Dit is die leer van die erediens in sy volledigheid, wat op wetenskaplike wyse sistematies die wese, inhoud en inrigting van die volledige erediens van die Christelike gemeente, en alles wat daarmee saamgaan, bestudeer (Barnard, 1981:52-53). Liturgiek is ook die wetenskaplike ondersoek na die mens-tot-mens verhouding in die erediens. Juis omrede hierdie studie op die erediens as ŉ publieke byeenkoms fokus, word klem geplaas op die ingryping wat ŉ Goddelike ontmoeting op die mense in die erediens as kerkganger het asook die effek van die ontmoeting op die samelewing of gemeenskap buite die erediens (Letšosa, 2005:210). Vir die doeleindes van hierdie studie word daar sterk aangesluit by Barnard. Liturgiek is die wetenskaplik-verantwoordbare instrument waarbinne die volledige erediens van die Christelike gemeente ondersoek kan word, in besonder, die erediens as ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en mens. Die definisie van Liturgiek vir hierdie studie is dus geformuleer as:

**Liturgiek is die wetenskap waarbinne die praksis van die erediens in al sy fasette verantwoordbaar ondersoek kan word en wat in hierdie aspek die besondere dinamika tussen God-mens en mens-mens ontmoeting, teoreties, prakties en uit die Skrif verwoord, verklaar.**

### 2.1.3 Erediens

Die oogmerk van hierdie studie is om die erediens as ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en mens, en mense onderling te verstaan. In resente navorsing oor die atmosfeer in die erediens dui Leuschner (2004:340) aan dat die ontmoeting met God sentraal staan in die erediens en vorm die wese van die erediens. ŉ Skematiese voorstelling word uitgebeeld in Figuur 2.




***Figuur 2: Skematiese uitbeelding van die wese van die erediens***

Hierdie model volgens Leuschner word daargestel sodat die huidige atmosfeer in die erediens daarteen gemeet kan word. Volgens Leuschner vorm die goddelike element die fondament, naamlik die ontmoeting met God. Al die ander elemente vorm die menslike bydra wat die atmosfeer skep vir ŉ ontmoeting:

- Die vloer – eerbied en ontsag;
- Die vier mure van die huis – liefde, warmte, feesvreugde, uitnodiging/verwelkoming;
- Die deur – verstaanbaarheid;
- Die dak – intimiteit; en
- Die versierings – energie en lewe (Leuschner, 2004:340-341).

Met lewe en energie word die besondere dinamika uitgedruk van die ontmoeting tussen God en die mens binne die atmosfeer van die erediens. Die raakpunt van die aspek met hierdie studie is van besondere belang. Cilliers (2008:23) meld dat die “kreatiewe driehoeksruimte” van die Woord die ruimte is waar die Gees op ŉ besondere wyse werk sodat daar ŉ ontmoeting tussen mens en God kan plaasvind. Die wat-, hoe- en waarom- vrae kan daarom ook saamgevat word in ŉ ander vraag, naamlik “wie” – wie is God? Uiteindelik moet die erediens die mens tog bring tot ŉ nuwe ontdekking van wie God is, ŉ nuwe visie op Hom, ŉ raaksien van die voetspore van die Gees (**vestigia Dei**) wat soos goue draad deur die erediens vleg, en verder uitkring na buite die kerk tot in die mens se alledaagse bestaan.

Op ŉ besondere wyse dui Cilliers aan dat die Woord van God in die gebeure van die erediens God en mens op ŉ dinamiese wyse laat ontmoet sodat selfs die krag van daardie ontmoeting die mens se alledaagse lewe raak. Bekker (2008:1-11) het waardevolle navorsing gedoen oor “Die belewing van God se teenwoordigheid in die erediens”. Die volgende aannames van sy navorsing is betekenisvol tot hierdie studie en word dus in kort bespreek:

- In die Oosters-Ortodokse kerke word die kerkgebou gesien as ŉ heiligdom. Hierdie drama moet die lidmate help om ŉ mistieke ervaring en ontmoeting met God te ervaar. Die erediens word ŉ stuk hemel op aarde… vir hierdie doeleindes word die kerkdeure letterlik gesluit om ŉ ruimte te skep wat afgesluit is van die wêreld, sodoende moet mens die lewe en wêreld van elke dag verlaat om gemeenskap met God te kan hê.
- In die gereformeerde liturgie gaan dit in die erediens om ŉ lewende, aktuele ontmoeting tussen die lewende Here en Sy verbondsgemeente binne ŉ spesifieke tyd en konteks.
- Die boek Openbaring maak ons attent op die wesentlike eenheid tussen die erediens in die hemel rondom die troon van die Lam en die erediens van die gemeente hier op aarde (Op. 4:6-11).
- Vanuit die Skrif word bevestig dat die erediens elke Sondag niks minder behoort te wees as ŉ aardse samekoms wat reg laat geskied aan die hemelse samekoms (Bekker, 2008:4). Dit blyk dus onontwykbaar dat die bogenoemde die basis vorm van enige erediens wat Christelik wil wees.

In hierdie bewoording slaag Bekker daarin om nie net die erediens te omskryf as ŉ ontmoeting tussen God en mens nie, maar wel as ŉ ontmoeting tussen hemel en aarde waarbinne Christus, as die Lam, die sentrale fokuspunt is. Die dinamika van hierdie voorstelling het selfs ŉ mistieke element waarbinne die heerlikheid van so ŉ ontmoeting amper onbeskryfbaar is. Ten laaste word daar klem geplaas op navorsing deur Wagner en Ferreira (2008:117, 140-147) wat sterk fokus op die vernuwing in die erediens wat noodsaaklik is vir die voortbestaan van die kerk. Selfs in gemeentes waar verandering redelik stadig plaasvind, is daar toenemend die gevoel dat die eredienste nie meer op dieselfde wyse kan voortgaan soos wat dit in die verlede gedoen is nie (Long:2001:2).

ŉ Bepalende studie oor die aard van die erediens binne die Pentekostalistiese raamwerk en die statistiese bewyse wat later in diepte bespreek gaan word, kan moontlike verdere lig werp op die toekoms van die erediens in Suid-Afrika (Hendriks, 2003:3-9). Hierdie studie beskou ook vanuit ŉ basisteoretiese perspektief die skriftuurlike getuienis om die dinamika tussen God en mens in “erediens”-ontmoeting te ontwikkel. Dit sluit in 2 Kronieke 5 tot 7 vanuit die Ou Testament en Handelinge 2 en 1 Korinthiërs 11-14 vanuit die Nuwe Testament. Hierdie studie beklemtoon dus nie noodwendig die noodsaaklikheid van erediensvernuwing nie, maar eerder dat die gebeure in ŉ erediens daartoe lei dat God en mens mekaar op 'n besondere wyse ontmoet. Vir die doeleindes van hierdie studie word erediens gedefinieer as:

**Die erediens is ŉ dinamiese ontmoetingsgebeurtenis waarbinne**

**God en mens, hemel en aarde so ontmoet dat die teenwoordigheid van God wat sentraal staan, demonstratief deur die individu as ŉ publieke ontmoetingsoomblik meelewend ervaar word; op welke wyse hierdie individu ook al nodig ag om sy waardering vir God se teenwoordigheid koöperatief uit te leef.**

### 2.1.4 Dinamiese ontmoetingsgebeure

Vir hierdie navorsing verwys “ontmoetingsgebeure” na gebeure wat binne die raamwerk van die erediens plaasvind. Volgens Labuschagne en Eksteen (1993:138) verwys “dinamiese” na “wat krag en beweging besit”. In die Skrif word die woord dinamies ook aangetref by ŉ hele paar geleenthede. Vir die belang van hierdie studie word Lukas. 4:36 gebruik aangesien Christus besig is om in die sinagoge onderrig te gee toe Hy deur ŉ man met ŉ bose gees in die rede geval word. Daar was **δύναμις** (mag) in Christus om die man van die

bose gees te verlos. Hierdie openbaring van Christus se mag wys na die uitlewing van ŉ krag, hetsy letterlik of figuurlik. Spesifiek verwys die woord na "miraculous power (usually by implicating a miracle itself):- ability, abundance, meaning, might... (worker of) miracle(-s), power, strength, violence, mighty (wonderful) work" (Meyers:2003). Volgens die evangelie van Johannes 4:21-23 verklaar Jesus self dat die tyd sal aanbreek wanneer ware aanbidders die Vader in Gees en waarheid sal aanbid. Dit kan ook impliseer dat ware aanbidders met die krag van die Gees (dunamis) die Vader aanbid. Waar die Gees is, is daar dunamis.

Binne hierdie term, neem die studie aan dat:

- God, drie-enig die bewerker van hierdie wonderwerke is;
- God, drie-enig, as Almagtige in vermoë is om wonderwerke te verrig. "...the manifestation of the Glory of God, and there is great power and strength in that" (Smith Wigglesworth, 1999:24);
- God, drie-enig in die skriftuurlike getuienis hierdie dinamiese krag demonstreer. (Luk. 4:34-35); en
- Hierdie dinamiese krag steeds vandag, net soos in die sinagoge in ons eredienste openbaar kan word.

Die term word mooi saamgevat deur Leuschner (2001:2) waarin hy noem dat die erediens nie ŉ statiese begrip of gebeurtenis is nie, maar ŉ **dinamiese** ontmoeting van God met Sy volk en deur Sy inisiatief maak Hy dit vir die volk moontlik om Hom te ontmoet en met mekaar in ŉ ontmoeting te kom. Die definisie vir die term dinamiese ontmoetingsgebeure word as volg op toepassing van hierdie studie:

**Dinamiese ontmoetingsgebeure vind plaas in die erediens wanneer die krag en mag van God, drie-enig die mens wat dit beleef op ŉ wonderbare wyse aanraak.**

### 2.1.5 Liturgie vanuit ŉ Pentekostalistiese perspektief

Janse van Rensburg (2004:45) beklemtoon dat die Pentekostalistiese en Charismatiese invloed die perspektief van die gereformeerde liturgie beïnvloed. "Dit is asof die NG kerk uit ŉ Rip van Winkel-slaap wakker geword het. Ons het skielik bewus geword van ŉ liturgiese storm wat oor ons losgebars het. Die Pentekostalistiese en Charismatiese invloed het hierin ŉ groot rol gespeel". Uit bogenoemde aanhalings is dit duidelik dat ŉ Pentekostalistiese perspektief alreeds ŉ beduidende invloed het op die liturgiese raamwerk en veral ook die gereformeerde liturgie. Burger (2008:1) meld in sy artikel "The Pentecostal movement in historical perspective" dat indien daar teruggekyk sou word na die restourasie van God se kerk die invloed van die Pentekostalistiese perspektief nie buite rekening gelaat kan word nie. Hierdie studie strek vanuit ŉ Pentekostalistiese perspektief en daarom word 'n kort omskrywing van "perspektief" en "Pentekostalistiese" weergegee. Volgens Labuschagne en Eksteen (1993:642) is "perspektief" ŉ vooruitsig. In hierdie studie word "perspektief" gesien as die indruk van die waarheid wat gebaseer word op die feite waaroor op daardie stadium beskik word. Chetty (2006:4-19) hanteer ŉ artikel getiteld "A Pentecostal Theology of Mission". Alhoewel hierdie studie hoofsaak handel oor die rol wat Pentekostalisme speel in evangelisasie, word drie temas binne die Pentekostalisme aangespreek wat vir hierdie studie van belang is:

- **Christenwees is ŉ persoonlike ondervinding.**

  God word persoonlik ervaar deur die werking van die Heilige Gees (Chetty, 2006:7).

- **Die persoon en krag van die Heilige Gees**

  Die Heilige Gees as persoon is aktief betrokke in God se ontmoeting met Sy diensknegte (Chetty, 2006:7).

- **’n Dringende oproep tot evangelisasie**

  Pentekostalisme glo in die leer van dispensasie en derhalwe is ’n persoonlike ontmoeting met God noodsaaklik om die evangelie te verkondig tot en met Christus se wederkoms (Chetty, 2008:8).

In Pentekostalisme word ’n besondere klem geplaas op die spoedige en skielike koms van Christus wat enige tyd verwag kan word en word wêreldevangelisasie as ’n direkte opdrag van God beskou (Matt. 28:19). Chetty maak die opmerking dat God die Vader, die Seun (Christus) en die Heilige Gees op ’n direkte, persoonlike wyse by Sy diensknegte betrokke is. Pentekostalisme plaas derhalwe ’n besondere klem op belewing, aangesien Christus en die Heilige Gees alreeds ’n besondere bemoeienis met ons maak in afwagting van God die Vader wat sal besluit wanneer die finale hereniging vir ewig sal plaasvind. Uit hierdie agtergrond word Pentekostalistiese perspektief vir hierdie studie gedefinieer as:

**’n Pentekostalistiese perspektief van Liturgie vorm die basis vir ’n erediens waarbinne God op ’n persoonlike, kragtige wyse deur Sy Seun, die Heilige Gees toelaat om die mens te bemoedig en aan te moedig om Hom intens te beleef tot Sy wederkoms.**

### 2.1.6 Pinkster

Van der Watt (2009:1) beklemtoon dat Pinkster, ’n Christelike fees op die 50ste dag na die uitstorting van die Heilige Gees volgens Hand. 2:1 herdenk word. Laasgenoemde gebeurtenis het daartoe aanleiding gegee dat die apostels ‘vol van die krag van die Heilige Gees’ die evangelie begin verkondig het. Dit het gelei tot die ontstaan van die kerk. Hierdie aspek word verder bekragtig deurdat die apostels op Pinkster (Hand. 2) die opdrag van Christus (Matt. 28:19) begin uitvoer het. Die nuwe verbond was soos die Ou Verbond in die wyse wat God Hom aan Sy mense beloof het. *“En Ek sal in julle midde wandel en vir julle ’n God wees, en julle sal vir My ’n volk wees”* (Lev. 26:12). Hand. 2 staan sentraal in die eksegetiese raamwerk van hierdie studie en word in ’n latere hoofstuk breedvoerig bespreek. Die ontstaan van die Pinksterbeweging soos vandag bekend is, word teruggevoer na die ondervinding van die afwagtende dissipels op Pinksterdag, na die hemelvaart van Jesus (Du Plessis, 1984:1-5).

Binne die konteks van hierdie studie is dit noodsaaklik om te bepaal of Pinkster as liturgiese werk ’n dinamiese ontmoeting tussen God en mens bewerk. Oliphant (2002:9) bevestig hierdie dinamiese ontmoeting en dui aan dat Pinkster nie net die aanduiding van ’n sekere dag is nie. Met Pinkster is geboorte gegee aan ’n nuwe ideologie, een wat die Godheid en die mensheid op 'n tasbare wyse bymekaar bring. Van der Watt (2009:1-4) meld dat Pinkster nie net die seisoen van 50 dae is wat strek vanaf Paassondag tot Pinkstersondag nie, of selfs soos die Pasga ’n oorspronklike Joodse fees was nie. Hy bevestig dat dit die verwesenliking is van Christus se verlossingswerk, Sy oorwinning oor die dood en Sy opstandingslewe in die mens se lewe deur die Heilige Gees. Die feit dat Pinkster proklameer dat Christus nie dood is nie, maar lewe, beteken dat God lewe, dat die Heilige Gees lewe. Dit maak ’n ontmoeting tussen God en mens ook binne die raamwerk van die erediens ’n lewende ontmoetingsoomblik. So maak die Gees ons deel van die liggaam van

Christus en deel van die voortsetting van Christus se werk hier op aarde (Van der Watt, 2009:1).

Jacobs (2008:2) ervaar Pinkster as ŉ byeenkoms wat alle skeidsmure afbreek (van ras en kleur) deur die bloed van Jesus Christus en die beweging van die Heilige Gees. Hy dateer die ontstaan van die Pinksterbeweging in die moderne era terug na die Azusastraat-herlewing van 1906, waar daar geen onderskeid van enige aard tussen die ontvangers daarvan was nie. Pinkster sou beskryf kan word “as die openbaring van die eenheid van die liggaam van Christus, waar mense totaal bevry is van enige vooroordele”. Pinkster konsentreer op God in Sy volheid naamlik Vader, Seun en Heilige Gees. Die afwagting van die mens op God se openbaring is so groot dat alle struikelblokke midde God se teenwoordigheid verdwyn. Al die bogenoemde dui aan dat Pinkster ŉ belewing van God moontlik maak deur die werking van die Heilige Gees in die lewe van die kerk.

Binne hierdie konteks gesien, word Pinkster as volg gedefinieer:

**Pinkster en die gebeure rondom Pinkster soos in Hand. 2 beskryf, vergestalt ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en mens deur die werking van die Heilige Gees en gee geboorte aan die Pentekostalistiese beweging.**

## 2.2 PERSPEKTIEWE VANUIT DIE OU TESTAMENT

Greidanus (1988:24) beklemtoon dat “[t]he message of all biblical genres or literature is in one way or another dependent on the reality of specific historical events proclaimed in the Bible”. Vos (1997:29) benadruk die nodigheid vir 'n teologiese teorie ontwerp vanuit die volgende perspektiewe op die erediens, naamlik Ou Testamenties, Intertestamentêr, Nuwe Testamenties en na Nuwe Testamenties. Hierdeur word ’n teologiese fondament gelê waarop die Liturgie as woning gebou word. In hierdie woning kan God en mens mekaar ontmoet. Nader beskryf behoort ’n liturgiese hermeneutiek die kulturele, historiese en godsdienstige afstand en uniekheid te erken waarbinne ’n sekere verhaal afspeel en verwoord word (Vos, 1997:29). Waar daar dan wel bepaalde Skrifgegronde liturgiese aanwysings is oor aanbidding, sal dit kontekstueel vertaal moet word (Janse van Rensburg, 2004:50). Sonder twyfel kan nie alle natuurlike handelinge wat binne die religieus-kontekstuele konteks plaasgevind het lukraak op die hedendaagse tyd en kultuur oorgedra word nie (Janse van Rensburg, 2004:50). Om die rede word dit meer noodsaaklik om die Ou Testamentiese aanbiddingsproses te verstaan voordat sekere afleidings gemaak kan word wat nie verantwoordbaar is nie. Janse van Rensburg (2004:50) sluit met bogenoemde aan by Jonker (1976:23) dat liturgiese besinning en vernuwing nie sonder deeglike verrekening van die Ou Testamentiese aanbidding kan plaasvind nie. Die bespreking het ten doel om te bepaal of aanbiddingspraktyke in die Ou Testament koöperatief ’n ontmoeting tussen God en mens bewerk het wat ’n besondere dinamika aan sulke aanbiddingsgeleenthede sou verleen. Hieruit vloei ’n paar belangrike punte wat ondersoek moet word:

- Aangesien hierdie studie hom met die erediens bemoei, word die vraag gevra of daar substansie in die Ou Testament bestaan dat sulke ontmoetings koöperatief plaasgevind het; en
- Hoe het die mens as “aanbiddingswese” op hierdie ontmoetings reageer?

Figuur 3 bied 'n skematiese uiteensetting van die aksente wat verder toegelig word:

2.2.1 **DIE PRIMITIEWE EREDIENS**

Geboorte - Enos (Gen. 4:26) | Familie - Altare - Abraham (Gen. 12:1-2; 4-9)

2.2.2 **DIE NOODKREET**

'n Volk smeek na God (Eks. 3:7,9)

2.2.3 **DIE BEVESTIGING**

Berg Sinai (Eks. 19)

10 Gebooie (Eks. 20) | Tabernakel (Eks. 25:9; Eks. 26)

2.2.4 **VERANDERING**

Die Tabernakel van Dawid

**STANDVASTIGHEID**

Die Tempel van Salomo (2 Kron. 5) | Die Tweede Tempel (Hag. 1: 12-15) | Serubbabel herbou die Tempel 536-515 vC.

***Figuur 3: Skematiese uiteensetting van die ontmoeting tussen God en mens as koöperatiewe handeling tydens aanbiddingspraktyke in die Ou Testament***

### 2.2.1 Die Primitiewe Erediens

#### Geboorte

Dit is relevant te bepaal waar en wanneer die eerste erediens plaasgevind het. Met erediens word verstaan die eerste publieke ontmoetingsoomblik tussen God en mens en daarmee saam die besondere dinamiek waaruit sulke ontmoetings bestaan het. Reeds in Eden is so ŉ ontmoeting sigbaar, ŉ ontmoeting wat dui op ŉ besondere verhouding tussen God en Sy skeppingskroon:

- *"… laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis…"* (Gen. 1:26)
- *"… en God het hulle geseën…"* (Gen. 1:28)
- *"En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het die mens dan ŉ lewende siel geword".* (Gen. 2:7)
- *"En die Here God het aan die mens bevel gegee…"* (Gen. 2:16)

- *"En hulle het die stem van die Here gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie; en die mens en die vrou het hulle verberg vir die aangesig van die Here God tussen die bome van die tuin."* (Gen. 3:8)
- *"Toe roep die Here God na die mens en sê vir hom: waar is jy?"* (Gen. 3:9)
- *"So het Hy dan die mens weggedrywe…"* (Gen. 3:24)

ŉ Besondere dinamika is in bogenoemde skrifaanhalings sigbaar. God neem die inisiatief in Sy handelinge met die mens, die mens reageer daarop, maar met teleurstellende reaksie wat verwydering tussen die Skepper en Sy skepsel bring. Longman (2001:7) meld ook dat die eerste man en die eerste vrou die stem van hul Skepper gehoor het terwyl Hy in die tuin gewandel het. Hierdeur is dit duidelik dat God se teenwoordigheid deur die hele tuin van Eden gevoel kon word. Van der Walt (2009:1-3) sluit hierby aan deur te sê dat God van die begin af met die mens gepraat het. So het God met Adam en Eva gepraat (Gen. 3:8-10). Verder het God met Enog, Noag en Abraham gepraat. God het in die Ou Testament op sekere maniere gepraat om te verseker dat die mens sy stem hoor:

- ŉ Hoorbare stem (Eks. 3);
- Visioene (Jes. 6:1);
- Drome (Gen. 28:12);
- Engele (Gen. 19:1-22); en
- Profete (Amos, Eseg. ens).

Hierdie studie fokus egter op die erediens as ŉ publieke ontmoetingsoomblik met ŉ bepaalde dinamiese element waarbinne God en mens ontmoet. Derhalwe val die klem op koöperatiewe aanbidding. Barnard (1981:66) bevestig dat kennis van die Joodse godsdiens soos in die Ou Testament verwoord noodsaaklik is as agtergrond van die Christelike erediens en daarom nagevors moet word. Binne bogenoemde bespreking en definisie is die eerste aanduiding van "erediens" in Genesis 4:26: *"En ook vir Set is ŉ seun gebore, wat hy Enos genoem het.* ***Toe het hulle die Naam van die Here begin aanroep".*** Wenham (1987:12) wys daarop dat dit die begin van gereelde openbare Goddelike aanbidding was. Verder hiertoe maak Leuschner (2004:81) die volgende afleidings:

- In die openbare aanbidding staan God sentraal. In aanbidding gaan dit oor God en sy Naam.
- Aanbidding is ŉ aktiewe handeling. Hulle het Hom aangeroep. Dit impliseer deelname.
- Hierdie deelname is bewustelik. Hulle het geweet wie hulle aanroep.

Henry (1992:16) beklemtoon dat uit Set die een kom wat geboorte sou gee aan die ware kerk en som dit treffend op: "The worshippers of God began to stir up themselves to do more in religion than they have done. Now men began to worship God, not only in their closets and families, but in public and solemn assemblies".

**Familie altare**

Families in die Ou Testamentiese tyd was uitgebreid en het ooms, tannies, niggies, neefs, kleinniggies, kleinneefs, slawe en slavinne ingesluit. Ouers het ook baie kinders gehad, dikwels meer as tien en selfs tot twintig (Van der Watt, 2003:233). Hierdie families was van die eerste mense wat in God geglo het en hulle het ŉ nomadiese bestaan gevoer omrede vir vee-weiding van plek tot plek getrek is. Op die plek waar die familie hul tente opslaan, is dan ŉ altaar ook opgerig. Gewoonlik het hierdie altare bestaan uit ŉ hopie klippe wat op ŉ koppie of ŉ berg gebou is. By hierdie altare het die families God aanbid (Sutcliffe, 1977:4). In die Ou Testament was altare ŉ plek waar offers gebring word, waar sekere gebeure herdenk is, veral wanneer die Here uitkoms gegee het of op ŉ besondere wyse in die families se behoeftes voorsien het (Van der Walt, 2003:490). Daar word vandag aanvaar

dat die geskiedenis van die antieke Hebreërs met Abram begin het wat saam met Lot van Ur na Haran gereis het (Sutcliffe, 1977:4). Volgens Gen. 12:1-2; 4-9 het Abram God met ŉ familie-altaar aanbid:

- Gen. 12:7 Abram bou ŉ altaar omdat die Here aan hom verskyn het.
- Gen. 12:8 Abram bou ŉ altaar en het die Naam van die Here aangeroep.

Net soos in die geval van Enos sien ons ŉ sekere herhaling van handelinge wanneer God en mens ontmoet:

- God staan sentraal in die ontmoeting;
- Die mens reageer daarop deur God aan te roep; en
- Deelname word verder bevestig deur ŉ altaar te bou.

Hierdie tipe oprigting van altare kom sporadies in die vroeë geskiedenis van die Hebreeuse volk voor en het telkens te make met ŉ besondere ontmoeting of aggewing op God se teenwoordigheid (Lloy, 2010:21). In Gen. 28 word die verhaal oor die droom en gesig van Jakob by Bet-El weergegee:

- Gen. 28:18 Jakob neem die klip waarop sy kop gerus het, giet olie daaroor uit en rig dit as ŉ gedenksteen op.
- Gen. 28:20-22 Jakob het ŉ belofte gedoen en gesê die plek waar hy die gedenksteen opgerig het, sal ŉ huis van God wees.

Ten laaste word die belangrikheid van die familie-altaar as ŉ ontmoetingsoomblik benadruk met die opdrag wat God self aan Jakob in Gen. 35 gee om ŉ altaar in Bet-El te bou. Jakob het op God se versoek gereageer deur al sy familie en almal wat by hom was se vreemde gode op te eis en hulle te beveel om God se opdrag te eerbiedig. Op ŉ tasbare wyse het ŉ altaar gestalte gegee aan God se besondere interaksie met ŉ familie en was die altaar die konkrete bewys dat God in hul midde teenwoordig was.

### 2.2.2 Die Noodkreet

ŉ Volk smeek na God (Eks. 3:7-9).

Abraham se nageslag het in Egipte gaan woon in ŉ tyd van ŉ geweldige hongersnood. ŉ Paar geslagte later het die Egiptenare, hulle slawe gemaak (Sutcliffe, 1977:5). ŉ Verdere dinamiek ontplooi toe God besluit om die inisiatief te neem en op sy volk se noodkreet te reageer.

- **Eks. 3:7** *"Ek het duidelik die ellende van my **volk** gesien… ek het hulle jammerklagte gehoor".*
- **Eks. 3:9** *"Die jammerklagte van my **kinders** het tot my gekom, ook het God hul verdrukking gesien".*

In die ontmoeting om redding te bewerkstellig, sonder God ŉ man uit, Moses (Eks. 3:2). God kies ŉ doringbos wat met vuur brand om met Moses te kommunikeer. Hierdie besondere gebeurtenis en verloop van ontmoeting tussen God en mens word in Figuur 4 geskets:




***Figuur 4: Skematiese voorstelling van die kommunikasie tussen God en Moses by die brandende bos***

Wanneer 'n volk 'n noodkreet tot God hef, kan die volgende afleidings gemaak word:

A – God neem die inisiatief;
B – God bewerk 'n ontmoetingsoomblik met Sy dienskneg; en
C – Die volk se noodkreet word gehoor.

Moses reageer met nuuskierigheid op God se teenwoordigheid (Eks. 3:4). God gee daarna die opdrag aan Moses om sy skoene uit te trek, want die plek waarop hy staan is heilig (Eks. 3:5). God openbaar Hom aan Moses deur aan te dui dat Hy die God van Abraham, Isak en Jakob is.


### 2.2.3 Die Bevestiging

Berg Sinai

By die berg Sinai het God, deur Sy kneg Moses, 'n ooreenkoms met Israel aangegaan (Eks.19). Weer eens word 'n wonderlike oomblik van ontmoeting geskets wat koöperatief van aard was:

- Eks. 19:9 "*En die Here het met Moses gespreek: kyk, Ek sal in 'n dik wolk na jou toe kom, dat die volk kan hoor as Ek met jou spreek, en hulle ook vir altyd aan jou kan glo. Want Moses het die woorde van die volk aan die Here meegedeel".*

Die progressiewe ontwikkeling wat tussen God wat die inisiatief neem en die mens wat daarop reageer plaasgevind het, word skematies in Figuur 5 voorgestel.





***Figuur 5: Skematiese voorstelling van die progressiewe ontwikkeling van die koöperatiewe ontmoeting tussen God en mens***

Hierdie skematiese voorstelling verteenwoordig nie net die progressiewe ontwikkeling van die koöperatiewe ontmoeting tussen God en mens vanaf die primitiewe erediens (Gen. 4:26) tot die berg Sinai (Eks. 19) nie, maar wys ook die volgende uit:

- Daar is ŉ chronologiese skriftuurlike ontwikkeling wat plaasvind vanaf Gen. 4 tot Eks. 19;
- God identifiseer rolspelers in hierdie publieke ontmoetings; en
- Die koöperatiewe element word as familie of volk voorgestel.

Nie net is hierdie publieke ontmoeting daarop ingestel dat die volk in God sal glo nie, maar sodat hulle ook die persoon kan vertrou waardeur God die ontmoeting bewerk. Die dinamiek is daarin gesetel dat ŉ ontmoetingsoomblik met God nie net ŉ waardering bewerk vir God se teenwoordigheid nie, maar ook vir Sy geroepe dienskneg wat met die gehoor handel. Ter illustrasie word die gebeurtenis by die berg Sinai deur Figuur 6 voorgestel:




*Figuur 6: Skematiese voorstelling van die gebeure op Berg Sinai*

**Van Altaar tot Tabernakel**


Die oorgang van die altaar na die tabernakel dui 'n nuwe fase in die ontwikkeling van die koöperatiewe ontmoeting tussen God en mens aan. Soos Longman (2001:26) tereg sê: Die kleiner altare sou ná Sinai nie meer genoeg wees nie, 'n groter plek is nou verlang, daarom het God aan Moses gesê, "Ek wil hê my mense moet vir my 'n heiligdom maak sodat Ek tussen hulle kan woon". Hiermee bevestig God dat die tabernakel die altaar vervang as primêre plek waar God Sy teenwoordigheid aan Sy mense sal openbaar. Die altaar is voorts ook in die tabernakel geïnkorporeer en daardeur het God bevestig dat Hy 'n meer permanente woonplek vir Hom by Sy volk inrig. Fretheim (1991:264) stel bogenoemde die duidelikste deur te meld dat met die tabernakel God nie meer net by sekere geleenthede met die volk sou ontmoet nie, maar dat God nou voortdurend in die gemeenskap teenwoordig sou wees.

**Die struktuur van die Tabernakel**

God het die inisiatief geneem met die inrigting van sy eie huis. Hoe die tabernakel moes lyk, die meublement in die tabernakel, die dienste en gebruike wat in die tabernakel uitgevoer moes word, is deur God self geïnisieer. "God not only told Moses to build it; He gave him spesific instructions that he was to follow in every detail" (Longman, 2001:27).

- Eks. 25:9 "Volgens alles wat Ek jou laat sien – die voorbeeld van die tabernakel en die voorbeeld van alles wat daarby behoort – so moet julle dit maak".

***Figuur 7: Sketsplan van die tabernakel***




God wou vir Hom 'n aardse woning skep sodat Hy tussen Sy volk en kinders kon wees (Eks. 40). Volgens Eks. 38:8, 30 word die tabernakel ook "die tent van samekoms" genoem. Hierdie tent het egter 'n besondere struktuur gehad en uit drie dele bestaan:

**a)** **Allerheiligste**
**b)** **Heilige**
**c)** **Voorhof**

Die Tabernakel is in die middel van die kamp (d) opgerig, wat aandui dat Jahweh die God van Israel die sentrale fokus van die volk was en omring was deur die 12 stamme van Israel (Longman, 2001:33). Selfs die materiaal wat gebruik is om die tabernakel te bou, soos goud, silwer, brons en fyn linne wys ons op die waardigheid en koninklike status wat die volk aan God toebedeel het. Vir die doeleindes van hierdie studie is dit belangrik om vas te stel of God deur die samestelling van die tabernakel dit vir Sy volk koöperatief moontlik wou maak om in Sy teenwoordigheid te kom. Die Pentateug beskryf hierdie toeganklikheid uit die oogpunt van vyf realms (Longman, 2001:34).

| PLEKKE IN EN RONDOM DIE TABERNAKEL | VIR WIE WAS DIT TOEGANKLIK |
|---|---|
| a. Allerheiligste | Hoë Priester |
| b. Heilige | Priesters / Leviete |
| c. Voorhof | Persone wat kom offer, Priesters / Leviete |
| d. Binne die kamp | Jode |
| e. Buite die kamp | Heidene |

***Tabel 2: Toeganklikheid van die Tabernakel***

Volgens vroeë Joodse tradisie is dit duidelik dat die heidene geen toegang het of selfs enigsins kon reken op God se teenwoordigheid in hulle lewe nie, omrede God se verbond nie heidene ingesluit het nie.

**Die meublement in die Tabernakel**

Baie literatuur bestaan en verduidelik die simboliese waarde wat deur die meublement in die tabernakel weerspieël word en dat dit heenwys op die teenwoordigheid van God in die lewe van die volk. Soos reeds gemeld, het die Tabernakel uit drie dele bestaan. Daar was sewe meubelstukke wat in die drie dele van die Tabernakel geplaas was en word in Tabel 3 uiteengesit.

| PLEKKE IN DIE TABERNAKEL | MEUBELSTUKKE WAT DAAR AANGETREF WAS |
|---|---|
| a. Allerheiligste | Verbondsark, Versoendeksel. |
| b. Heilige | Tafel met Toonbrode, Minora, Reukofferaltaar |
| c. Voorhof | Koperaltaar, Koperwaskom |


***Tabel 3: Meublement se plasing binne die Tabernakel***

Terry Law (1987:3-13) beklemtoon dat die Tabernakel van Moses die grootste enkele werk van die Heilige Gees is om mense te leer hoe om in die teenwoordigheid van God te kom.

Law maak die volgende opmerkings:

- Bogenoemde is die rede dat die Bybel so baie oor die Tabernakel praat; in die Ou Testament is daar meer as 50 hoofstukke waarin die Tabernakel genoem word, selfs in die Nuwe Testament beslaan 131 van die 303 verse in die Hebreërskrywe gedagtes rakende die Tabernakel.

- Die Tabernakel word gesien as ŉ skaduwee van hoe die hemel is.
- ŉ Studie van die Tabernakel sal ons leer oor gemeenskap met God, verhouding met God en hoe om Goddelike seën te ervaar.
- Meer as alles sal ŉ studie van die Tabernakel ons ŉ aanduiding gee om die krag van God se teenwoordigheid te aanvaar.
- Laastens maak Law ŉ allegorie tussen die Tabernakel en sy meublement en die menslike liggaam.





***Figuur 8: Skematiese voorstel van Law se allegorie tussen Tabernakel, meublement en die menslike liggaam***

Hiermee gee Terry Law te kenne dat dit vir die kind van die Here nodig is om deur die voorhof heen sy menswees holisties voor te berei om uiteindelik in die teenwoordigheid van God te kom. Die mens as “Tabernakel” stem homself dus in om sy lewe ŉ tuiste vir God se teenwoordigheid te maak.

Barker (2004:18) sien die Tabernakel egter as ŉ simboliese voorstelling van die skepping wat in Tabel 4 verduidelik word.

***Tabel 4: Die Tabernakel en die skeppingsdae***




| Dag | Tempel/tabernakel Plek | Betekenis |
|---|---|---|
| 1 | Allerheiligste | Die troon van God as die verborge hart van die skepping, bron van die lewe. |
| 2 | Die voorhangsel | Die verborgenheid van kennis wat die troon van God weerhou van menslike persepsie. |
| 3 | Tafel met toonbrode | Verteenwoordig die plante van die aarde, wyn en wierook. |
| 4 | Die Minora | Verteenwoordig die son, maan en al die planete. |
| 5 | Die koperaltaar | Die simboliek is nie duidelik nie, omrede Eksodus 40 se teksvorm in Grieks verskil van die weergawe in die Hebreeuse teks, maar is moontlik 'n verwysing daarna dat die altaar verwys na die nie-menslike wesens. |
| 6 | Hoëpriester | Die mens as die hoëpriester van die skepping. |

Hiermee wil Barker te kenne gee dat ná die verwydering wat tussen God en die eerste mens ontstaan het, daar met die sondeval nou weer deur die Tabernakel 'n moontlikheid bestaan vir God en mens om versoen te word. Alhoewel die bogenoemde twee voorstellings uiteenlopende gedagtegange verteenwoordig, is beide skrywers dit eens dat God weer 'n weg wil baan vir die mens om in Sy teenwoordigheid te mag wees deur die Tabernakel. Lloy (2010:36) verwoord gemelde aspek treffend:

***"Moreover, the artifacts obtained in these earthly sanctions highlighted the Lord's 'triumphant enthronement and endorsement of the monarchy'. For instance, the Ark of the Covenant was 'so intimately connected with Yahwe's presence' that it was considered His 'throne on which He was though to be invisibly seated'".*** Die tabernakel en sy meublement is 'n bloudruk van die heiligdom in die kerk.

### 2.2.4 Verandering

**Die Tabernakel van Dawid**

Die volgende gedeelte fokus op die koöperatiewe ontmoeting tussen God en mens en die besondere dinamika wat hierdie ontmoeting bewerk. Die studie sien hierdie ontmoetingsplek as die erediens en derhalwe word die erediens verstaan as 'n demonstratiewe aksie waardeur die individu met besondere meelewing sy waardering vir God se teenwoordigheid uitleef. Derhalwe is dit uiters noodsaaklik om te let op die Tabernakel of tent wat Dawid opgerig het om die verbondsark in te bewaar. Die Hebreeuse woord wat hier gebruik word vir tent is ***'ohel'*** waarna paar keer in die Ou Testament verwys word as die Tabernakel van Dawid:

- 2 Sam. 6:7
  "*Nadat hulle dan die ark van die Here ingebring en dit op sy plek neergesit het binne-in die tent wat Dawid daarvoor opgeslaan het, het Dawid brandoffers en dankoffers gebring voor die Here".*

- 1 Kron. 17:5
- 2 Kron. 1:4
- Jes. 16:5

Vervolgens word aangesluit by werk wat gedoen is deur Conner (1976:83-85) waarin ŉ breedvoerige studie oor die Tabernakel van Dawid gedoen is:

➢ Indien daar nie begrip omtrent die Tabernakel van Dawid is nie, kan daar nie waardering vir die Tempel van Salomo wees nie. Verder is dit nie moontlik om die Tabernakel van Dawid te verstaan indien daar nie 'n begrip van die Tabernakel van Moses is nie.


➢ Beide Moses en Dawid beklemtoon dat die lewe van die Tabernakel rondom die verbondsark sentreer omrede die verbondsark die teenwoordigheid van God simboliseer.

➢ Die Verbondsark is dan ook die belangrikste meublement in die Tabernakel, omrede die ark die volgende verteenwoordig:

  - Die troon van God op aarde;
  - Die teenwoordigheid van God tussen Sy verloste mense;
  - God se heiligheid soos dit in die struktuur van die Tabernakel bevestig word; en
  - Die liggaam van Christus wat met tyd openbaar sou word (Kol. 1:19; 2:9).


➢ Conner (1976:105) gee dan verder ŉ uiteensetting oor die verskuiwing van die verbondsark vanaf Silo (1 Sam. 2:32) tot die hervestiging daarvan deur Dawid in Jerusalem by Berg Sion.

***Figuur 9: Verskuiwing van die verbondsark***



Die Tabernakel was 'n tent (**ohel**) wat deur Dawid opgerig en gevestig is in Jerusalem tot en met die oprigting van die Tempel van Salomo (2 Kron. 1:4; 1 Kron. 16:1). 'n Belangrike klemverskuiwing is dat Dawid die priesters toegelaat het om die Allerheiligste te betree. Die priesters het dus toegang tot die verbondsark gehad. Geen diere is hier geoffer nie en dit was slegs 'n "tent van aanbidding" (1 Kron. 16:39-43).

Figuur 10 bied 'n skematiese uitbeelding deur Conner (1976:110) wat die verskil in gebruik van die tent uiteensit:




***Figuur 10: Die verskille tussen Moses se Tabernakel en Dawid se Tabernakel***

Conner (1976:152-154) identifiseer 16 bedieningsvorme wat in die Tabernakel van Dawid plaasgevind het (Tabel 5).


***Tabel 5***

| BEDIENING | SKRIFTEKS | HANDELING |
|---|---|---|
| Sangers | 1 Kron. 15: 16-27<br>1 Kron. 25: 1-7 | Dawid stel Leviete aan om in die Tabernakel te sing |
| Musikante met musiekinstrumente | 1 Kron. 23: 5<br>1 Kron. 25: 1-7 | Dawid self het die musikante verordineer om te speel |
| Leviete | 1 Kron. 16: 4,6,37 | Die Leviete bedien by die verbondsark |
| Skryf | 1 Kron. 16: 4<br>1 Kron. 28:12,19 | Alles wat in die Tabernakel gebeur het, is neergeskryf: bv. Ps. 80 |
| Danksegging | 1 Kron. 16: 4, 8, 41 | Dawid het Leviete aangestel wat voortdurend danksegging aan God gebring het |
| Lofprysing | 1 Kron. 16: 4,36 | Die Leviete het God voortdurend geprys |
| Psalms | 1 Kron. 16:9<br>Ps. 98: 6 | Baie psalms is geskryf en gesing |
| Blydskap | 1 Kron. 16:10,16,25-31 | Daar was opgeruimdheid en geen stilte nie |
| Klap van hande | Ps. 47:1, 98:8<br>Jes. 55: 12 | Psalms van Korag 'n voorbeeld hiervan |
| Gejuig | 1 Kron. 15:28<br>Ps. 47: 1,5<br>Jes. 12: 6 | Toe die verbonsark in die Tabernakel van Dawid ingedra is |
| Dans | 1 Kron. 15: 29<br>Ps. 149:3 | Met die inwyding van die Tabernakel |
| Opsteek van die hande | Ps. 134; 141:2 | Die Leviete het hande opgesteek om God te prys |
| Aanbidding | 1 Kron. 16:29 | Om neer te buig |
| Om die Here te soek | 1Kron. 16: 10-11<br>2 Kron. 7:14 | Dawid het die Leviete aangemoedig om God se aangesig te soek |
| Geestelike offers | Ps. 27:6 | Daar is voortdurend geestelike offers deur priesters en Leviete aan God gebring. |
| Om Amen te sê | 1 Kron. 16:36 | Amen beteken: 'Laat dit so wees' en was 'n gebruik in Israel se geskiedenis |

Die volgende gedeelte van die studie handel oor die Tempel van Salomo.

Beide die Tabernakel van Moses en die (tent) Tabernakel van Dawid het 'n progressiewe invloed op die samestelling en gebruike in die Tempel van Salomo gehad.

***Figuur 11: Skematiese voorstelling van die verbintenis van Salomo se tempel met die tabernakels van Moses en Dawid***




Met bogenoemde in gedagte was die tyd nou reg dat Koning Salomo ŉ standvastige woning oprig, waarbinne die verbondsark, die teenwoordigheid van God, en soos die volk dit verstaan het, God self onder hulle kon woon.

### 2.2.5 Standvastigheid


**Die Tempel van Salomo**

Met die oorgang van die Tabernakel na die Tempel het daar ŉ verdere progressiewe ontwikkeling plaasgevind in die besondere verhouding tussen God en Sy volk. Om bogenoemde duideliker te stel, kan geïnsinueer word dat die besondere verhouding tussen God en Sy volk nooit ten volle begryp kan word as die geskiedenis van die tempel in die lewe van die volk Israel nie behoorlik begryp word nie. Barker (2004:13) verklaar die verbintenis deur ŉ kort geskiedenis van die tempel te gee:

- ŉ Tempel het in Jerusalem vir langer as 1000 jaar bestaan.
- Volgens die Bybel se weergawe het Salomo die eerste tempel gedurende 950 v.C. gebou en is hierdie tempel deur die Babiloniërs 350 jaar later erg beskadig.
- Hierdie tempel is weer teen die einde van die 6de eeu v.C. herbou deur die Jode wat vanuit die ballingskap in Babel weer na Jerusalem teruggekeer het.

- Daarna het Herodes die Grote ook die Tempel teen die einde van die eerste eeu v.C. herbou, die Tempel is uiteindelik teen 70 n.C. deur die Romeine vernietig.
- Die invloed wat die Tempel op die wêreld uitgeoefen het oortref sy fisiese bestaan.
- Verskeie literatuur is dit eens dat die Tempel die belangrikste sosio-ekonomiese godsdienstige instelling in antieke Israel was.
- Die Tempel het ook 'n teologiese funksie verrig. Dit was die plek waar God Sy heilige teenwoordigheid in Judea manifesteer het.
- Die Tempel was ook die plek waar offers aan God gebring is uit dankbaarheid dat God die Jode as Sy volk gekies het.
- Die Tempel was ook die plek waar die volk gebid het.
- Die Tempel se hele samestelling, insluitende die struktuur, meublement en gebruike het die volk vir die koms van die Joodse Messias voorberei.

**Die voorkoms van die Tempel** (Shanks, 2007:124)




***Figuur 12: Die Tempel van Salomo***

Salomo slaag daarin om 'n standvastige woning vir God in Israel te skep. 2 Kronieke 5-7 bevestig die gebeure rondom die inwyding van die tempel en word eksegeties van nader beskou.

### 2.2.6 Perspektiewe vanuit 2 Kronieke 5-7

Die volgende gedeelte fokus op die eksegetiese ondersoek van 2 Kronieke 5-7.

2 Kronieke 5-7 skets die verloop van gebeure met die inwyding van die Tempel wat Salomo gebou het. Kelly (1996:59) is van mening dat 2 Kron. 7 die sentrale tema van Kronieke is omrede Salomo se gebed die volk aangemoedig het tot koöperatiewe aanbidding wat uitgeloop het op feestelike aktiwiteite waaraan die hele volk deelgeneem het. Die Kroniekskrywer het verstaan dat die inwyding van die tempel in 2 Kron. 5-7 'n nuwe dispensasie in die geskiedenis van Israel aangedui het. God woon in die Tempel midde Sy volk, God bevestig Sy "intrek" in Sy nuwe "huis" met sigbare aanduiding van Sy


teenwoordigheid in 'n wolk en die volk reageer daarop met waardigheid, diensbaarheid en blydskap. Salomo word voorgestel as die dienaar wat God en volk begelei in hierdie dinamiese ontmoeting. Dit sinspeel op die gebeure tydens die moderne erediens, waar die prediker die Here en gemeente begelei in 'n dinamiese ontmoeting. God se sigbare teenwoordigheid word geopenbaar in die verandering in die gemeente se lewe wat weer feestelik aan buitestaanders ten toon gestel word. Voorts sal die agtergrond van die boek Kronieke vanuit die literatuurkonteks bespreek word, waarna 'n eksegetiese ondersoek en literatuurstudie volg. Daar word aangesluit by sekere raakpunte wat BJ de Klerk en FJ van Rensburg (2005:15-139) toelig om die metode van die eksegetiese proses in die preekgeboorte daar te stel.

### 2.2.6.1 Sosiohistoriese konteks

De Klerk en Van Rensburg (2005:51) noem dat beide die Ou en Nuwe Testament se ontstaan tekens dra van kulture, sosiale en godsdienstige omstandighede wat anders is as wat in die 21ste eeu in Suid Afrika ervaar word. Uit die aard impliseer die stelling dat die krag van die Bybelse Boodskap eers werklik verstaan kan word as daar vasgestel word wat die betekenis van die besondere Bybelboodskap vir sy eie dag se leser beteken het voordat dit eksegeties na vandag deurgetrek kan word. Derhalwe moet 'n geldige konstruksie van die waarskynlike sosiohistoriese konteks gemaak word. Konteks word verwoord in aspekte soos:

- Sosio-politieke werklikhede van die Bybelse Wêreld waarbinne Christene geleef het (De Klerk, Van Rensburg, 2005:53).
- Ligging van die woonplek van die eerste lesers.
- Bevolkingsamestelling van die gebied waar die verhaal afspeel.
- Die godsdienstige en filosofiese strominge van daardie gebied (De Klerk, Van Rensburg, 2005:58).

***Figuur 13: Skematiese voorstelling van die sosio-historiese konteks***




A Stel die Bybelse wêreld voor van die eerste leser waarbinne die gebeure in die verhaal afspeel.

B Stel die postmoderne wêreld voor van die leser van die 21ste eeu wat die verhaal ontvang.

C Stel die sosiohistoriese konteks voor wat die leser in wêreld B sal help verstaan om die wêreld van die leser in wêreld A te begryp en die ware betekenis van die Bybelse waarheid begryp en geleef kan word.

Sonder hierdie brug (C) is dit ontmoontlik vir die twee wêrelde om te ontmoet wat inderwaarheid die eksegetiese proses onmoontlik maak.

#### 2.2.6.1.1 Inleiding tot 1 & 2 Kronieke

1 en 2 Kronieke vorm een werk en is dus een geheel. Bybelboeke is eeue heen aanvanklik op boekrolle oorgeskryf. Die werk van Kronieke het ŉ te lang deel uitgemaak om op een rol geskryf te word en is daarom op twee rolle oorgeskryf (Ackroyd, 1991:8, 62).


Die belangrikste gedagte in Kronieke is dat Israel God se koninkryk is. Die Here is die koning en Sy volk is Sy onderdane wat Hom dien. Die Here laat egter toe dat ŉ menslike koning op Sy troon sit om as gesant oor Sy volk te regeer (Die Bybel in Praktyk, 1993:563). God se goedheid word in Kronieke juis daarin geopenbaar dat alhoewel Israel God se koninkryk is, God steeds Israel ŉ menslike koning gee om as gesant op te tree. Die Bybel in Praktyk (1993:563), stel dit verder treffend wat die kerk aanbetref: "Die kerk van die Here dra ook eienskappe wat hom onderskei. Sy identiteit (kerk) nes Israel sin is geleë in Sy gehoorsaamheid aan die Here". Meyer (1987:611) meld dat God se getrouheid aan Israel een van die hoofmomente van die Kronis is. God se getrouheid bring seëninge aan Sy volk, en as die volk dan ook verder op God se getrouheid reageer deur aan Hom getrou te wees, eer God hul met Sy teenwoordigheid in hul geskiedenis, hul tempel en hul lewens (Meyer, 1987:657). Volgens Powers (1991:611) wys die Kronis ons op God se soewereiniteit om Sy volk te verlos en te herstel.

Bogenoemde stel dit duidelik, God is betrokke in Sy koninkryk. God is ŉ goeie God wat die mens toelaat om deel te wees van Sy heerskappy. Guzik (2006) stel dat aangesien God se werke so groot en sigbaar is, kan die Israeliete nie anders as om die goedheid en genade van God te beklemtoon nie. Hy verwag egter gehoorsaamheid en in ruil daarvoor mag die volk weet dat God in staat is om hul te herstel al het hul gesondig. Hierdie aspek bemoedig die volk om aan God getrou te bly en is die Kronis positief betreffende die toekoms van Israel.

Die Woord Kronieke self is afgelei van die woord **dibrē hayyāmīm** wat beteken "die gebeure of die woorde van die dae"; dit impliseer ŉ geskiedenis (Japhet, 1993:1). Verder dui Japhet (1993:2) aan dat Kronieke besondere klem lê op ŉ rekord van die musiekkultus in die tempel net voor die Psalms. Kronieke verskaf ŉ sistematiese geskiedenis van Israel se publieke aanbidding, die kultiese instellings om hierdie aanbidding te reguleer en die diensordes in die tempel (Japhet, 1993:45). Hierdie studie fokus op die dinamiese ontmoetingsgebeure tussen God en mens in publieke aanbidding en word die volgende ter inleiding beklemtoon:

- Die geskiedenis van die Kronis moet verstaan word as die interaksie tussen die God van Israel en die mense van Israel.
- In hierdie interaksie word die tempel in Jerusalem as die enigste wettige vergestalting van die volk se publieke kulties georiënteerde aanbidding geskets.
- Om die Kronis se geskiedenismotief verder te verstaan, is daar nog twee aspekte wat die Kronis aanraak wat belangrik vir die studie is:
    - Die verheerliking van Dawid en Salomo se koninklike statuur; en
    - ŉ Fokus op die koning en publieke figuur (Japhet, 1993:48).

Kronieke beskryf geskiedenis wat reeds gedokumenteer is, maar hierdie geskiedenis fokus op die erflating van Dawid en Salomo se dinastie aan Israel (Dearman, 2003:59). Figuur 14 stel dit skematies voor.





***Figuur 14: Skematiese voorstelling van Dawid en Salomo se erflating aan Israel***

### 2.2.6.1.2 Sosiaal-politiese en -historiese agtergrond

Die feit dat die seremonieuse aktiwiteite voorkeur in die werke van Kronieke geniet, bied die historiese agtergrond waarteen hierdie werke afspeel.

Wie ook al die skrywer van hierdie werke sou wees, sou ʼn besondere passie en deernis vir die godsdienstige atmosfeer in Israel moes besit. Die styl en linguistiese ooreenkomste tussen Kronieke en Esra-Nehemia het by Bybelvakgeleerdes vir ʼn lang tydperk die opinie gelaat dat Esra en Kronieke deur dieselfde persoon geskryf is (Hill en Walton, 2009:312). Die laaste twee dekades het al meer Bybelvakgeleerdes die taalaspekte wat Esra-Nehemia en Kronieke verbind, begin bevraagteken. Vandag word algemeen aanvaar dat 1 en 2 Kronieke wel ʼn eenheid vorm, maar apart van Esra-Nehemia gesien moet word. Die tematiese verskille (soos in die geval van die "tweede eksodus") vorm die hoofsaaklike rede vir die voorgenoemde aanname (Hill en Walton, 2009:312). Die skrywer kan dus moontlik aangedui word as ʼn onbekende persoon of godsdiensgroep na wie soms as die "Kronis" verwys word.

Die volgende aspek wat aangespreek word, is die datering van hierdie boeke. Weer eens is daar deur baie vakgeleerdes hieroor geskryf. 1 en 2 Kronieke tesame met Esra-Nehemia is waarskynlik die boeke in die Ou Testament wat laaste geskryf is. Literatuur skets die omvang van die datering baie wyd soos skematies in Figuur 15 aangedui word (Hills en Walton, 2009:312).




***Figuur 15: Skematiese uiteensetting van die datering van 1 en 2 Kronieke***

Person (2010:23) sluit hierby aan deur 1 en 2 Kronieke te plaas in die na-ballingskap-tydperk aan die einde van die Persiese Ryk en die begin van die Hellenistiese tydperk. Die invloed van die groot moondhede van daardie tyd het ook ʼn invloed op Israel se politieke situasie gehad (Ackroyd, 1991:11, 62). Buite die grense van Israel was daar reeds konflik

tussen die Perse en die Grieke wat vir 'n lang periode voortgeduur het. Verder was daar ook voortdurende spanning tussen Persië en Egipte (Ackroyd, 1991:14). Hierdie spanning van buite het ŉ geweldige invloed op die Joodse gemeenskap se interne geskiedenis gehad. Israel was onderdanig aan die Persiërs wat geweldige swaar belasting op hul gehef het. Die Grieke was besig om hul eie sisteme in Israel te vestig. Dit is dan juis in hierdie na-ballingskaptydperk dat die Kronis Israel aan die geseënde tydperk onder Dawid en Salomo se koningskap herinner. Israel word herinner hoe hul God geëer en die tempel bedryf het in 'n poging dat God weer hul onafhanklikheid aan hul sou teruggee. Die datering word daarom tussen 400-500 v.C geplaas.

1 en 2 Kronieke is moontlik saamgestel in die tweede Tempelperiode en gekategoriseer tussen die laat Bybelse-geskiedenisgeskrifte van die Ou Testament (Isaac, 2005:41).

Ter afsluiting word aangesluit by Dycke (1998: 166) wat noem dat die Kronis ŉ politieke visionêre persoon was wat ŉ Joodse samelewing in ŉ Persiese ryk bemoedig het deur te verwys na die glorieryke geskiedenis van Dawid. Hierdie aspek word bevestig deur die taal wat in Kronieke gevind word, naamlik láát Bybelse Hebreeus, asook Aramese invloed en die gebruik van bepaalde Persiese woorde.

#### 2.2.6.1.3 Woonplek en ligging van die eerste lesers

Die Kronis se werk sluit die ware gemeenskap in, wat na die ballingskap teruggekeer en in en rondom Jerusalem en Judea gewoon het.

#### 2.2.6.1.4 Kosmospolitiese aard van die samelewing


Die Kronis is bewus dat die leser die gedokumenteerde geskiedenis van Israel ken. Dus word sterk klem op die kultiese lewe van die samelewing gelê, ook omrede die ballingskap verby is en op die lewe in Juda gefokus word. Om hierdie rede moedig die Kronis die volk aan om ŉ "teologiese voorraadopname" te doen om ŉ godsdienstige balans te verkry binne ŉ verandere wêreld na die volk se terugkeer uit ballingskap. Die volk van God is terug in hul eie land, maar word onderdruk deur ŉ heidense volk.

#### 2.2.6.1.5 Godsdienstige en Filosofiese strominge

Volgens Ackroyd (1991:62-63) bepaal die Kronis sy aandag by die tempelpraktyke en nie historiese feite nie. Vir die Kronis word die volk se lot deur die wyse en interaksie wat daar met God is bepaal. Hierdie interaksie vind in die tempel plaas. Dit sluit aan by Dycke (1998:117-162) wat die godsdienstige filosofiese bestel in Israel tydens die Kronieke-era as Teokraties beskryf.

- Die Joodse gemeenskap waarvan die Kronis deel was, is deur "God regeer" en kan met die woord "Teokrasie" vertaal word wat die eerste keer deur Josefus gebruik is.
- Volgens Josefus verwys "Teokrasie" na die samesmelting van die godsdienstige en politieke karaktertrekke wat by die Joodse volk in die Tweede Tempelperiode aanwesig was. Dit is ook duidelik onderskeibaar van enige ander vorm van regering.
- "Regeer deur God" verwys effektief na die regeringstydperk van die priesters tydens die Tweede Tempelperiode in Juda.
- Die hoëpriester is as die "koning" gesien wat in samewerking met die heidense volk "wat hulle onderdruk het", regeer.
- In die lig van bogenoemde kan die "tempel" gesien word as die "koningshuis" en die volk as ŉ tempelgemeenskap. Om hierdie rede is die tempel die sentrale tema van die Kronieke geskrifte en moet verstaan word dat Juda op die grondslag van ŉ Teokratiese ideologie bestuur is.

Die effek van hierdie Teokratiese regering word deur Dycke (1998:117) in Figuur 16 voorgestel.




***Figuur 16: Die effek van die Teokratiese regering***

Hierdie skets dien as die model waardeur die Kronis die gemeenskap in Juda voorstel. Die Kronis stel dit duidelik dat Dawid en Salomo God toegelaat het om Israel te regeer en daarom was die volk groot en sterk. Metafories gestel was die vrug gesond omrede die kern daarvan gesond was. Die Kronis het Dawid gesien as die een wat die Teokratiese sisteem ingestel het. Die Kronis wil die terugkerende ballinge in die Tweede Tempelperiode aan die bogenoemde model herinner sodat God Israel kan herstel. Die Kronis is van die oortuiging dat die hele Israel (al 12 stamme) teokraties regeer moet word. Ten einde dit deur te voer moet die tempelgemeenskap aan die belangrikheid van die Tempel, wat tydens Dawid en Salomo gevestig was, herinner word. Binne hierdie raamwerk is die Kronis nie bedreig deur Persië of enige ander invloed nie. Die grootste bedreiging vir Israel sou wees as God nie regeer nie. Die Kronis neem die geskiedenis van die eerste tempel aan deur te wys hoe die tempel in Jerusalem van die begin gefunksioneer het en hoe daar deur God vanuit Jerusalem regeer is. Dit het Israel sy identiteit gegee, 'n identiteit wat die Kronis geglo het in die na-ballingskapperiode herstel moes word ten einde die hele Israel te red. Die Kronis weet dat 'n spieëlbeeld van die verlede Israel se enigste redding vir 'n moedelose volk na ballingskap is.




***Figuur 17: God is in beheer van die geskiedenis van Israel***

Die eerste beeld van die tempel word in herinnering geroep om die volk te bemoedig.

#### 2.2.6.2 Keuse van die perikoop

Perikoop verwys na ŉ paragraaf of ŉ gedeelte van ŉ boek wat opsigself ŉ eenheid vorm. Dit dra ook as ŉ eenheid ŉ selfstandige boodskap in samehang met die res van die boek (De Klerk en Van Rensburg, 2005:14). Die oogmerke van hierdie studie plaas die aanbiddingspraktyke wat in die Bybel aangetref word as kardinale rolspelers. Die dinamika tussen God en mens en ook mens tot mens moet in hierdie aanbiddingspraktyk nader ondersoek word. 2 Kronieke 5-7 is geïdentifiseer as ŉ gedeelte waarbinne die bogenoemde verder toegelig en ondersoek kan word. Hill en Walton (2009:321-323) meld die volgende hooftemas wat aangetref word:

- Die Kronis beklemtoon die wyse waarop Jahwe in die na-ballingskapperiode aanbid moes word.
- Die Kronis gee ŉ geskiedenis van die aanbiddingspraktyke in Israel en kan as basis dien vir Israel se aanbiddingstyl vir die hele geskiedenis van die Ou Testament in geheel.
- Die Kronis verstaan die belangrikheid van publieke en individuele aanbidding.
- Die bydrae van liturgiese praktyke binne die aanbiddingsproses word beskryf deur die ampte van die priesterlike bediening te ondersoek.
- Die Kronis sien aanbidding as ŉ gesindheid en ingesteldheid van die mens se hart teenoor God en teenoor ander mense.
- In die "tempelgemeente" het die Kronis sterk klem geplaas op Woord, spesifiek op lof, gebed, sang, belydenis, die uitleg van die wet en profete asook die gehoor se reaksie daarop.

Die hoogtepunt van al bogenoemde vir die Kronis is die ***Teokratiese aanbidding*** van Jahwe wat op ŉ spesifieke plek, die ***Tempel,*** plaasvind. Daar word ook sterk klem geplaas op die ontmoeting tussen God en volk (2 Kronieke 5:2-17), die rede van Salomo (2 Kron. 6) en die gevolg van daardie ontmoeting (2 Kron. 7).

#### 2.2.6.3 Plek van die perikoop in die boek Kronieke en die Bybel

1 en 2 Kronieke was oorspronklik een geskrif en was in twee boeke verdeel met die vertaling van die teks vanuit Hebreeus na Grieks. Aangesien Kronieke op Esra-Nehemia volg, word voorgestel dat Kronieke op ŉ later datering in die Ou Testamentiese kanon opgeneem is. Dus is 1 en 2 Kronieke ŉ aanvulling tot die historiese konteks van Samuel en Konings (Hill en Walton, 2009:311). Die geskiedenis van 1 en 2 Kronieke kan as ŉ tweeledige "chronicle of the whole divine history" verklaar word.


**1 en 2 Kronieke**
**ŉ Heilige Geskiedenis**

| Literêre Geskiedenis | Teologiese Geskiedenis |
|---|---|
| Vul die geskiedenis van Samuel en Konings aan,<br><br>Vertel die geskiedenis van die aartsvaders deur na die geslagsregisters te verwys, | Die geskiedenis konsentreer op die legitimering van die priesterlike en Levitiese outoriteit en die Monargieë van Dawid en Salomo se bydrae tot die godsdienslewe van Israel. |

***Tabel 6: ŉ Heilige geskiedenis***

Wat die plek van hierdie perikoop in die Bybel betref word op treffende wyse ŉ verdere aksent geplaas op God se inisiatief en poging om na die sondeval weer met die mens te ontmoet. Die plek van hierdie ontmoeting is nie ŉ "tuin van Eden" nie, maar ŉ huis, "Tempel" waarbinne God bereid is om Homself weer aan Sy volk "sigbaar" te maak as daar bepaalde "liturgiese gebruike" in plek is.

Hierdie dramatiese gebeurtenis wat met die inwyding van die tempel geïllustreer word, is ŉ verdere verwysing na die gebeure in Hand. 2 waar God se Gees weer op ŉ sigbare wyse aan die volk in Jerusalem openbaar gemaak word.




***Figuur 18: Skematiese voorstelling van God se begeerte om Sy volk te ontmoet***

### 2.2.6.4 Ontleding van die makro/mikro gedagte-opbou

Teksontleding dui op die ontleding van die verhouding tussen die komponente van die teks op sowel mikro- as makrovlak (De Klerk en van Rensburg, 2005:34). ŉ Voorstelling van die mikro- en makro gedagtestruktuur word skematies uiteengesit sodat bepaal kan word in watter mate daar in besonderde gedeeltes of teksverse melding gemaak word van die hoofmoment van hierdie studie (Du Preez, 2006:20).

#### 2.2.6.4.1 Makrostruktuur van 1 en 2 Kronieke

Vir die doeleindes van hierdie studie word gebruik gemaak van die uiteensetting soos weergegee deur Japhet (1993:8-13).

| Skrifgedeelte | Hoofgedagte |
|---|---|
| A. 1 Kronieke 1-9 | A. Inleiding - Geslagsregister |
| B. 1 Kronieke 10-2 Konieke 9 | B. Die geskiedenis van Israel in die tydperk van Dawid en Salomo |
| C. 2 Kronieke 10-36 | C. Die geskiedenis van die koninkryk van Juda na die wegbreek van die noordelike stamme |

***Tabel 7: Makrostruktuur***

Die B-gedeelte van bogenoemde makrostruktuur word beklemtoon vir ondersoek.

| B. 1 Kronieke 10 - 2 Kronieke 9<br>Die geskiedenis van Israel onder Dawid en Salomo | |
|---|---|
| Skrifgedeelte | Hoofgedagte |
| B1. 1 Kronieke 10 - 29 | Die geskiedenis van Israel in die regeringstydperk van Dawid |
| B2. 2 Kronieke 1 - 9 | Die geskiedenis van Israel in die regeringstydperk van Salomo |


Die spesifieke gedagtestruktuur van B2 word in Figuur 19 skematies uiteengesit.

| **B2. Die geskiedenis van Israel in die regeringstydperk van Salomo** | |
|---|---|
| **Skrifgedeelte** | **Hoofgedagte** |
| B2.1 2 Kronieke 1:1 - 1:17 | Bevestiging van Salomo se Koninkryk |
| B2.2 2 Kronieke 2:1 - 5:1 | Die bou van die tempel |
| B2.3 2 Kronieke 5:2-7:22 | Die inwyding van die tempel |
| B2.4 2 Kronieke 8 - 9 | Salomo se weelde en prestasies |

***Figuur 19: Makrostruktuur***

Ten opsigte van die makro-gedagte-opbou kan opsommend genoem word:

- Betreffende A (wat handel oor die geslagsregister) meld Dycke (1998:128) die volgende:
    - Die geslagsregister weerspieël drie periodes in die geskiedenis van Israel:




***Figuur 20: Hoofstuk indeling***

- Betreffende B vorm die gedeelte die kernwerk van die Kronis. Die glorieryke dae van koning Dawid en Salomo word gestruktureerd en planmatig en in spesifieke volgorde uiteengesit.
- Die Kronis wil dit duidelik uitbeeld dat God in Sy tempel woon en dit vir die volk moontlik maak om Hom te ontmoet.
- Betreffende C word 'n verdere geskiedenis van die konings van Juda weergegee, maar in kleiner segmente. Vir die Kronis is hierdie geskiedenis 'n sekondêre vertelling. Die terloopse vertelling van hierdie gedeelte maak die leser bewus dat vir die Kronis geen geskiedenis moontlik is as God nie sentraal staan in die geskiedenis van Israel is nie.

#### 2.2.6.4.2 Die mikrostruktuur van 2 Kronieke 5:2 tot 7:22

In hierdie gedeelte verskuif die klem na die gedagtestruktuur van 2 Kronieke 5 tot 2 Kronieke 7:22 wat as D genomeer word.


Hierdie gedeelte word voorgehou vir verdere eksegetiese ontginning.

D.2 KRONIEKE 5:2-2 KRONIEKE 7:22
INWYDING VAN DIE TEMPEL

| Skrifgedeelte | | Hoofgedagte |
|---|---|---|
| D1. | 2 Kronieke 5:2 - 6:2 | Seremoniële skuif van die ark |
| D2. | 2 Kronieke 6:3-11, 12-41 | Salomo se toespraak |
| D3. | 2 Kronieke 7:1-3 | Toewyding van die tempel deur Heilige vuur |
| D4. | 2 Kronieke 7:4-10 | Offers en feeste |
| D5. | 2 Kronieke 7:11-22 | Die Here se openbaring aan Salomo |

***Figuur 21: Mikro struktuur***

Aangesien hierdie studie binne die liturgiese opset die dinamiese ontmoetingsgebeure tussen God en mens in die publieke erediens beskryf, word verdere mikro-gedagtegang voorgehou.




***Figuur 22: Skematiese aanbieding van die simboliese aspekte wat Goddelike ontmoetings in die erediens bewerk***

Opsommend van die mikro-gedagte-opbou is die volgende punte van belang:

- E – Die situasie wat afspeel in 2 Kronieke 5:2-7:22 met die inwyding van die tempel kan met die situasie wat in die liturgie tydens die erediens afspeel in verband gebring word
- E1 – Vir "liturgiese sukses" in die erediens is goeie voorbereiding nodig.
- E2 – Die rede of prediking van die spreker berei die weg voor vir God om met Sy volk te ontmoet.
- E3 – Die afsluit van die erediens met gebed stel die heerlikheid van God ten toon.
- E4 – Die reaksie van die kerkganger op God se teenwoordigheid is een van waardering.
- E5 – Die "liturgiese sukses" in die erediens lei tot 'n ontmoeting met God gedurende die erediens asook daarna.

### 2.2.6.5 Die genre van die perikoop en die boek

De Klerk en Van Rensburg (2005:19) meld dat die literatuurkunde verskillende genres in die Bybel onderskei. Elke genre het sy eie interpretasiereëls. Dit is dus belangrik om te bepaal watter genres binne die betrokke perikoop voorkom asook of dit dieselfde genre is waarin

die boek geskryf is (De Klerk en Van Rensburg, 2005:21). 1 en 2 Kronieke kan gesien word as ŉ narratief met beide historiese en teologiese perspektiewe (Vaughn, 1999:1-2). Bogenoemde aspek sluit sowel die perikoop as die hele boek van die Kronis in. Die geskiedenis van die geslagsregister, Dawid, Salomo en verskeie ander konings van Juda word deur ŉ storievertelling weergegee. Terselfdertyd word die geskiedenis vanuit ŉ priesterlike gesigspunt met die klem op godsdienstige organisasie weergegee. Dus is hier ŉ eiesoortige geskiedenisvertelling ter sprake. In hierdie vertelling word die aktiewe deelname van God en volk in die tempelkultus as wenresep voorgehou.

### 2.2.6.6 Die openbaring van God in die perikoop

Die Kronis se narratief speel in die Na-ballingskap tydperk af. Daar word met heimwee na die suksesse van Dawid en Salomo, konings wat God sentraal in hul regering gestel het, van die voor-ballingskaptydperk verwys. Die openbaring van God word ook treffend met die inwyding van die tempel in 2 Kronieke 5:2 tot 2 Kronieke 7:22 geskets. De Klerk en Van Rensburg (2005:87) meld verder dat dit egter nie net gaan oor wat God oor Sy wil openbaar nie, maar eerder wat God van Homself as Vader, Seun en Heilige Gees openbaar. Nuttige vrae wat binne hierdie konteks gestel word, is:

- **Wie is Hy?**
- **Wat doen Hy?**
- **Wat sê Hy van Homself?**


Die gedeelte van belang vir hierdie studie beantwoord die vrae soos volg in tabelvorm.

| | Hoofstuk 5 | Hoofstuk 6 | Hoofstuk 7 |
|---|---|---|---|
| Wie is Hy? | 5:1, :7, :10, :12, :13 | 6:4, :14, :15 | |
| Wat doen Hy? | 5:13<br>Die heerlikheid van die Here in die vorm van `n wolk | 6:6<br>God verkies Jerusalem | 7:1, :2, :3<br>Die heerlikheid van die Here in die vorm van vuur |
| Wat sê Hy? | | 6:8, :9, :10, :1 | 7:12, :16, 17-20, :21-22 |

***Tabel 8: Die openbaring van God in die perikoop***


Uit bogenoemde tabel is dit baie duidelik dat die volk ŉ baie goeie begrip van God as Persoon (Wie Hy is) gehad het. God het in Hoofstuk 5 en 7 Sy teenwoordigheid aan die volk openbaar deur ŉ wolk en ŉ vuur wat 'n spesiale verbintenis met Numeri 9 toon.

***Figuur 23: Verband tussen die Tabernakel en die Tempel***




Verder is daar 'n progressiewe dialoog wat plaasvind vanaf God met Sy volk en koning in hierdie gedeelte, wat spesifieke implikasies vir hierdie studie behels (figuur 24).

***Figuur 24: Skematiese uiteensetting van progressiewe dialoog***



Goeie voorbereiding van die liturgiese opset en die beoefening daarvan in die erediens deur lofprysing/sang, prediking en gebed sal dus lei tot die progressiewe openbaring van God tot op die punt waar God self met Sy kinders kommunikeer.

#### 2.2.6.7 Die kommunikasiedoel van die perikoop

Aangesien hierdie studie op die dinamiese ontmoeting tussen God en mens in die erediens fokus, is dit belangrik om die kommunikasiedoel van die perikoop weer te gee. De Klerk en Van Rensburg (2005:93) fokus op die menslike outeur se doel vanuit 'n gegewe literatuur belang. Tog moet gepoog word om die doel van die Heilige Gees te ondersoek. Dit wil sê die doel wat Hy deur die mens-outeur wou en wil bereik. Alhoewel die klem vir De Klerk en Van Rensburg op die preek as doel val, help die bepaling van die kommunikasiedoel vir 2 Kronieke 5:2-7:22 ook om die eksegetiese proses meer verstaanbaar te maak. Die kommunikasiedoel kan soos volg deur 'n diagram voorgestel word.




***Figuur 25: Diagram wat die kommunikasiedoel van die perikoop illustreer (De Klerk en Van Rensburg, 2005:93)***

In hierdie diagram is die fokus nie op wat die outeur sou wou bereik nie, maar op wat God wou bereik. Die Kronis smag daarna dat die volk weer God in die sentrum van hul lewe plaas. God wil ook weer deel word van die volk se lewe, redding en uitkoms. Die dinamika lê daarin opgesluit dat God die inisiatief neem en wagtend is dat die mens daarop reageer.

#### 2.2.6.8 Die eksegetiese ontginning van 2 Kronieke 5:2 tot 7:22.

Met strukture D.2 en E in gedagte, sal die skrifgedeelte vervolgens dieper ontleed word en onder die volgende opskrifte behandel word:

2.2.6.8.1 Fokus op die voorbereiding van die liturgie vir die erediens.

2.2.6.8.2 Fokus op die prediking vir die erediens.

2.2.6.8.3 Fokus op die afsluiting vir die erediens.

2.2.6.8.4 Fokus op die resultaat van die erediens.

2.2.6.8.5 Fokus op die gevolg van 'n dinamiese ontmoeting in die erediens.

##### 2.2.6.8.1 Fokus op die voorbereiding van die liturgie vir die erediens – 2 Kron. 5:1, 5:2 tot 14 en 6:1 – 2.

Ter agtergrond word die volgende weer aangeraak, die koningskap van Salomo kan in twee gedeeltes binne die boek van 2 Kronieke verdeel word.

- 2 Kron. 1-5:1 - Salomo se pogings om die Tempel te bou.
- 2 Kron. 5:2-9:31 - Die inwyding van die Tempel, God se teenwoordigheid in die Tempel en Israel se lofprysings- en aanbiddingspraktyke in die Tempel (Allen,1999:48).

Alhoewel 2 Kron. 5:1 in die skematiese opbou (B2) as 'n bygevoegde gedeelte van die perikoop gesien word en handel oor die bou van die Tempel, is dit noodsaaklik om die belangrikheid van hierdie teksvers in die perikoop te verstaan. Om hierdie rede word 2 Kronieke 5:2-7:22 vervolgens eksegeties ondersoek (vergelyk strukture D.2 en E).

Dillard (1987:37) meld dat 2 Kronieke 5:1 verwys dat die Israeliete die verslane Egiptenare se gawes aangewend het om die Tabernakel te bou. Op dieselfde wyse het Salomo die gawes wat Dawid vanaf Israel se vyande afgeneem het, gebruik om die Tempel te bou. Thompson (1994:221) verstaan 2 Kron. 5:1 as die oorgangsvers tussen die bou en die inwyding van die Tempel.

Nadat die Tempel gebou is, is dit voorberei deur voorwerpe daarin te plaas sodat Salomo die Tempel aan God kon toewy.

Vir die doeleindes van hierdie studie kan die volgende chiasma dalk meer van toepassing wees:

| | | |
|---|---|---|
| a | 2 Kron. 1:1 – 4:22 | Salomo se poging om die Tempel te herbou |
| A | 2 Kron. 5:1 | Salomo se voorbereiding vir die inwyding van die Tempel |
| a | 2 Kron. 5:2 – 9:31 | Inwyding van die Tempel, God se teenwoordigheid en die volk se reaksie daarop |

Die **voorbereiding** van die tempel staan **sentraal** vir Salomo om seker te maak dat die Tempel **gereed** is vir totale toewyding aan God.

Hierop volg 2 Kron. 5:2 tot 2 Kron. 6:2 wat volgens Allen (1999:494-495) as volg verstaan kan word:

| | | |
|---|---|---|
| | 2 Kron. 5:2-10 | Die byeenkoms van bepaalde afgevaardigdes by die tempel |
| A | 2 Kron. 5:11-14 | Samesang en die openbaring van God se heerlikheid |
| | 2 Kron. 6:1-2 | Salomo se eerste rede in die rigting van die tempel |

Met **a** word besondere klem geplaas op die inisiatief wat Salomo in die byeenroeping van die afgevaardigdes neem asook sy rede waar hy God vereer met 'n vaste woonplek.

A dui egter die fokus van hierdie bepaalde perikoop omrede God op die samesang van die sangers en die musikante reageer.

Die rede waarom God kan reageer deur Sy heerlikheid aan hulle ten toon te stel kon gesien word in die voorbereiding wat in A (2 Kron. 5:11-14) afspeel.

| | | |
|---|---|---|
| A1 | 5:11 | Voorbereiding – Priesters het hulself geheilig. |
| A2 | 5:12 | Voorbereiding – Levitiese sangers en priesterlike trompetblasers staan aan die oostekant van die altaar. |
| A3 | 5:13 | Ontmoeting – Die eenstemmigheid tussen die levitiese sangers en priesters in die samesang skep die geleentheid vir 'n ontmoeting met God se heerlikheid. |
| A1 | 5:14 | Onvoorbereid – Die priesters kan nie diens doen nie omrede hul nie in God se heerlikheid kon staan nie. |

Na aanleiding van bogenoemde struktuur is dit noodsaaklik om die volgende punte te beklemtoon:

A1 – Die gedeelte word omarm deur na die optrede van die priesters te verwys met die inwyding van die Tempel: aanvanklik was hulle voorberei vir die gebeure, maar die heerlikheid van God het hul selfs onvoorbereid gelaat.

A2 – Die Leviete en priesters was duidelik georden en goed voorberei vir die samesang met die inwyding van die Tempel.

A3 – God se reaksie is duidelik sigbaar in die vorm van 'n wolk. God neem duidelik inisiatief vir 'n ontmoeting met die inwyding van die Tempel.

Nog bepaalde aksente wat in die gedeelte van belang is, word vervolgens bespreek:

- Die besondere betekenis van die Verbondsark in die geskiedenis van Israel word weer beklemtoon. As deel van die voorbereiding vir die toewyding van die Tempel is verseker dat die Verbondsark na sy plek in die allerheiligste geneem is. Hierdie daad simboliseer die heilige teenwoordigheid van God binne die Tempel en lewe van die volk (Allen, 1999:494).
- Volgens Barker (2004:14-15) bevestig die Kronis volgens 2 Kron. 5:11-14 dat musiek die doel het om die teenwoordigheid van die Here te bewerk. Dit dien dus as voorbereiding vir 'n ontmoeting tussen God en mens, en bring ook eenheid tussen die mense onderling wat die byeenkoms bywoon.
- Nadat die teenwoordigheid van die Here ervaar is (2 Kron. 5:14) volg Salomo se eerste toespraak. In 2 Kron. 6:1-2 word die toespraak in die rigting van die Tempel gemaak en kan as 'n persoonlike gebed van Salomo tot God gesien word. In hierdie gebed verwelkom hy God op eerbiedige wyse binne Sy nuwe, vaste huis. Salomo kan nie anders as om in gebed op God se teenwoordigheid te reageer nie (Thompson, 1994:227).
- 

**Samevattende afleidings van toepassing op die erediens:**


- Daar was eenstemmigheid (**echâdgôl**), ŉ "een klank" toe die sangers en musikante saam musiek gemaak het (2 Kron. 5:13). So ook is dit belangrik dat daar eenheid tussen die musiekleiers van enige gemeentebyeenkoms moet wees ten einde ŉ atmosfeer van toewyding te bevorder.
- God het ŉ dinamiese ontmoeting bewerk deur Sy teenwoordigheid in die vorm van ŉ wolk tydens die inwyding van die Tempel. Dit is ook die oogmerk van hierdie studie dat dieselfde dinamiese ontmoeting tussen God en die erediensgemeenskap moontlik is. God kan ook op enige wyse Sy verskyning sigbaar maak, naamlik deur trane, blydskap of selfs net ŉ geboë hoof.
- Bogenoemde aksies het Salomo na die Tempel laat draai. Hy het teenoor God bely dat alles wat gebeur het ŉ bevestiging is dat God sy nuwe, vaste huis "inneem".

### 2.2.6.8.2 Fokus op die prediking in die erediens - 2 Kron. 6:3-42

Hierdie gedeelte kan in twee belangrike hoofmomente ingedeel word. 2 Kron. 6:3-11 is Salomo se toespraak tydens die inwydingsplegtigheid van die Tempel. Die tweede gedeelte is2 Kron. 6:12-42 wat Salomo se gebed tydens die inwydingsplegtigheid weergee.

**2 Kronieke 6:3-11**

2 Kron. 6:3 begin met Salomo se uitspreek van 'n seën (**wayyebarek**) oor die hele gehoor van Israel. Dit was 'n formele seënbede wat in daardie tyd gebruik is. In 2 Kron. 6:4 begin Salomo sy rede deur te bevestig dat God nou volbring het wat Hy aan Sy vader Dawid beloof het. Die belofte van God aan Dawid was tweeledig en word in figuur 26 hieronder uiteengesit.




***Figuur 26: God volbring Sy beloftes***

Die klem van Salomo se toespraak (prediking) is dat God sy beloftes nakom. Die Kronis beklemtoon verder in vers 11 dat die Torah deel van die verbondsark was. Dit dui daarop dat die basis van die verbondsverhouding tussen God en Israel nog in plek is en dat al die verbondswoorde tussen God en Moses nou ook van krag is in die verbond tussen God en Dawid (Allen, 1999:495).

Opmerklik in hierdie eerste gedeelte (2 Kron. 6:3-11) is dat Salomo in sy rede nie minder nie as ses keer melding maak dat die Naam van die Here voortaan in Jerusalem en die Tempel woon (Allen, 1999:495 en Shanks, 2007:141).

- Vers 5 *"…het Ek geen stad verkies uit al die stamme van Israel om 'n huis te bou, dat My Naam daar sou wees nie…"*
- Vers 6 "*Maar Ek het Jerusalem verkies, dat My Naam daar sou wees,..."*
- Vers 7 *"Toe dit dan in die hart van my vader Dawid was om 'n huis te bou vir die Naam van die Here".*
- Vers 8 *"... Dat dit in jou hart was om vir My Naam 'n huis te bou".*
- Vers 9 *"...maar jou seun wat uit jou lendene sal voortkom, die sal vir My Naam die huis bou".*
- Vers 10 *"… En ek het die huis gebou vir die Naam van die Here".*

Hiermee verklaar Salomo dat die fokus van die tempelpraktyke 'n merkwaardige metamorfose ondergaan het sedert die tydperk van Moses.

In die tydperk van Moses was die klem op offers geplaas en het die teenwoordigheid van God in die allerheiligste "gewoon" (Dillard, 1987:52). Met die inwyding van die Tempel in 2 Kronieke word die klem verskuif na sang, gebed en prediking asook dat die Naam van die Here nou eerder die teenwoordigheid van God in die Tempel verklaar. Salomo sluit sy rede sterk af in 2 Kron. 6:11 deur onomwonde te bevestig dat hy die een is wat die Ark van die Here in die Tempel neergesit het en daardeur sy vader se begeerte asook God se belofte, vervul het.

**2 Kron. 6:12-42**

Met die oogmerke van hierdie studie in gedagte word nou op die sewe petisies wat Salomo in sy toewydingsgebed weergee, gefokus. Hierin verklaar Salomo dat daar vir die een wat gesondig het, vryspraak in die Tempel kan wees as hy in die teenwoordigheid van God kom. Die sewe petisies word skematies voorgehou. (Allen, 1999:496-498).

| Die sonde gepleeg | Skrifgedeelte | Salomo se petisie |
|---|---|---|
| Teen jou naaste sondig en deur 'n eed vervloek is | 2 Kron. 6:22-23 | Vir sosiale geregtigheid |
| Gesondig teen God en deur die vyand verslaan | 2 Kron. 6:24-25 | God sal vergewe en hul terugbring na hul land |
| Gesondig teen God en die land word gestraf | 2 Kron. 6:26-27 | God sal vergewe en weer reën gee |
| Hongersnood en plae omdat hul God nie geken het nie | 2 Kron. 6:28-31 | God sal vergewe en gee volgens elkeen se weë |
| Uitlanders wat nie deel van Israel is nie | 2 Kron. 6:32-33 | God sal die uitlanders ook vergewe |
| Gesondig teen God en hul vyand tegemoet gaan in oorlog | 2 Kron. 6:34-35 | God sal vergewe en reg laat geskied |
| Gesondig teen God en die volk weggestuur word in ballingskap | 2 Kron. 6:36-39 | God sal vergewe en reg aan sy kinders verskaf |

***Tabel 9: Die sewe petisies van Salomo***

Dillard (1987:52-53) vergelyk op 'n treffende wyse die gebed van Salomo in 2 Kron. 6:12-42 ('n priesterlike gebed) met die hoëpriesterlike gebed van Jesus in Johannes 17. Die volgende raakpunte word genoem:

- ✓ Beide die gebede geskied in die teenwoordigheid van God. Vir Salomo is hierdie manifestasie sigbaar in 'n wolk en vir Jesus is die manifestasie sigbaar omrede God se teenwoordigheid in Hom (Jesus) as die Seun van God gesetel is.
- ✓ Altwee die gebede vind plaas na hul voltooiing van 'n heilige opgelegde taak. Salomo het die bou van die Tempel voltooi, terwyl Jesus Sy aardse bediening vervul het.
- ✓ Salomo se gebed sluit Jood en heiden in. In dieselfde mate verklaar Jesus in Sy gebed dat Hy vir alle mense gekom het.

Salomo se petisies verwys telkens dat 'n persoon vergifnis vanaf God kan ontvang vir sy sonde indien hy na die tempel gaan of selfs net na die tempel draai. Salomo bevestig dat 'n dinamiese ontmoeting met die Naam van die Here in die Tempel 'n sondaar kan vergewe indien God so sou verkies. Die gebed word afgesluit in verse 40-42 en die verbond wat God met Israel in Moses se tyd gehad het, word ook vir Dawid se dinastie bevestig.

**Samevattende afleidings van toepassing op die erediens:**

- ✓ Dit is opvallend dat na die samesang met die toewyding van die Tempel, Salomo as segsman die volk toegespreek en gebid het. In dieselfde mate word die Woord van die Here bedien deur sy segsman na samesang in die erediens en word die prediking ook met gebed afgesluit.
- ✓ Die teenwoordigheid van God word bevestig in die erediens deur die voorlesing uit die Woord van God. So ook was dit die geval met die Torah in die Verbondsark met die toewyding van die Tempel.
- ✓ Prediking het te make met die verkondiging van God se genade en die bevestiging van goddelike beloftes aan sy kinders, sy volk. In die erediens is hierdie verkondiging aan die afwagtende kerkgangers dat God intens bewus van alles in hul lewe is.
- ✓ Die gebed wat op die prediking volg is een waar die prediker intree vir die gehoor wat die erediens bywoon en petisie vir hulle doen sodat God hulle kan vergewe.
- ✓ In die afspeel van die erediens word die Naam van die Here ook erken as 'n verwysing na die teenwoordigheid van die Here soos wat die Naam van die Here in die tempel gewoon het.
- ✓ Net soos Salomo ingetree het vir die volk in 2 Kron. 6 en Jesus vir die mensdom in Johannes 17, tree die prediker tydens die erediens vir die gemeente voor God in.
- ✓ Die uitspreek van 'n goddelike, formele seën behoort deel van 'n erediens te wees.

### 2.2.6.8.3 Die afsluiting van die erediens met gebed bewerk geleentheid vir 'n ontmoeting - 2 Kron. 7:1-3

Thompson (1994:233) noem dat nadat Salomo sy gebed afgesluit het in 2 Kron. 7:1 "a gigantic holocaust ignited by fire from heaven". Die vuur simboliseer God se reaksie op Salomo se inwydingsrede en gebed en word bevestig dat God sy nuwe huis aanvaar. 'n Wonderlike ontmoetingsoomblik word in die gedeelte geskets.

II Kron. 7:1-3

God neem die inisiatief

(II Kron. 7:1)

God openbaar sy teenwoordigheid in die verrigtinge in die vorm van vuur


Die mens se reaksie

(II Kron. 7:2-3)

Sowel die priesters en al die kinders van Israel reageer in waardering op die teenwoordigheid van die Here

***Figuur 27: Skematiese uitbeelding van God se reaksie met die toewyding van die tempel***


Dillard (1987:55) beklemtoon die chronologiese progressie vanaf 2 Kron. 5:13-14 tot 2 Kron. 7:1-3. In 2 Kron. 5:13-14 word aangedui dat die teenwoordigheid van God in die wolk slegs deur die priesters ervaar kon word. In 2 Kron. 7:3 is God se teenwoordigheid in die vuur vir die hele volk sigbaar.




***Figuur 28: Progressiewe openbaring van God se teenwoordigheid***

**Basiese samevattende afleidings vir die erediens**

- Bogenoemde diagram dui op die belangrike ontwikkeling wat in die erediens plaasvind. Aanvanklik, voor die erediens, ervaar die predikant en sy liturgiese personeel die teenwoordigheid van die Here. Soos die erediens afspeel deur sang, prediking en gebed raak die gehoor ook van die teenwoordigheid van die Here bewus.
- Die teenwoordigheid van die Here in die erediens kan soms verskillend ervaar word. In die bogenoemde skrifgedeelte was God se teenwoordigheid in 'n wolk en vuur sigbaar. Daar moet dus ook in die erediens ruimte geskep word dat almal wat teenwoordig is, die teenwoordigheid van die Here op unieke wyse (en verskillend) kan ervaar.




***Figuur 29: Die afspeel van die erediens***

- Bogenoemde vorm die basis van enige publieke samekoms tot eer van die Here. Tydens die erediens neem God die inisiatief om sy teenwoordigheid ten toon te stel. Die hele gemeente het dan die voorreg om op Sy openbaring te reageer. Die gevolg is die uitloop op ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en mens.


#### 2.2.6.8.4 Die kerkganger se reaksie op God se teenwoordigheid in die erediens – 2 Kron. 7:4-10

In hierdie gedeelte word dit onomwonde gestel dat daar ŉ blywende reaksie by die mens op God se teenwoordigheid is. Die gedagte word in die gedeelte beklemtoon deur ŉ weeklange feestyd wat by die Tempel gehou is (Dillard, 1987:57) en die volgende aktiwiteite ingesluit het:

- 22 000 beeste is geslag;
- 120 000 skape is geslag, wat beteken dat 20 offers elke minuut vir 10 ure ŉ dag gegee is en dat dit vir 12 aaneenlopende dae voortgeduur het.
- Dit het genoeg kos voorsien vir die 15 dae se feesvieringe wat in 2 Kronieke 7:8-10 volg (Dillard, 1987:57).

In hierdie gedeelte is daar ook vir die eerste keer ŉ verwysing na gesamentlike musiek en offers in Jerusalem (Allen, 1999:499). Die fees van die Tabernakel het dan ook saamgeval met hierdie feesvieringe en vanaf die 8ste tot die 22ste dag geduur (Allen, 1999:499). In 2 Kronieke 7:8 bevestig die Kronis ook dat Salomo weer ŉ groot vergadering byeengeroep het. Dit wys daarop dat Dawid se begeerte vir ŉ huis vir God deur Salomo bevestig is en die hele vergadering hierdie oorwinning saam mag vier.

Verdere klem is op 2 Kronieke 7:10 wat dui op die volk se reaksie op God se goedheid. Blydskap teenoor God vir Sy dade wat aan hul as volk betoon is asook blydskap onderling teenoor mekaar word weerspieël. Die rede vir hierdie blydskap is God se goedheid teenoor Salomo, Dawid en die hele volk Israel.




***Figuur 30: God se goedheid vir Israel***

Salomo kan die volk met 'n geruste hart na hulle tente laat gaan. Allen (1999:486) som dit op as: "Mission accomplished".

**Basiese samevattende afleidings vir die erediens.**

- ✓ Die ontmoeting tussen God en mens tydens die verloop van die erediens is nie tot die "erediens-oomblik" beperk nie, maar moet 'n blywende effek op die kerkganger hê.
- ✓ Die gebeure in 'n erediens moet lei tot 'n feestelike karakterbou in die lewe van die gehoor sodat hul met blydskap na hul huise terugkeer en verklaar: "God is goed".
- ✓ Eredienste behoort ook gesamentlike sang en offers te behels. In 'n erediens is daar 'n voortdurende, deelnemende offer wat aan God gebied word. Samesang skep die atmosfeer vir God om op die offer te reageer. Die Heilige Gees lewer inset aan die kerkgangers wat met afwagting ingestel is op 'n bonatuurlike ontmoeting.
- ✓ Indien die erediens daarin slaag om deur die liturgiese gebeure 'n ontmoeting tussen God en kerkganger te bewerk, is dit "Mission accomplished" omrede die kerkganger met blydskap na hul huise terugkeer en sodoende ook ander mense se lewens kan aanraak.

**2.2.6.8.5 Die gevolg van 'n erediens: 'n dinamiese ontmoeting - 2 Kronieke 7:1-22**

Die eerste refleksie wat hier van belang is, is dat God in 2 Kronieke 7:11-18 met Salomo praat en in 2 Kronieke 7:19-22 met die volk in gesprek tree (Dillard, 1987:58-59). 'n Tweede refleksie is dat 2 Kronieke 7:12b -15 'n weerspieëling van Salomo se gebed in 2 Kron. 6:22-39 is (Thompson, 1994:235). 'n Derde refleksie op die gedeelte is dat 'n dinamiese ontmoeting altyd afhanklik van gehoorsaamheid aan God en die Woord van God is (2 Kronieke 7:19-22). Laasgenoemde is 'n baie belangrike tema vir die Kronis. Vir die Kronis kan Israel nie behoorlik funksioneer sonder die tempel en tempelkultus (teokrasie) nie. Slegs gehoorsaamheid aan God kan God se huis permanent tussen sy volksmense verseker.

**Basisteoretiese samevatting vir die erediens**

- Die gevolg van 'n dinamiese ontmoeting tussen God en Sy mense in 'n erediens is 'n voortdurende aanmoediging om aan God gehoorsaam te bly.
- Gemeentelede moet voortdurend deur die prediker opgevoed word om gereeld die Woord van God te lees en tyd in gebed deur te bring.
- God verwag 'n bepaalde reaksie op Sy teenwoordigheid in die erediens. Hierdie reaksie is nie net 'n gevoel van waardering nie, maar ook 'n lewe van diensbaarheid en gehoorsaamheid aan die "goeie" God wat Homself aan Sy kinders wil "sigbaar" maak.

## 2.3 BASISTEORETIESE SAMEVATTING UIT DIE OU TESTAMENT

Op grond van voorafgaande beredenering word die volgende basisteoretiese perspektiewe gebied wat die basis vir die oogmerke van hierdie studie dien:

- In die doel en uitgangspunt van die hoofstuk is gestel dat dit nodig is om die liturgie van die erediens te verstaan as ŉ uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens in die Ou Testament.
- Die begrippe liturgie, liturgiek, erediens, dinamiese ontmoetingsgebeure, liturgie vanuit ŉ Pentekostalistiese perspektief en Pinkster is bespreek en verklaar.
- Bepaalde aanbiddingspraktyke in die Ou Testament wat ŉ koöperatiewe ontmoeting tussen God en mens bewerk het, en wat besondere dinamiek aan sulke aanbiddingsgeleenthede sou verleen, is ook in diepte ondersoek.
- Die ontstaan van die eerste erediens in die Ou Testament is beredeneer.
- Die plek van die familie-altaar en die rol wat dit in Abraham en Jakob se lewe gespeel het, is ondersoek.
- God staan sentraal in die Ou-Testamentiese aanbiddingspraktyke en die progressiewe ontwikkeling wat plaasgevind het in die publieke byeenkomste van Enos tot Moses is uitgebeeld.
- Die Tabernakel van Moses is in diepte ondersoek. Die studie wys op die belangrikheid van die struktuur van die Tabernakel en die meublement wat daarin was, wat ŉ rol gespeel het om ŉ ontmoeting met God moontlik te maak.
- Die Tabernakel wat Dawid opgerig het om die Verbondsark te bewaar is ook bestudeer. Die rol wat sangers en musikante voortaan sou vervul vir ŉ goddelike ontmoeting, is ondersoek en beklemtoon.
- Die Tempel van Salomo word aangedui as die plek waar God sy heilige teenwoordigheid in Judea manifesteer het.
- Gevolglik is gefokus op ŉ eksegetiese ondersoek van 2 Kron. 5-7. Die sosiohistoriese konteks van 1 en 2 Kronieke is in diepte bespreek.
- Aspekte soos die keuse van die perikoop, die plek van die perikoop in die boek en in die Bybel is toegelig, die genre van die perikoop en die boek sowel as die openbaring van God in die besondere gedeelte is ondersoek en bespreek.
- Die ontleding van die makro/mikro gedagte-opbou met besondere beklemtoning van die gedagtestruktuur van 2 Kron. 5:2- 2 Kron. 7:22 het aandag geniet.
- In die opbou van bogemelde gedagtestruktuur word die simboliese aspekte wat die ontmoeting tussen God en mens in die erediens moontlik maak, van nader beskou.
- In die nadere eksegetiese ondersoeke is veral op die volgende gefokus, naamlik die voorbereiding van die liturgie vir die erediens; die bediening van God se Woord in die erediens (prediking); die afsluit van die erediens met gebed wat 'n geleentheid vir ontmoeting bewerk; die kerkganger se reaksie op God se teenwoordigheid in die erediens en ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en mens as uitkoms van die erediens.
- Die gebeure wat afspeel met die toewyding van die Tempel deur Salomo in 2 Kron. 5-7 is ŉ weerspieëling van baie van die gebeure wat in ŉ erediens afspeel.
- Goeie voorbereiding van ŉ erediens speel 'n beslissende rol en is ŉ ontmoeting met God reeds moontlik voor die aanvang van die diens. Dit spoel dan oor tot die “res” van die kerkgangers wat die ontmoeting tydens die erediens ervaar.
- Samesang, gebed en prediking skep ŉ atmosfeer wat dit vir God moontlik maak om met die afwagtende gehoor in ontmoeting te tree.
- Die gevolge van so ŉ ontmoeting is blydskap en gemoedelikheid by die ontvanger binne die erediens. Dit het ook ten doel om die kerkganger met opgewondenheid na sy huis te stuur sodat ander mense ook in die ”fees” mag deel.

- ’n Dinamiese ontmoeting tussen God en mens verg egter ook ’n teenreaksie van die ontvanger, naamlik ’n voortdurende lewe van toewyding en gehoorsaamheid aan God en Sy Woord.

# HOOFSTUK 3


## BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE EREDIENS AS UITDRUKKING VAN DIE DINAMIESE ONTMOETING TUSSEN GOD EN MENS IN DIE NUWE TESTAMENT

In hierdie hoofstuk word gefokus op die Nuwe Testament en die erediens as uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens. Die bespreking is aan die hand van die plekke waar publieke byeenkomste plaasgevind het gestruktureer. Die plekke van byeenkoms verwys spesifiek na die Tempel, Sinagogale dienste asook huiskerke. ʼn Diepte-analise van Hand. 2 volg hierop met besondere klem op die uitstorting van die Heilige Gees. Laastens word ʼn paar aksente van 1 Kor. 11-14 voorgehou om die dinamiek van die ontmoeting tussen God en mens verder te beklemtoon.

### 3.1 DIE TEMPEL, SINAGOGE EN HUISKERKE AS PLEKKE VAN AANBIDDING IN DIE NUWE TESTAMENT.

Die geskiedenis van die vroeë Christelike beweging hou verband met die feit dat kerkgroei, aanbidding, teologie en etiek slegs binne die raamwerk van die menslike ervaring binne gemeenteverband ondersoek kan word (White, 1996:3). White (1996:3) se studie genaamd “The social origins of Christian architecture” lê besondere klem op die instelling van die institusionele godsdiens binne die Romeinse Ryk. White (1996:4-5) meld dat die omstandighede van Christelike byeenkomste oor 'n tydperk van drie eeue radikaal verander het en byeenkomste binne die opset van ʼn huiskerk na ʼn kerkgebou verskuif het. Teen die vierde eeu was die “basilika” die norm van Christelike argitektuur.

Leuschner (2004:84) meld dat die Tempel in die Nuwe Testamentiese tyd (net voor die nuwe Christelike beweging tot volle reg gekom het) steeds ʼn merkwaardige saamkomplek vir beide Jood en Christen was en dat Jesus ook in die tempel aanbid het (Matt. 5:23; Letšosa, 2005:66). vgl. ook Letšosa (2005: 38-53; 110-111) bevestig hierdie Nuwe Testamentiese aanbiddingspraktyke en die rol wat samekomste in die sinagoge gespeel het. Weer eens word opgemerk dat daar in die Nuwe Testament, net soos in die Ou Testament, ʼn progressiewe ontwikkeling in die publieke byeenkomste was. Voorts sal die mate waarin hierdie byeenkomste ʼn geleentheid vir ʼn dinamiese ontmoeting tussen God en mens geskep het, bespreek word. Figuur 31 bied 'n skematiese uiteensetting van hierdie ontmoeting.




***Figuur 31: Skematiese uiteensetting van die plekke van publieke aanbidding gedurende die Nuwe Testamentiese tyd***


Hierop volg 'n meer intense bespreking van bogenoemde plekke van publieke aanbidding.

### 3.1.1 Die Tempel

#### 3.1.1.1 Verdere geskiedenis van die Tempel

Salomo se tempel wat in Hoofstuk 2 in diepte bespreek is, het vir 350 jaar bestaan. In 586 v.C. is die tempel deur koning Nebukadneser vernietig. In 539 v.C. het koning Kores van Persië Babilon verower. Kores het die Jode toegelaat om na Jerusalem terug te keer om die tempel te herbou. Hierdie tempel wat bekend staan as die Tweede Tempel, is in 516 v.C. voltooi. Die Tweede Tempel het vir 500 jaar bestaan. Gedurende hierdie tydperk van 500 jaar is Israel eers deur die Grieke en daarna deur die Romeine verower. Beide hierdie volke het die tempel beskadig en beroof, waarna die tempel in puin was. In 37 v.C. is Herodes die Grote as koning van die Jode benoem en in 20 v.C. het hy met die restourasie van die tempel begin. Hierna het die Tempel as die tempel van Herodes bekend gestaan. Herodes se tempel is eers in 64 n.C. voltooi, jare na sy dood. Net 'n paar jaar later in 70 n.C. is hierdie tempel finaal deur die Romeine verwoes (Sutcliff, 1977:17-19).

#### 3.1.1.2 Die Tempel as belangrike plek vir publieke aanbidding




Stander H.F. en Louw J.P. (1990)

***Figuur 32: Die tempel van Herodes***

Die Binnehof van Herodes se Tempel het uit drie dele bestaan:

- Binnehof van die vroue;
- Binnehof van die mans; en
- Binnehof van die priesters.

In die binnehof het publieke aanbidding en gebed gereeld plaasgevind (Sutcliffe, 1977:21). Leuschner (2004:84) meld verder dat teen die tyd van die Nuwe Testament, die offerrituele

steeds deur die priesterdom by die tempel in Jerusalem uitgevoer is. Die tempel is steeds as ŉ baie belangrike plek vir publieke aanbidding voorgehou.

- Die Tempel neem ŉ belangrike plek in die evangelies in.
- Sagaria, Johannes die Doper se pa, was ŉ priester in die tempel (Luk 1:5 vv.). ŉ Engel van die Here het Homself ook in die tempel aan Sagaria geopenbaar, wat na die intertestamentêre tyd weer aandui dat God Sy teenwoordigheid steeds in die Nuwe- Testamentiese tempel sigbaar maak (Pao en Schabel, 2007:291-414).
- Die tempel neem ŉ belangrike plek in die lewe van Jesus in. Jesus was as 12 jarige seun reeds in die tempel. Hy woon die Paasfees (Mar. 14:1), Huttefees (Joh. 7:10) en die Tempelwydingsfees (Joh. 10:22) (Leuschner, 2004:84) by.

Letšosa (2010:23) meld dat die Tempel ook in die Nuwe Testament die godsdienstige sentrum van Israel was. Dit was die plek waar lering plaasgevind het en selfs Jesus en sy dissipels het hierdie gebruik gevolg (Luk. 2:46vv).

### 3.1.1.3 Mattheus 21:12-17 - Die reiniging van die Tempel

Vir die doeleindes van hierdie studie word daar ook gekyk na Jesus se reaksie op gebruike in die Tempel wat nie in ooreenstemming was met die gebeure wat God in die tempel verwag het nie.

Die perikoop skets die scenario duidelik en intens. Die chiasma vir die gedeelte word soos volg voorgehou.

| | | |
|---|---|---|
| a1 | Matt. 21:12 | Jesus gaan in die tempel in |
| b1 | Matt. 21:13 | Jesus verklaar skrif in die tempel |
| c1 | Matt. 21:14 | Reaksie - Wonderwerke |
| c2 | Matt. 21:15 | Reaksie - Verontwaardiging en verbasing |
| b2 | Matt. 21:16 | Jesus verklaar skrif in die tempel |
| a2 | Matt. 21:17 | Jesus verlaat die tempel |

Du Plessis (1993:1422-1423) beskryf dat handelaars hulle ware op die tempelplein, in die voorhof van nie-Jode, ten toon gestel het. (vgl. figuur 32 op p. 56). Die handelaars het offerdiere ten duurste aan mense wat ver gereis het om te aanbid, verkoop. Die geldwisselaars het gewone geld vir tempelgeld verwissel, aangesien dit die enigste geld was wat die handelaars wou aanvaar. Hulle het die mense wat nie die wisselkoers geken het nie, verkul. Die handelaars en geldwisselaars was nie net oneerlik nie, maar het ook misbruik gemaak van mense wat gekom het om die Here te aanbid. Die handelaars het deur hul materialisme en kommersialisme die aanbidding van God benadeel. Dit het Jesus baie kwaad gemaak. Enigiets wat ware aanbidding teenwerk, behoort gestaak te word.

Die woord **ἱερόν (Matt 21:12)** verwys na ŉ heilige plek wat ook letterlik na die tempel van Jerusalem kan verwys.

In hierdie perikoop is dit Christus self wat weer orde in God se **οἶκος (Matt 21:13)** bring. Christus neem die inisiatief, verdryf dit wat God se huis afbreek, verklaar Skrif oor die tempel en ŉ dinamiese ontmoeting met wonderwerke vind plaas (Matt. 21:14). Die owerpriesters en skrifgeleerders het met verontwaardiging gereageer, terwyl kinders verbaas gestaan het.


**Samevattende afleidings vir die erediens**

- Enige erediens behoort in die Naam van die Here geopen en afgesluit te word. Die gedagte is dat alhoewel Jesus nie die persone hier binne-in die tempel aanspreek nie, die voorhof tog ook deel van die tempelarea is en verklaar Jesus die Woord van God ten opsigte van die hele area wat die tempel bedien (a1 – a2);
- 'n Erediens is slegs 'n erediens as Christus die verloop van die erediens bepaal (a1 – a2, b1 – b2, c1 – c2);
- Die Skrif speel 'n kardinale rol vir enige erediens om 'n plek van ware aanbidding te wees (b1 – b2);
- Materialisme en kommersialisme behoort nie belangriker as God te wees binne die erediens nie (a1);
- Genesing en wonderwerke het 'n besondere plek in die erediens (c1);
- Nie alle mense se reaksie op die ware teenwoordigheid van God is dieselfde nie (c1 – c2);
- Die leiers van die kerk is dikwels nie gereed vir 'n ware ontmoeting met God nie (c2).

Christus het deur Sy optrede in hierdie perikoop die inisiatief in die Tempel geneem sodat God in Sy **oikos** tussen Sy kinders kan woon soos God regdeur die Ou Testament gedoen het. Onomwonde verklaar God en Jesus dat in die publieke byeenkoms daar 'n begeerte van die Godheid is om met Sy skepping te kommunikeer, 'n kommunikasie met 'n bepaalde dinamiek waarbinne bonatuurlike dade die ontmoeting illustreer (Matt. 21:14).

#### 3.1.1.4 Liturgie in die Nuwe Testamentiese tempel maak 'n dinamiese ontmoeting met God moontlik

Lloy (2010:36) het aangedui dat die tempel in Jerusalem die plek was waar die Here Hom in Juda gemanifesteer het. In reaksie op God se teenwoordigheid, het die volk met gebed en offers aan God gereageer. Voorts het daar ook lering en onderwysing in die wet en profete plaasgevind. Skematies word bogenoemde praktyk in Figuur 33 voorgestel.




***Figuur 33: Skematiese aanduiding van lering en onderwysing in die wet en profete.***

In die Tempel word 'n dinamiese ontmoetingsoomblik bewerk. Dit lei tot 'n besondere wisselwerking tussen God wat Hom aan die mens wil openbaar en die mens wat op God se

inisiatief wil reageer. Hierdie wisselwerking lei tot ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en mens in die publieke aanbiddingsplek.

ŉ Laaste opmerking oor die liturgie in die Nuwe Testamentiese Tempel behels die beter toeganklikheid wat die uitleg van die Tempel vir mense gebied het (vgl. figuur 32 op p. 56). ŉ Verandering in die struktuur van die Tempel is duidelik met die herbou daarvan deur Herodes as koning van Israel binne 'n Romeins regerende bedeling. Die binnehof maak voorsiening vir vroue, heidene en is 'n plek vir publieke aanbidding. (Sutcliffe 1977:21).

Nie net het die Nuwe Testamentiese liturgie voorsiening gemaak vir die Jood nie, maar reeds in die tempelopset is daar ook voorsiening gemaak dat God vrou en heiden kan ontmoet. In die publieke byeenkoms vergestalt God sy teenwoordigheid aan alle mense wat soekend en vraend na Sy teenwoordigheid is. In dieselfde mate wil die erediens vir "vreemdelinge" die geleentheid gee om God dinamies te ontmoet.

### 3.1.2 Die Sinagoge

#### 3.1.2.1 Die oorsprong van die Sinagoge

Dit blyk dat daar 100 jaar na die verwoesting van die Tempel, in Palestina bewyse is dat die Sinagoge as ŉ gebou ŉ sentrale plek van die Joodse samelewing was (Meyers, 1996:3-20).

Binder (1997:78) benadruk die belangrikheid van Sinagoges deur Handelinge se 24 verwysings na sinagoges in Palestina, Sirië, Klein-Asië en Griekeland uit te wys.

Dit is dus ŉ skriftuurlike feit dat die Sinagoges ŉ belangrike publieke byeenkomsplek was. In die Nuwe Testamentiese tyd het Jesus en Sy dissipels saam met die Jode op die Sabbat na die sinagoge gegaan (Vos, 1997:48-49). Verder was daar daaglikse en weeklikse feeste in die Sinagoge. Sutcliffe (1977:26) dui aan dat daar 500 sinagoges slegs in Jerusalem was ten tye van Jesus se bediening.

Dit is dus belangrik te bepaal waarom sinagoges ontstaan het. Barnard (1981:89) meld dat daar in die Ou Testament geen verwysing na die sinagoge of sy instelling was nie. Verder dui Meyers (1996:3-20) dat die sinagoge eers ŉ 100 jaar na die verwoesting van die Tempel ŉ belangrike instelling vir die Jode geword het. Dus het die sinagoge nie sy ontstaan uitsluitlik aan die verwoesting van die Tempel te danke nie.

Ongeag vele navorsing hieroor, is daar steeds geen definitiewe antwoord betreffende die rede vir die ontstaan van Sinagoges nie. Hieronder volg 'n paar perspektiewe:

- Finkelstein (1975:4) meld in ŉ artikel dat daar aanduidings in die Ou Testament bestaan wat dui dat byeenkomste met ŉ godsdienstige inslag in Sinagoges plaasgevind het (Lev. 23:4). Salomo verwys daarna in sy gebed tydens die inwyding van die tempel (1 Konings 8:28).
- Zeithlin (1975:21) verstaan dat die sinagoge as ŉ instelling sy ontstaan daaraan te danke het dat die Fariseërs die daaglikse offer as ŉ gemeenskapoffer ingestel het. Dit het daartoe gelei dat die sinagoge ŉ gewilde byeenkomsplek vir die Jode geword het. Daar is ook na die Sinagoge verwys as "people's house" (Zeithlin, 1975:23).
- Hoenig (1975:56) is van mening dat die Sinagoges wat gebou is, nie vir die bring van offers was nie, maar vir gebed, lees van die wet en instruksies aan die Jode. Hoenig verklaar dat Sinagoges ontstaan het tydens die georganiseerde beoefening van Judaïsme in Palestina en die diaspora (Hoenig, 1975:56). Dit plaas die plek van ontstaan in Babilon, Judea, Egipte en Palestina en is daar drie moontlikhede wanneer sinagoges kon ontstaan het.




***Figuur 34: Uiteensetting van die moontlike tye van ontstaan van die Sinagoge as instelling (Gutmann, 1975:72)***

- Barnard (1981:89) meld dat tans algemeen aanvaar word dat die ontstaan van die Sinagoge terugdateer tot die Ballingskap in Babilonië.

    - Die ballinge was omring deur ŉ sterker heidense kultuur met aanloklike kultiese vierings waaraan hul nie deel mag geneem het nie.
    - Die Wet skryf voor dat hul slegs in Jerusalem mag offer. Tog kon hul nie daarheen gaan nie en die tempel was ook in puin.
    - Die volk het in ŉ onreine land gewoon en hul geloof was van alle kante bedreig.
    - Die behoefte aan ŉ geleentheid vir byeenkomste het ontstaan en die Sinagoge het daardie behoefte vervul.
    - Die motief vir die instelling van die Sinagoge, was die behoefte aan die kennis van die wet, die bewaring van die godsdiens van die vaders, die belydenis in ŉ verhouding met die enige God en die behoefte aan onderlinge gemeenskap.

- Letšosa (2005:38-39) sluit by Barnard aan ten opsigte van die Sinagoge se ontstaan gedurende die Babiloniese ballingskap na die verwoesting van die eerste Tempel. Hierna word sinagoges in die Persiese en die Hellenistiese periode aangetref vanwaar dit verder na die Hellenistiese wêreld versprei het.

Leuschner (2004:38) verklaar dat Sinagoges as huise van byeenkoms en plekke waar Joodse gemeentes saamgebid het, gesien kan word. Die sisteem van Sinagoges het met verloop van tyd stelselmatig verder ontwikkel.

Vir die doeleindes van hierdie studie word hierdie aspek soos volg verwoord:

- ✓ Die Sinagoge het sy ontstaan in Babilonië tydens die Ballingskap gehad.
- ✓ Na die verwoesting van die eerste Tempel in 586 v.C. was daar ŉ godsdienstige leemte wat gevul is deur samekomste te reël.
- ✓ Na die terugkeer uit ballingskap het Esra Sinagoges in Palestina gevestig (Hoenig, 1975:73).

- ✓ Na die verwoesting van die tweede Tempel in 70 n.C. het die sinagoge finaal die tempel se plek ingeneem.
- ✓ Met verloop van tyd is ŉ sistematiese teologie ontwikkel met gereguleerde rites wat in die sinagoge beoefen is.

Op hierdie wyse het Sinagoges ŉ huis vir die mense van Juda geword waar God deur gebed, voorlesing van die Skrif en rites ontmoet word. Sodoende is God in die publieke byeenkoms by en met Sy volk in ŉ vreemde wêreld.

### 3.1.2.2 Die funksie van die sinagoge


Gutmann J, 1975:ix:

**“Jewish tradition claims that ‘as a gazelle leaps from place to place, and from fence to fence, and from tree to tree, so God jumps from synagogue to synagogue so that He may bless Israel.’ ” – Numbers Rabbah 11:2**

Hierdie studie sluit sterk by bogenoemde aanhaling aan. Figuurlik word gestel hoe God van sinagoge na sinagoge beweeg om Israel te seën. God neem die inisiatief, ontmoet Sy ‘mense’ in die sinagoges en eer die volk met seëninge. Hierin word verklaar dat die sinagoge ook die funksie vervul om God en volk te laat ontmoet. Hierin is ŉ verdere verklaring geleë dat die sinagoge voortaan ŉ prominente rol in die godsdiens van die Jode sou speel. Gutmann (1975:ix) bevestig hierdie verklaring deur die volgende te meld:

- Vir bykans 2000 jaar is die Sinagoge die Jode se belangrikste instelling tydens Judaïsme.
- Godsdiens, onderwys, welsyn, sosiale, politieke en ekonomiese lewe het rondom die sinagoges plaasgevind.
- Die sinagoge word gesien as die “geestelike ma van die kerk”.
- Die sinagoge het drie name gehad wat sy besondere funksie uitgespel het:

***Figuur 35: Die Sinagoge as huis van gebed, lering en ontmoeting***



- Sonder twyfel is daar 'n aankondiging: Indien die Jode sou saam ontmoet, die Skrif lees en innig bid, God Almagtig mag besluit om hul binne die Sinagoge te ontmoet en Sy volk te seën.

#### 3.1.2.3 Die liturgie van die Sinagoge maak 'n dinamiese ontmoeting met God moontlik

Baie literatuur bestaan wat oor die sinagogale erediens handel (Du Toit, 1998 en Leuschner, 2005). Vir die doeleindes van hierdie studie word eerder gefokus te bepaal in welke mate die sinagogale eredienste uit 'n liturgiese oogpunt 'n ontmoeting tussen God en mens bewerk het, instede die verloop van die erediens te beskryf. Wat die liturgiese orde aanbetref, maak Barnard (1981:5) 'n beslissende stelling:

"'n Vaste en vasgestelde liturgiese orde wat die ontmoeting tussen God en Sy versamelde gemeente reël, is noodsaaklik".

Hierdie reëlmaat was ook van kardinale belang in die sinagogale byeenkoms. Letšosa (2005:42) meld dat die liturgiese orde soos volg daaruit gesien het ten einde 'n sinagogale erediens te bewerk:

- Die erediens is deur 'n gekwalifiseerde persoon gelei;
- Daar was 10 manne teenwoordig op die bepaalde dag van byeenkoms;
- Die Sabbat was altyd die dag vir publieke byeenkoms; en
- Die Mishna bepaal dat die diens uit vyf dele bestaan het, naamlik die:

    - Voorlees van die shema;
    - Resiteer van die sinagogale gebede wat die sogenaamde agtien gebede insluit;
    - Voorlesing uit die wet;
    - Voorlesing uit die profete; en die
    - Uiteensetting van die skrifgedeeltes direk na die profete-lesing wat op die Sabbat voorgelees is (Letšosa, 2005:42).

Hieruit verklaar Letšosa (2005:53-54) dat die volgende invloede in die sinagogale erediens 'n bydrae tot Christelike eredienste vandag kan hê:

- Die sinagogale erediens het 'n leringskarakter gehad.
- Persone wat aan hierdie dienste deelgeneem het, het ook in die week vir onderrig in die wet ontmoet.
- Die skrif is gelees, vertaal en geïnterpreteer.
- Eredienste het geen offers ingesluit nie.
- Daar was vasgestelde tye vir daaglikse gebed.
- Die rol van gebed is benadruk, een persoon het gebid en die gemeente het reageer met 'n amen, maar almal het nie gelyk saamgebid nie.
- Die Psalms is gesing sonder enige musiekbegeleiding.
- Die gemeente was deelnemend in sinagogale aktiwiteite.
- Gemeenskaplike etes het by die sinagoges plaasgevind.
- Die sinagoge het die behoeftige mense ondersteun.

Bechwith (1992:71) bevestig dat in die breë konteks gesien, die inwyding van nuwe "lede" ook in die sinagogale liturgie plaasgevind het asook verdere onderrig vir hierdie mense oor hoe om te leef.

Die sinagogale erediens is sonder twyfel gesien as die "geboorteplek" van die eintlike gemeentelike erediens (Barnard, 1981:108). Dit het 'n groot rol gespeel in die wyse waarop God en volk binne 'n formele struktuur ontmoet. God se teenwoordigheid is deur gebed, voorlesing en sang bewerk, met die gebruiklike deelname van die gemeentelede in reaksie op die erkenning dat God steeds tussen hulle woon.

### 3.1.3 Huiskerke

#### 3.1.3.1 Die oorsprong van die huiskerk

Die drie belangrikste sentrums vir Joodse aanbidding met die geboorte van die Christendom word onderskei as die Tempel, die Sinagoge en die Huis (Bechwith, 1992:70). Daar is reeds by die tempel en sinagoge stilgestaan as plekke van aanbidding in die Nuwe Testament. Vervolgens word aandag aan die huis as plek van publieke aanbidding gegee. Die huis was 'n belangrike plek in die Joodse gesinsgodsdiens. So was die besnydenis van die Joodse seuns die verantwoordelikheid van die ouers gewees en daarom 'n huislike seremonie gebly (Luk. 1:58v) (Bechwith, 1992:71). Die ouers het self hul kinders onderrig en leer. Sabbat-etes was baie feestelike familiebyeenkomste gewees. Tydens die feestelike etes by huise, is die seën volgens die bepalings van die Mishna uitgespreek. Individuele aanbidding het ook meestal by huise plaasgevind (Bechwith, 1992:71). Letšosa (2005:54) onderskei tussen priesterlik georiënteerde aanbidding wat bv. tempel en sinagoge-aanbidding insluit en mensgeoriënteerde aanbidding waar die klem op individuele verantwoordelikheid teenoor God geplaas is. Die huislike opset het die basis hiervan gevorm. Voorbeelde van laasgenoemde sluit in Hanna se versoek vir 'n kind (1 Sam. 1) en ook Jesus in die tuin van Getsemane (Luk. 22:39-46).

Bogenoemde mens-georiënteerde aanbidding het die weg gebaan vir die oprigting van huiskerke vir die vroeë Christendom. Bepaalde voordele het hierdie vorm van publieke byeenkomste bemoedig:

- Namate die vervolging teen die vroeë Christene toegeneem het, was dit veel makliker om in huise byeen te kom as om in bekende openbare plekke te vergader.
- Die nakom van spesifieke en tradisionele rites was nie in die huiskerk-opset van toepassing nie. Christus het die mens immers verlos van die juk van wettisme (Jhn. 8:1-9).
- Die gesinsliturgie in die huisopset het ruimte gemaak vir 'n persoonlike ontmoeting met God. In dieselfde mate het die huiskerkopset 'n persoonlike ontmoeting tussen God en die vroeë Christen moontlik gemaak.

Letšosa (2005:115-119) meld dat die ontwikkeling van aanbidding in die eerste drie eeue na Christus soos volg verloop het:

## Aanbiddingspraktyke - Eerste eeu tot derde eeu

### Eerste eeu

- Baie min hieroor beskikbaar.
- Christelike aanbidding het nie as 'n enkele georganiseerde geheel ontwikkel nie, maar eerder soos Judaisme.
- Die leer van die apostels is in die "didache" opgeteken.

### Middel tweede eeu

- Justinus Martyr verklaar dat die Christene op Sondae in 'n huis van die lede ontmoet het.
- Lees uit die aantekeninge van die apostels of van die profete.
- Die president sou dan vra dat almal navolg wat gelees is.
- Gebed volg.
- Brood, wyn en water is gebring en danksegging en seën is deur die president uitgespreek terwyl almal gestaan het.
- Hierop het almal Amen gesê.

Justinus Martyr skryf aan Rusticus hieroor: "We Christians do not hold our assembly in a single place, as you think, prefect. For our God is not circumscribed by place. Being invisible and immortal, He fills the heavens and the earth, and we worship and praise Him everywhere."

### Derde eeu

- Nie baie veranderings van die 2de n.C. se huiskerksisteem nie.
- Sommige seremoniële toevoegings is gemaak, bv. dat 'n biskop of "minister" byeenkomste gelei het.
- Diakens het ook 'n belangrike rol begin speel deur voor te gaan in gebed, die orde te handhaaf ens.

Die plek van publieke byeenkoms was die huis en alhoewel daar 'n geleidelike groei in sekere seremoniële praktyke was, was daar grootliks vryheid en aanpasbaarheid binne die liturgiese opset.

### 3.1.3.2 Die funksie van die huiskerke

Dit is van belang om te bepaal wat die funksie van die huiskerk as plek van publieke aanbidding in die Nuwe Testament was. White (1996:4-5) identifiseer ŉ paar punte wat vir die doeleindes van hierdie studie van waarde is:


- Die volgelinge van Jesus het in huise ontmoet. Handelinge 2:46 verklaar dat die vroeë Jerusalem Christene van huis tot huis in die leer volhard het.
- Paulus se briewe is ook gerig aan die kerk in die huis (**hē kat' oikon ekklēsia).**
- Resente navorsing toon dat hierdie huiskerke vorm aangeneem het in byeenkoms, aanbidding en gemeente-organisasie.
- Die byeenkoms in huiskerke het dit vir alle mense in die gemeenskap meer toeganklik gemaak om die byeenkomste by te woon.

Dix het so ver terug as 1945 radikale waarnemings gemaak ten opsigte van die funksie van die vroeë huiskerk in sy werk getiteld "The shape of the liturgy". Enkele raakpunte word uitgelig:

- Die volgelinge van Jesus het vir broederskap, gebed en studie byeengekom.
- Paulus het orals waar hy beweeg het, huiskerke opgerig. Hierdie huiskerke was gasvry, het Paulus finansieel ondersteun en ook byeenkomste aangebied.
- Meeste byeenkomste het in die sitkamers van die huise rondom ŉ tafel plaasgevind.
- Die ete was die middelpunt van die byeenkoms (**koinōnia**).
- Die huiskerke was ŉ **ekklēsia** en gasvryheid en broederskap was die sentrale aspek van die aanbidding (Dix, 1945:103-109).

Met verloop van tyd het die Christene hul plek van aanbidding nie meer as die "**synod**" gesien nie, maar eerder as die "**ekklēsia**" (Zeithlin, 1975:24). Die bepalende rede was dat die funksie van die sinagoge van die funksie van die huis verskil het (Vos, 1997:65). Die **synod** was ŉ plek van ontmoeting (Gutmann, 1975:37) maar die **ekklēsia** het ŉ veel dieper betekenis gehad, nl. broederskap. Vir die vroeë Christene was die plek van publieke aanbidding nie meer van belang nie. Dit het nie gegaan oor die tempel of die sinagoge of die meubelstukke of die opset nie. Vir die vroeë Christene was dit eerder om bymekaar te wees, om mekaar se laste te dra, lief te hê, mekaar te help (Handelinge 2:37-47), wat in die eksegese wat hierna volg verder bespreek sal word (Hurtado, 1999:50).

**Funksie van 'n Huiskerk**




**Christus as fondament (1 Kor. 3:11)**

***Figuur 36: Funksie van 'n huiskerk***

a – Toeganklik vir alle mense

'n Baie belangrike klemverskuiwing vir 'n dinamiese ontmoeting tussen God en mens in die publieke byeenkoms het ingetree. Christus is nie meer in die Allerheiligste van hierdie huis nie, maar volgens Paulus is Christus die fondament (1 Kor. 3:11). Toegang tot God en Christus geskied deur die Heilige Gees (Leuschner, 2004:116). Verder is dit nie die gebou (tempel) of die rites (sinagoge) waarin God Hom manifesteer nie, maar eerder in en deur Sy kinders (1 Kor. 3:16). Dus is die klem nie meer op die plek van samekoms nie, maar eerder om "as kinders van God", "as die tempel van God" **saam te kom** (Sutcliffe, 1977:31).

### 3.1.3.3 Die liturgie van die huiskerk maak 'n dinamiese ontmoeting met God moontlik

Wat die liturgie van die vroeë huiskerke aanbetref, was daar 'n toespitsing op vier aspekte wat met aanbidding gepaardgegaan het (Hand. 2:37-47).

- ✓ Leer
- ✓ Koinonia
- ✓ Gemeenskaplike maaltye
- ✓ Gebede (Leuschner, 2004:95-96).

Die doel van die liturgie was om saam te kom (Barnard, 1981:160). Binne die liturgiese opset kan **koinona** beoefen word (van Rooyen, 1983:34). Mense kon saam bid en eet. Die klem het verskuif om die eenheid van Christus se liggaam te benadruk en om onder alle omstandighede aan Christus getrou te bly (Barnard, 1981:160).

Vir die doeleindes van hierdie studie is die volgende punte van belang:

- ➢ God vorm steeds die middelpunt van aanbidding deur Christus se verlossingswerk en deur die Heilige Gees se inwoning in die gelowige se lewe.
- ➢ Die erediens word gekenmerk deur saamkom, liefde en warmte (Leuschner, 2004:128).
- ➢ Eenheid is baie sterk nagestreef, die liturgiese praktyke het dit verder versterk deur almal toe te laat om deel te neem.

- Sang en gebede het ŉ belangrike rol gespeel. Hande is op persone gelê vir die ontvang van geestelike gawes en spesiale take (Letšosa, 2005:65).
- Eredienste was ŉ feesvierende besigheid wat met gemeenskaplike etes gepaard gegaan het.

**Samevattende afleidings**

- Gedurende die tyd van die Nuwe Testament het publieke byeenkomste vir aanbidding in die tempel, sinagoge en huise plaasgevind.
- In die tempel het publieke aanbidding en gebed plaasgevind en offer-rituele is steeds deur die priesterdom uitgevoer.
- Die tempel was steeds ŉ godsdienstige sentrum in Israel en Jesus en sy volgelinge was gereeld in die tempel betrokke gewees.
- Die gedeelte in Matt. 21:12-17 wat handel oor die reiniging van die tempel, dui daarop dat Christus steeds die inisiatief in die tempel neem. Indien Skrif in God se huis verklaar word, word geleentheid vir 'n dinamiese ontmoeting bewerk waarop die mens op welke wyse kan reageer.
- Die Nuwe Testamentiese Tempel was ook toeganklik vir vroue en heidene. God se teenwoordigheid is vir alle mense wat soekend en vraend na Hom is.
- Die sinagoge was ŉ belangrike skriftuurlike ondersteunde godsdienstige sentrum in die Nuwe Testament.
- Jesus en sy dissipels het ook gereeld aan aktiwiteite in die sinagoge deelgeneem.
- Die ontstaan van die sinagoge kan teruggevoer word na die ballingskap in Babilonië. Na die verwoesting van die tempel in 70 v.C. het die sinagoge die rol van die tempel in publieke byeenkomste ingeneem.
- Die sinagoge was die plek waar God en volk ontmoet het, offers was nie meer nodig nie, maar ŉ streng liturgiese program het God en volk in kontak met mekaar gebring. Lering en gebed het veral ŉ pertinente rol gespeel.
- Die sinagoge was ŉ huis van gebed, lering en ontmoeting.
- Die huis het ŉ belangrike rol in die Joodse samelewing gespeel.
- Die huis was ingerig vir mens-georienteerde aanbidding en besnydenis. Opvoeding en feestelikheid is binne die huis ingerig om God op ŉ persoonlike wyse te aanbid.
- Gedurende die vroeë Christendom is huiskerke opgerig. Paulus het dan ook huiskerke opgerig en tot eenheid aangemoedig en gemaan om nie hul vertroue in Christus te verloor nie.
- Die liturgiese opset van die huiskerke was baie meer informeel en die klem is op broederskap, lering, gebed en etes geplaas.
- Christus is die fondament van die kerk, en die kerk bestaan uit die lede wat die tempel van Christus is. Die plek van ontmoeting was nie meer ŉ gebou of ŉ instelling nie, maar die gelowiges wat in Christus vergader het.
- Die klem het geval op saamwees in God deur die Seun en die Heilige Gees.
- Byeenkomste was ŉ feesvierende geleentheid wat met gemeenskaplike etes gepaard gegaan het.

## 3.2 DIE DOOD, OPSTANDING EN HEMELVAART VAN JESUS GAAN DIE BELOFTE VAN DIE UITSTORTING VAN DIE HEILIGE GEES VOORUIT

Alvorens die perspektiewe vanuit Handelinge 2-4 aangebied word, moet eers gelet word hoe die openbarings-historiese geskiedenis van Jesus die belofte van die uitstorting van die Heilige Gees vooruit gegaan het. Jesus bemagtig steeds die kerk deur die bediening van die Heilige Gees (Joubert, 2008:237; Keener, 2009:279). Al vier die evangelie skrywers is bewus dat Jesus se besondere aardse lewe die koms van die Heilige Gees vooruitgegaan het. Van Helden (2010, 46-47) toon dat Mattheus 26-28 die einde van Jesus se bediening en lyding aandui, maar daarmee saam die begin van wêreldwye dissipelmaakproses.

Mattheus 28:19 sluit Jesus se opdrag om dissipels te maak, in. Hierdie groot opdrag word aan die mens toevertrou omrede die Heilige Gees die toerustingswerk vir die kerk sou volbring. In besonder word gelet op Lukas (skrywer van die evangelie van Lukas en die boek Handelinge) se skets van Jesus as aardse bedienaar (Lukas) en die koms van die Heilige Gees (Handelinge).

Lukas bevestig hierdeur dat Jesus se aardse bediening vervul word tydens die uitstorting van die Heilige Gees soos in Handelinge 2 beskryf word. Barnett (1999:181) sê dat Jesus gebore was as ŉ mens uit die geslag van Dawid, deur Sy opstanding en die koms van die Heilige Gees word Hy onomwonde bevestig as die Seun van God. Vir Barnett (1999:181) kan die lewe van Jesus in drie belangrike stadiums saamgevat word:

- Sy lewe en opstanding uit die dood;
- Sy hemelvaart; en die
- Uitstorting van die Heilige Gees.

**Die ondervinding van die Heilige Gees in Handelinge kan slegs histories ervaar word omrede Jesus Christus geleef, gesterf, opgestaan en opgevaar het** (Barnett, 1999:186-187).

In hierdie opsig is dit noodsaaklik om na die historiese Jesus te kyk volgens die werk van Dunn (2005:303-314). In een van die artikels in Dunn se boek getiteld: "The Spirit experience of Jesus" deur Borg word die volgende belangrike opmerkings gemaak:

- Die bron van Jesus se aardse bediening is beide die neerdaal van die Heilige Gees met die doop van Jesus deur Johannes die doper en ook die uitstorting van die Heilige Gees in Handelinge 2. Jesus se aardse bediening word verwoord binne die charismatiese stroom binne-in die Judaïstiese beweging. Die Heilige Gees volgens Borg het nog altyd 'n kardinale rol in Christus se aardse bediening gespeel.
- Jesus se aardse bediening begin met ŉ visioen, waarin Hy die Gees van God intens ervaar (Borg, 2005:303-305).
- Mattheus en Lukas bevestig dat die Gees Jesus na die woestyn geneem het, net soos Moses en Elia na die woestyn geneem is (Berry, 2005:306).
- Die absolute bevestiging van Jesus en Sy aardse lewe en bediening vind verder uitdrukking in Lukas 4:18: "Die Gees van die Here is op my omdat Hy my gesalf het om die evangelie aan die armes te bring...". Hiermee word Jesus se publieke bediening ook ontsluit (Borg, 2005:309).
- By die berg van verheerliking word Jesus geassosieer met die twee groot manne van die Gees in die Ou Testament naamlik Moses en Elia (Borg, 2005:313).
- Jesus se verhouding met die Gees was die bron en energie vir die werk en energie van die Heilige Gees met die kerk (Borg, 2005:314).

Daar is deurgaans ŉ besondere openbaring van die Heilige Gees in Jesus se aardse bediening. Dit loop uit op Sy volmaakte verskyning tydens die uitstorting van die Heilige Gees in Handelinge 2. Dawson word in hierdie opsig aangehaal:

"...Thus, Jesus' relationship to the Father as man was in and through the Holy Spirit, as was His entire ministry from the Father to us. In the glorious dance of the truine relationship, the Spirit even now remains the bond of the Trinity, and Jesus perfect, fulfilled humanity is lived out in the power and joy of the Spirit as it was on earth" (Dawson, 2004:132).

## 3.3 PERSPEKTIEWE VANUIT HANDELINGE 2-4

Met verwysing na die erediens (publieke byeenkoms) as ŉ dinamiese ontmoetingsgebeurtenis tussen God en mens, is dit van belang om die Pentekostalistiese perspektief daaromtrent te ondersoek. Pohlmann (1990:114) stel dit as volg: "The Luke-Acts

narrative is the foundation for Pentecostal doctrine and practice." Pohlmann (1990:114) meld verder dat die Pinksterondervinding soos beskryf in Hand. 2 die basis vir alle pinkster-georiënteerde teologie vorm.

Met bogenoemde gedagte fokus die studie voorts op ŉ paar aspekte wat Handelinge 2 tot 4 bied om die Pentekostalistiese perspektief toe te lig. Die perspektiewe sal onder die volgende opskrifte gehanteer word:


3.3.1 Basiese agtergrond van die boek Handelinge.
3.3.2 Eksegetiese ontginning van Handelinge 2-4 met besondere klem op die dinamiese aktiwiteit.
3.3.3 ŉ Vergelyking van 2 Kronieke 5-7 met Handelinge 2-4.
3.4.4 Uitleg met die oog op positiewe en negatiewe reaksie in die samehang van ŉ dinamiese ontmoetingsgebeurtenis tussen God en mens in die publieke byeenkoms.

### 3.3.1 Basiese agtergrond van die boek Handelinge

Hand. 1:1 **"Die eerste verhaal, Theofilus, het ek opgestel oor alles wat Jesus begin doen en leer het…"**

Met hierdie teksvers dui Lukas aan dat hy met die skrywe van sy eerste boek (die evangelie van Lukas) alles aangaande Jesus se leer vertel het. In die skrywer se tweede boek (Handelinge) gaan hy voort met vertelling van Jesus se doen en late na Sy hemelvaart (De Villiers, 1977:15). Barret (2004:30) beaam dat die meeste literatuur daarop dui dat Lukas die skrywer van die derde evangelie en Handelinge is en dat hy moontlik ŉ metgesel van Paulus was. Bock (2009:2-3) sluit hierby aan deur te meld dat Handelinge ŉ sosiologiese, historiese en teologiese werk is. Hy dui daarop dat die nuwe gemeenskap as ŉ opvolg van die Lukas-evangelie ontstaan het en waarin die lewe van Jesus vasgelê is. Hand. 1:1 kan gesien word as die skakel wat hierdie twee boeke aan mekaar verbind. Lukas se literêre metode met Handelinge is geskiedskrywing met bepaalde teologiese doelstellings (de Villiers, 1977:16). De Villiers (1977:1) verduidelik voorts die besondere plek van Handelinge in die Nuwe Testament en ŉ kort oorsig daarvan word hierna uiteengesit:

***Figuur 37: Die besondere plek van Handelinge in die Nuwe Testament***




- Harvey (2004:1) verklaar dat die woord "Testament" ŉ tegniese term is wat voortspruit uit 'n lang geskiedenis. Dit dui egter op ŉ wettige ooreenkoms of wilsbeslissing.
- In die Nuwe Testament is Handelinge tussen die evangelies en die briewe geplaas.
- Die ontstaan en groei van die kerk word in die boek Handelinge as die uitsluitlike werk van die Heilige Gees gesien.

- Handelinge is ŉ eerlike beskrywing van die vroeë geskiedenis van die kerk. Dit bied ook ŉ algemene indruk van die heel eerste gemeente.
- Handelinge wys hoe die vroeë kerk oor die openbaring gedink het, veral oor die persoon en werk van Jesus Christus (De Villiers, 1977:1-8).

Bock (2009:6-7) wil laasgenoemde gedagte nog verder aksentueer:

- Die boek Handelinge beklemtoon God se besondere plan vir verlossing en hoe God hierdie plan deur Christus se bediening, kruisiging, opstanding en hemelvaart bewerk het.
- Handelinge beskryf hoe ŉ nuwe beweging wat in die Ou Testamentiese profesieë gewortel was, met Judaïsme geassosieer is en ook vir die heidene voorsiening gemaak het.
- God vorm die kern van die boek Handelinge. God neem totale inisiatief, stuur Sy Seun, bewerk verlossing en bekragtig die Heilige Gees om die nuwe gemeenskap te lei.

Laasgenoemde stelling bevestig die oogmerk van hierdie studie dat God se **handelinge** daarop gemik is om deur die bediening van Sy Seun, die Heilige Gees toe te laat om Sy nuwe kerk dinamies te ontmoet. Hierdie ontmoeting word regdeur die boek Handelinge geïllustreer deur besondere aksies wat plaasvind en die dinamiese ontmoeting inkleur. ŉ Bespreking van Hand. 2-4 as voorbeeld hiervan word dus verder bespreek.

### 3.3.2 Eksegetiese ontginning van Handelinge 2-4 met besondere klem op die dinamiese aktiwiteite

JL de Villiers (1977:20-22) gee die volgende uiteensetting van die inhoud van die boek Handelinge.

***Figuur 38: Uiteensetting van die inhoud van die boek Handelinge***

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Inleiding | 1:1-26 |
| 2 | Die ontstaan van die kerk in Jerusalem | 2:1-5:42 |
| 3 | Die begin van vervolging | 6:1-9:31 |
| 4 | Die verkondiging van die evangelie aan die heidene | 9:32-12:25 |
| 5 | Die eerste dissipels | 13:1-15:41 |
| 6 | Die tweede sendingreis | 16:1-18:23 |
| 7 | Die derde sendingreis | 18:24-20:6 |
| 8 | Reis na Jerusalem | 20:7-21:17 |
| 9 | Paulus in Jerusalem | 21:18-23:35 |
| 10 | Paulus voor Felix, Festus en Agrippa in Sesarea | 24:1-26:32 |
| 11 | Die reis na Rome | 27:1-28:31 |

In die volgende gedeelte fokus hierdie studie op die perikoop wat handel oor die ontstaan van die kerk in Jerusalem. Besondere klem word op Hand. 2-4 geplaas ten einde die dinamiese aktiwiteit te identifiseer en te bespreek. ŉ Gedagtestruktuur word voorgehou ten einde te bepaal in watter gedeeltes of teksverse daar van dinamiese aktiwiteite of selfs die wisselwerking daarvan sprake is. Die voorstelling van die gedagtestruktuur kan moontlik daartoe bydrae om sekere aksente van hierdie studie makliker uit te wys (Du Preez, 2006:20).

***Figuur 39: Gedagtestruktuur Handelinge 2:1-4:37***

Dinamiese ontmoetings tussen God en mens met die eerste kerk in Jerusalem

Handelinge 2:1-4:37

| | |
|---|---|
| A. 'n Dinamiese ontmoeting tussen God en mens - die uitstorting van die Heilige Gees | Hand. 2:1-13 ..... |
| A1. 'n Dinamiese woord - Petrus | Hand. 2:14-40 |
| A2. 'n Dinamiese gemeenskap | Hand. 2:41-47 |
| A3. 'n Dinamiese wonderwerk/tempel | Hand. 3:1-10 |
| A1. 'n Dinamiese woord - Petrus | Hand. 3:11-26 |
| A1. 'n Dinamiese getuienis - Petrus | Hand. 4:1-22 |
| A. 'n Dinamiese ontmoeting tussen God en mens - vervul met die Heilige Gees | Hand. 4:23-31 ... |
| A2. 'n Dinamiese gemeenskap | Hand. 4:32-37 |

- ✓ A – 'n Dinamiese ontmoeting tussen God en mens, lei tot:
- ✓ A1 – dinamiese woord/getuienis en die resultaat, lei tot
- ✓ A2 – dinamiese gemeenskap en selfs tot,
- ✓ A3 – 'n dinamiese wonderwerk in die tempel

- Wall (2002:52-54) bevestig dat die uitstorting van die Heilige Gees in Hand. 2-4 as tema van die boek Handelinge beskou kan word. Wall (2002:54) se woorde hieroor is:

  "In any case, the inbreaking of heaven into human affairs is a salient feature of Luke's narrative world. The reader of Acts is hardly surprised, then, that the promised Spirit arrives from heaven with special effects, sounding like a 'violent wind' and apprearing like 'tongues of fire'. Significantly, the community's reception of God's Spirit is perceptible; and the Lord's prophecy is fulfilled beyond doubt. The church's mission can and must begin".


- Volgens Du Plessis (1984:1-5) word Pentekostalisme gebore uit die besondere dinamiese aktiwiteit waar God in Handelinge 2:1-14 die inisiatief neem en die mens reageer.

Die dinamiese aktiwiteit tussen God en mens het bekering moontlik gemaak. Dit kan soos volg uiteengesit word: God vervul die Ou Testamentiese belofte (Joël 2:28) deur die uitstorting van die Heilige Gees en Christus se bediening op aarde. Die volk reageer in geloof en verbasing op hierdie inisiatief en bekering word moontlik (soos by 3.2 bespreek) (Hand. 2:38).

- Die vier dinamiese aktiwiteite wat in hierdie gedagtestruktuur geïdentifiseer word is:

| | | |
|---|---|---|
| A | Ontmoeting | Hand. 2:1-13 |
| | | Hand. 4:23-31 |
| A1 | Prediking | Hand. 2:14-40 |
| | Getuienis | Hand. 3:11-26 |
| A2 | Gemeenskap | Hand. 2:41-47 |
| | | Hand. 4:32-37 |
| A3 | Wonderwerk | Hand. 3:1-10 |

- **Wat die dinamiese ontmoeting aanbetref (A)** is daar ŉ doelgerigte wisselwerking wat plaasvind:




***Figuur 40: Doelgerigte wisselwerking***

ŉ Dinamiese ontmoeting tussen God (Heilige Gees) en die mens (gelowige) word beklemtoon. In Hand. 2:4 en 4:31 is die gelowiges met die Heilige Gees vervul. Bepaalde manifestasies het daarmee gepaard gegaan. In Hand 2:4 word verwys na die spreek in tale en in 4:31 word vertel dat die plek waar hulle was, geskud het. Lukas verklaar dat die verhewe Christus steeds bekragtig en bonatuurlik in die lewe van gelowiges werk.

- **Wat die dinamiese prediking aanbetref (A1)**

Pohlmann (1990:35) meld dat Petrus se toespraak in Handelinge 2 ŉ direkte reaksie op die uitstorting van die Heilige Gees was. Pohlmann (1990:35-36) dui die hoofmomente van Petrus se toespraak as volg:

| | | |
|---|---|---|
| ✓ | Hand. 2:14-15 | Inleidende verwelkoming en apologie oor besopenheid |
| ✓ | Hand. 2:16-21 | ŉ Verduideliking van Joël 2:28-32 |
| ✓ | Hand. 2:22-36 | Oor Jesus met besondere verwysing na Dawid |
| ✓ | Hand. 2:37 | Gehoor vra ŉ vraag |
| ✓ | Hand. 2:38-39 | Oor die Heilige Gees |
| ✓ | Hand.2:40 | Uitnodiging tot redding |

Lüdemann (1989:52-53) ervaar Petrus se toespraak in Hand. 2 en Hand. 3 as een preek met twee dele:

Hand. 2 – Fokus daarop dat bekering lei tot die ontvang van die gawe van die Heilige Gees.

Hand. 3 – Fokus daarop dat die vervulling van die belofte van die Heilige Gees in die "**perousia**" van Jesus was.

Die toespraak in Hand. 3 is ŉ verdere uitvloeisel van die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster in Hand. 2 (Lüdemann, 1989:50).

Bock (2009:165-166) is van oortuiging dat die gebeure wat op Pinkster plaasgevind het tot Petrus se kragtige getuienis in Hand. 4:1-22 gelei het. Die gebeure met Petrus se getuienis word soos volg uiteengesit:

- ✓ Hand. 4:1-4 Arrestasie
- ✓ Hand. 4:5-12 Ondersoek teen Petrus en Johannes
- ✓ Hand. 4: 5-12 Petrus/Johannes se reaksie
- ✓ Hand. 4:13-22 Resolusie (Bock, 2009:184)

Die besondere dinamiese aktiwiteit word in Hand. 4:8 uitgebeeld *"Daarop sê Petrus, vervul met die Heilige Gees, aan hulle…"*

- **Wat die dinamiese gemeenskap aanbetref (A2).**


  Lüdemann (1989:56) skets 'n dinamiese groei in die gemeenskap van gelowiges na die uitstorting van die Heilige Gees:

  - ✓ Hand. 1:15 120
  - ✓ Hand. 2:41 3 000
  - ✓ Hand. 4 5 000
  - ✓ Hand. 21:20 10 000

Dit bevestig wat Lukas reeds in Hand. 2:47 verklaar het: "*En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is".*

Hierdie nuwe groeiende gemeenskap was 'n entoesiastiese gemeenskap. "*bound together by common loyalty to the risen and soon coming Jesus and by this common experience of Spirit*…" (Acts 3:19v).

Pinkster met die gepaardgaande uitstorting van die Heilige Gees was ook 'n strategiese gebeurtenis, wat geïllustreer word in Handelinge 2:5: *"En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is".* Baie besoekers regdeur die Romeinse Ryk en omliggende volke het hierdie dinamiese gebeurtenis beleef…die nuwe gemeenskap is nie net 'n Joodse gemeenskap nie (Bock, 2009:149). Wall (2002:56) dui hierdie gemeenskap met die volgende kaart aan:




***Figuur 41: Die lewe van die nuwe gemeenskap***

Hand. 2:42 Die lewe van die nuwe gemeenskap met mekaar
Hand. 2:43-46 Die lewe van die nuwe gemeenskap met ander

Lukas bevestig die broederskap van die nuwe gemeenskap en beklemtoon ook die vreugde en blydskap wat onder die nuwe gelowiges heers. Hy bevestig verder dat die gemeenskap voortdurend en onomwonde lof en prys aan God gebring het (Bock, 2009:154).

Uit die bogenoemde ontstaan die noodsaaklikheid om die eienskappe wat so 'n gemeenskap openbaar het en tot hul dinamika gelei het, te bepaal. In Handelinge 2:42-47 word van hierdie eienskappe toegelig. Hieroor skryf Letšosa (2005:65) dat vier elemente bepalend in die gemeenskapslewe van die eerste gemeente was:

- Die lering van die apostels, naamlik skriflesing en prediking;
- Agape;
- Encharist; en
- Gebed.

Letšosa (2005:111) maak ook bepaalde waarnemings ten opsigte van die eerste gemeenskap van gelowiges se aanbiddingspraktyke:

- Daar was altyd 'n element van vreugde en blydskap;
- Die gemeenskap was nie meer tydsgebonde as dit gekom het by aanbidding nie;
- Die breking van brood was imperatief vir hul byeenkomste gewees; en
- Die breking van brood en die prediking van die Woord het hand aan hand gegaan.


Boch (2009:149) sluit hierby aan en bevestig dat die gemeenskapslewe in Handelinge 2:42-47 een was waarin almal alles met mekaar gedeel het. Hierdie intense broederskap is verseël in attributes soos die breking van die brood wat hul met blydskap gedeel het. Letšosa (2005:11) bied die rede vir hierdie dinamiek as: “The New Testament people were Spirit filled in their liturgical proceedings”.

In Hand. 4:32-37 word die nuwe gemeenskap se reaksie op hul eerste teenkanting getoets. 'n Paar waarnemings wat onderskei moet word, is:

➢ Die apostels en eerste gelowiges bly steeds getroue agente vir God;
➢ Hierdie gemeenskap bid vir krag om sterk te staan;
➢ Hierdie gemeenskap bid om steeds die evangelie met dapperheid te preek;
➢ Die teenkanting word met lofprysing aanvaar (Bock, 2009:202-203);
➢ Hierdie gemeenskap was steeds een in hart en siel;
➢ Hierdie gemeenskap het alles gemeenskaplik besit; en
➢ Hierdie gemeenskap het steeds kragtig getuig.

Weer eens is daar 'n uitsonderlike wisselwerking tussen die gemeenskap van Hand. 2:42-47 en Hand. 4:32-37.

***Figuur 42: Besondere wisselwerking*........**




Pohlmann (1990:vii) noem dat die gebeure op Pinkster die geleentheid vir elke gelowige bewerk om die Heilige Gees te ervaar. Hierdie aanname word bevestig deur die eerste gemeenskap van gelowiges in Handelinge se dinamiek (die Heilige Gees), naamlik dat geen teenkanting of vervolging hulle geloof van hul sou ontneem nie. In Hand. 4:31 bevestig God, deur die manifestasie van die Heilige Gees, hierdie fenomeen:

***"En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek".***

- **Die dinamiese wonderwerk (A3)**

Soos aangedui in figuur 39 (p. 71) is hierdie dinamiese aktiwiteit 'n hoogtepunt binne die raamwerk van hierdie studie.  Hierdie wonderwerk (Hand. 3:1-10) is die eerste van veertien wonderwerke in die boek Handelinge (Bock, 2009:157).  Spencer (2004:51-53) meld dat Hand. 3:1-4:22 afspeel in die tempel en Hand. 4:23-31 by 'n huis.

Die Tempel as plek waar die eerste wonderwerk plaasgevind het, is belangrik om die volgende redes:

✓ Die apostoliese bediening is in so 'n mate 'n verlengstuk van Jesus se bediening op aarde dat Jesus ook in die Sinagoge 'n wonderwerk gedoen het (vgl. Luk. 6:6-11).
✓ Die basiese boodskap van Handelinge is dat die mees belangrike karakter in die boek God Drie Enig is (Vader, Seun en Heilige Gees) en daarom is God as Skepper groter as die tempel (Bock, 2009:44).
✓ God se teenwoordigheid is nie meer in die 'tempel' gesetel nie, maar eerder in die gelowige as 'kerk' wat die dinamiese wonderwerk in geloof in die Naam van Jesus Christus verrig (Hand. 3:6).
✓ Die sentrale rol van die menslike karakter in die 'tempel' is om te getuig, om die kerk uit te brei en om die kerk te help groei tot volwassenheid (Bock, 2009:146).
✓ Montaque, (1976:253) stel dit as volg: "If we had to single out any one evangelist as the 'theologian of the Holy Spirit', it would be Luke".  In die tempel verklaar Lukas 'n

nuwe teologie, ŉ teologie waarbinne die krag van die Heilige Gees ŉ mens deur 'n ander mens genees.

✓ Petrus verklaar dat hy nie silwer en goud het nie, maar wat hy het, dit gee hy, naamlik Jesus Christus… Dit sluit aan by en bevestig Jesus se optrede in Matt. 21:12-17 wat reeds in detail bespreek is.

✓ Treffend is dat hierdie dinamiese aktiwiteit in ŉ publieke opset ŉ individu aanraak. Die dinamiese krag van ŉ goddelike ontmoeting is vir daardie persoon wat honger, vraend en soekend na ŉ goddelike oomblik is, ŉ oomblik wat ŉ dinamiese verandering te weeg bring.

✓ Sodoende word God se 'nuwe kerk' in die Tempel gebore.

- **Nog ŉ enkele paar opmerkings:**

  ✓ Die resultaat van ŉ dinamiese ontmoeting is bekering (Hand. 2:38 en 41).

  ✓ Wonders en tekens dui op ŉ dinamiese ontmoeting (Hand. 2:43, Hand. 3:8).

  ✓ Die reaksie op die wonderwerk in Hand. 3:8 is dat dit Petrus weer die geleentheid gegee het om die woord te bedien (Hand. 3:12).

  ✓ Lüdemann (1989:38) skets ŉ doelgerigte parallellisme tussen Hand. 2:2-3.


A En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid
A1 Toe het hul tonge gesien
B Soos 'n geweldige rukwind
B1 Soos van vuur
C en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het
C1 wat hulself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit het

Wind en vuur word op ŉ treffende wyse simbolies gebruik om die uitstorting van die Heilige Gees te beskryf. Dit gaan nie soseer oor die wind en vuur as die aksie wat daarmee gepaard gaan nie. Die 'geluid' van die wind en die 'verdeling op elkeen van hulle gaan sit' (vuur) word in verband gebring met die Heilige Gees wat nie gesien kan word nie, maar soos die gelowiges 'vervul' word, ervaar word.

- Die woord **existēmi** in Hand. 2:7 kom 17 keer in die Nuwe Testament voor, waarvan 11 keer in Lukas-Handelinge en word altyd in verband gebring met wonderwerke (Bock, 2009:101).
- Die uitstorting van die Heilige Gees self het in ŉ publieke plek plaasgevind. Volgens Hand. 1:15 kon die huise 120 of selfs meer mense huisves wat deur argeologie bevestig is (Menzies, 1991:208).

### 3.3.3 ŉ Vergelyking van teks met die oog op die erediens: 2 Kronieke 5-7 en Handelinge 2-4

ŉ Diepte-analise van 2 Kronieke 5-7 en Handelinge 2-4 is reeds gedoen. Die implikasies van die twee teksgedeeltes op die erediens word skematies met mekaar vergelyk.




***Figuur 43: ’n Dinamiese ontmoeting tussen God en mens het ’n dinamiese gevolg***


**Samevattende afleidings vir die erediens**

- Die gebeure met die inwyding van die Tempel (2 Kron. 5) en die uitstorting van die Heilige Gees (Hand. 2) kan in verband gebring word met die gebeure in die erediens.
- Daar was eenstemmigheid toe die sangers en musikante musiek gemaak het (2 Kron. 5:13) net soos die 120 eendragtig bymekaar was met die uitstorting van die Heilige Gees (Hand. 2:1). Eenstemmigheid is van kardinale belang vir God om mens te ontmoet gedurende ’n erediens.
- Net soos God ’n dinamiese ontmoeting bewerk het met Sy teenwoordigheid in die vorm van ’n wolk in 2 Kronieke, bewerk Hy ’n dinamiese ontmoeting in Hand. 2 deur die uitstorting van die Heilige Gees. Binne die raamwerk van Pentekostalisme bewerk God vandag steeds sulke dinamiese ontmoetings deur die Heilige Gees tydens die erediens vir die wat in geloof na Hom gaan.

- Net soos ŉ dinamiese ontmoeting tot feestelikheid en blydskap in bogenoemde teksgedeeltes gelei het, behoort ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en kerkganger in die erediens ŉ blywende effek op die kerkganger te hê.

#### 3.3.4 Uitleg oor die positiewe en negatiewe reaksie op ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en mens in Handelinge 2-4

ŉ Laaste aspek wat hier aangeraak word, is die gedagte dat daar sowel ŉ positiewe as ŉ negatiewe reaksie was met die dinamiese aktiwiteite wat in Handelinge 2-4 afgespeel het.




***Figuur 44: Positiewe en negatiewe effek in reaksie op dinamiese ontmoetings***

Pentekostalisme verstaan dat met die uitstorting van die Heilige Gees in Handelinge 2 geboorte aan die kerk gegee is. Hierdie ondervinding wat die 120 mense op Pinkster ervaar het, het die dissipels op ŉ gekontroleerde wyse onder die invloed van die Heilige Gees gebring. Die onmiddellike gevolg hiervan was dat die dissipels as ŉ groep mense in krag begin bedien het (Pohlmann, 1990:9).

"It is the responsibility of every Christian to share with the unbelieving community the good news of Jesus and allow them to see it demonstrated in the life of the believer" (Pohlmann, 1990:155).

Op grond van die bogenoemde stelling is daar altyd in Pentekostalisme ruimte vir kritiek omrede nie alle kerkgangers bereid is om deur geloof hierdie dinamiese ontmoeting

deelagtig te word nie (Hand. 4:1-22). In Hand. 4:23-37 volg ’n kragtige getuienis. ’n Positiewe sowel as ’n negatiewe reaksie word gevolg deur gebed, vervulling met die Heilige Gees en verdere bediening. Omrede die “nuwe gemeenskap” verstaan het dat die Christelike lewe en bediening alleen deur die Heilige Gees moontlik is (Pohlmann, 1990:154), is alle teenkanting en vervolging gesien as ’n verdere uitdaging om die evangelie met krag te verkondig (Hand. 1:8) sodat ongelowiges ook deur die Heilige Gees ’n dinamiese ontmoeting met God kan ervaar.

## 3.4 PERSPEKTIEWE VANUIT 1 KORINTIËRS 11-14

### 3.4.1 ’n Oorsig

“Wie nie God ontmoet nie, kan nie die wêreld ontmoet nie’’ (De Klerk, 1987:90).

Bogenoemde is ’n praktiese gedagte aangaande die stad Korinte en die briewe van Paulus aan die Korintiërs. Die konteks van Paulus se Korinte-sending neem die volgende in gedagte:

- ✓ Die Romeine het ’n nedersetting in Korinte in 44 v.C. gestig en “colonia laus Julia Corinthieusis” genoem. Dit was ter ere aan die stad se stigter Julius Caesar (Horsley, 1998:23).
- ✓ Die inwoners was van die armer dele van Rome, asook vrygelate Romeinse soldate en hulle slawe.
- ✓ Korinte was ’n baie belangrike handel- en politieke sentrum en ook die hoofstad van Agaje (Horsley, 1998:24).
- ✓ Teen die tyd dat Paulus die stad besoek het, was Korinte waarskynlik die rykste stad in Griekeland met 'n multikulturele samestelling (Blombergh, 1994:19).
- ✓ Daar word veronderstel dat daar wel ’n klein Joodse samelewing in Korinte was soos beskryf in Hand. 18:1-6. Die meerderheid van die gemeente was egter heidene wat afgode-aanbidding beoefen het en uit ’n verskeidenheid kulture saamgestel was (Blomberg, 1994:19).

Hierdie oorsig maak De Klerk (1987:90) se inleidende aanname toepaslik. God se dinamika deur sy verrese Seun en die Heilige Gees met Sy nuwe “kerk” in Handelinge 2 lei tot die in staat stelling van 'n ontmoeting met die wêreld. Uit die oogpunt van wat hier genoem is, word 1 Kor. 11-14 ondersoek om te bepaal in welke mate die gebeure in Handelinge 2 ’n gemeente (Korinte) in ’n heidense wêreld geraak het. Die rol wat die apostel Paulus hierin gespeel het, word ook ondersoek.

### 3.4.2 1 Korintiërs 11-14 werp lig op die erediens

“Paul’s preaching in Corinth was accompanied by a ‘demonstration of the Spirit and of power’ (2:4). The Corinthians took a particular fancy to manifestations of the Spirit” (Horsley, 1998:29).

Hierdie woorde beklemtoon weer eens die studie se hooffokus. Dit blyk dat omrede die bevolking van Korinte so ’n diverse kulturele en godsdienstige samestelling gehad het, die ‘nuwe kerk’ met sy besondere demonstratiewe elemente van krag, wonderwerke en openbaringe, in die gemeente van Korinte aanklank sou vind.


1 Kor. 11-14 handel oor die kerk in aanbidding (Leuschner, 2004:17). Die erediens is nie slegs 'n gebeurtenis nie, maar die besondere elemente in die erediens is ter sprake (Du Rand, 1993). De Klerk moedig aan dat daar geluister word na wat die Woord in hierdie gedeelte spesifiek spreek (de Klerk, 1987:48).

Daar is baie oor 1 Kor. 11-14 geskryf asook die bydrae wat hierdie skrifgedeelte tot die erediens lewer. Baie literatuur is beskikbaar oor die liturgiese orde en dus sal daar nie spesifiek hieroor uitgebrei word nie. Hierdie studie wil eerder op die Gees en charismata in die erediens fokus soos weergegee in 1 Kor. 11-14. Paulus beklemtoon dat indien daar Gees en charismata in die erediens tesame met gepaardgaande manifestasies is, daar bepaalde orde-reëlings in plek moet wees.

Vir hierdie doeleindes word daar sterk aangesluit by die werk wat De Klerk (1987:126-130) gelewer het en word belangrike aspekte toegelig:

- Met die uitstorting van die Gees op Pinksterdag, het God die Gawe van die Gees aan Sy kerk gegee.
- Hierdie selfde Gees verleen egter ook ŉ hele verskeidenheid besondere genadegawes, charismata vir die uitvoering van die werk van die kerk, waarvan ons in onder andere 1 Kor. 12:8-20 lees.
- Paulus bied ŉ aantal kriteria vir die beoordeling van die charismata.
- Betreffende die publieke byeenkoms meld Paulus dat as Jesus as Here bely word, dit slegs gedoen kan word deur die Heilige Gees, en waar die Gees werk, word Jesus vir ons as teenwoordig gebring (De Klerk, 1987:12).
- ŉ Eenheid tussen die gawes en die Gees bestaan, aangesien die een Gees die Gewer van al hierdie gawes is.
- Die charismata se kriteria is as volg:

    - Die opbou van die gemeente;
    - Die gemeente moet mekaar dien;
    - Bediening vereis liefde (1 Kor. 13);
    - Die gemeente moet gehoorsaam wees om die charismata te ontvang;
    - Die lof van God Drie-enig word daardeur verkondig; en
    - Waar die Gees werk, stel die Gees Jesus as synde teenwoordig midde die publieke byeenkoms (erediens). Die gevolg van hierdie aksie is ŉ dinamiese ontmoeting waar die Gees die inisiatief neem, Jesus openbaar word en deur die charismata die kerkgangers in die erediens opbou en bedien (vgl. 1 Kor. 12:3).




***Figuur 45: Dinamiese ontmoetings in die erediens***

Dit is duidelik dat Paulus hom in 1 Kor. 11-14 met die saamkom van die gemeente besig hou (De Klerk, 1987:57). In hierdie samekoms is daar 'n nuwe dinamiek. God is teenwoordig deur die werk van Sy Gees. Dit lei tot die teenwoordigheid van Sy Seun, Jesus. Die Gees bied genadegawes aan die kerkgangers sodat die gemeente mekaar kan bedien en opbou.

### 3.4.3 Struktuur van die brief

Vir die doeleindes van hierdie studie word gebruik gemaak van die indeling soos weergegee deur Blomberg (1994:29-30):

1. Inleiding (1:1-9);
2. Brief se inhoud (1:10-16:4);
   A. Paulus reageer op mondelinge verslae oor die gemeente (1:10-4:21);
   B. Paulus reageer op die skrywe van die Korintiërs (7:1-16:4); en
3. Afsluiting: Toerplanne en groete (16:5-24).

Betreffende 1 Kor. 11:2-14:40 gebruik Blomberg (1994:30) die volgende afbakenings rakende aanbidding:

| Skrifgedeelte | Hoofgedagte |
|---|---|
| • 11:2-16 | • Hoofbedekkings |
| • 11:17-34 | • Nagmaal |
| • 12:1-14:40 | • Geestelike gawes |
| • 12:1-31a | • Verskeidenheid in eenheid |
| • 12:31b-13:13 | • Uitnemendheid van die liefde |
| • 14:1-25 | • Profesie en tale: onderskeid |
| • 14:26-40 | • Profesie en tale: orde |

***Tabel 10: Aanbidding in Korintiërs aangedui***

1 Kor. 11:2-14:40 gaan oor 'n paar reëlings ten opsigte van die aanbiddingsorde in die erediens. 1 Kor. 12:1-14:40 handel veral oor die dinamika tussen God en die mens deur die beoefening van die geestelike gawes. Voorts sal dit in meer besonderheid bespreek word.

### 3.4.4 Riglyne vir 'n dinamiese ontmoeting tussen God en mens deur die werking van die Geestelike Gawes: 1 Korintiërs 12-14

Aangesien hierdie studie op dinamiese ontmoetingsgebeure tussen God en mens fokus, word 1 Kor. 12-14 verder behandel.

'n Breër gedagtestruktuur van 1 Kor. 12-14 kan soos volg lyk:


| | |
|---|---|
| 1 Kor. 12 | Geestelike gawes |
| 1 Kor. 13 | Liefde |
| 1 Kor. 14 | Beoefening van geestelike gawes |

Allereers stel Paulus dat die Gees die geestelike gawes gee (1 Kor. 12) sodat die gemeente (1 Kor. 14) dit tydens hul samekoms kan beoefen en mekaar daardeur kan opbou en bedien. Indien dit egter sonder die liefde (1 Kor. 13) beoefen word, sal die genadegawes hul krag verloor. Paulus herinner die gemeente daaraan dat die gawes geen waarde het as die gemeente mekaar nie liefhet nie. Dus moet die gemeente daarop ingestel wees om mekaar op te bou. Paulus spreek hierdie saak aan na aanleiding van die feit dat hy verneem het dat die gemeente onderling jaloers is oor die verskeidenheid gawes wat aan elk gegee is (1 Kor. 1:7).

Ten opsigte van die geestelike gawes kan drie belangrike perikope duidelik onderskei word:

- 1 Kor. 12:1-11 Wat die Gawes is?
- 1 Kor. 12:28-31 Waar die Gawes gebruik word?
- 1 Kor. 14:26-40 Hoe die Gawes gebruik moet word?

Hierdie drie sake verloop chronologiese sodat 'n dinamiese ontmoeting in die erediens kan plaasvind:




***Figuur 46: Chronologiese orde van dinamiese ontmoetings in die erediens***

Elke aspek word hierna kortliks toegelig:

### 1 Korintiërs 12:1-11 Wat is die geestelike gawes?

Die Gees bly vry in die verlening van die Gawes (Barnard, 1981:127). Voorts begelei die Gees die gawes in die gemeente (De Klerk, 1987:77). Paulus spreek egter die belangrike vraag oor die identiteit van die genadegawes aan. Barnard (1981:127) meld dat daar 'n verskeidenheid gawes op verskillende plekke genoem word, maar wat 1 Kor. 12 betref word dit binne die Pentekostalisme perspektief as prominent in die beoefening van bonatuurlike manifestasies beskou. Verster en Van Eijk (1984:85-103) onderskei die nege genadegawes in 1 Kor. 12:1-11 soos volg:

***Tabel 11: Gawes van die Heilige Gees***

| 1 Kor. 12:1-11<br>Gawes van die Heilige Gees | | |
|---|---|---|
| Gawes van Spraak | Gawes van Openbaring | Gawes van Krag |
| Die gawe van Profesie (1 Kor. 12:10)<br>Die gawe van Tale (1 Kor. 12:10)<br>Die gawe van die uitleg van tale (1 Kor. 12:10) | Die gawe van die woord van kennis (1 Kor. 12:8)<br>Die gawe van die woord van wysheid (1 Kor. 12:8)<br>Die gawe van die onderskeiding van die geeste (1Kor. 12:10) | Die gawes van gesondmaking (1 Kor. 12:9)<br>Die gawe van die werking van kragte (1 Kor. 12:10)<br>Die gawe van geloof (1 Kor. 12:9) |

- Wat die gawes van spraak aanbetref, meld Verster en Van Eijk (1984:93) dat daar ŉ versigtige beheersing van die menslike instrument moet wees. Hierdie gawes moet beoefen word volgens God se wil in diens van die Heilige Gees en tot stigting van die gemeentelike samekoms. Die praktiese beoefening hiervan behoort in die lig van duidelike Bybelse voorskrifte beoefen te word.
- Wat die gawes van openbaring aanbetref, help die Heilige Gees die Christelike gelowige om feite te bekom, om insig te verkry en die oorsprong van kwaad (die bose) aan die kaak te stel (Verster en Van Eijk, 1984:98).
- Wat die gawes van krag aanbetref is dit nog altyd vir die Christelike gelowige dramaties en opwindend (Verster en Van Eijk, 1984:103).

Binne die raamwerk van die Pentekostalisme demonstreer Christus Sy verrese krag deur die werk van die Heilige Gees. Sodra hierdie krag demonstreer word, word God dinamies ontmoet. Die plek van hierdie ontmoeting is die erediens.

1 Korintiërs 12:28-31
Waar word die gawes gebruik?

1 Kor. 12:28v *"En God het sommige in die gemeente gestel… ''*

Burke (2003:31) skryf dat 'n duidelike patroon in die vroeë kerk en steeds vandag sigbaar is en dat die gawes van die Heilige Gees tydens die byeenkoms van Christene voorkom. Paulus gee spesiale instruksies dat hierdie byeenkomste ordelik moet geskied. Hy bevestig dat God ŉ leier aanstel wat met die Heilige Gees vervul is en in staat is om die byeenkoms met onderskeiding in aanbidding te lei. Burke (2003:31) noem dat selfs in die Ou Testament daar melding gemaak word van ŉ vergadering waar daar profete profeteer het, "met Samuel as leier aan hulle hoof" (1 Sam. 19:20). In modern taal word hierdie plek van byeenkoms onderskei as die erediens, en word ŉ erediens binne konteks van hierdie studie soos volg gedefinieer:

> **Enige plek waar christen-gelowiges bymekaar kom en in geloof wag op die verskyning van die verrese Christus deur die werking van die Heilige Gees wat genadegawes toebedeel aan die toehoorders wat dit ontvang en daardeur ŉ goddelike, dinamiese ontmoeting met God bewerk het wat lei tot die opbou en stigting van diegene wat dit in geloof aanneem.**

1 Korintiërs 14:26-40
Hoe die gawes gebruik moet word

1 Kor. 14:26: *" Hoe staan die saak dan, broeders? Wanneer julle saamkom, dan het elkeen van julle ŉ psalm of ŉ lering of ŉ taal of ŉ openbaring of ŉ uitlegging. Laat alles tot stigting geskied".*

1 Kor. 14:40*: "Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan".*

Dit is nodig om kortliks by ŉ paar van Murray (1943:13-18) se gedagtes aan te sluit:

✓ In aanbidding vind die mens sy hoogste heerlikheid;
✓ Die mens is geskape om in gemeenskap met God te leef;
✓ Jesus se koms het ŉ nuwe aanbidding begin. Hierdie aanbidding het Hy ingestel deur die gawe van die Heilige Gees; en

✓ Ooreenstemming, harmonie en eenheid moet heers tussen God, wat Gees is, en die aanbidders wat in die Gees aanbid.


Binne die raamwerk van Pentekostalisme het die vraag "hoe?" nie net met die genadegawes van die Heilige Gees te make nie, maar ook met die administratiewe gawes. In 1 Kor. 14:29 praat Paulus juis van die profete. Die administratiewe gawes verwys na die bediening wat die gemeente help opbou en groei (Verster en Van Eijk, 1984:80).

Hierdie administratiewe bedieningsgawes (Vgl. 1 Kor. 12:28) sluit in:

- Apostel – hoe ⟶ Opdrag om uitgestuur te word
- Profeet – hoe ⟶ Opdrag om te stig en te vertroos
- Leraar – hoe ⟶ Opdrag om te onderrig in die Woord
- Helper – hoe ⟶ Opdrag om ander buitengewoon te bedien
- Regerings – hoe ⟶ Opdrag om gemeente te versorg
- Evangelis – hoe ⟶ Opdrag om die weg te baan vir die evangelie
- Herder – hoe ⟶ Opdrag om die kudde te versorg

(Verster en Van Eijk, 1984:80-83).

In 1 Kor. 12:26 vra Paulus die vraag: Hoe? Hy bied ook die antwoord in die perikoop in vers 40 *"Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan".*




***Figuur 47: Die bediening van die Heilige Gees gawes in die erediens***

**Samevattende afleidings in terme van die erediens**

- Die erediens is ŉ plek van aanbidding.
- God het die Gawe van die Gees verleen sodat die erediens Christen-gelowiges kan stig en opbou.
- Die Gees verleen ŉ verskeidenheid charismata aan die Christen-gelowiges in die erediens vir die uitvoering van die werk in die kerk.
- Indien die Christen-gelowiges in die erediens die Here Jesus bely, is dit slegs die werk van die Heilige Gees. Hierdie aksie maak Jesus teenwoordig in die erediens wat ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en mens tot gevolg het sodat die gelowiges hulle charismata in liefde met mekaar kan deel.
- In die erediens wat die plek vir ŉ dinamiese ontmoeting is, is daar bedieninge en genadegawes aanwesig om ŉ bonatuurlike aanraking deur die Gees te bewerk.
- Orde-reëlings is uiters noodsaaklik vir die erediens.
- Die leier in ŉ erediens is verantwoordelik om orde gedurende die samekoms te handhaaf.
- Die uiteindelike doel van die werk van die Gees in die erediens is om ŉ bonatuurlike "aanraking" van God aan die Christen-gelowige moontlik te maak. Dit sal die

persoon wat die "aanraking" ontvang stig asook die ander gelowiges wat teenwoordig is.

## 3.5 BASISTEORETIESE SAMEVATTING UIT DIE NUWE TESTAMENT

Op grond van voorafgaande beredenering word die volgende basisteoretiese perspektiewe bevestig:

- In die doel en uitgangspunt van hierdie hoofstuk is dit nodig om die liturgie van die erediens as ŉ uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens in die Nuwe Testament te verstaan.
- Daar is aandag gegee aan die tempel, sinagoge en huiskerke as plekke van aanbidding gedurende die Nuwe Testamentiese tyd.
- Die tempel was steeds ŉ belangrike plek van publieke aanbidding in die Nuwe Testament.
- Die verhaal van die reiniging van die tempel in Matt. 21:12-17 verklaar Jesus self dat die tempel steeds die huis van God is en dat God steeds met sy kinders wil kommunikeer, nie net uitsluitlik met die Jood nie, maar ook met "vreemdelinge".
- Die Sinagoge het ook ŉ baie belangrike plek vir publieke ontmoeting in die Nuwe Testament geword.
- Die Sinagoge se ontstaan dateer in die Babiloniese ballingskap, en het na die verwoesting van die tempel in 70 n.C., die Tempel se plek volkome ingeneem.
- In die sinagoge is ŉ sistematiese teologie met verloop van tyd ontwikkel met reguleerde rites.
- Die sinagoge is gesien as ŉ huis van gebed, lering en ontmoeting.
- Die huis was ŉ belangrike plek in die Joodse gesinsgodsdiens.
- Namate die vervolging teen die vroeë Christene toegeneem het, het die Christene veel eerder in huise bymekaar gekom vir publieke aanbidding.
- In die eerste drie eeue n.C. het daar nie baie veranderings in die huiskerksisteem ingetree nie.
- Christene het later van tyd hul bymekaarkomplek as die "ekklesia" gesien.
- Die funksie van die huiskerke was broederskap en was toeganklik vir alle mense.
- Gevolglik is gekonsentreer op ŉ eksegetiese ondersoek van Hand. 2-4 en 1 Kor. 11-14.
- Betreffende Handelinge is 'n agtergrond geskets. Die eksegetiese ontginning het gefokus op dinamiese aktiwiteite in Hand. 2-4. Verder is daar ŉ vergelyking tussen 2 Kron. 5-7 en Hand. 2-4 getref wat op die erediens gefokus het. Laastens is daar gelet dat binne die raamwerk van die Pentekostalisme daar altyd 'n positiewe en negatiewe reaksie op ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en mens is.
- Vier dinamiese aktiwiteite is in Hand. 2-4 geïdentifiseer en dieper ondersoek, naamlik ontmoeting, prediking/getuienis, gemeenskap en wonderwerke.
- Die resultaat van ŉ dinamiese ontmoeting is allereers bekering.
- Pentekostalisme verstaan dat met die uitstorting van die Heilige Gees in Hand. 2 die kerk gebore is.
- Wat 1 Kor. 11-14 aanbetref, word lig op die erediens gewerp.
- Paulus lê klem daarop dat indien daar Gees en charismata in die erediens is, daar bepaalde orde-reëls in plek moet wees.
- Die Heilige Gees werk in die erediens sodat Christus teenwoordig kan wees in die lewe van die gemeente wat mekaar in bepaalde genadegawes bedien.
- ŉ Gedagtestruktuur is voorgehou en sien Paulus die uitnemendheid van die liefde as deurslaggewend in die beoefening van die geestelike gawes.
- Paulus gebruik drie belangrike perikope om die aksent van die geestelike gawes verstaanbaar te maak: 1 Kor. 12:1-11 wat die gawes van die Gees identifiseer; 1 Kor. 12:28-31 wat aandui waar die gawes gebruik moet word; en 1 Kor. 14:26-40 wat verduidelik hoe die gawes gebruik moet word.

- Binne die Pinksterraamwerk word die genadegawes wat in 1 Kor. 12 deur Paulus genoem word in drie groepe verdeel, naamlik die gawes van spraak, die gawes van openbaring en die gawes van krag.
- Die plek waar hierdie gawes funksioneer, is die plek waar die Christen-gelowiges bymekaarkom, naamlik die erediens.
- Die wyse waarop die gawes aangewend moet word, is baie duidelik verwoord as welvoeglik en ordelik.


# HOOFSTUK 4

## PERSPEKTIEWE OP DIE EREDIENS AS UITDRUKKING VAN DIE DINAMIESE ONTMOETING TUSSEN GOD EN MENS IN DIE GESKIEDENIS EN DIE PENTEKOSTALISME

In die voorafgaande twee hoofstukke is gepoog om uit die Skrif af te lei watter aspekte vir ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en mens tuishoort. Hoofstuk 2 het gefokus op die Ou Testament en in besonder 2 Kronieke 5 tot 7, terwyl Hoofstuk 3 die soeklig op die Nuwe Testament laat val het en Handelinge 2 tot 4 en 1 Korinthiërs 11 tot14 in besonder toegelig is. In hierdie hoofstuk gaan die ontwikkeling van die erediens as ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en mens soos dit deur die geskiedenis verloop het, bespreek word. Besondere fokus word geplaas om te bepaal of hierdie ontmoeting plaasgevind het en om watter redes dit geskied het. Omdat hierdie studie beperk is, sal die benadering wat uiteindelik in die Pentekostalistiese tradisie uitgeloop het, beskou word. Daar gaan veral besondere aandag aan die laasgenoemde aspek gegee word. Dit is dan ook van kardinale belang om te bepaal of die Pentekostalistiese tradisie ook ŉ bydrae kan maak betreffende die erediens as ŉ ontmoetingsgebeurtenis. Die bespreking van die verskillende periodes in die geskiedenis gaan beperk word tot aspekte wat op die studie van toepassing is (vgl. Leuschner, 2004:121). Die ondersoek word gedoen deur literatuurstudie van die ter saaklike inligting, wat dan deur kritiese denke geëvalueer word om uiteindelik tot sekere gevolgtrekkings te kom.


### 4.1 DIE RELEVANSIE VAN DINAMIESE ONTMOETINGS TUSSEN GOD EN MENS IN DIE GESKIEDENIS VIR DIE ONTWIKKELING VAN DIE EREDIENS

Isak Burger (2008:1) stel dit duidelik dat die hand van God sigbaar is in die restourasie van Sy kerk. "In retrospect, and from a Pentecostal perspective, the hand of God can clearly be seen in the restoration of His church". Uiteraard impliseer hierdie stelling van Burger ŉ besondere ontmoeting tussen God en Sy kerk deur die geskiedenis. Burger (2008:1) meld verder dat hierdie restourasie proses reeds vir eeue plaasvind. Burger visualiseer hierdie ontmoeting tussen God en Sy volk met die beeld van ŉ halwe sirkel. Figuur 48 stel dit skematies voor:




***Figuur 48: Skematiese voorstelling van ontmoeting tussen God en Sy volk, Burger (2008:1)***

Volgens Burger (2008:1) was daar vir die vroeë kerk ŉ geestelike hoogtepunt tussen God en Sy kerk, maar die Middeleeue het ŉ geestelike laagtepunt beleef. Burger (2008:1) glo dat vanuit die geestelike laagtepunt gedurende die Middeleeue God weer Sy kerk begin oprig en herstel het. Bepaalde stadiums van vernuwings het so deur die eeue plaasgevind totdat die kerk weer Sy volle apostoliese karakter sal terugkry (Burger, 2008:1). Burger maak gevolglik ŉ waardevolle aanname: "To a large extent, this circle in the history of the church was completed with the birth of the modern day Perntecostal movement". Skematies kan hierdie aspek soos in Figuur 49 uitgedruk word:




***Figuur 49: Skematiese voorstelling van die moderne Pentekostalisme op die geskiedenis van die kerk***

Die relevansie van bogenoemde vir hierdie studie is as volg: vanuit ŉ Pentekostalistiese perspektief word die volgende aannames gemaak:

- God het telkens in die geskiedenis van die kerk die inisiatief geneem om die kerk te restoureer.
- In die Moderne Pentekostalisme het God weer die apostoliese karakter van die kerk herstel.

Besondere ontmoetingoomblikke tussen God en Sy kerk het deur die eeue heen plaasgevind, dit is immers God se hand wat Sy kerk restoureer. "It will become clear how the church has gone through progressive stages of restouration until the soil was eventually prepared for the start of the Pentecostal Movement. Just as the deterioration of the church happened gradually over centuries, from the blueprint in the book of Acts until the height (or depth) of the middle ages, the restouration was also a gradual process, taking the best part of four centuries" (Burger, 2008:1). God het telkens Sy kerk opnuut ontmoet sodat die kerk kan voldoen aan die verwagting wat God deur die eeue daarvoor gestel het. Hierdie aspek word vervolgens meer breedvoerig bespreek om by Burger (2008:1-4) se aanname aan te sluit.

Voorts sal die volgende bespreek word, inleidende gedagtes wat die woordomskrywing van Christendom en kerk beklemtoon met fokus op die feit dat ontmoetingsoomblikke bepaal is deur die aanbiddingspraktyke wat deur die verloop van die geskiedenis in die erediens toegelaat is. Daarna word 'n historiese sketsplan gegee wat die tydperk in die geskiedenis, die kenmerke van daardie tydperk in die kerk asook of ontmoetings plaasgevind het,

skematies uiteengesit en bespreek. Postmodernisme word dan behandel met klem op die invloed daarvan op die filosofie van Pentekostalisme en die pad wat dit vir dinamiese ontmoetings gebaan het. Gevolgtrekkings uit hierdie geskiedenis word dan gemaak om die ontmoeting tussen God en mens in die erediens toe te lig.

### 4.1.1 Inleidende gedagtes

In resente navorsing wat vir hierdie studie relevant is, het beide Leuschner (2004) en Letšosa (2010) aangedui dat aanbiddingspraktyke in die erediens deur die verloop van die geskiedenis ŉ waardevolle bydrae tot die tipe atmosfeer en die ontplooiing van die erediens gelewer het.

Die geskiedenis van die erediens is egter aaneengeskakel met die geskiedenis van die kerk. Die geskiedenis van die kerk kan egter nie verstaan word indien dit nie binne die raamwerk van die geskiedenis van die Christendom ondersoek word nie. Om hierdie rede dui Kühn (1994:45-46) aan dat ŉ woordomskrywing van die Christendom en kerk uiters noodsaaklik is en stel dit as volg: "*The ultimate distinguishing mark of Christianity is Christ, the real historical Jesus of Nazareth, the crucified Christ. He is the content of the Gospel; believers are baptized in his Name, and they commemorate his passion, death and new life in the eucharist*".

Bogenoemde woordomskrywing druk ŉ wonderlike, genade-ontmoeting uit wat plaasvind deur God se enigste Seun, Jesus Christus, wat deur sy lydingsweg dit vir die mens moontlik gemaak het om saam met Hom om die Nagmaalstafel te ontmoet.

Alleenlik wanneer die term Christendom verstaan word soos Christus dit in die geskiedenis geleef het, kan begrip vir kerk ontwikkel word. Kühn (1994:78) se woordomskrywings vir kerk is baie eenvoudig:" *ŉ kerk is dus ŉ gemeenskap wat in alle aspekte van Christus glo*". Kerk is *Congregatio or Communio Christifidelium.* Nie net glo die kerk in alle aspekte van Christus nie, maar is volkome toegewyd aan Jesus Christus en alles waarvoor Hy geleef het sodat teenoor alle mense daaroor getuig kan word.

Wat ŉ wonderlike ontmoeting vind daar na aanleiding van die verstaan van Christendom en kerk aldus in die erediens plaas. Die erediens is ŉ getuienishof waarbinne God deur sy Seun in die Heilige Gees sy kerk ontmoet sodat hierdie wonderlike ontmoeting teenoor alle mense kan getuig dat Skepper en mens ŉ ontmoetingservaring mag hê.

Aanbiddingspraktyke in die erediens is ŉ uitdruk van waardering wat die toehoorder in die erediens openbaar om te reageer op God se tasbare ontmoeting wat in die erediens plaasvind. Deur die geskiedenis heen het bepaalde omstandighede soos die tydsgees en wêreldgebeure daartoe gelei dat die aanbiddingspraktyke in elke periode dramaties van mekaar verskil het. Binne hierdie raamwerk maak die Pentekostalistiese perspektief ook ŉ merkwaardige bydrae om ŉ dinamiese ontmoeting met God en mens te bewerk (Letšosa, 2010: 144. vgl. Ook Burger, 2008:1-4). Alhoewel hierdie aspek meer breedvoerig in 4.2 bespreek gaan word, word die aspekte wat die opkoms van Pentekostalisme bevorder het hier aangespreek.

Hierdie besondere verhouding word soos volg uitgebeeld:




***Figuur 50: Aspekte wat die opkoms van Pentekostalisme bevorder***

### 4.1.2 ŉ Historiese sketsplan van die ontmoetingsoomblikke tussen God en mens in die geskiedenis

Letšosa (2010:114-152) gee ŉ basiese uiteensetting van die historiese ontwikkeling van aanbidding in die erediens en met dié in gedagte word die volgende historiese sketsplan voorgehou:

| TYDPERK | KENMERKE ASOOK BEPAALDE AANBIDDINGSPRAKTYKE GEHANDHAAF | HET ONTMOETING PLAASGEVIND | AFNAME/TOE-NAME IN DIE EREDIENS |
|---|---|---|---|
| **Eerste eeu tot derde eeu** | Huiskerke wat klem lê op gebed, die woord en breking van die brood.<br><br>Daar was buigsaamheid en vryheid in die liturgie.<br><br>Orde is gehandhaaf in die eredienste.<br><br>Mense is aangemoedig om hulle te bekeer.<br><br>Die kerk is vervolg en daar was ŉ baie sterk band van liefde en eenheid onder die eerste gelowiges. | Besondere ontmoeting vind plaas omrede die gemeente bewus word van die teenwoordigheid van die lewende God. | Toename |

| TYDPERK | KENMERKE ASOOK BEPAALDE AANBIDDINGS PRAKTYKE GEHANDHAAF | HET ONTMOETING PLAASGEVIND | AFNAME/TOE-NAME IN DIE EREDIENS |
|---|---|---|---|
| **Vierde eeu tot vyftiende eeu** | Keerpunt in die liturgie met die bekering van Konstantyn. "Christus en kultuur" was die leuse van die Romeinse Ryk.<br><br>Publieke aanbidding op die voorgrond.<br><br>Formele gestruktureerde liturgie.<br><br>Die gemeente nie aktief in eredienste nie en God is slegs ervaar deur die sakramente.<br><br>God se woord is in die liturgie ontneem van regmatige plek.<br><br>Geen oproep tot bekering. | Baie groot waarde is geheg aan die ontmoeting tussen God en mens.<br><br>Die ontmoeting was slegs tussen God en die liturgiese personeel en die sakramente is die enigste wyse hoe die gemeente God se teenwoordigheid kon ervaar. | Afname |
| TYDPERK | **KENMERKE ASOOK BEPAALDE AANBIDDINGSPRAKTYKE GEHANDHAAF** | **HET ONTMOETING PLAASGEVIND** | **AFNAME/TOE-NAME IN DIE EREDIENS** |
| **Sestiende eeu** | Die eeu van rasionalisme.<br><br>Die wêreld se ontmoeting tussen "God en kerk" moet verander na 'n Bybelse ontmoeting tussen God en Sy mense.<br><br>Baie groot klem op gemeentesang en Woord.<br><br>God was sentraal in die aanbidding deur sy Seun.<br><br>Reformasie | Omrede die evangelie (Woord van God) duidelik verkondig is en die gemeente deur sang en die prediking kon deelneem, was daar weer 'n ware ontmoeting tussen God en Sy mense.<br><br>Die ontmoeting wat plaasgevind het, was drie-dimensioneel, naamlik:<br><br>God ontmoet mens;<br>Mens ontmoet God;<br>Mens ontmoet mens. | Toename |

| TYDPERK | KENMERKE ASOOK BEPAALDE AANBIDDINGS PRAKTYKE GEHANDHAAF | HET ONTMOETING PLAASGEVIND | AFNAME/TOE-NAME IN DIE EREDIENS |
|---|---|---|---|
| **Sewentiende eeu tot negentiende eeu** | Modernisme<br><br>Tydperk van groot verandering.<br><br>Godsdienstige en morele verval.<br><br>Mense kom kerk toe om te lag, fluister en te slaap.<br><br>Geen oproep tot bekering nie.<br><br>Hierdie verval lei tot die geboorte van die Metodisme. | Aanvanklik slegs 'n intellektuele ontmoeting tussen God en mens, maar met verloop van tyd met die koms van Metodisme is bekering weer gepromoveer waarbinne 'n mistieke ontmoeting met God tweërlei moontlik was:<br><br>'n Aanraking van God op 'n persoonlike vlak<br>en<br>met God tot op 'n sekere vlak verenig te wees. | 'n Aanvanklike besliste afname in getalle en selfvertroue, maar 'n toename is weer vanaf die 18de eeu in vooruitsig gestel. |

| TYDPERK | KENMERKE ASOOK BEPAALDE AANBIDDINGSPRAKTYKE GEHANDHAAF | HET ONTMOETING PLAASGEVIND | AFNAME/TOE-NAME IN DIE EREDIENS |
|---|---|---|---|
| **Twintigste eeu tot hede** | Pentekostalisme<br><br>Ekumeniese beweging onder kerke.<br><br>Terugkeer na die vroeë kerkmodel.<br><br>Postmodernisme | Ontmoeting vind plaas omrede God weer die inisiatief neem en die mens daarop reageer. Daar moet gewaak word dat die ontmoeting nie deur die gemeente gemanipuleer word as gevolg van 'n baie intieme emosionele belewenis nie. | Progressiewe toename |

***Tabel 12: Historiese sketsplan van ontmoetingsoomblikke tussen God en mens***

## Eerste eeu tot derde eeu – Ontmoetingsgebeure in die erediens toon 'n toename

Leuschner (2004:123) stel dat die versamelde groep van hierdie tydperk hulself gesien het as 'n lewende tempel en hul lof en aanbidding was geestelike offers wat vir God welgevallig was. Dit was 'n diens van die gemeente deur die gemeente waaraan almal aktief kon deelneem (Leuschner, 2004:126). Daar was dus besondere koinonia waarin God, deur Sy Seun, sentraal posisie ingeneem het (Van Rooyen, 1983:34).

Skriftuurlik word daar ook bevestig dat die gemeente daagliks gegroei het (Hand. 2:47). Hierdie groei word toegeskryf aan bekering en die feit dat die besondere groep gelowiges alles gemeenskaplik besit het. Met die geboorte van die Christendom en ook die van Pentekostalisme (die gebeure rondom Hand. 2) was daar 'n dinamiese ontmoeting tussen

God en Sy mense wat ŉ ontploffing in die "nuwe godsdiens" sou bewerk en die wêreld ingrypend sou verander.

Die Christendom se ontstaan word, word dus gesien as die gevolg van ŉ toename in die ontmoetingsgebeure tussen God en mens in die publieke byeenkoms.

## Vierde tot vyftiende eeu – Ontmoetingsgebeure in die erediens toon ŉ afname

Alhoewel die bekering van Konstantyn daartoe bygedra het dat die Christendom op die voorgrond in die Romeinse Ryk getree het, het hierdie omstandighede ook ŉ degradering in die ontmoetingsoomblik tussen God en mens bewerk. God se grootheid is wel deur pragtige argitektuur uitgedruk, maar tesame daarmee het die intieme atmosfeer van die huiskerk in die grootheid van die kerkgeboue verlore geraak. Die versamelde groep vir die publieke byeenkoms was uit die aard nie meer aktief deel van die liturgie nie en het slegs ŉ toeskouer geword (Leuschner, 2004:31). God is nie meer sentraal in die ontmoeting nie omdat die priester en sy indrukwekkende offerhandelinge nou die fokus was. Bekering was nie haalbaar binne die formele, gestruktureerde opset nie.

Ontmoetingsgebeure in die erediens kan slegs geskied tussen God en sy soekende kinders indien daar ŉ atmosfeer geskep word waarbinne God altyd die fokus is. Enige liturgiese aktiwiteite wat plaasvind is slegs van pas indien dit God, as die verhewe God eer. Binne hierdie konteks kan die toehoorder met geloof ŉ ontmoeting verwag.

## Sestiende eeu – Ontmoetingsgebeure in die erediens toon ŉ toename

In hierdie periode het die versamelde groep mense weer begin nadink oor die doel van die erediens. Groot hervormers soos Luther, Calvyn en Zwingli wat almal ook getuig van ŉ bekeringsoomblik waarbinne God, hulle ŉ besondere taak opgelê het, het na vore gekom met nuwe denkpatrone oor die wyse waarop kerk en erediens bedryf behoort te word. Prediking word verstaanbaar oorgedra, musiek word deel van die liturgie en bepaalde sakramentele rites word in plek gehou. Binne hierdie opset is daar ŉ kragtige drie-dimensionele ontmoeting, God en mens, mens en God en mens en mens (Letšosa, 2010:144). God bepaal die erediens maar wil graag met sy gemeente ŉ ontmoeting wat haalbaar is, hê (Leuschner, 2004:143). Sonder twyfel dink die mens weer aan bekering.

In hierdie fase van reformasie met sy besondere klem op Rasionalisme word die mens weer aangemoedig om te dink oor God en homself. God word weer vir die mens ŉ verstaanbare werklikheid en word ŉ ongelooflike ontmoetingsoomblik in die erediens bewerk waarvan die dinamiek op Protestantisme uitvloei.

## Sewentiende tot negentiende eeu – Ontmoetingsgebeure in die erediens toon aanvanklik 'n afname met ŉ toename vanaf die agtiende eeu

ŉ Krisis ontstaan baie vinnig toe die gees van die Reformasie deur die ontwikkelde Ortodoksie bedreig is (Leuschner, 2004:159). God en sy openbaring het uit die gesigsveld verdwyn en daar is op die stelling van die Franse filosoof René Descartes (1596-1650) teruggeval: "Ek dink daarom is ek" (Leuschner, 2004:160). Hierdie tydgrens van Modernisme het ook ŉ afplatting in ontmoetingsoomblikke tussen God en mens bewerk. Die rede vir hierdie afplatting word pragtig deur Kühn (1994:678) uitgebeeld.

**Die Verligting se moderne paradigma van die Teologie**

| | | |
|---|---|---|
| Godsbeeld | → | Kerkbeeld |
| Geloof | → | Rede |
| Genade | → | Natuur |
| Moraliteit | → | Natuurwette |
| Kerk | → | Wêreld |
| Teologie | → | Filosofie |
| Christelik | → | Menslik |

***Figuur 51: Die Verligting se paradigma van Teologie***

Hierdie krisis was so intens dat die kerkleiers hul eerder in die politiek begewe het en dat pastorale sorg aan ontoegeruste persone toevertrou is. Mense het kerk toe gegaan om te “lag, fluister en te slaap” (Letšosa, 2010:14). Geen oproep tot bekering is gemaak nie.

Hierdie krisis het 'n bruikbare fondasie vir die geboorte van die Metodisme in die 18de eeu gelê. Die vader van hierdie beweging was John Wesley wat self ŉ besondere ontmoetingsoomblik met God gehad het. Sy ontmoetingsoomlik het gelei tot sy bekering. Bepalende karaktertrekke van die Metodiste het ŉ toename in ontmoetingsoomblikke bewerk:

- ŉ Terugbeweeg na die huiskerke van die Nuwe Testament.
- Weerhouding van wêreldse gewoontes.
- Die doktrine van heiligmaking (Letšosa, 2010:142-146).

In hierdie tyd is bekering gepreek en toegepas. God het weer die sentrale posisie ingeneem en die versamelde gemeenskap het hulself van immoraliteit weerhou. Daar is ook eerder ŉ persoonlike ontmoeting met God bewerk gedurende hierdie periode.

Daar was ŉ intense toename in dinamiese aktiwiteit waarbinne God en mens ontmoet het. Sonde bewustheid is gepredik en ŉ heilige lewe is nagestreef. Daar is geglo dat God met niks minder tevrede sou wees nie.


Twintigste eeu tot hede – Ontmoetingsgebeure in die erediens toon ŉ dinamiese toename

Metodisme het geboorte gegee aan die liturgiese beweging waarbinne Pentekostalisme ŉ vars herontwaking van die kerk bewerkstellig het. Binne die raamwerk van die liturgiese beweging en die gepaardgaande ontwaking wat pentekostalisme in die kerk bewerk het, het daar vanaf die 20ste eeu ŉ progressiewe toename in die ontmoetingsgebeure tussen God en mens plaasgevind wat dinamiese implikasies gehad het. ŉ Baie breedvoerige bespreking hiervan volg in 4.2 hieronder.

Parallel met die Pentekostalisme is die ekumeniese tydsgees waarbinne kerke oor alle doktrinêre grense hande vat om 'n beter lewe vir alle mense te bewerk. Verder is daar die aspek van Postmodernisme wat ineengevleg is met die denkrigting van die Pentekostalisme wat later verder toegelig word.

Daar word nie meer net rasionaal oor God gedink nie, maar God word ook weer gevoel en ervaar. Dit dui op God se omgee en die mens se afhanklikheid vir Sy aanraking en teenwoordigheid. Die navorser stem saam met Letšosa (2010:150) wat sê dat daar wel met groot versigtigheid daarop gelet moet word dat God nie meer sentraal in aanbidding staan nie, maar eerder die objek van aanbidding is. Hoe dit ook al sy, daar was 'n wêreldwye ontploffing wat 'n toename in ontmoetingsgebeure tussen God en mens tot gevolg gehad het. Hierin het Pentekostalisme 'n merkwaardige bydrae gemaak. "...but the rise of "Pentecostal spirituality" has to be seen as truly epoch making" (Jenkins, 2011:79).

Samevattend tot hierdie gedeelte, is daar aangesluit by Burger (2008:1-4) wat opmerk dat God in die geskiedenis telkens met die kerk ontmoet het om restourasie te bewerk. Die wyse waarin hierdie restourasie uiteindelik in die moderne Pentekostalisme kulmineer is ook aangedui. Hendriks (2003:11) sluit op 'n besondere wyse hierby aan as hy daarop wys dat een van die merkwaardige bydraes wat Pentekostalisme gemaak het juis is dat nuwe lewe by God en bekering begin. Figuur 52 lig hierdie aanname verder toe deur 'n samevattende historiese lyn wat aandui dat bekeringsoomblikke moontlik 'n sterk rol in die toename/afname van ontmoetingsoomblikke met God in die geskiedenis gespeel het. Gevolglik kon dit ook 'n bydrae lewer in restourasies en selfs ontwakings in die kerkgeskiedenis.




***Figuur 52: Bekeringsoomblikke kon moontlik 'n sterk groei toon in kerkgroei***

---- Sterk klem op bekering lê die grondslag vir ontmoetingsoomblikke tussen God en mens in die geskiedenis.

—— Geen klem op bekering lei tot 'n afname in ontmoetingsoomblikke tussen God en mens in die geskiedenis.

Skriftuurlik word aangesluit by Handelinge 2:37 en 38, naamlik:

- Vers 37 "Toe hulle dit hoor, is hul diep in hul hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen broeders"?
- Vers 38 "En Petrus sê vir hulle: bekeer julle".

Die woord vir bekeer in die Griekse teks is **metanoeõ** wat letterlik beteken om jou lewe moreel te heroorweeg, of om anders te begin dink. Hierdie **metanoeõ** het die vroeë kerk met rasse skrede laat groei soos in hoofstuk twee van hierdie studie aangedui is.

Handelinge 2:41 bevestig die bogenoemde "Die wat die Woord met blydskap toe ontvang het, is gedoop; en daar is op die dag omtrent 3000 siele toegebring". Onmiddellike toename het Skriftuurlik plaasgevind nadat bekering deelagtig geword is. Dit is 'n tendens wat regdeur die geskiedenis van die kerk herhaal is wanneer bekering gepreek en toegepas is. Ook in die ideologie van Pentekostalisme is bekering 'n kardinale ontmoetingsoomblik tussen God en mens met dissipelskap en kerkgroei as 'n direkte gevolg.

### 4.1.3 Die invloed van Postmodernisme op die filosofie van Pentekostalisme en die pad wat vir 'n dinamiese ontmoeting gebaan is

Kühn (1994:773) stel dit dat daar sonder twyfel na die eerste en tweede wêreldoorloë 'n nuwe term, Postmodernisme, tot stand gekom het. Dit is asof die wêreldoorloë 'n wantroue in die ideale van die Modernisme geopenbaar het. In nabetragting is daar 'n paar noodsaaklike aanpassings wetenskaplik gefundeer sodat foute van die verlede nie weer herhaal word nie. Nie net het hierdie postmoderne nadenke die geskiedenis van die wêreld beïnvloed nie, maar ook dui dit 'n nuwe tydsgees in die geskiedenis van die Christendom aan wat dinamiese implikasies vir die kerk en erediens ingehou het. Daar word aangesluit by Leuschner (2004:166) en 'n paar aksente van Postmodernisme word toegelig.

- Alle uitsprake oor die werklikheid is kontekstueel verbonde. In die konteks van die kerk staan God sentraal en God wil met Sy kerk 'n ontmoeting hê. Die kerk reageer hierop en is in afwagting op een groot finale ontmoeting met die wederkoms.
- Holisme, met besondere klem op 'n geheelbeeld, is fundamentele waarhede. Alles wat bestaan word in sy geheel verstaan: die mens is derhalwe ook gees, siel en liggaam en binne die Christelike verstaan moet God holisties aanbid word. Dit is 'n alles of niks in 'n mens se uitlewing van sy godsdiens.
- Die mens neem weer beheer van sy eie situasie en in sy verstaan van sy situasie is daar begrip van 'n dieper, intense behoefte in hom dat hy nie alleen in hierdie wêreld is nie, dat hy niks is nie en deel is van 'n groter plan.
- Die fokus is nie meer net op kundigheid nie, maar ook op ervaring. Die lewe leer sekere lesse wat aan ander mense oorgedra word.

In konklusie meld Leuschner (2004:167) dat in die Postmodernisme, dit wil sê in die tyd waarin ons tans leef, is die mens weer gereed vir godsdiens en geloof. Die klem lê op afwisseling en spiritualiteit wat hierdie aspek weer opnuut 'n grondslag vir 'n ontmoeting tussen God en mens vestig. Dit is dus noodsaaklik om die verband tussen postmodernisme en Pentekostalisme van nader te beskou. Die rede hiervoor is ooglopend, Postmodernisme aanvaar geen meesternarratief nie en weerstaan ook alle absolute uitsprake op sekerheid en waarheid. Gevolglik druis dit direk in teen die ideologie van Pentekostalisme se aanvaarding van "ononderhandelbare waarhede". Tog groei die Pentekostalistiese beweging met rasse skrede in hierdie postmoderne eeu. Dit is nodig om die redes vir die Pentekostalistiese saadontkieming in 'n postmoderne teelaarde vas te stel. Joubert (2008:237) het navorsing gedoen oor "A Pentecostal Theological reflection on the emerging church movement" en verklaar die volgende daarin:

"Pentecostalism as an existing success story may prove to be better equipped to adapt to postmodernism. It would be fair to argue that Pentecostalism, as the recent past revealed, even more so in the future, may be the most efficient paradigm through which the masses in Western, and any other culture around the globe, could be reached with the gospel of Christ". Joubert (2008:237) glo voorts dat daar besondere redes bestaan dat Pentekostalisme so 'n sukses storie binne die postmoderne paradigma het. Enkele van hierdie redes is:

- Pentekostalisme is “markedly successful in replicating itself in canonical form everywhere it spreads”;
- Pentekostalisme pas noodwendig maklik aan in alle kulture waaraan dit voorgestel word;
- Pentekostalisme vind dit ook moontlik om sy besondere uniekheid te behou wanneer dié met ander kulture in kontak kom en is dus “the quintessential indigenous religion adapting readily to a variety of cultures” (vgl. ook Klaus, 1999:127);
- Pentekostalisme het ook 'n sterk sending oortuiging en staan hierdie oortuiging sentraal tot sy bestaan in die postmoderne era (Joubert, 2008:237).

Die feit dat Pentekostalisme steeds groei, beklemtoon dat Christus se bediening steeds in die postmoderne wêreld byval vind (Joubert, 2008:113).

Van Helden (2010:202) het navorsing gedoen oor die verskynsel van kerkkrimping in die tradisioneel Afrikaanse “susterskerke” in Suid-Afrika. Sy kom tot die volgende gevolgtrekking wat die postmoderne denkwyse aanbetref:

- Gesien vanuit die Christelike perspektief is die postmoderne denkwyse 'n bedekte seën, aangesien die mens in die proses is om hom los te maak van rasionalisme, sekularisme, liberalisme/humanisme en skeptisisme (vgl. Niemandt, 2007:49);
- Aan die ander kant is die denkwyse in die proses om oor te gaan in totale verheidening. Dit is duidelik dat postmodernisme aan die eenkant die heidendom deur sekularisasie dien, terwyl aan die ander kant spiritualisme bevorder word.

Met die bogenoemde in ag genome, meld Van Helden (2010:202) verder dat daar tog 'n oorweldigende groei onder charismatiese strome in die suidelike halfrond is. Verder is sekere aspekte van die postmodernisme vir die Christelike lewe 'n uitdaging. (Van Helden, 2010:202). Daar is vandag 'n “spirituele honger” by die mens waarin hierdie “spirituele mens” die kerk as liggaam van Christus herontdek. Van Helden maak 'n fundamentele waarneming: “Dit toon elemente van 'n ekumeniese sendingparadigma: kerk saam met ander, asook kerk vir ander (In Barret et al, 2001:3)". Dus sluit Van Helden aan by Joubert betreffende die sendingkarakter van die Pentekostalisme wat sterk groei in 'n postmoderne wêreld bevorder.

Die Pentekostalistiese liturgie is kreatief. Verskeidenheid word altyd aangemoedig en die ervaring van die kerkganger word hierdeur aangewakker. Vir Niemandt (2007:30, 32) en Olivier (2006:82, 120) en Van Helden (2010:168) beklemtoon die postmoderne mens persoonlike spiritualiteit en die beoefening van godsdiens binne 'n ruimte waar persoonlike ervaring kan geskied. Egte gemeenskapsbelewing deur die individu word hedendaags hoog geprioritiseer. Pentekostalisme kan by hierdie lewenskultuur van die steeds ontwikkelde mens aansluit met die gevolg dat die getalle in Pentekostalistiese eredienste toeneem. Van Helden (2010:168) is ook van die oortuiging dat hierdie aspek van postmodernisme die kerk in getalle kan laat groei.


Met die bogenoemde in ag genome word die ontmoetingoomblik tussen God en die “spirituele mens” weer herontdek. Hierdie ontdekking is nie net kultuurgebonde nie, maar “honger” gebonde en vind Pentekostalisme 'n diepe ervaring van die mens in sy ontmoeting met God op menige kreatiewe wyses. Dit word veral in aanbiddingspraktyke binne die Pentekostalistiese erediens toegelaat en uitgeleef.

### 4.1.4 Gevolgtrekkings uit die geskiedenis om die ontmoeting tussen God en mens in die erediens toe te lig

- In die verloop van die geskiedenis was daar besliste afnames en toenames in die ontmoetingoomblikke tussen God en die mens;

- Afnames het ontstaan omrede God nie meer 'n sentrale plek in die erediens ingeneem het nie;
- Afnames het ontstaan as die versamelde groep mense in die erediens nie meer aktief deel van die ontmoetingsoomblikke was nie;
- Afnames het onstaan as bekering nie gepreek is nie;
- Toenames het ontstaan as God die sentrale plek in die erediens ingeneem het;
- Toenames het ontstaan as die versamelde groep aktief deel van die liturgiese spel in die ontmoetingsoomblikke was;
- Toenames het ontstaan as die Woord van God gepredik is en tot bekeringsoomblikke wat die mens se mees besondere ontmoeting met God is, gelei het;
- Die Christendom, Metodisme en Pentekostalisme, het hul ontstaan te danke aan 'n tydperk in die geskiedenis wat bekering beklemtoon het en daar toenames in die ontmoetingsoomblikke tussen God en mens in die erediens was. Hummel (1993:249) vat hierdie ontmoetingsoomblikke tussen God en mens besonder mooi saam: "Genuine Christian experience involves a concious encounter of God, having observable results in the lives of individuals and communities".

***Figuur 53: Skematies kan bogenoemde gevolgtrekking soos volg gestel word:***



## 4.2 PERSPEKTIEWE OP DIE EREDIENS AS UITDRUKKING VAN DIE DINAMIESE ONTMOETING TUSSEN GOD EN MENS IN DIE PENTEKOSTALISME

In Hoofstuk 2 is aangedui dat Pentekostalisme ŉ besondere klem op belewing plaas omrede God en mens ontmoet. Die erediens is hierdie plek van ontmoeting omrede God op ŉ persoonlike, kragtige wyse deur sy Seun, die Heilige Gees toelaat om die mens te bemoedig en aan te moedig om Hom intens te beleef tot die dag van Sy wederkoms. Hierdie hoofstuk beoog om bogenoemde Pentekostalistiese perspektiewe soos dit in die verloop van die geskiedenis plaasgevind het, verder te ondersoek. Die effek wat hierdie geskiedenis op die ontwikkeling van Pentekostalisme in Afrika en Suid-Afrika gehad het word ook van nader beskou. Verder word gepoog om ŉ toekomsblik vir Pentekostalisme aan te bied. Daar word besonders aangesluit by die werk van Anderson (2004) en die ondersoek word gedoen deur literatuurstudie van die ter saaklike inligting wat uitloop op bepaalde samevattende gevolgtrekkings.

### 4.2.1 ŉ Historiese oorsig van die Pentekostalisme

Pentekostalisme is nog altyd in die verloop van die geskiedenis ervaar as ŉ ontwaking waarbinne God deur herlewing, bewerk deur die Heilige Gees, ŉ "half dooie kerk" tot volwaardige gestalte in Christus terugbring (Whittaker, 1984:172). Ontwaking is ŉ goddelike inisiatief waarin die Heilige Gees die massa mense in die erediens uitdaag om op die gesalfde proklamasie te reageer sodat die kerk kan herleef tot sy vroeë glorie (Whittaker, 1984:172 – 173).

Hierdie uitdrukking van Whittaker gee gestalte aan ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en mens soos dit in Pentekostalisme verstaan word. God wil sy kerk kragtig ontmoet. Indien die kerk ontwaak en daarop reageer vind herlewing plaas. Hierdie studie poog om die ontwakingsoomblikke in herinnering te roep. Anderson (2004:9) meld dat die ontwakingsoomblikke sekere eienskappe openbaar sodat Pentekostalisme in die verloop van die geskiedenis onderskei kan word:

- "Word and Spirit at play " – die versamelde groep is aktiewe deelnemers en mag deelneem aan die liturgiese aktiwiteite;
- Die versamelde groep ervaar en beklemtoon die teenwoordigheid van die Here in die erediens;
- Die deelnemers in die erediens is in afwagting van bonatuurlike oomblikke in die erediens soos genesings, wonderwerke, profesieë, spreek in tale en uitleg van tale en die platform word vir 'n dinamiese ontmoeting gelê;
- Die versamelde groep word ook aangemoedig om in sang en gebed deel te neem;
- Daar is ŉ geroepe "predikant" wat in goddelike opdrag in beheer van die erediens is en wat die gemeente na ŉ ontmoeting met God lei;
- Daar is ŉ verwagting dat die gawe van die spreek in tale ŉ aanvangsbewys is van die doping met die krag van die Heilige Gees, maar dié is ŉ na-bekeringsondervinding (Anderson, 2004: 10 vgl. Verster, Van Eijk, 1984: 46,49).

Ernstzen (2006:70-71) meld dat manifestasies van God binne die Pentekostalistiese perspektief nie slegs as ekstatiese belewing verstaan moet word nie. Kragtige herlewings in die geskiedenis van Pentekostalisme het ook die volgende tot gevolg gehad:


- ŉ Openbaring van God se natuur deur die gelowige se lewenswyse;
- Ekumeniese uitbreiding;
- Diensbaarheid van gelowiges aan God en mekaar;
- ŉ Passie vir verloregaande siele;

- Gelowiges ervaar 'n "vergroting" van hulle geestelike kapasiteit;
- Die aflê van sondige gewoontes soos wellus, vrees ens; en
- Sodra hierdie kenmerke tipeer in 'n kerk, is dit ongetwyfeld 'n teken dat die heerlikheid van God manifesteer (Ernstzen, 2006:66).

Kühn het ook intensiewe navorsing oor die geskiedenis van die Christendom gedoen. Betreffende die groot ontwakings is die volgende kenmerke by die meeste herlewings aangetref:

- Skielike bekerings met gepaardgaande emosionele uitbarstings soos ekstase, huil, blydskap ens.;
- Intensiewe lewe van geloof wat volg op bekerings;
- Nuwe geloofsgemeenskappe wat as gevolg van die herlewing ontstaan;
- Eenvoudige prediking, min liturgie en baie emosie;
- Diep gewortelde fundering in die Christendom word met passie geproklameer. Dit is immers hoe die eerste kerk (Handelinge 2) die Christendom in die lewe gebring het;
- Sterk steun op die lede vir finansiële ondersteuning; en
- Sterk kompetisie met ander herlewingsgroepe en splintergroepe wat vinnig afstig en versprei (Kühn, 1994: 632 – 633).

Met bogenoemde in ag genome is daar 'n sterk basis om Pentekostalisme in die geskiedenis te identifiseer selfs al sou Pentekostalisme nog nie as 'n term gedefinieer gewees het nie. Samevattend kan dit soos volg skematies uitgedruk word (Figuur 48):




***Figuur 54: Boustene deur die verloop van die geskiedenis vir die groei van Pentekostalisme***

Die elemente van die erediens wat sporadies met die verloop van die geskiedenis voorgekom het tydens die ontmoeting tussen God en mens, mens en God asook mens en

mens sou uiteindelik die boustene vir die ontstaan van Pentekostalisme vorm. Gevolglik word daar ŉ meer in-diepte historiese oorsig van die gebeurlikhede wat op ŉ geskiedenisvorm van hierdie beweging sou uitloop, gegee (Letšosa, 2010: 144).

#### 4.2.1.1 Inleiding

De Ruiter (2005:1) het reeds aangedui dat indien ŉ studie van die kerkgeskiedenis onderneem sou word, daar opgemerk sou word dat van tyd tot tyd uitstortings van die Heilige Gees voorgekom het wat met spreek in tale, profesie asook ander bonatuurlike gawes gepaardgegaan het. Burger (2008:3) stel dit nog sterker dat die eeu oue eienskap van Pentekostalisme wat dit regdeur die geskiedenis van ander tradisies en denominasies onderskei het, die doping met die Heilige Gees is met die aanvangbewys, die spreek in ŉ ander taal. Mense het ŉ persoonlike ontmoeting met God gehad en die bewys daarvan was die ondervinding van die gawes van die Heilige Gees. Hierdie gebeurtenisse was egter sporadies en beperk tot sekere individue wat daaroor aantekeninge gemaak het of tot sekere groepe wat daarvan getuig het. Binne die teologiese raamwerk van die Pentekostalistiese beweging was hierdie gebeurtenisse reeds ŉ aanduiding dat God sy kinders op ŉ dinamiese wyse ontmoet soos dit in die Handelinge 2 kerk gestalte gekry het. Die heilige opbloei van die Pinksterbeweging word teruggevoer na die gebeure wat plaasgevind het met die oorskakeling van die 19de na die 20ste eeu (De Ruiter 2005:1) soos in hierdie hoofstuk bespreek word. Die uitkoms is dat Pentekostalisme in net meer as ŉ honderd jaar die mees belangrike godsdienstige massabeweging in die moderne era geword het (Stephens, 2012: 1). Stephens meld verder dat:

- In Amerika alleen, oor die 30 miljoen volgelinge van Pentekostalisme is (vgl. Wacker, 1995: 440);
- Wêreldwyd word hierdie getal op ongeveer 430 miljoen gereken;
- Hierdie statistieke is verstommend indien in rekening gehou word dat die groei slegs vanaf die wending van die vorige eeu plaasgevind het (Stephens, 2012:1-11).
- Jenkins (2011:79-80) meld verder dat teen die jaar 2000 daar alreeds wêreldwyd ŉ groei van 19 miljoen lidmaattal per jaar in die Pentekostalistiese beweging is. "The center for the study of global christianity states that the number of charismatic/pentecostal believers was 582 million in 2000, potentially rising to over 800 million by 2025".

Anderson (2004:1) sluit hierby aan dat die Pentekostalistiese en Charismatiese bewegings in al hul multifunksionele verskeidenheid die vinnigste groeiende kerke in die wêreld is. Volgens Anderson (2004:1) is Pentekostalisme en Charismatiese bewegings naas die Rooms Katolieke Kerk die grootste numeriese krag in die Christendom.

Bogenoemde stel dat Pentekostalisme ernstig opgeneem moet word. Die vrae oor identiteit eindig altyd iewers op met ŉ geboorte, naamlik waar iemand vandaan kom en die antwoorde op hierdie vrae gee ŉ geskiedenis, ŉ tradisie en ryke erfenis.

Pentekostalisme gryp ook terug na ŉ geboorte en is vandag trots op ŉ ryke, kragtige erfenis wat baie mense se lewe reeds in die geskiedenis aangeraak het en steeds toenemend doen.

ŉ Historiese raamwerk volg waarin ŉ deursigtige fyn lyn getrek word om die Pentekostalisme se bestaansreg te ondersoek en te bekragtig.

### 4.2.1.2 Die vroeë kerk

Anderson (2004:19) maak die volgende uitspraak:

- “The early church was a community of the Holy Spirit, and the freedom of expression and spontaneity of its worship may not have been very different from that of many Pentecostal and Charismatic churches today”.

Anderson (2004:19) meld verder dat profesieë, spreek in tale, genesings, wonderwerke en ander bonatuurlike gawes vandag algemeen by Pentekostalisme voorkom. Hierdie fenomeen is in ooreenstemming met die geskiedenis van die kerk soos in die boek Handelinge beskryf asook met Paulus se lering daaroor in 1 Korintiërs 11-14. Dwarsdeur die eerste 2000 jaar van die Christendom was daar aanduidings van Pentekostalistiese bedrywighede tot en met die vroeë 20ste eeu.

Wat die vroeë kerkgeskiedenis aanbetref is die volgende aspekte relevant:

- Die effek van ŉ nuwe spirituele beweging teen die 150 ste eeu naamlik die Montanisme in die vroeë kerk moet deeglik in oorweging gebring word. Montanus en twee vroue genaamd Prisca en Maximillia het daarop aanspraak gemaak dat hul profete van die Parakleet (die Heilige Gees) was en dat hul geïnspireer is om in die “taal van die Heilige Gees” aan te kondig dat die 1000 jaar vrederyk van Christus spoedig sou aanbreek (Edwards, 1999:43);
- Tertullius (155 n.C-220 n.C.) die bekende Afrika-teoloog was ten gunste van Montanus se beweging;
- Biskop Ignatius het geskryf dat hy die vermoë het om hemelse dinge te verstaan en dat hy hierdie “spesiale gawe” met nederigheid moet onderdruk;
- Die Didaché erken dat die profeet in die Gees spreek en die herder van Hermas is in die Gees weggedra toe hy ŉ visioen gesien het;
- Klemens van Rome vertel die gemeente van Korinte dat die uitstorting van die Gees op hulle gemeente rus;
- Justinus Martyr het gesê : “Now it is possible to see among us women and men who possess gifts of the Spirit of God”;
- Biskop Iraneus van Gallië (130nc – 202nc) skryf oor profesie, uitdryf van duiwels, genesings deur handoplegging en opstanding uit die dood, maar hy vra dat die aksies net in die biskop se kantoor mag plaasvind;
- Klemens van Alexandrië (215nc) verklaar dat ŉ volmaakte man gekarakteriseer word deur die ontvang van die charismata van 1 Korintiërs 12;
- Teen die vierde eeu het die dissipels van “Martin van Tours” hom gerapporteer omdat hy mense genees en duiwels uitgedryf het;
- Na die tyd van Origenes (184nc – 254nc) het meeste Westerse kerke geglo die charismata was vir Bybelse tye. So het Origenes self verklaar dat Paulus met die spreek in tale na Grieks en Latyn verwys het. John Chrysostom (347nc – 407nc) het geglo geestelike gawes was nie meer nodig nie, Augustinus (354nc – 430nc) het aangedui dat spreek in tale tekens was wat met die tyd verander het om by die spesifieke periode aan te pas (Anderson, 2004:19 – 21).

Gevestigde Westerse kerke het Montanisme onderdruk en dus was die voorkoms van sekere “bonatuurlike aktiwiteite” vir eeue onderdruk. Die rede vir die onderdrukking van Montanisme was obsene uitsprake en visioene van hul volgelinge. So byvoorbeeld was daar ŉ profetes wat Montanisme bedryf het en verklaar het dat “Christ came to me as a woman clad in a bright dress”. Teen 867 nC is rapporteer dat daar enkeles van hierdie beweging oorgebly het en is hul in die Katolieke Ortodoksie opgeneem. Die invloed van Montanisme

het beslis by die Pentekostalistiese kerke in die 20 ste eeu byval gevind (Edwards, 1999:43; Walker, 1970:56).

Die Oosterse kerke was egter nie so geslote ten opsigte van charismata nie:

- Monnik Pachomius (346) het in tale gepraat;
- Basil van Caesarea (330 – 379) het gesê dat die charismata saamwerk met die individue in die gemeente;
- Ortodokse kerke het die "bonatuurlike gawes" verwag en ook beoefen. Die spreek in tale is deur die eeue heen slegs toegelaat om in die kloosters beoefen te word (Anderson 2004: 21).

Die geboorte van Pentekostalisme word dus teruggevoer na die gebeure wat in Handelinge 2 afspeel (De Ruiter, 2005:1). Du Plessis (1984:1) stel dit dat die ontkieming van die huidige Pinksterbeweging teruggevoer kan word na die ondervinding van die afwagtende dissipels op Pinksterdag, na die hemelvaart van Jesus. Hierna het die kenmerkende manifestasies van Pinkster verdwyn en slegs sporadiese gevalle van die Pinksterbelewenis het in die vroeë kerk voorgekom.

#### 4.2.1.3 Middeleeue

Vroeër in hierdie hoofstuk is reeds aangedui dat daar 'n afname in ontmoetingsoomblikke tussen God en mens in die erediens gedurende die Middeleeue was. Hierdie afplattings het ook 'n definitiewe effek op die voorkoms van Pinkstergebeure in hierdie tydperk gehad. Anderson (2004:21 – 23) skryf die volgende daaroor:

- Regdeur die tydperk van die Middeleeue het die Oosterse kerke steeds die gawes van die Heilige Gees in die kloosters beoefen;
- Simeon, die nuwe Teoloog (949 n.C. – 1022 n.C.), het een van die invloedrykste geskrifte vir die Oosterse kerke oor die Heilige Gees geskryf. Hy meld dat hy in tale gepraat het. Hy noem ook dat daar 'n verskil tussen die doping met die Heilige Gees en die waterdoop is;
- Gregory Palamas (1296 n.C. – 1359 n.C.) het gedokumenteer oor die ondervinding om God deur die Heilige Gees te ervaar en om die Heilige Gees in ontvangs te neem deur die charismata te beoefen. Dit kan geskied deur handoplegging, genesings, wonderwerke, tale en uitleg van tale, aldus Palamas.

Soos reeds aangedui, was die Westerse kerke se ingesteldheid teenoor hierdie "bonatuurlike fenomeen" totaal anders. Die Rooms Katolieke kerke het openlik die moontlikheid van die charismata ontken. Teen die jaar 1000 nC is charismatiese gawes deur die Rooms Katolieke Kerk as tekens van demoniese aktiwiteit gesien.

> **"Signs of possession are the following: ability to speak in some facility in a strange tongue or to understand it when spoken to another; the facility of divulging future and hidden events: display of power which are beyond the subject's age and natural condition; and various other indications which, when taken together as a whole, pile of the evidence" (Kelsey, 1981: 46).**

Tog te midde van die bogenoemde afplattings en streng verbod op beoefening van charismata, het bonatuurlike aktiwiteit steeds indruk gemaak:

- Die Duitse non Hildegard von Bingen (1098 – 1179) was bekend dat sy vreesloos geprofeteer het en wonderwerke plaasgevind het waar sy opgetree het. Sy het ook in tale gepraat en dit uitgelê (Anderson, 2004:23);
- Bonaventure (1217 n.C. – 1274 n.C.), 'n dissipel van die Francis van Assisi, het gedokumenteer oor die onderwerp "Groei in die Gees". Hy het ook gedokumenteer

dat hy genees is van ŉ ernstige siekte nadat Francis van Assisi vir hom gebid het (Anderson, 2004:23). Du Plessis (1984:23) meld dat in die Middeleeue mistiek, askese, mistiese vervoering en visioene algemene verskynsels was; en

- Vincent Ferrer (1350 n.C.), ŉ Spaanse sendeling in Wes Europa, was bekend vir sy gawes van profesie en genesing en dat hy in staat was om die tale te praat van mense wat hy geëvangeliseer het.

Hierdie was egter geïsoleerde insidente in die lewe van die kerk van daardie tyd. Die charismata is nie gesien as deel van die plan van ŉ normale kerk nie. Tog was die vuur steeds aan die brand wat uiteindelik in Pentekostalisme gestalte sou kry.

#### 4.2.1.4 Die Protestantse Reformasie en die charismata

“Every Pentecostal acknowledges that the Reformation was a work of God" (Burger, 2008:1). Hierdie aanhaling is 'n juiste rede dat baie van die Reformasie se erflatings hul weg na die Pentekostalistiese beweging gevind het soos byvoorbeeld “salvation as a work of free grace based on “sola fida”. (Burger, 2008:1). So ook het meeste van die vroeë Pentekostals vanuit die Reformatoriese tradisie na vore getree (Burger, 2008:1). Twee bepaalde waarhede van die Pentekostalistiese ideologie is egter nooit deur die Reformatoriese vennote opgemeen nie, naamlik die doping met die Heilige Gees en die charismata (Burger, 2008:1). Gedurende die Reformasie was die Gawes van die Gees onbekend (Anderson, 2004: 23). Luther (1483 n.C. – 1546 n.C.) het geglo die spreek in tale is gegee aan die Jode en het verdwyn, derhalwe het Christene nie wonderwerke nodig nie. Calvyn (1509 n.C. – 1564 n.C.) het gesê dat die praat in tale slegs daar was om die prediking van die evangelie in ander tale moontlik te maak en dat God tale en wonderwerke uit die kerk verwyder het (Anderson 2004:23).

Die protestante het ŉ nog groter ontoeganklikheid teenoor die beoefening van geestelike gawes gehad as die Katolieke kerk in hierdie tyd. ŉ Baie belangrike rede hiervoor was die Zwickau-profete onder leierskap van Thomas Mutzer (Du Plessis, 1984:3). Mutzer was geassosieer met die charismata en het wat Luther en die ander Reformatoriese leiers aanbetref ŉ immorele lewe gelei. Hierdie ingesteldheid van die Protestante Reformasie ten opsigte van die charismata het vir vier eeue voortgeleef.

Ten spyte van bogenoemde ingesteldheid, was daar steeds merkwaardige momente met die beoefening van geestelike gawes wat dinamiese ontmoetings tussen God en mens bewerk het. Hierdie momente word voorts bespreek.

##### 4.2.1.4.1 “Klein profete van Cheyennes”

Na die herroeping van die Edik van Nantes in 1685, wat sekere godsdiensvryhede aan die Franse Hugenote gegee het, het die spreek in tale sy verskyning onder die arm deel van die bevolking van Cheyennes gemaak (Du Plessis, 1984:4). Hierdie beweging het bekend gestaan as die “klein profete van Cheyennes” en het vir 10 jaar bestaan. Wonderwerke en profesieë het onder hulle plaasgevind en hulle is selfs vervolg en doodgemaak (Anderson, 2004:24-26).

##### 4.2.1.4.2 Die vroeëre Kwakers (gemeenskap van vriende)

Hierdie beweging is gestig deur George Fox (1624-1690) in Engeland en het klem geplaas op wat hulle “innerlike lig” genoem het. Hierdie “innerlike lig” het die werking van die Heilige Gees beklemtoon en baie “manifestasies” van die Heilige Gees was aanwesig: bewe, spasmas, huil, gesigte sien, profesieë, flou word en spreek in tale (Anderson, 2004:24).

#### 4.2.1.4.3 Edward Irving (1792-1834)

Irving was 'n baie kontroversiële prediker en charismata was 'n kenmerk van sy byeenkomste. Hierdie beoefening van geestelike gawes het ingesluit profesieë en spreek in tale. Orals waar hy gepreek het, het hierdie charismata spontaan voorgekom. Hierdie manifestasies het onder andere in Glasgow en Londen plaasgevind.

Binne die raamwerk van die Pentekostalistiese beweging is Edward Irving gesien as een van die voorlopers van moderne pentekostalisme (Anderson, 2004:24). Een van die belangrikste redes hiervoor is dat Irving beklemtoon het dat die oordeelsdag naby is en dat Christus se tweede koms die duisendjarige vrederyk sou voorafgaan (Hennell, 1988:514). Hierdie ideologie sou 'n fundamentele ideologie in pentekostalisme word. Gepaardgaande herlewings het in Duitsland (Johan Blumhardt, 1805-1180) en ook in Rusland en Armenia (1855) plaasgevind.

### 4.2.1.5 Die Metodiste en "Holiness Movement"

Indien Edward Irving gesien word as een van die voorlopers van die pentekostalisme, kan die rol wat John en Charles Wesley in die wese van Pentekostalisme gespeel het, nie genoeg beklemtoon word nie.

#### 4.2.1.5.1 John en Charles Wesley

John en Charles Wesley was albei kragtige predikers. John was die organiseerder en administrateur van 'n vinnig groeiende beweging en Charles was die "liewe sanger" van die Metodiste. Die Wesley-broers is in Epworth Lincolnshire gebore. Hul vader was 'n stoere kerkman en hul moeder was 'n merkwaardige vrou met 'n baie sterk invloed op haar seuns. John is in 1703 gebore en Charles vier jaar later. Later in 1737 het die twee broers na Georgia vertrek en later in die kolonie het hulle 'n aantal Morawiese Christene ontmoet. Hulle was ontevrede met hul werk in Georgia en keer in 1738 terug na Engeland waar hulle onder die invloed van 'n ander Morawiër, Peter Böhler, gekom het. Binne drie dae het John en Charles albei 'n besondere Christelike ervaring beleef. Charles op Pinkster Sondag en John op 24 Mei 1738 met 'n intense ervaring van God se teenwoordigheid **"I felt my heart strangely warmed"** (Wood, 1988:447; Anderson, 2004:25). Dit het by 'n byeenkoms in Aldersgatestraat in Londen gebeur terwyl 'n gedeelte uit Luther se voorwoord tot Romeine voorgelees is. Dit was die keerpunt van die Evangeliese herlewing. John Wesley het hieroor geskryf: "Wat in daardie klein vertrek gebeur het, was belangriker vir Engeland as al die oorwinnings wat Pitt op land of see behaal het" (Wood, 1988:447).

Die insident het die volgende tot gevolg gehad:

- Alvorens God 'n dinamiese ontmoetingspubliek kon hê, is daar gewoonlik eers 'n dinamiese ontmoeting met die persoon wat God uitsonder vir 'n bepaalde roeping;
- In John Wesley se besonderse geval word hy die vader van die Metodiste;
- John Wesley was oortuig dat elke mens in Brittanje die goeie nuus van verlossing moes hoor;
- John Wesley was oortuig dat almal die goeie nuus moes hoor en daarom het hy hom nie tot sy gemeentes beperk nie, maar oral waar hy 'n geleentheid kon kry om te preek, het hy dit aangegryp (Wood, 1988:447);
- Waar daar teenkanting was, het Wesley op die markpleine of dorpsmeent gepreek (Wood, 1988:447);
- Charles Wesley het in Bristol saam met sy vrou gaan woon (1749) en was 20 jaar toesighouer oor die Metodiste-gemeenskap. Hy word beskryf as die mees begaafde

en onvermoeide gesangskrywer wat Engeland nog ooit opgelewer het. Hy het meer as 7000 gewyde liedere en gedigte geskryf (Wood, 1988:447); en

➢ Prediking en lofliedere het ŉ groot bydrae tot hierdie herlewing gelewer. John Wesley se belangrikste preke, tesame met sy "Notes on the New Testament" vorm die besondere leerstellinge wat die grondslag van die Metodiste kerk vorm (Wood, 1988:448).

Die lering van Wesley het die volgende belangrike aksente gehad:

- ŉ Persoonlike, bewuste besluit tot bekering;
- ŉ Persoonlike ontmoeting met God; en
- ŉ Vaste geloofsoortuiging.

Al drie hierdie aksente van Wesley het deel geword van die praksis van die Pentekostalistiese beweging (Burger, 2008:2; vgl. Edwards, 1999:396).

#### 4.2.1.5.2 Metodisme se bydrae tot Pentekostalisme

Een van die vroeë Metodiste-predikante genaamd Thomas Walsh, het in sy dagboek in 1750 geskryf:

> **"the Lord gave me a language I knew not of, raising my soul to Him in a wonderous manner" (**Anderson, 2004: 24). Reeds vroeg na sy bekering het John Wesley, die vader van die Metodiste-beweging aangedui dat hy persone aanspreek wat gesê het die spreek in vreemde tale bestaan nie meer nie (Anderson, 2004: 24). Die vroeë Metodiste-herlewings was ook gekenmerk deur "manifestasies" van die Heilige Gees. Wesley self het geglo dat die charismata in die eredienste afgeneem het omrede die Ortodokse kerke die gawes gerepudieer het (Anderson, 2004: 25).


ŉ Verder merkwaardige invloed op die pentekostalisme was Wesley se leerstelling oor die **"Second Blessing"** naamlik "a crisis experience subsequent to conversion that he called santification" (Anderson, 2004:25-26). Wesley het gepraat van "Christian perfection" of "perfect love" wat voortvloei vanuit ŉ persoon se bekering. Dit lei dan ook tot ŉ innerlike begeerte by die "nuutgebore" persoon om volmaak soos Christus te wees (Anderson, 2004: 26). Uit hierdie doktrine het die **"Holiness Movement"** in Amerika ontplooi waaruit die Pentekostalisme voortgevloei het.

### 4.2.1.6 Piëtisme

Piëtisme se wortels is gevestig in Lutheranisme (Burger, 2008:1). Edwards (1999:307) sluit hierby aan deur te sê dat binne die Piëtisme Luther as ŉ "Heilige met ŉ groot hart" gesien is.

Alvorens meer breedvoerig op die "Holiness Movement" gelet word, kan die invloed van die Piëtisme op die ontwikkeling van die Pentekostalistiese model nie buite rekening gelaat word nie.

Sonder twyfel is John Wesley sterk deur die filosofie van die Duitse Piëtisme van die 17de en 18de eeu beïnvloed. Skematies word hierdie invloed in Figuur 55 voorgestel.




***Figuur 55: Die invloed van Piëtisme***

Die Piëtisme het aangemoedig dat die mens 'n persoonlike verhouding met God moet hê. Dit is deur die Morawiërs vanaf 1727 beoefen en van hul sendelinge het John Wesley uitgedaag om 'n persoonlike verhouding met Christus te hê. Dit het 'n groot invloed op John Wesley se bekering in 1738 gehad (Anderson, 2004:25). Kühn (1994:624-630) sluit hierby aan en meld die volgende:

- Piëtisme ontstaan met die begin van die 17de eeu in verskeie Europese lande en beklemtoon 'n lewende ervaring van geloof en 'n gemeenskap van geloof;
- Daar word verwys na Phillip Jakob Spener (1635-1705) en die besondere program wat hy vir die beoefening van piëtisme voorgestel het:

    - Bybelstudie en samekomste ten einde 'n ondervinding met God te ontdek;
    - 'n Priesterdom van ware gelowiges in plaas van geloof in die institusionele kerk;
    - Die beoefening van 'n praktiese Christelike lewenstyl;
    - 'n Ekumeniese eenheid tussen alle gelowiges moet bewerkstellig word;
    - Studie in teologie moet fokus op prediking en pastorale sorg; en
    - Prediking moet nie retories wees nie, maar eerder opbouend (Kühn. 1994: 625-626).

Spener het jeugwerk, sosiale werk en sending sterk beklemtoon (Kühn, 1994:626). Die filosofie van Piëtisme het na 'n periode van sluimering 'n direkte invloed op herlewingsbewegings in die kerk gehad.

Piëtisme sluit sterk aan by die moderne Pentekostalisme, naamlik:

- Die basis van Pentekostalisme is 'n persoonlike ontmoeting met Christus;
- Eredienste plaas besondere klem op belewing;
- Die gedagte dat ekumeniese eenheid tussen gelowiges aangemoedig word, is die hart van Pentekostalisme; en
- Prediking is die woord van God aan sy gemeente en word besielend in Pentekostalisme oorgedra.

Piëtisme het die weg vir 'n dinamiese, persoonlike, herlewingsgeoriënteerde ontmoeting met God voorberei wat verder in die **"Holiness Movement"** gestalte gekry het (vgl. Burger, 2008:1).

#### 4.2.1.7 Die tweede evangeliese ontwaking

Orr het reeds in 1952 verklaar dat sonder die 16de eeu se Reformasie en die 17de eeu se Puriteine, daar nie 'n 18de eeuse ontwaking sou wees nie (Orr, 1952:23). Die tweede evangeliese ontwaking het in 1857 in Amerika begin en het na Engeland, sommige Europese lande asook Suid-Afrika versprei. Die man van God wat hierdie ontwaking gedra het, was Charles Finney (1792-1875). Finney het verklaar: "the baptism of the Holy Spirit as an experience distinguisable and following conversion by which holiness is granted to the believer" (Burger, 2008:2). Gebed was die fokuspunt van hierdie herlewing en uit hierdie herlewing is groot manne van toekomstige herlewings soos Dwight C. Moody opgerig (Burger, 2008:2). Moody het ook die doop met die Heilige Gees wat op bekering volg sterk gepromoveer. Uit hierdie leerstelling sou die Pentekostalisme groei wat die doop met die Heilige Gees verder verklaar het met 'n aanvangsbewys dat dit plaasgevind het, naamlik die spreek in ander tale (Burger, 2008:2).

#### 4.2.1.8 "Holiness Movement"

John Wesley se leerstelling van die **"second blessing"** het die **"Holiness Movement"** in Amerika laat ontstaan waaruit pentekostalisme ontstaan het. Een van die mees prominente leiers van hierdie beweging was Phoebe Palmer. Sy het vanaf 1835 gepreek en gesê dat elke ware Christen heiligmaking as ŉ natuurlike ondervinding en belewing moet ervaar (Anderson, 2004:26). Na afloop van die burgeroorlog in Amerika is die **National Camp Meeting Association for the Promotion of Holiness** begin en byeenkomste het vanaf 1867 gereeld plaasgevind. Met verloop van tyd het hierdie byeenkomste al minder Metodisties georiënteerd geraak en is die term pentekostalisme meer gebruik (Anderson, 1994:27). ŉ Gepaardgaande herlewing het in 1857-1858 in die Noordooste van Amerika uitgebreek. Hierdie herlewing het ŉ heiligmakings ondervinding (Second Blessing) met ŉ wêreldwye herlewing wat as die **"latter rain"** bekend gestaan het in verband gebring. Dit sal dan in totaliteit plaasvind voordat Christus na die aarde terugkeer. Hierdie herlewing het beklemtoon dat ŉ magtige uitstorting van die Heilige Gees soos in Handelinge 2 beskryf, weer ervaar sou word voordat Christus sou terugkeer om sy kerk tydens die wederkoms te kom haal. Die ondervinding van die Heilige Gees word in verband gebring met die "krag van Pinkster" en is die fokus van hierdie beweging. Ideologieë wat baie sterk in Pentekostalisme figureer het, was eskatologie en pneumatologie (Anderson, 2004:27).


In der waarheid was die "Holiness Movement" ŉ reaksie op liberalisme en vormgodsdiens wat in die Protestante kerke aangetref was. Gevolglik was hierdie beweging voorstanders van ŉ Bybelse literalisme (Anderson, 2004:27).

In twee van die bogenoemde konsepte sou moderne Pentekostalisme verwoord word:

- Dit was nodig vir ŉ persoonlike en individuele ondervinding of belewing waarop die krag van die Heilige Gees vir dienswerk ontvang kon word; en
- Op hierdie ervaring volg ŉ lewe van heiligmaking sodat die Christengelowige afstand doen van sondige gewoontes en die gelowige ŉ "instrument" in God se hand mag wees om verloregaande siele tot inkeer te roep.

Die bogenoemde is ook fundamentele waarhede vir die uitlewing van ŉ Pentekostalistiese lewenstyl.

ŉ Verdere progressie van die diagram in Figuur 56 uiteengesit.




***Figuur 56: ŉ Progressiewe ontwikkeling van die term Pentekostalisme***

In hierdie diagram word aangedui hoe daar ŉ Goddelike ontmoeting tussen God en die mens vanuit ŉ Pentekostalistiese perspektief bewerk is.

#### 4.2.1.9 Die Keswich konvensies

Dit is ook belangrik om na die Keswich-konvensies wat vanaf 1875 in die English Lake-Distrik plaasgevind het, ondersoek in te stel (Anderson, 2004: 28). Anders as die **"Holiness Movement"** se ontstaan in Amerika, is die Keswich-konvensies eerder deur die protestante hervormers beïnvloed. Hierdie konvensies het by twee aspekte van die Pentekostalisme aangesluit:

- Die ondervinding van die nuwe geboorte; en
- Die ondervinding om vol te wees van die Heilige Gees (Anderson, 2004: 28).

Stephens (2012: 4) maak selfs die aanname dat daar geleerdes is wat glo dat die invloed van die Keswich-konvensies selfs ŉ groter impak as Wesley op Pentekostalisme gehad het. Die Keswich-lede het geglo dat heiligmaking nie nodig is nie. Vir hulle is die doping met die Heilige Gees alleenlik vir dienswerk en nie om die gelowige volmaak te maak nie (Stephens, 2012:4).

#### 4.2.1.10 Die invloed van herlewings op die Pentekostalisme

John Wesley het gesê: **"The world is my parish".** Hierdie woorde het die basis vir herlewings oor die hele wêreld (Kühn 1994: 632) binne die raamwerk van die Pentekostalisme gevorm.

John Maxwell sê: **"a Godly man, with a Godly vision will have a Godly movement"** (Maxwell, 1999:37). Enige beweging in Pentekostalisme word altyd aan herlewings gekoppel. So was daar die groot ontwaking (1743 – 1744) in Amerika met onder andere

Jonathan Edwards en George Whitfield (Kühn, 1994:632). Daar was ook ŉ tweede groot herlewingsbeweging (1797 – 1805) met Timothy Dwight en Charles Finney (Kühn, 1994:632). Wat Finney (1792 – 1876) aanbetref, het hy ŉ ondervinding in 1821 in sy kantoor gehad wat sy lewe verander het. Finney, ŉ prokureur van beroep, het hierdie ondervinding beskryf as ŉ "magtige doping met die Heilige Gees" toe die Gees op hom "neergedaal" het. Finney som dit op as: **"In waves and waves of liquid love"** (Anderson, 2004: 28). In die herlewingsdienste waar Finney betrokke was, was hy sterk ingestel op die teenwoordigheid van die Heilige Gees en op die emosionele belewenis ten tye van die teenwoordigheid. Dwight L. Moody was ŉ volgeling van Finney gewees en het die Young men's Christian Association (YMCA) in 1844 in Londen gestig (Anderson, 2004: 28).

Binne die raamwerk van die Pentekostalisme is herlewings onmisbaar vir ŉ dinamiese, goddelike ontmoeting tussen God-mens, mens-God en mens-mens. Die plek waar die herlewing plaasvind, is niks anders as heilige grond nie. Dit is waar God die inisiatief neem en op die soekende siel se pleidooi om vergifnis reageer deur ŉ ontmoeting wat ŉ radikale verandering in die lewe van die gelowige noodsaak (bekering). Herlewing is ŉ ontmoeting, en verandering wat nie anders kan as om emosioneel beleef te word nie. Hierdie oomblikke is ŉ deel-oomblik wat dan ook aan ander afwagtendes bedien word. Sodoende word ŉ erediens in ŉ kragtige openbaring van God se genade met die mens se smekende reaksie daarop, omskep. Die charismata verbind God met mens en bewerk ŉ ontmoeting soos nooit voorheen beleef is nie.

Pentekostalisme sien herlewing as die werk van ŉ drie-enige God. God word sigbaar in Christus en Christus word sigbaar deur die Heilige Gees wat deur charismata bonatuurlike gawes aan die gelowiges uitdeel om die gelowiges vir dienswerk aan God toe te rus (Hummel, 1993:244).

### 4.2.1.11 "The Divine Healing Movement" se bydrae tot Pentekostalisme

"The Divine Healing Movement" het ook ŉ baie belangrike rol in die ontstaan van die Pentekostalisme gespeel. **Genesing is ŉ sigbare bewys van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens.** Meeste Pentekostaliste en charismata glo dat genesings moontlik is deur gebed en geloof in die Naam van Jesus Christus (Anderson, 2004: 30). Genesing en gebed was deel van Piëtisme. John Wesley het gereeld oor genesings wat by sy byeenkomste plaasgevind het, geskryf (Anderson, 2004: 30).

In die 19de eeu is genesingsbediening sterk beklemtoon. So was daar in Bad Boll Duitsland ŉ genesingsbediening wat vir meer as 30 jaar onder Christopher Blumhardt (1805 – 1880) figureer het (Anderson, 2004: 30). Die term "slain in the Spirit" het ook vanaf 1885 tot stand gekom deur ene Maria Woodworth-Etter. Mense het onbewustelik na die grond geval met gepaardgaande manifestasies en genesings het selfs plaasgevind (Anderson, 2004:31).

#### 4.2.1.11.1 John Alexander Dowie (1847 – 1907)

John Dowie was ŉ bekende genesingsbedienaar teen die einde van die 19de eeu. Hy is in Skotland gebore en was eers ŉ gemeente predikant voordat hy met ŉ onafhanklike genesingsbediening in Australië begin het. In 1888 emigreer Dowie na Amerika en stig die Divine Healing Association in 1890 en die Christen Apostoliese Kerk in 1895. Dowie het ook met ŉ nuusbrief genaamd "Leaves of Heaven" begin wat oor die hele wêreld uitgestuur is. Sy byeenkomste is in sy "Zion's Temple" gehou (Anderson, 2004:31-32).

Dowie was gewortel in die Keswich-tradisie met die gewoontes van ŉ "Volle Evangelie" wat redding, genesing en ŉ heilige leefwyse insluit. Dowie het hierdie Volle Evangelie gepropageer en medisyne en mediese dokters was taboe en varkvleis is ook nie geëet nie (Anderson, 2004:32).

Dowie het in 1901 verkondig dat hy die boodskapper van die verbond is soos geprofeteer deur Maleagi en Elia. In 1904 verklaar Dowie homself as die "Eerste Apostel" van 'n nuwe eindtyd-kerk en noem sy kerk die **Christelike Katolieke Apostoliese kerk** (Anderson, 2004:32). In 1905 was Sion-stad bankrot, het Dowie 'n beroerte gekry en sterwe hy binne twee jaar. Dowie het 'n merkwaardige invloed op pentekostalisme gehad:

- Hy het die Keswich-motief van sending onderskryf en ook sterk in goddelike genesings geglo;
- Baie leiers van die Pentekostalisme kom uit sy ideologie omrede hy 'n wêreldwye visie gehad het; en
- Sy invloed het Pentekostalisme as alternatief tussen liberalisme en fundamentalisme gestel (Faupel, 1993:121, 123, 127, 132-35).

Van belang vir die konteks van die Pentekostalisme is dat die "Zion Christian Churches" hieruit gebore is wat hierna bespreek word. Dowie het mense van alle samelewings aanvaar wat ook deur Pentekostalisme beklemtoon word.

#### 4.2.1.11.2 Frank Sandford (1862 – 1948)

Frank Sandford het in 1894 'n ondervinding met die Heilige Gees gehad waar hy glo hy met krag toegerus is. Hy het 'n Bybelskool gestig en ook 'n nuusbrief gepubliseer getiteld "Tongues of Fire". Sy bydrae tot die Pentekostalisme was onder andere wêreld-evangelisasie Die dinamiek in die ontmoeting lê daarin dat **die oorwinning reeds behaal is.**

#### 4.2.1.12 Charles Fox Parham: Die geboorte-uur van die moderne Pentekostalisme

Ter agtergrond is dit van belang om daarop te let dat Parham (1873 – 1929) 'n onafhanklike prediker van Kansas was wat in 1895 uit die Metodiste kerk bedank het (Anderson, 2004: 33). Die ideologieë van John Wesley het reeds 'n invloed op sy uitkyk in verband met godsdiens gehadsodat die koms van Christus bespoedig kon word. Tekens, wonders en genesings het kragtig in sy bediening plaasgevind (Anderson, 2004:33). Sandford se merkwaardigste bydrae is egter die term "goddelike oorlogvoering". Binne die raamwerk van hierdie term is enige aanslag op 'n mens se geluk, hetsy sondige gewoontes, finansies, siekte en selfs sosiale probleme gesien as 'n direkte aanslag van die duiwel om die gelowige van seën te beroof. Die gelowige tree dan in 'n geestelike oorlog met die duiwel om op God se krag deur die Heilige Gees staat te maak om die oorwinning te behaal. Die gevolg is 'n verdere dimensie van hierdie dinamiese ontmoeting tussen God, mens en Satan. Die gelowige word ook ondersteun deur intersessors (voorbidders) wat vir die gelowige intree sodat God wat reeds die oorwinning deur Sy Seun behaal het, deur die krag van die Heilige Gees die uitkoms gee en bevestig.

Wat hierdie geestelike oorlog aanbetref meld Mostert (2008:63) dat die gelowige op drie aspekte kan reken:

- Die naam van Christus wat die bidder se oorwinning is;
- Die kruis van Christus wat die bidder se verlossing is; en
- Die bloed van Christus wat die bidder se beskerming is.

. In 1898 word Parham van rumatiekkoors genees en begin hy met 'n genesingsbediening (Anderson, 2004:33). Parham het ook 'n nuusbrief versprei genaamd die **Apostoliese Geloof.** Parham proklameer:

- Genesing in die Naam van die gesalfde Christus;
- Wêreldwye herlewing, voor die koms van Christus "latter rain"; en

- ŉ "derde seën" wat meer is as net heiligmaking (Anderson, 2004:33).

Gedurende 1900 ontmoet Parham vir Frank Sandford en was beïndruk met die gedagte dat vreemde tale gegee is om wêreld-evangelisasie te bevorder. Parham was na sy ontmoeting met Sandford oortuig dat ŉ nuwe fase in sy bediening in werking getree het:

- Gevolglik open Parham Bethel Gospel School en 34 studente word toegelaat;
- Parham oortuig die studente dat hulle nog nie ŉ volle uitstorting van die Heilige Gees gehad het nie en dat hulle die Bybelboek, Handelinge, moet bestudeer;
- Nadat die studente gevas en bid het, ontdek hul dat die spreek in tale ŉ bewys van die doping met die Heilige Gees is;
- Op 31 Desember 1900 het die studente gevra dat daar gebid word sodat hulle die doping met die Heilige Gees deelagtig kan word. Om 23h00 op 1 Januarie 1901 het ŉ student Agnes Ozman, Parham gevra om vir haar te bid; en
- Hierop het Ozman in tale gepraat wat later vir Parham soos die Chinese taal geklink het (Anderson, 2004:34).

> **The night between the end of the nineteenth century and the beginning of the twentieth century was indeed the birth hour of Pentecostalism** (Buys, 1996: 60 vgl. Letšosa, 2010:148).

Teen 1905 was Parham baie bekend en het duisende mense al die tale-ondervinding gehad. Parham het sy beweging die **Apostoliese Geloof** genoem (Anderson, 2004: 34).

Die bydrae van Parham tot die Pentekostalisme is as volg:

- Parham word deur sommige geleerdes as die vader van Pentekostalisme beskou; en
- ŉ Besondere bydrae is dat die spreek in tale die bewys is van die doping van die Heilige Gees (Anderson, 2004: 34 – 35).

Daar was egter ook aspekte van sy teologie wat nie in ooreenstemming met die leerstellings van die pentekostalisme was nie soos sy versuim om wêreldwye evangelisasie te promoveer. Die laaste twee dekades van sy lewe was Parham baie stiller en het steeds in Kansas gebly maar is sy lewe deur rassisme gekenmerk en hy het ook by geleentheid die Ku Klax Klan toegespreek (Anderson, 2004:35). Parham se grootste terugslag was sy pogings in 1906 om die Sionstad (Dowie) en Asuzastraat Herlewing (Seymour) te saboteer. Hy is ook in 1907 van homoseksualiteit aangekla wat egter nooit bewys kon word nie (Anderson, 2004: 35).

#### 4.2.1.13 William Seymour: Azusastraat-herlewing

Hummel skryf tereg:

> "Azusa street was an event, an outbreak, a corporate experience similar to Pentecost in Jerusalem" (Hummel, 1993:242).

William Seymour (1870 – 1922), ŉ Afrika-Amerikaanse predikant het vir een maand lank na die preke van Charles Parham agterŉ half geopende deur geluister terwyl Parham in 1905 in Texas bedien het. Aangesien segregasie in die suidelike state van Amerika gegeld het, is dit al hoe Seymour toegelaat was om die byeenkomste by te woon. Parham se lesings oor die doping met die Heilige Gees het ŉ groot indruk op Seymour gemaak. Seymour is na genoemde ondervinding uitgenooi om in ŉ klein Afrika-Amerikaanse "Holiness" kerk in Los Angeles te preek. By die huis waar Seymour gebly het, het sy gasheer Edward Lee hom gevra om hande op hom te lê. Met die handoplegging het hy na die grond geval en in tale

begin praat. Later dieselfde aand het nog sewe mense, insluitende Seymour en sy verloofde, by ŉ byeenkoms in Bonnie Brae-straat dieselfde ondervinding gehad. Hier het Seymour vir ŉ week dienste gehou en daarna ŉ gebou in Azusastraat 312 gehuur. Sy beweging is die **Apostolic Faith Mission** genoem (Anderson, 2004:37).



***Figuur 57: Seymour tweede van regs in die middelste ry***

Kenmerkend van Seymour se byeenkomste was die volgende:

- Daar is gesing in tale;
- Mense val op die grond onder die krag van die Heilige Gees;
- "Slain in the Spirit"; en
- Alle mense was welkom.

Onder andere is die "Assemblies of God" en die "Church of God" uit bogenoemde herlewing gebore (Anderson, 2004:37).

#### 4.2.1.14 Die effek van die internasionale herlewings as dinamiese ontmoetingsgebeure tussen God en mens

Alvorens aandag aan die vestiging van Pentekostalisme in Afrika en Suid- Afrika gegee word, word samevattend gelet op die eienskappe wat die internasionale herlewings op die openbare ontmoetingsoomblik tussen God en mens bewerk het. Uit die aard van die karakter van pentekostalisme is sulke ontmoetings belewenisvol en dinamies. ŉ Paar gedagtes hieromtrent is:

- ➢ Wat die Walliese herlewing in 1904 – 1905 betref, het herlewing onder die myngemeenskap plaasgevind. Daar was 32 000 bekeerlinge en die teenwoordigheid en krag van die Heilige Gees is beklemtoon. Die dienste was lank en sing in die Heilige Gees was algemeen. God se teenwoordigheid is intens aanvaar. Evan Roberts (1878 – 1951) was die leier. Roberts het gepredik dat die doping in die Heilige Gees vir enige herlewing nodig is. Die "latter rain" van Handelinge 2 is verkondig en wêreldwye evangelisasie is gepromoveer (Anderson, 2004: 36);
- ➢ Soortgelyke herlewings het vroeg in die 20ste eeu in Indië, Korea en Amerika voorgekom (Anderson, 2004:36);
- ➢ Die wonder van hierdie herlewings was dat alhoewel die voorkoms daarvan globaal versprei was, sekere ooreenkomste in die liturgiese aktiwiteite oor die wêreld heen aangetref is;

- Geestelike gawes het begin manifesteer onder verskillende denominasies byvoorbeeld die Metodiste, “Holiness Movement”, die radikale protestante;
- ŉ Begeerte om te bid;
- Emosionele belydenis van sonde;
- Manifestasies van die Heilige Gees in baie variëteite, omval in die Gees, lag, huil;
- ŉ Intense begeerte vir evangelisasie; en
- ŉ Verwagting dat die koms van die Here op hande is.

Pentekostalisme met al sy menige vertakkinge is steeds met mekaar verbind deur bepaalde geloofswaarhede. Hierdie geloofswaarhede word gereken as Bybelse suiwerhede wat ononderhandelbaar vir ŉ ontmoeting met God is. Die begeerte dat alle mense gered moet word maak intense dinamiese ontmoetingsoomblikke tussen God en mens noodsaaklik. Dit bewys aan die gelowige mens dat God hom nie verlaat het nie, maar hom innerlik versterk om die boodskap van Mattheus 28: 19 uit te dra.

#### 4.2.1.15 Pentekostalisme in Afrika en Suid-Afrika: winde van verandering

Anderson (2004:103) stel dit onomwonde:

**“Pentecostalism is big business in Africa”**. Die Pinkster- en charismatiese bewegings is sonder twyfel die grootste vorm van Christendom op die kontinent. Whittaker (1984:114) meld dat die groei van die Christendom in Afrika dubbel die groei van die populasie in Afrika is. Dit is die direkte resultaat van die Heilige Gees geïnspireerde ontwakings wat oor die hele Afrika plaasgevind het (Whittaker, 1984:114).

Anderson (2004:103 – 105) meld dat daar in Afrika verskeie variasies van die pentekostalisme aangetref word:

- **Die Afrikaanse Pinksterkerke**

  - Beklemtoon die werking van die Heilige Gees in die kerk; en
  - Profesieë, spreek in tale, genesings en demoniese uitdrywings is deel van erediensbyeenkomste.

- **“African Initiated Churches” (AIC)**

  - Profetiese genesings;
  - “Spirit” of ook “Spiritual Churches”;
  - Pinksterkerke met ŉ klassieke Pentekostalistiese oorsprong wat aan die Azusastraat-herlewing van 1907 in Amerika gekoppel is; en
  - Onafhanklike Pinkster- en Charismatiese kerke wat sedert 1970 orals in Afrika ontstaan het.

Die vraag kan gevra word of die “African Initiated Churches” deel van die pentekostalisme gesien kan word. Jenkins (2011:85) antwoord die vraag as volg:


- Die AIC kerke staan stewig binne-in die Pentekostalistiese landskap. Die rede hiervoor is hul “free wheeling, spirit-filled” aanbiddingstyl; en
- Die AIC aanbidding verteenwoordig al die eienskappe van die Pentekostalistiese spiritualiteit wat regoor die wêreld aangetref word (Ox, 2007:15).

Die ontstaan van bogenoemde variasies van Pinkstergeoriënteerde bewegings het almal 'n ooreenstemmende eienskap, naamlik ŉ teologie of geskiedenis wat aan Pentekostalisme verbind word. Hierdie invloed het op die kontinent ontstaan omrede wêreldwye

evangelisasie as uitgangspunt van die Pentekostalisme ook die weg vir sendelinge gebaan het om die totale spektrum van Afrika te besoek en winde van godsdienstige verandering is tot stand gebring. Die effek hiervan word voorts uit ŉ Suid-Afrikaanse konteks beskou en bespreek.

#### 4.2.1.15.1 Faktore wat die koms van Pinkster na Suid-Afrika begunstig het

Anderson (2004:106) meld dat die vestiging van Pinkster in Suid-Afrika op ŉ tweërleibasis plaasgevind het. Die invloed van Dowie op die Sioniste en die invloed van die herlewing in Azusastraat op die Apostoliese beweging.




***Figuur 58: Faktore wat die koms van Pentekostalisme in Suid Afrika bevorder het***

In 1902 het PL (Pieter) Le Roux (1865-1943), ŉ Nederduitse Gereformeerde sendeling, saam met 400 Afrikane by die Christelike Katolieke Apostoliese Kerk van Dowie ingeskakel. Goddelike genesing en die drievoudige onderdompeling (doop) van gelowiges na bekering is sterk deur Le Roux en sy span beklemtoon (Anderson, 2004:106). Le Roux het met Dowie kennis gemaak deur die nuusbrief "Leaves of Heaven" wat deur Dowie versprei is. Teen 1905 het hierdie Sioniste reeds ŉ sieletal van 5000 bereik en stuur Dowie ŉ sendeling na Suid-Afrika, Daniel Bryant. Nadat Bryant terugkeer na Amerika, het ŉ paar onafhanklike Pinkstersendelinge in 1908, waaronder John G. Lake, die Siongebou in Johannesburg oorgeneem en ŉ nuwe beweging wat as die Apostoliese Geloofsending (AGS) bekend staan, begin. Hierdie beweging is in 1913 amptelik gekonstitueer (Anderson, 2004:106). Le Roux word in 1915 deel van die AGS en word die beweging se eerste president tot en met sy dood in 1943. Met segregasiewette wat in Suid-Afrika ingestel is, het die Sioniste en AGS met verloop van tyd al verder uitmekaar gegroei en as aparte entiteite voortbestaan (Anderson, 2004:107).

#### 4.2.1.15.2 Engenas Lekganyana (1880 – 1948)

Hierdie studie fokus op die dinamiese ontmoeting tussen God en mens en is die verhaal van Lekganyana relevant vir hierdie navorsing. Lekganyana het as ŉ evangelis opgetree nadat hy ŉ stem gehoor het wat vir hom sê dat hy deel van ŉ kerk moet wees wat die doop as drievoudige onderdompeling verstaan. Sodoende is Lekganyana wonderbaarlik van ŉ oogsiekte genees. Lekganyana neem hande met Elias Mahlangu van die Sion Apostoliese Kerk, maar na ŉ ruk begin verskille in sekere kerklike rites hulle uitmekaar te dryf. Daarna, terwyl Lekganyana op ŉ berg bid, ontvang hy ŉ goddelike visioen dat menigtes hom sou volg en in 1917 het Lekganyana profeteer dat Duitsland deur Brittanje verslaan sou word. Nadat die profesie vervul is, het sy volgelinge toegeneem. Na nog ŉ poging om met ŉ ander

predikant Edward Lion, saam te werk, stig Lekganyana die ZCC oftewel die "Zion Christian Church" in 1924 – 1925 (Anderson, 2004:107) met meer as 900 lede. Gedurende 1930 koop Lekganyana ʼn plaas en noem die plaas Moria. Teen 1943 het die beweging reeds 40 000 lede gehad. Lekganyana het die volgende beklemtoon:

- Genesing deur handoplegging;
- Seën van voorwerpe soos stukke klere, papier ens;
- Wat ideologie betref is daar baie ooreenkomste tussen die ZCC en die Apostoliese kerke, maar wat rites betref is daar redelike verskille:
    - Tradisionele godsdienspraktyke vorm ʼn belangrike deel van die uitlewing van Pinkster binne hierdie kerke;
    - Die beweging staan ook in respek vir die geloof in voorvadergeeste;
    - In sommige ZCC kerke word poligamie toegelaat;
    - ZCC kerke hou ook van uniforme kleredrag en simboliek; en
    - Sterk etiese reëls oor die gebruik van drank, tabak en die eet van varkvleis word gehandhaaf (Anderson, 2004:108).

Wat voortreflik is van hierdie verhaal is dat die ZCC uit ʼn dinamiese ontmoeting tussen God en mens gebore is. Binne die raamwerk van hierdie ontmoeting word ʼn persoonlike ondervinding op ʼn bonatuurlike wyse beleef waarin ʼn openbaring plaasvind. Hierdie dinamiek word in die feit dat die ZCC vandag sekerlik een van die sterkste godsdienstige bewegings in Suidelike Afrika is, bevestig. Dit het ook groot invloed in ander Afrika-state soos Zimbabwe en ook Botswana. Die uniekheid van hierdie Pinksterbeweging is dat respek vir volke se kulture, gebruike en gewoontes bestaan. Die ontmoeting gaan uitsluitlik oor God en mens. God is geen aannemer van die persoon nie en die mens is so dankbaar dat God hom liefhet vir wie en wat hy is.

#### 4.2.1.15.3 Die Volle Evangelie kerk van God in Suidelike Afrika

Soos reeds in hierdie hoofstuk aangedui, het die Azusastraat-herlewing in 1907 ʼn rol in die **Assemblies of God** en die **Church of God** se stigting in Amerika gespeel. Die Volle Evangelie Kerk van God in suidelike Afrika het op 28 Maart 1951 met die **Church of God** geamalgameer met beide kerke se ondertekening van ʼn memorandum van ooreenkoms (du Plessis, 1984:124). Du Plessis (1984:6-7), wat navorsing oor die geskiedenis van die Volle Evangelie Kerk van God in suidelike Afrika gedoen het, meld dat daar bepaalde faktore was wat die koms van Pinkster na Suid-Afrika begunstig het, naamlik:

- Teen die helfte van die 19de eeu het die blanke bevolking van Suid-Afrika oorwegend uit plattelandse boeremense bestaan. Die ontdekking van goud en diamante in onderskeidelik in 1866 en 1886 het ʼn ontvolking van die platteland en ʼn toevloei van duisende immigrante tot gevolg gehad;
- Dit het ʼn plofbare situasie laat ontstaan tussen die Britse immigrante en die Boerepubliek van Transvaal wat tot ʼn volskaalse oorlog aanleiding gegee het. Die Anglo Boere Oorlog het van 1899-1902 geduur; en
- Die oorlog veroorsaak ontwrigting van gevestigde maatskaplike en kerklike strukture wat ʼn ryk teelaarde vir die Pinksterverkondiging gebied het.

Betreffende die ontstaan van die Volle Evangelie Kerk (V.E.K), was daar ʼn rypheid dat hierdie herlewing ʼn goddelike oomblik en ʼn goddelike ontmoeting was. Georgie Bowie is die eerste persoonlikheid wat ʼn groot bydrae tot die stigting van die V.E.K. gelewer het. Hy was van Glasgow in Skotland afkomstig. Later verhuis hy na Amerika en soos Bowie dit self stel "… God graciously baptized us in the Holy Spirit" (Du Plessis, 1984: 32). Teen 1909 rig Bowie sy sendingvisier op Suid-Afrika en was hy die man wat die **Pentecostal Mission** as

kerkgenootskap (vanweë sy sendingwerk) gestig het (Du Plessis, 1984:33-34). Minnie Draper het ook 'n bydra tot die V.E.K se stigting gelewer. Sy het ŉ ondervinding van goddelike genesing beleef en word ŉ steunpilaar in die **Bethel Pentecostal Assembly**. Talle sendelinge word uitgestuur. Die V.E.K het dus sy bestaan ook gedeeltelik aan haar te danke (Du Plessis, 1984: 32- 33). Dan was daar Eleazer Jenkins wat die krag van die Here in die Walliese herlewing deelagtig geword het en ook sy sendingywer na Suid-Afrika geneem het. Bowie ontmoet hom in Suid-Afrika en vra dat hy deel van die **Pentecostal Mission** word (Du Plessis, 1984: 37). ŉ Laaste persoonlikheid wat 'n rol in die vestiging van die V.E.K gespeel het, was Archibald Cooper. Hy het as ŉ jong seun dienste in die Metodiste kerk in Engeland bygewoon. Hy bevind homself in 1901 in Kaapstad om militêre diens te doen. In April 1904 woon hy in Kaapstad die **Gipsy Smith's Gospel** tentbyeenkomste by en neem die eerste keer in die openbaar standpunt in vir sy belydenis en lewe vir Christus (Du Plessis, 1984: 38). In die tweede helfte van 1910 het Bowie van die goeie werk wat Cooper doen gehoor en Cooper oorreed om deel van die **Pentecostal Mission** te word.

ŉ Laaste aspek voordat alle aspekte saamgevat word, is die oorweging van vervolging in die Pinksterbeweging. Hierdie vervolging het ook die ontstaan van die V.E.K geraak. Onder die eerste blanke gemeentes wat ontstaan het, was ongeletterdheid en armoede aanwesig. Nuwe bekeerlinge is name soos die **"sekte van wederdopers"** gegee en by menige opelugdienste met tamaties, eiers en dergelike dinge gegooi (Du Plessis, 1984:77). Steeds het goddelike genesings plaasgevind en is ŉ sterk wederkomsverwagting gepredik. Pentekostalisme is bekend vir afsplintering en het dit ook in die **Pentecostal Mission** gebeur. Die gemeente in Pretoria het verdeel en die **Gemeente van God** is gestig. Later sou die twee kerke, naamlik die **Pentecostal Mission** en die **Gemeente van God** amalgameer om op 21 Februarie 1921 die Volle Evangelie Kerk te vorm (Du Plessis, 1984:84). Drie dekades later, ook gedeeltelik weens finansiële oorwegings, amalgameer die V.E.K met die **Church of God** van Amerika op 28 Maart 1951 (en is steeds vandag in plek Du Plessis, 1984: 122).

Met bogenoemde in gedagte is dit merkwaardig dat die winde van verandering wat in Amerika en Europa as gevolg van Pentekostalisme veroorsaak is, ook in Afrika en Suid-Afrika ŉ blywende invloed sou hê. Beide die ZCC en V.E.K is deur hierdie invloede gestig en het hierdie stormwinde die geskiedenis van die kerk op ons vasteland ingrypend verander. Die effek van die woorde van Evan Roberts: **"Buig ons, buig ons, buig ons o Here "** is dus ook in Suid-Afrika ervaar (Du Plessis, 1984:35).

#### 4.2.1.16 Die toekoms van Pentekostalisme

> **"I believe the time has arrived when we must take into account all that is positive in the Pentecostal movement if we have to press further towards along any of the various roads of liturgical renewel, inter-faith dialogue, indigenization of Christianity, experiments in Christian community and group experience, the ministry of healing, especially towards psychotics and addicts, and new approaches to church union" (Taylor, 1972: 201).**

Na slegs om en by 100 jaar is die Christendom in bykans elke land in die wêreld gevestig. Pentekostalisme het ŉ merkwaardige bydrae hiertoe gelewer. Of samestemming met alles wat in die Pentekostalisme gebied word bestaan is nie van belang nie, die feit is dat Pentekostalisme die gang van die Christendom verander het (Anderson, 2004:279).

Coleman (2000:66-69) meld dat daar drie bepaalde redes is vir die vinnige groei van Pentekostalisme:

- Gebruik van die massamedia;

- Sterk sosiale organisasie word geskep deur elektroniese netwerke en megakerke; en
- Globale oriëntasie – "Metakultuur", bedoelende dat hoewel pentekostalisme oor die wêreld heen versprei, sekere eienskappe bestaan wat almal inkorporeer.

Pentekostalisme beloof 'n beter lewe, gee hoop vir 'n beter lewe, gee ruimte vir 'n persoonlike en emosionele ervaring wat van persoon tot persoon verskil, gee ruimte vir toepassing omrede die gedagte oor "vryheid van Gees" erken word en aanvaar alle mense net soos hul is (Anderson, 2004:282).

Grey (2011: 14) sluit hierby aan deur te skryf dat dit vir die hedendaagse mens belangrik is om te weet dat hy spesiaal deur God vir 'n persoonlike ondervinding met die Heilige Gees geroep is. Yong (2009: xiii) meen dat Pentekostalisme vinnig by wêreldveranderings kan aanpas om die boodskap van die evangelie oor te dra.

Hummel (1993:242-262) het ernstig oor die toekoms besin en tot die gevolgtrekking gekom dat Pentekostalisme 'n positiewe toekoms het, onder meer omdat:

- Dit uniek is – dit gebeur onbepland en onverwags;
- Dit oor alle kerkgrense plaasvind;
- Spontane liturgie, nuwe gesange, deelname, die toelating van emosionele uitlewing gebied word; Besondere klem op Skrifstudie geplaas word;
- Die gawes van die Heilige Gees vir almal beskore is;
- Denominasies se grense oorskry word;
- Hoewel die klassieke Pentekostalisme die spreek in tale as bewys van doping met die Heilige Gees gesien het, het 'n verandering ingetree om 'n meer holistiese beeld van die Heilige Gees en die mens te ondersteun. Aspekte soos aanbidding, woordstudie, leefwyse, getuienis, beoefening van enige van die charismata word beklemtoon. In die hedendaagse tyd handel dit dus oor 'n lewe van volheid in die Heilige Gees. **God wil jou volle menswees ontmoet**; en
- Ware christelike ervaring behels 'n doelbewuste ontmoeting van God met waarneembare resultate in die lewens van individue en gemeenskappe (Hummel, 1993:249).

Hierdie aanhaling van Hummel verwoord die Pinksterbelewenis. Dit is 'n bewuste ontmoeting met God wat op lewens- en gedragsveranderinge uitloop. Die dinamika van die ontmoeting is nie slegs die ontmoeting self nie, maar wat die gevolg van daardie ontmoeting inhou. So ontmoet Moses God in die brandende bos (Eksodus 3) en die dinamiek van daardie ontmoeting is dat die lot van 'n volk verander word. Paulus ontmoet God op pad na Damaskus (Hand 9) en die dinamiek van daardie ontmoeting het ingrypende gevolge vir die Christelike geloof. John Wesley, Evan Roberts en vele ander en selfs die gewone man op straat se ontmoeting met God se dinamika is daarin geleë dat die ontmoeting ingrypende veranderings in hierdie persone se lewe tot gevolg het en vir talle andere in die toekoms sal hê.

Daar kan nie 'n eerbare toekomsblik op Pentekostalisme gerig word indien daar nie op die gevare van die beweging gelet word nie:

- Hummel (1993:249-250) gebruik die term **charismania** waarin die geestelike gawes die doel van charismatiese bewegings word. 'n Oorvergeesteliking vind plaas bv. dat kanker as 'n demoniese aanslag gesien word. Dan word 'n "vinnige herstel" mentaliteit gekweek. Skriftekste soos Johannes 8:36 "As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees" word uit konteks gehaal en bevryding in plaas van berading word voorgestel om die menslike gedrag te verander.

- Daar is baie verdeeldheid in die Pentekostalisme. Wanneer daar doktrinêre geskille plaasvind, word verklarings gemaak soos dat die "Here besluit het dat 'n nuwe rigting ingeslaan" moet word. Dit bring die geloofwaardigheid van die "leierskap" in baie van hierdie afstigtings in gedrang. Hummel noem die gebeure **"the Revolving door Syndrome"** (Hummel, 1993:252-253). Dit lei daartoe dat in en uit bewegings voortdurend plaasvind.
- 'n Laaste aspek is die verkondiging van die **"Prosperity Teachings"** wat 'n geweldige impak op hierdie beweging het. Die uitgangspunt is dat dit op alle terreine goed sal gaan met 'n gelowige wat God aanbid. Gevolglik het Pentekostalistiese lering in alle vorme 'n miljoene ter miljoene rande besigheid geword. Manne soos Benny Hinn en Copeland asook Dollar is groot voorstanders van hierdie teologie en hieroor volg verdere navorsing op sy eie. Pentekostalisme kan gebruik word vir eie gewin indien dit menslik gemanipuleer word (Jodison, 2005:42, 43).


Die antwoord is daarin geleë dat die Pinkster teologie verder ontwikkel en meer wetenskaplik nagevors moet word. Elke mens is geregtig op 'n ontmoeting met God. Hierdie hoofstuk het aangedui dat die geskiedenis uitwys dat God so 'n ontmoeting bewerk met dinamiese gevolge. Hierdie ontmoeting moet egter 'n **WARE ONTMOETING** wees sodat die krag van Christus gestalte vir die generasies wat na hierdie een sal volg mag kry:

Whittaker (1984:182) verwoord die hart van pentekostalisme as volg:

> **"The question is, will we be a part of the coming revival or will we fight it, as many did in the past with previous revivals? We are almost at the flashpoint. We must prepare the way of the Lord by humbling ourselves under the mighty hand of God. We must give ourselves to seeking Him in fervent prayer. We must open our hearts and our minds to be ready for the coming visitation when God pours out His Spirit as floods upon the dry ground. We must realise that revival comes 'Not by might, nor by power but by my Spirit, saith the Lord of hosts" (Zechariah 4:6).**

### 4.2.1.17 Die Pinksterdiens as 'n bydrae tot kerkgroei in Suidelike Afrika

Jurgens Hendriks het in 2003 'n belangrike artikel geskryf getiteld **Die Toekoms van die kerk, die kerk van die Toekoms.** Die artikel fokus op die 2001 bevolkingsensus, maar dan word daar 'n verdere toekomsblik op die kerk geskets. Hendriks sluit die artikel af deur na die Handelinge 2 kerk as 'n model van 'n baie suksesvolle kerk te verwys. Die artikel dui ook aan watter lesse by die kerk van die eerste drie eeue geleer kan word, waarby kerkgroei vandag kan baat vind (Hendriks, 2003:13-15).





*Figuur 59*

Figuur 59 toon die persentasies van die SA bevolkingsgroepe aan volgens die 2001 bevolkingsensus. 79% van ons bevolking was in 2001 swart mense en 9.6% blank (Hendriks, 2003:6).





***Figuur 60***

Vanaf 1911-2001 het die persentasie Christene in SA konstante gegroei wat as 79,8% aangedui word (Hendriks, 2003:6).





***Figuur 61***

Figuur 61 vertoon dat die African Independant Churches (AIC's) in totaal 40.8% van die Christelike marksektor verteenwoordig en uit ongeveer 4000 groepe bestaan waarvan die Zion Christian Church byna vyf miljoen lidmate het of 14% van Suid-Afrika se Christene uitmaak (Hendriks, 2003:7). Die ontstaan van die ZCC is reeds in hierdie hoofstuk bespreek.





***Figuur 62***

Figuur 62 toon hoe al die gevestigde kerke wat uit Europa na Suid-Afrika oorgestroom het, die Europese identiteit en teologie behou het maar basies hul markaandeel verloor het (Hendriks, 2003:8).




***Figuur 63***

Die markaandeel van die Onafhanklike Afrika-kerke, Pinkster en ander groepe toon groei tydens hierdie periode (Hendriks, 2003:8).




***Figuur 64***

Die uitstaande kenmerk in die blanke bevolkingsgroep is dat die Gereformeerde en Anglikaanse kerke hulle markaandeel ten gunste van die nuwe generasie Pentekostalistiese/ Charismatiese kerke verloor (Hendriks, 2003:8).

Hendriks meld in die gevolgtrekking van hierdie artikel dat die Gereformeerde kerkgroep skynbaar nie bewus is van die erns van die situasie nie en dat hul markaandeel verloor aan die AIC's en die Pinkster- en nuwe Onafhanklike kerke verloor word (Hendriks, 2003:10).

Hierdie statistiese aannames (Hendriks, 2003:1-10) bevestig en versterk die mikpunte van hierdie studie. Binne die raamwerk van Pentekostalisme is daar merkwaardige bydraes waarby Hendriks (2003:11-13) aansluit ten einde die kerk en die erediens se relevansie weer opnuut te vestig:

- Nuwe lewe begin by God, by bekering (Hendriks, 2003:11). Bekering is sekerlik die mees dinamiese ontmoetingsoomblik tussen God en mens, 'n ontmoeting waarin God die inisiatief geneem het deur die verlossingswerk wat sy enigste Seun bewerk het. Die mens wil op hierdie verlossingwerk reageer wat dinamiese veranderings in sy lewe bewerk en tot gevolg het;

- Die kerk van die toekoms moet sy missionêre wese herontdek (Hendriks, 2003:11). Sou die eerste kerk dit nie gedoen het nie, sou kerk nie eers vandag bestaan het nie;
- Die kerk van die toekoms het nuwe leierskap en `'n nuwe leierskapstyl nodig (Hendriks, 2003:11). Soos in hierdie hoofstuk bespreek is, het Pentekostalisme sy ontstaan aan dinamiese leiers te danke. Manne en vroue het op die stem van God reageer wat tot dinamiese gevolge gelei het. Danksy John Wesley, Seymour en vele ander berus die Pinksterbeweging op sterk charismatiese leierskap.
- Die oprigting van kleingroepe met beklemtoning van interpersoonlike verhoudings blyk die toekoms te wees (Hendriks, 2003:12).
- Die kerk van die toekoms moet fokus op die nood van die gemeenskap (Hendriks, 2003:12). Pentekostalisme het nog altyd klem hierop gelê. Die Walliese herlewings het in 'n myngemeenskap ontstaan. In Suid-Afrika was die herlewing onder die arm blanke myngemeenskappe. Betreffende die AIC's aanbetref was diskriminasie, armoede, uitsluiting nog altyd 'n rede vir 'n ontmoeting met God.
- Die kerk van die toekoms moet leer om diversiteit te hanteer (Hendriks, 2003:12). Pentekostalisme is sekerlik die mees aanpasbare godsdienstige beweging in die wêreld. In Pinkster is "almal nog altyd welkom" en het Pentekostalisme die boustene vir die ekumeniese wêreld gelê.

Sonder twyfel laat die Pentekostalistiese perspektief die erediens herleef tot sy eertydse glorie ontstaan. Hendriks (2003:13) sluit aan by Stark (1997:6-7) en noem die volgende:

- Die kerk het 'n ongelooflike groei na die dood en opstanding van die Here Jesus Christus tot en met die jaar 350 n.C. beleef. Van ongeveer 7000 vervolgde gelowiges in die tyd van Handelinge 2 groei die kerk in 'n periode van 300 jaar teen 40% per dekade totdat hulle 33 miljoen mense uit 'n totale Romeinse Ryk bevolking van 56 miljoen tel.
- Die geheim van die vroeë Christelike kerk was geleë in die sosiale netwerke en interne interpersoonlike verhoudings en lojaliteite veral ten opsigte van die Here Jesus Christus.
- Sekere ander eienskappe van die eerste Christene moet ook gemeld word:

    - Skerp teen rassisme en klassisme;
    - Hardwerkend;
    - Versorg mekaar in liefde;
    - Gesinslewe is hoog aangeskryf; en
    - Getuienis van die huisgemeentes maak hulle anders.

Bogenoemde bevestig en versterk die aanname van hierdie navorsing naamlik dat die geskiedenis van die kerk nie verstaan kan word indien die geskiedenis van die Pentekostalistiese beweging nie in ag geneem word nie. Sterker gestel is dat die kerk 'n baie groot toekoms het as daar geleer en geneem kan word uit die wonderlike verhaal van die ontstaan en groei vanuit die Pinksterraamwerk. Ons kinders gaan in 'n postmoderne tyd leef (Hendriks, 2003:15). Pinkster kontekstualiseer in hierdie tyd in vol fluktuerende emosie die toekoms van God se kerk.

### 4.2.2 Samevattende gevolgtrekkings

- Pentekostalisme is nog altyd met die verloop van die geskiedenis as 'n ontwaking ervaar waarbinne God deur herlewing sy kerk weer oprig;
- Bepaalde boustene is deur die verloop van die geskiedenis in eredienste gelê wat mettertyd aan Pentekostalisme gestalte gegee het;
- Pentekostalisme voer sy ontstaan terug na die uitstorting van die Heilige Gees soos in Handelinge 2 en Paulus se lering daaroor in 1 Korinthiërs 11-14 weergegee is;

- Tydens die geskiedenis van die vroeë kerk het daar slegs sporadiese gevalle van Pinksterbelewenisse voorgekom;
- Tydens die Middeleeue was daar nie net ŉ afplatting in die geskiedenis van die erediens nie, maar ook in Pinkstergebeure en het die Rooms Katoliek Kerk enige beoefening van charismata as demoniese aktiwiteit ervaar;
- Gedurende die Reformasieperiode was daar ŉ teenkantingsingesteldheid teenoor die beoefening van charismata, maar in hierdie tyd word Edward Irving gesien as een van die voorlopers van die moderne pentekostalisme. Hy het ŉ tweede koms van Christus voor die 1000 jaar vrederyk gepromoveer;
- John Wesley, die vader van die Metodisme, het die beoefening van geestelike gawes verder onderskryf en die leerstelling van die "Second Blessing" verkondig wat fundamenteel in Pentekostalisme onderskryf sou word;
- Die opkoms van Piëtisme in die 17de en 18de eeu het die grondwerk vir herlewings voorberei omrede besondere klem op die persoonlike, belewenisgeoriënteerde ontmoetings tussen God en mens geplaas is;
- Met die ontstaan van die "Holiness Movement" is die term Pentekostalisme al meer gebruik en is daar besondere klem op Eskatologie en Pneumatologie geplaas;
- Enige bewegings binne Pentekostalisme word altyd aan herlewings gekoppel en herlewings word as die werk van ŉ drie-enige God wat sigbaar word deur die werking van die charismata gesien;
- Genesing tydens die ontstaan van die "Divine Healing Movement" is as ŉ sigbare bewys van die dinamiese ontmoetings tussen God en mens gesien;
- Binne die Pinksterraamwerk het geestelike oorlogvoering ŉ plek binne dinamiese ontmoeting en is hierdie term die eerste keer deur Frank Sandford (1862-1948) gebruik;
- Die nag van oorgang vanaf die 19de eeu na die 20ste eeu word as die geboorte-uur van Pentekostalisme beskou nadat Charles Parham vir ene Agnes Ozman gebid het en sy in ŉ vreemde taal gepraat het;
- Die Azusastraat-herlewing was soortgelyk aan die uitstorting van die Heilige Gees volgens die weergawe van Handelinge 2;
- Binne Pentekostalisme word dinamiese ontmoetingsgebeure tussen God en mens bewerk sodat die mens mag weet dat God hom nie verlaat het nie;
- Pentekostalisme is die grootste vorm van Christendom in Afrika;
- Die vestiging van Pinkster in Suid-Afrika rus op ŉ tweërlei basis, naamlik die invloed van Dowie en sy Sionbeweging en die invloed van die Asuzastraat-herlewing en gepaardgaande Apostoliese beweging;
- Die winde van verandering wat in Amerika en Europa as gevolg van Pentekostalisme veroorsaak is, het ook ŉ blywende invloed op Afrika en Suid-Afrika gehad. Dit word bevestig deur die gebeure wat aanleiding gegee het tot die stigting van die ZCC en die V.E.K.;
- Pentekostalisme het ŉ positiewe toekoms omrede die dinamika van die ontmoeting tussen God en mens nie net in die ontmoetingsoomblik geleë is nie, maar ook in die resultaat daarvan naamlik die verandering wat na die ontmoeting deur die mens ervaar word en intree;
- Pentekostalisme kan ook gevare vir die toekoms inhou as dit vir eie gewin deur mensgerigte manipulasie aangewend word;
- Pentekostalisme bevorder ŉ ware ontmoeting tussen God en mens met dinamiese gevolge; en
- Pentekostalisme speel ŉ belangrike rol om die geskiedenis van die kerk en die rol van charismata beter te verstaan.

# HOOFSTUK 5

## METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE EREDIENS AS UITDRUKKING VAN DIE DINAMIESE ONTMOETING TUSSEN GOD EN MENS IN DIE EREDIENS

In hierdie hoofstuk word weer eens gepoog om vanuit 'n Pentekostalistiese perspektief aan te dui dat die erediens 'n uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens is.

In Hoofstuk 1 is gestel dat die studie metodologies by die model wat Zerfass vir die Praktiese Teologie ontwerp het, aansluit. Verder is genoem dat die studie op metateoretiese gebied eklekties te werk gaan. Aangesien hierdie studie vanuit 'n Pentekostalistiese perspektief (Hoofstuk 2 en 3) wil aandui dat die erediens 'n uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens is, is dit noodsaaklik om metateoretiese perspektiewe vanuit die grenswetenskappe te ondersoek met die oog op die vorming van praktykteoretiese perspektiewe. Die metode hou in dat toepaslike gegewens uit die Sosiologie, Kommunikasiekunde, Psigologie en Antropologie deur analise en interpretasie geselekteer word ten einde in hierdie navorsing toe te pas. Die dinamika wat as gevolg van hierdie ontmoetings op sosialiseringsvlak (Sosiologie), konneksie- en interaksievlak (Kommunikasiekunde), emosionele vlak (Psigologie) en rituele studies (Antropologie) nagevors is, is van besondere belang.

Met hierdie werkwyse word daar erken dat daar raakvlakke tussen die Praktiese Teologie en die Gedragswetenskappe bestaan (Kruger, 1999:62).

Alvorens praktykteoretiese besinning in Hoofstuk 7 kan plaasvind, moet metateoretiese insigte wat verkry word vanuit toepaslike empiriese gegewens (Hoofstuk 6) ontleed word. Hierdie empiriese gegewens word op 'n kwalitatiewe wyse byeengebring en ontleed, dit wil sê aan die hand van onderhoude wat met 'n gestruktureerde vraelys gelei word (Du Preez, 2006:39). In Hoofstuk 8 sal die basisteoretiese en metateoretiese resultate in 'n hermeneutiese wisselwerking geplaas word om praktykteoretiese perspektiewe te bied. Venter (1996:25) meld dat binne die werklikheid van prakties-teologiese ondersoeke twee refleksiedomeine aanwesig is. Hierdie domeine is die kommutatiewe handelinge in die opskrifgestelde openbaring en die kommutatiewe handelinge in die konkrete bediening (ook in die kerk) daarvan (Kruger, 2002:110).

### 5.1 SOSIOLOGIE

#### 5.1.1 Inleiding

In kort kan Sosiologie as die wetenskaplike studie van die menslike lewe, sosiale groepe, samelewings en die menslike wêreld as sodanig verstaan word (Giddens, 2005:6).

De Klerk en Dreyer (2007:216) bied 'n breedvoerige omskrywing van die sosiologie as 'n wetenskap. Binne die sosiologie kom die sosialisering van die mens ter sprake. Volgens Knuttila (1996:73) is die sosialiseringsproses een van die belangrikste konsepte in die Sosiologie. Sosialisering vind plaas deur middel van menslike interaksie (Schaefer en Lamm, 1997:58). Popenoe et al. (1998:80) beskryf sosialisering as "the process of social interaction through which people acquire personality and learn the ways of a society or group". In ooreenstemming hiermee verklaar Calhoun et al. (1997:120) sosialisering as die

proses waarin ŉ individu die houdings, norme en waardes wat van hom verwag word as deel van ŉ spesifieke samelewing of sosiale groep, aanleer. Sosialisering is dus ŉ noodsaaklike skakel tussen die individu en die sosiale struktuur waarbinne daardie individu leef en dit vind binne ŉ bepaalde sosiale sisteem of gemeenskap plaas. Wanneer hierdie definisie van sosialisering op die geloofsgemeenskap (kerk) as so ŉ sosiale sisteem toegepas word, word die terrein van godsdienstige sosialisering gedefinieer. Van der Ven et al. (1997:867) beskryf hierdie proses soos volg: "…religious socialization refers to the transfer of religious values and norms by one generation to the next".

Dit gaan daaroor dat sosialisering nie ŉ eenrigtingsproses is nie. Schaefer en Lamm beskryf hierdie saak as omgekeerde sosialisering. Omgekeerde sosialisering verwys na die proses waar die mense wat gesosialiseer word terselfdertyd die "sosialiseerder" sosialiseer (Schaefer & Lamm, 1997:73).

Uiteraard is die geloofsgemeenskap die ruimte waarbinne godsdienstige sosialisering plaasvind (De Klerk & Dreyer, 2007:215). De Klerk en Dreyer fokus op die sosialisering van die jongmense in die geloofsgemeenskap waar die hoogtepunt van die godsdienssosialiseringsproses die belydenisaflegging is. Hierdie studie beklemtoon die erediens as ŉ dinamiese ontmoetingsgebeurtenis. Die kernaspek van die godsdienstige sosialiseringsproses is sonder twyfel die ontmoeting tussen God-mens, mens-God en ook mens-mens. ŉ Liturgiese aktiwiteit in die erediens soos die aflê van ŉ sakrament suggereer nie ŉ ontmoeting nie, maar eerder ŉ "weg" wat sodanige ontmoeting bewerkstellig. Hierdie studie verstaan gevolglik die geloofsgemeenskap in die erediens as ŉ Pinkstergeoriënteerde gemeenskap en die godsdienstige sosialisering as die interaksie tussen God en mens en mense onderling met mekaar.

### 5.1.2 Godsdiens as ŉ sosiale wetenskap

Die bestudering van Godsdiens as ŉ sosiale wetenskap het in die laat 19de eeu begin (Calhoun, Rojek & Turner, 2005:284). Die rede daarvoor is dat sosioloë al meer daarvan oortuig was dat godsdiens sentraal tot sosiologie staan.

#### 5.1.2.1 Definisie

Godsdiens verwys na daardie prosesse en instellings wat ŉ bydrae tot die sosiale wêreld maak deur die intellek en wat individue aanmekaar verbind deur ŉ outoritêre sosiale orde (Calhoun, Rojek, Turner, 2005:284). Die Pentekostalisme kan beslis ook uit die oogpunt van hierdie omskrywing verstaan word. Emile Durkheim en Max Weber het die grondwerk gedoen in die bestudering van godsdiens volgens die sosiale wetenskappe met besondere klem op die begrippe "gewyde" en "charisma".

#### 5.1.2.2 Emile Durkheim

Emile Durkheim het sosiologiese ontledings van maatskaplike verskynsels op samelewingsvlak gemaak en daaruit bepaalde insigte van groepsgedrag ontwikkel wat belangrik vir die sosiologiese beskouing is. Durkheim verklaar dat Godsdiens uit die oogpunt van die solidariteit wat in ŉ bepaalde samelewing voorkom, ontstaan het (Steyn & Uys, 1988:32). Gevolglik het Durkheim (1961:20) geglo dat dit sosiologie se taak is om die altyd teenwoordige oorsake waarvan Godsdiens vir verdere voortbestaan afhanklik is, te bepaal. Verder het Durkheim waarde tot Godsdiens toegevoeg deur die volgende aspekte te beklemtoon (Calhoun, Rojek & Turner, 2005:286-288):


- Godsdiens word verstaan as ŉ sisteem van geloof en praktiese aspekte wat verband hou met heilige sake. Hierdie heilige sake is in so ŉ mate belangrik dat dit eenkant geplaas word. Dit vorm dan ŉ sisteem waardeur geloof en praktiese aspekte tot ŉ morele gemeenskap (oftewel ŉ kerk) unifiseer word;
- Godsdiens word verder as ŉ kollektiewe klassifikasie van realiteit verstaan. Dit impliseer dat godsdiens spesiale kennis impliseer wat by kollektiewe gebruike ingesluit word en met emosies bekragtig word;
- Hierdie klassifikasiesisteem vir die sosiologie word as die basis vir godsdiens as ŉ samelewingsaktiwiteit, gesien. Binne godsdiens word realiteit eenvoudig as heilig of onheilig geklassifiseer. Pentekostalisme sluit by hierdie besondere aspek aan. Voortdurende klassifisering binne die godsdiensbeweging is uiters noodsaaklik om in verhouding met die Here te groei. Voorts is daar die doping met die Heilige Gees, die aanvang bewys hiervan is die spreek in vreemde tale (vgl. Burger, 2008:4). Volgelinge in hierdie beweging kan ook geklassifiseer word of hul die doping met die Heilige Gees deelagtig geword het al dan nie.

#### 5.1.2.3 Max Weber

Beide Sosiologie en Godsdiens is deur Modernisme beïnvloed. Binne die Modernisme is drie kardinale konsepte aan Godsdiens gekoppel:

- Die invloed van Godsdiens op die ekonomie;
- Die invloed van Godsdiens op die politiek soos demokrasie; en
- Die invloed van Godsdiens op kulturele ontwikkeling (Calhoun, Rojek en Turner, 2005:288).

Weber het ŉ baie groot rol gespeel in die bestudering van ekonomiese en politieke etos binne die verskillende godsdienste van die wêreld. Weber het van die standpunt uitgegaan dat die Westerse instellings se waardesisteme selfvernietigend is. Hierdie waardesisteme is deur godsdiens aangespreek deurdat die kerk ŉ publieke plek gestig het waar konsepte soos geregtigheid, gelykheid en broederskap ontwikkel. Dit het ook die ekonomie en politiek gestimuleer (Calhoun, Rojek & Turner, 2005:289; Giddens, 2009:679). Skematies kan Weber se ideologie soos in Figuur 59 uiteengesit word.




***Figuur 65: Die kerk as publieke plek***

Weber beklemtoon dat godsdiens ŉ kardinale rol in die handhawing van balans in ŉ samelewing speel. Die kerk as ŉ publieke plek waarbinne eredienste plaasvind, kweek 'n ingesteldheid van verwagting en hoop onder die mense wat deur die ekonomie en politiek

benadeel word. Pentekostalisme lê nie net klem op ŉ Bybelse waardesisteem nie. Dit onderskryf dat God self by die mens betrokke raak deurdat die mens Sy teenwoordigheid ervaar deur die plek wat die Heilige Gees in die lewe van die gemeente (geloofsgemeenskap) inneem.

Weber (1974:241) neem bogenoemde nog verder deur na die begrip charismata te verwys. Volgens Weber dui charismata op die buitengewone vermoë wat in ŉ individu teenwoordig is, sodat hierdie individu toegerus is met bonatuurlike en besondere kragte en kwaliteite.

Die gedagte dat die stratifikasie van godsdienstige charisma die fondasie van wêreldgodsdienste is, is die kern van Weber se godsdiens van sosiologie. So sien Weber dat Christus die leierskap van die Christelike kerk oorgedra het aan die kerk self. Christus se charisma word dus telkens deur die nuwe kerkleiers ingeneem wat ŉ basis vorm waarbinne godsdiens in bepaalde samelewings toegepas word. Binne die raamwerk van die pinkstergeloofsgemeenskap word die kerkleier nog altyd as die gesalfde van God gesien en met baie bewondering bejeën. Hierdie aspek het egter tot menige afsplintering binne die beweging gelei.

ŉ Laaste baie belangrike aspek van Weber waarna verwys moet word, is dat Weber ŉ ruiltransaksie in godsdiens geïdentifiseer het (Calhoun, Rojek en Turner, 2005:290). In ruil vir die kerkleier se charismatiese geskenke (profesie, visioene en genesings) het die kerk iets terugontvang (geld, kos en beskerming).

Hierdie aspek van Weber se Godsdiens van Sosiologie is nog altyd deur die eeue in die pinkstergeloofgemeenskap opgeneem. Vervolgens word aangesluit by skrifgedeeltes soos Galasiërs 6:6: ***"Maar laat hom wat in die Woord onderwys ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee".***


Weber se sienswyse het groot aanklank in die evangeliese revolusie van die 18de eeu gevind. Dit het godsdiens na die massas in die strate geneem. Verder het dit ook polities `'n groot impak op regeringsveranderinge gehad.

### 5.1.2.4 Peter Berger

ŉ Laaste konsep wat binne die Godsdiens van Sosiologie bespreek word, is die idee wat Peter Berger ontwikkel het. Dit staan bekend as die "geestelike supermark" (Calhoun, Rojek en Turner, 2005:292; Roof, 1999:20). Berger beweer dat daar in 'n bepaalde samelewing soveel godsdiensmoontlikhede bestaan, dat individue by verskillende kerke "inkopies" kan doen ten einde al hul geestelike behoeftes te bevredig. In hierdie "geestelike markplein" onderskei Berger vyf subkulture:

- Dogmatiese aanhangers (tradisionele kerkgangers);
- Hoofstroomgelowiges;
- Wedergebore Christene (Pentekostaliste en Charismate);
- Soekers (wat ŉ geestelike mark soek); en
- Sekulariste (kerkloos).

Hierdie model is veral insiggewend betreffende die feit dat binne die raamwerk van die Pentekostalisme en Charismatiese markplein hierdie bewegings hul eie subkulture kan ontwikkel (sien Figuur 60 vir skematiese toeligting):




***Figuur 66: Pinkster en Charismatiese markplein***

Binne die Pinkster- en Charismatiese "geestelike supermark" is die individue op soek na ontmoeting met en belewing van God. Indien ŉ besondere geestelike behoefte nie meer deur ŉ besondere kerk aangespreek word nie, kan die tentpenne eenvoudig uitgetrek word en na 'n plek "waar God, hulle dan ook al stuur" aanbeweeg word. Binne hierdie gedagte is daar ŉ voortdurende in- en uittrek van individue wat "nomade" word omrede hul na ŉ nuwe ontmoeting met God op soek is. Uiteraard lei bogenoemde tot ongesonde wedywering.

### 5.1.2.5 Kontemporêre Sosiologie en Godsdiens

Calhoun, Rojek en Turner meld op ŉ treffende wyse dat daar ŉ groot herlewing van godsdiens in die kontemporêre sosiologie plaasgevind het. ŉ Klemverskuiwing na globalisme (ŉ holistiese wêreldbeeld) het ingetree en veral die Judaïsme, Christendom en Islam opnuut onder die soeklig gebring. ŉ Verval in die hoofstroom Christendom het regdeur die 20ste eeu voorgekom. Te midde hierdie verval het die Pentekostalistiese en Charismatiese kerke egter so gegroei dat wêreldwyd een uit elke 25 mense aan hierdie bewegings behoort (2005:295-296).

Volgens die Sosiologie, word Pentekostalisme verbind met die geskiedenis van die Metodiste (vergelyk hoofstuk 5). In die 18de en 19de eeu het die Metodiste in die samelewings byval gevind omrede die beweging hardwerkend en betroubaar was. Die Pentekostaliste het ook besondere hoë waardes onderskryf, skolastiese opvoeding aangemoedig en selfdissipline toegepas in die nastrewing na individuele heiligmaking soos God verwag. Die Pentekostaliste het ook sosiale aspirasies, is verantwoordelik en baie hardwerkend. Voorts bring Pentekostaliste ŉ psigologiese liberalisme aangesien in ŉ "geestelike mark" beweeg word en geestelike opheffing, sosiale sukses en emosionele gratifikasie bewerk word. Die kontemporêre sosiologie plaas meer en meer klem op verdere in-diepte studie van Pentekostalisme as 'n groep. Die rede vir hierdie motivering na verdere ondersoek is dat Pentekostalisme daarin slaag om individue op ŉ vrywillige basis te betrek en sodoende die kragtigste groei in die godsdienstige geloofsgemeenskap toon. Dus sluit Pentekostalisme by die postmodernisme aan waarin die persoonlike en emosionele bestaan

van die individue erken en waardeer word. Die Sosiologie poog om die dinamiek van hierdie besondere fenomeen vir godsdiens en die samelewing verder te ondersoek.
Bogenoemde word treffend deur Hancock en Tyler (2001:37) saamgevat:

"As we embark upon the second millenium of the Christian calendar, it is perhaps inevitable that we should be on the lookout for signs that western societies are about to undergo some kind of momentous change; that the old order is slipping away fast to be replaced by a brave, or perhaps not so brave new world, a world in which the technological revolution of the previous two hundred years will finally bear fruit alleviating old drudgeries and bringing about new, possibly more emancipated modes of social and economic organization".

### 5.1.3 Die Sosiologie en Liturgiek

#### 5.1.3.1 Inleiding

Binne die Sosiologie word daar ook klem gelê op die liturgie van die Pinksterdiens (Grey, 2011:16). Dit is dus nodig om te bepaal waarom die Pinksterliturgie so 'n besondere, unieke andersheid toon in vergelyking met ander meer tradisionele kerke. Twee moontlikhede word in hierdie verband beklemtoon:

- Pentekostaliste het in die verlede veral hulself as 'n minderheidsgroep ervaar. Brown (1973:4) definieer 'n minderheidsgroep as volg:

"A group of people differentiated from others in the same society by race, nationality, religion or language – who both think of themselves as a differentiated group with negative connotations. Further, they are lacking in power and hence are subjected to certain exclusions, discriminations and other differential treatment".

Vir baie lank is daar na lede van hierdie beweging as 'n sekte verwys en soos in Hoofstuk 5 vermeld, is daar bepaalde negatiewe konnotasies aan diegene wat hierdie tipe godsdiens beoefen het, gekoppel. Ten tye van eredienste, is hul "verdrukking" en "bespotting" uitgeleef in 'n besondere liturgiese aktiwiteit wat hul uniek gemaak en van die wêreld gedistansieer het.

- Die Pentekostalisme het sonder twyfel in die isolasie van segregasie ontwikkel. Aanvanklik het die armes, myners, en die sosiale uitgewekenes aan hierdie beweging behoort. Brown (1973:4) meld dat selfsegregasie binne hierdie groep ontwikkel het, maar die groep is ook van buite gediskrimineer en uitgesluit. Dus het Pentekostalisme 'n eiesoortige liturgiek ontwikkel waarbinne hulle hulself verstaan. Hul het ook 'n taalmedium (spreek in tale) ontvang waarmee hul mekaar kan verstaan en bemoedig.

Hieruit het 'n wêreldwye gemeenskap ontstaan. Hoewel 'n verskeidenheid variasies en organisasies binne die Pentekostalistiese gemeenskap bestaan, word elk verenig deur bepaalde liturgiese aktiwiteite (wat ook as 'n universele taal bekend is) soos die doping met die Heilige Gees, die doop deur die onderdompeling, die oplê van hande en die salwing met olie. God word sodoende deur die aktiwiteit direk ontmoet en ervaar.


#### 5.1.3.2 Rituele

Gevolglik speel rituele 'n baie belangrike rol in die Pinksterdiens aangesien dit 'n eiesoortige identiteit aan die verskeidenheid van groepe gee (Grey, 2011:16). Besondere klem word hier op die koöperatiewe aanbidding geplaas, "the individual seeks for a divine encounter, and the group seeks divine legitimisation of it's normativity" (Poloma, 1989:8).

Die Pinksterliturgie baan ŉ weg na die direkte, intieme teenwoordigheid van God soos elke aanbidder saam met ander aanbidders die aangesig van God soek. Rituele is beslissend om die pad vir so ŉ ontmoeting aan te dui (Grey, 2011:16). Binne die Sosiologie is daar drie belangrike rituele wat deur die koöperatiewe groep gebruik word (vgl. ook 5.4 hieronder):

- **Die Bybel**

Bybelse beelde en simbole is van ontskatbare waarde om die Pinksterdiens te beskryf. Dit is ook fundamenteel tot die Pinksterliturgie. Simbole soos vuur, wind en water word herhaaldelik aan die krag van God gekoppel asook om die teenwoordigheid van die Heilige Gees te demonstreer (Grey, 2011:16). Die volgende diagram word in Figuur 67 voorgehou:




***Figuur 67: ŉ Pentekostalistiese hermeneutiek (Grey, 2011:126)***

Hierdie diagram dui op die belangrikheid van die Bybelse teks vir die Pentekostalistiese leser. Die dinamiese interaksie van persoonlike ondervinding van die leser, die wêreldbeeld (wat skriftuurlik gefundeerd is) en die teks word uitgebeeld. "The text informs the reader, as well as the reader informing the text. These elements are also informing and informed by the value system and worldview of the pentecostal community in which the reader is placed" (Grey, 2011:126). Die Heilige Gees werk in die leser om die Bybel wat antiek is vir sy besondere situasie vandag te verstaan. Sodoende word die teks ŉ simbool wat beide die leser se wêreld met die bepaalde wêrelduitkyk vereenselwig. Vir die Pentekostalistiese gemeenskap kan hierdie Skrifverstaan slegs deur die werking van die Heilige Gees moontlik gemaak word (Grey, 2011:127).

- **Musiek**

Albrecht (1999:149) meld dat musiek, danse, hande ophef, uitlewing van blydskap en hartseer nog altyd deel van die Pinksterrites was. Hierdie rituele skep ŉ besondere atmosfeer vir ŉ ontmoeting met God en berei die weg voor vir die predikant om die boodskap te verkondig en uitnodiging tot bekering te bied. Dit berei ook 'n plek voor vir die deelnemers om op die boodskap en uitnodigings te reageer. Die beweging van die Heilige Gees word intens tydens die lofprysing- en aanbiddingsgeleenthede van die erediens ervaar. Die lofprysings- en aanbiddingsgeleenthede dien ook as ŉ offer aan God om Hom uit te nooi om deur die werking van die Heilige Gees Sy "honger" en "soekende" kinders te ontmoet. Spilka (2005:369) verklaar die volgende oor musiek as aanbidding, naamlik


"Worship is a socio-culturally circumscribed ritual that is sometimes referred to as corporate prayer". Musiek as 'n vorm van openbare aanbidding vereis bepaalde tekens en simboliek om begrip vir die gebeure in die erediens aan die kerkganger te kommunikeer. Die klap van hande, ophef van hande en die bevestigde verbalisasies bind die individue van die pinkstergehoor met mekaar en skep 'n platform vir goddelike ontmoetings.

- **Getuienis**

Binne die bediening van die individue van 'n Pinksterdiens is daar altyd 'n afwagting dat die gawes van die Heilige Gees funksioneer. Hierdie gawes is in 1 Korintiërs 12 uiteengesit en kan die volgende in 'n erediens insluit, naamlik die spreek in tale, profesieë, woord van wysheid, woord van kennis en selfs die onderskeiding van geeste. Die Heilige Gees bied dit aan gewone mense wat hulself as instrument in God se hande beskikbaar stel. Binne die sosialiseringaspek van Pentekostalisme praat die gelowiges 'n taal wat hul aan mekaar verbind. 'n Ontmoeting met die Heilige Gees lei dan tot die uitleg van die taal sodat 'n besonderse dinamiese ontmoeting met God kan plaasvind. Ter afsluiting meld Grey dat die Pinksterbeweging as 'n mondelinge uitreikbeweging (getuienis) begin het. Vanweë konstante groei het die die sosialisering egter meer gestruktureerd geraak. Die gevolg hiervan was dat daar wêreldwyd veelvuldige makrokerke uitgespruit het. Tans is daar weer 'n sterk teruggryp na huiskerke omrede baie pinkstergeoriënteerde individue nie hul spesiale karakter en identiteit wil verloor nie. Pentekostaliste uit 'n sosiologiese oogpunt sien hulself dus ook eerder as 'n beweging as 'n denominasie (Grey: 2011:23).

### 5.1.4 Allokasie en integrasie

'n Verdere aspek van die Sosiologie wat aandag moet geniet word deur Steyn en Uys (1988:134-135) toegelig. Die vloei van kommunikasie is onontbeerlik vir die ontwikkeling van 'n groep. Daar word ook 'n stel gemeenskaplike simbole gebruik in die groep om die boodskap oor te dra. Daar vind **allokasie** plaas. Dit beteken dat verskillende funksies of take aan verskillende persone toegesê word. Dit laat die ontwikkeling van rolle in die groep ontstaan. Die verskillende take word gekoördineer om die groepsdoel in geheel te onderskryf sodat die groepslede op 'n gemeenskaplike wyse geïntegreer word. Skematies word hierdie korrelasie in Figuur 68 voorgestel.




***Figuur 68: Die koördinasie van take in 'n groep***

Deur koördinasie van take word groep
weer gemeenskaplik

Die gedagte van allokasie en integrasie word sterk binne die skriftuurlike raamwerk van die Pinksterbeweging bekragtig. Gedeeltes soos 1 Korinthiërs 12 en Efesiërs 4 het 'n baie spesiale plek in die kerk as die liggaam van Christus. In 1 Korinthiërs 12 praat Paulus onder andere oor die eenheid van die liggaam en die verskeidenheid van lede. Efesiërs 4 handel oor die eenheid van die geloof wat aan lede van die godsdiensgroep 'n besondere plek gee. Die kerk word as die liggaam van Christus gesien, waarvan Christus die hoof is en dat elke lid van die liggaam funksioneel en nie posisioneel aan die kerk behoort. Om hierdie rede dien die lede mekaar en sal die kerk weer met die wederkoms ten volle geïntegreer word. Selfs binne die Pinksterdiens vind daar allokasie en integrasie plaas deurdat die Heilige Gees sekere gawes aan die gemeente allokeer sodat daar integrasie kan plaasvind. Hierdie integrasie het ten doel om mekaar onderling te bemoedig en te versterk.

### 5.1.5 Norme

Deur die verloop van die geskiedenis is die standpunt gehuldig dat Pentekostalisme 'n baie losse, informele beweging is waar daar nie sterk reëls en riglyne gevolg word nie. Dit is egter nie 'n argument wat grondig is nie en bewys bestaan dat Pentekostalisme nog altyd op sterk Bybelse en groepnorme gebaseer is en daarvolgens funksioneer.

Steyn en Uys (1988:135) omskryf 'n norm as 'n gedragsreël wat bepaalde gedrag in 'n groep of ander kollektiwiteit voorskryf, toelaat of verbied. 'n Norm spesifiseer dus die inhoud en/of vorm van die gedrag wat algemeen van die lede in die groep verwag word. Gevolglik help norme met:

- Die ontwikkeling en aanvaarding van fundamentele waardes en doelstellings van die groep; en
- Die ontwikkeling van gedrag vir die bereiking van groepsdoelstellings (Steyn & Uys, 1988:135).

Uit die oogpunt van bogenoemde omskrywing van 'n norm binne die Sosiologie, het daar met verloop van tyd bepaalde norms 'n monumentale plek in die Pinkstertradisie ingeneem. 'n paar van hierdie norme is:

- Bekering;
- Doping met die Heilige Gees;
- Onderdompeling;
- Wegraping voor die wederkoms van Christus;
- Die aflê van sondige gewoontes, en
- Goddelike genesing.

Hierdie norme noop die lede van die groep om hul gedrag ooreenkomstig te kondoneer. Daar word selfs druk op die lede van die groep uitgeoefen om te konformeer. Hierdie druk mag baie subtiel van aard wees en selfs 'n persoon se bewustheid dat sy mening van die meerderheid verskil, mag so 'n persoon onder druk plaas om volgens die meerderheidsiening te konformeer (Steyn & Uys, 1988:142).

Groepsdruk en konformering daartoe speel veral ten opsigte van beoefenaars van die tradisionele Pentekostalisme (bespreek in Hoofstuk 5) 'n belangrike rol. Die Bybel word as die mees belangrike norm daargestel en bepaalde gedrag word eenvoudig vereis. Druk tot bepaalde gedrag behels:


- Die druk om sondige gewoontes te laat vaar;
- Die druk om in tale te praat sodat die doping met die krag van die Heilige Gees ervaar mag word;
- Druk om te glo dat siekte sonde is;
- Heiligmaking;
- Selfs vir persoonlike ontmoeting met God; en
- 'n persoon spesiaal is en bv. gedwing kan word om in die openbaar te getuig al is dit nie in die persoon se aard nie.

Uit 'n sosialiseringsoogpunt word hierdie druk vir sommige ondersteuners van hierdie beweging te veel en vind daar gereelde terugvallings plaas. Hierdie terugval vind gestalte deur persone wat eenvoudig nie glo dat hul goed genoeg vir God is nie of 'n ander gemeente word opgesoek of hul wil nie meer aan enige kerk behoort nie.

### 5.1.6 Kohesie


Groepskohesie staan ten nouste in verband met die mate waartoe 'n aantal persone in 'n eenheid saamgebind word. Kohesie definieer die graad waartoe daar wel groepsvorming tussen 'n aantal persone kan wees. Dus kan daar nie eenheid in 'n groep wees sonder kohesie nie (Steyn & Uys, 1988:153).

Kohesie word skematies in Figuur 69 voorgestel (Steyn & Uys, 1988:155).




***Figuur 69: Wat is kohesie?***


Figuur 70 is 'n diagram wat die bestaansreg van enige groep uitbeeld:




***Figuur 70: Bestaansreg van 'n groep***

Een van die kenmerke van die Pentekostalisme wat negatief van aard is, is onderlinge verdeeldheid en afsplitsing. Die beweging kan dus met erns besin oor die definisie van kohesie wat deur Sosiologie gebied word. Die pinkstergeloofgemeenskap se moraal het egter nog altyd eenheid en samehorigheid bewerkstellig. Immers word aspekte soos bekering, doop, persoonlike ontmoeting met God, die doping, vrug en gawes van die Heilige Gees skriftuurlik gefundeer.

Kohesie is egter nog altyd ŉ probleem en uitdaging. Lidmaatskap en deelname word aangemoedig en tog is daar nie groot geborgenheid nie. Die rede vir die gebrek aan geborgenheid kan toegeskryf word aan individue wat in staat is om vinnig te kan aanbeweeg indien hul geestelike behoeftes nie vervul word of hul deelname erken word nie. Koinonia is ŉ sentrale woord in die Pinksterbeweging wat eenheid, broederskap en familie aandui en bevestig. In die beweging self word daar heel dikwels van "koinonitis" gepraat. Onderlinge jaloesie en tweespalt veroorsaak dikwels verdeeldheid. Die verdeeldheid lei tot skeuring wat algemeen voorkom, selfs by die groter makrogemeentes. Binne die pinksterraamwerk met sy nimmereindigende groei is daar sterk kompetisie en wedywering. Dit lei daartoe dat eenheid dikwels gepreek word, maar nie ervaar word nie. Koinonitis verwys juis na die begeerte om nuwe lede te verwelkom, maar sodra die lede inskakel word daar ŉ gevoel van onhuislikheid geskep omrede daar ŉ onderlinge vrees is dat hul "spesiale plek" in die kerklike opset deur die nuwe lede ingeneem mag word:




***Figuur 71: Eenheid en verdeeldheid in die brief aan die Galasiërs aangedui***

Paulus was in die skrywe aan die Galasiërs bewus van hierdie probleem en spreek dit aan. Die Sosiologie probeer ook ŉ bydrae maak om groepskohesie te bewerkstellig. Die volgende aspekte word vervolgens genoem ten einde kohesie te bevorder en te bewerk:

- Deur groepsnorme in te stel om te konformeer sodat ŉ groepsgevoel bewerk kan word;
- Om tydens die inisiasieproses die nuwe lede in so ŉ mate deel van die groep te maak dat hulle nie in die toekoms bedreig sal voel deur enige veranderings nie;
- Om ŉ prestige-sisteem binne die groep te ontwikkel waarbinne bevordering in die groep moontlik is;
- Leer die lede om mekaar te aanvaar al is daar verskille. Die krag van eenheid is juis gesetel in diversiteit (vgl. 1 Kor. 12:12 – 31);
- Aansporing om hul volle potensiaal in die groep te bereik. Soos Moll tereg (2012:225) noem is motivering iets wat sonder verpligting gegee word;
- ŉ Duidelike visie wat effektiewe kommunikasie behels; en
- Betrokkenheid en interaksie om ŉ groepsgevoel tot stand te bring.

### 5.1.7 Bydrae deur die Sosiologie

Vir die uitdrukking van die erediens as ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en Sy geloofsgemeenskap vanuit ŉ Pentekostalistiese perspektief is die volgende belangrik:

- Sosiologie is ŉ studie van sosiale groepe, en godsdiens word ook deur sommige sosioloë as van belang beskou;
- Die bestudering van Godsdiens as ŉ sosiale wetenskap het in die laat 19de eeu begin;
- Durkheim en Weber is as grondleggers van hierdie wetenskap beskou. Durkheim se klassifikasiesisteem vind aanklank in die Pinksterbeweging omrede lede geklassifiseer word op grond van hul persoonlike verhouding met die Here;
- Weber het ŉ ruiltransaksie in die Godsdiens geïdentifiseer. In ruil vir die kerkleiers se charisma (gawes van die Heilige Gees) ontvang hul geld, geskenke en beskerming van hul lede. Hierdie ruiltransaksie funksioneer in enige geloofsgemeenskap, maar beslis ook in die pentekostalisme;
- Peter Berger ervaar dat daar binne die beoefening van Godsdiens “geestelike markpleine” is waarbinne die individue “inkopies” kan doen om hul geestelike behoeftes te bevredig. Pentekostalisme is ook so ŉ “inkopiesentrum”;
- Wat die kontemporêre Sosiologie van Godsdiens aanbetref, word melding gemaak dat alhoewel daar ŉ afname in die hoofstroom Christelike beweging in die 20ste eeu is, die Pentekostalistiese en Charismatiese beweging gegroei het;
- Binne die Sosiologie is die Liturgiek van die Pinksterdiens van belang. Pinkster het ŉ eiesoortige liturgiek ontwikkel en kan ook aan hul geskiedenis as ŉ minderheidsgroep en selfsegregasie gekoppel word. Dit het hul ŉ unieke stel rituele laat aanneem;.
- Die Bybel, musiek en gawes van die Heilige Gees is belangrike simbole in die Pinksterdiens;
- Die terme allokasie en integrasie funksioneer nie net in die Sosiologie nie, maar is ook kardinaal in Godsdiens omrede die Heilige Gees sekere gawes aan die kerk allokeer sodat die gemeente gebou en gestig kan word met die oogmerk dat integrasie kan plaasvind;
- Die Pinksterbeweging aanvaar die Woord van God as absolute norm en soms word oormatige druk op groepslede geplaas om hierdie norm te handhaaf;
- Sosiologie ervaar groepskohesie as eenheid, wat nog altyd moeilik haalbaar binne die Pentekostalistiese beweging was. Nuwe lede word aangemoedig om lidmate te word, maar deelname word dikwels ontspoor omrede bestaande lede bedreig voel en vrees dat hul “spesiale plek” in die liggaam van Christus hul ontneem sal word; en
- ŉ Duidelik omlynde visie kan help om groepskohesie aan te moedig.

## 5.2 KOMMUNIKASIEKUNDE

In hierdie afdeling word op toepaslike gegewens aangaande die tema van hierdie studie vanuit Kommunikasiekunde gefokus. Spesifiek word verwys dat die erediens ŉ uitdrukking is van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens vanuit ŉ Pentekostalistiese perspektief.

### 5.2.1 Omskrywing en definiëring van kommunikasie

Om die begrip kommunikasie te probeer omlyn, word ŉ aantal outeurs se siening van kommunikasie ondersoek.

Litfin (1981:16) meen dat effektiewe kommunikasie nie net vir Christene noodsaaklik is nie, maar vir alle mense in alle situasies belangrik is. Vanuit ŉ pragmatiese hoek beskou, moet alle lede van ŉ gemeenskap met mekaar oor die weg kom en effektiewe kommunikasie is die beste instrument waaroor ons beskik om dit te doen.

Plug *et al*. (1986:183) stel dat kommunikasie die oordra van inligting van een organisme na 'n ander impliseer. Hierdie kommunikasie geskied deur middel van een of ander simbool- of tekenstelsel, byvoorbeeld deur spraak of gebaretaal. Louw (1986:592) benadruk dat kommunikasie van so 'n aard moet wees dat dit 'n persoon se aandag trek en boei.
Dingemans (1991:137-138) wys op twee kommunikasieterreine, naamlik massakommunikasie waar een spreker baie mense tegelyk toespreek of waar mense deur die massamedia bereik kan word. Die ander vorm van kommunikasie is persoonlike kommunikasie wat een-tot-een-kommunikasie impliseer en slegs in klein groepies kan plaasvind.

Bang (2004:122) stel dit weer dat kommunikasie 'n gespreksooreenkoms (transaction) tussen 'n sender en ontvanger is. Hierdie gespreksooreenkoms kan nie staties wees of verstaan word uit die oogpunt van 'n individuele handeling nie. In wese moet kommunikasie as dialoog gesien word.

Vir Beebe (2005:6) dien kommunikasie as sinsontsluiting. Menslike kommunikasie is die proses om sin te maak van die wêreld en daardie singewing met ander mense te deel deur betekenis te skep. Hierdie betekenisskepping word deur die gebruik van verbale en nieverbale boodskappe bewerkstellig.

Hierdie studie fokus op ontmoetingsgebeure en dui kommunikasie ook op interaksie of handelingsgebeure.

In sy eenvoudigste vorm is kommunikasie 'n proses of handeling wat tussen verskillende mense plaasvind (Marais en Nieuwmeijer, 1989:6). Bennis, Schein, Steel en Berlew beklemtoon die interpersoonlike verhoudinge wat met kommunikasie plaasvind:


"Almost any change in behaviour, beliefs, attributes and values is mediated by interpersonal relationships of one kind or another" (1968:111).

Kommunikasie probeer in enige vorm 'n ontmoeting tussen twee of meer persone bewerkstellig. Adams en Galanes (2003:50) bevestig hierdie aspek deur te verklaar dat kommunikasie na mense se persepsies, interpretasies en reaksies op tekens wat deur ander mense produseer is, verwys.

Vir Adams en Gadanes (2003:50-55) is daar ses karaktertrekke wat aan kommunikasie gekoppel kan word, naamlik:

- ✓ **Simbole –** Verteenwoordig aspekte wat nou verband hou met die aspek wat werklik gekommunikeer word;
- ✓ **Proses –** Alles wat kommunikasie behels soos die bron, sein en ontvanger;
- ✓ **Persoonlik –** Die persone wat kommunikeer is persoonlik betrokke;
- ✓ **Multidimensioneel –** Kommunikasie kan gelyktydig deur meer as een bron plaasvind;
- ✓ Daar is altyd 'n sender en 'n ontvanger; en
- ✓ Enige kommunikasie het inhoud.

Figuur 72 hieronder dui die wisselwerking tussen ontmoeting en kommunikasie aan.




***Figuur 72: Wisselwerking tussen ontmoeting en kommunikasie***

Hierdie wisselwerking bewerk ʼn besondere dinamika waarin beide ontmoeting en kommunikasie gestalte vind. Van Schoor (1982:16-18) maak ʼn paar belangrike opmerkings oor religieuse kommunikasie wat kortliks genoem word:

- Plato verwys na kommunikasie as ʼn etiese kwessie. Dit is op hierdie etiese grondslag van kommunikasie waarop Kierkegaard in die 19de eeu sou voortbou om die klassieke model vir kommunikasie in die 20 ste eeu voor te berei;
- Kierkegaard het geglo dat kommunikasie aan die innerlike van die individu uitdrukking gee. Sodoende word die mens aan sy innerlike herinner; en
- Kierkegaard glo ook dat religieuse kommunikasie slegs uitgevoer word wanneer die mens hom op die etiese vlak van bestaan bevind.

Slegs as bogenoemde gebeur kan God geopenbaar word. Die besluit om homself te wees, maak dit vir die individu moontlik om van sy aardse situasie na God te "spring" (Van Schoor, 1982:18).


Binne die raamwerk van die religieuse kommunikasie is dit moontlik dat God en mens kan ontmoet en kommunikeer. Sodoende impliseer kommunikasie ook vir die gelowige ʼn goddelike ontmoeting.

### 5.2.2 Enkele kommunikasiemodelle

Om die funksionering van die prosesse binne die kommunikasie toe te lig word vier kommunikasiemodelle wat besondere interaksies binne die Kommunikasiekunde uitbeeld, kortliks bespreek. Die eerste model is dié van Litfin (1981:19-21), daarna word ʼn model van Dingemans (1991:147) en ʼn model van Marais en Nieuwmeijer (1989:8) bespreek. ʼn Geïntegreerde model vir dinamiese ontmoeting en beïnvloeding vir die erediens word laastens voorgestel.

#### 5.2.2.1 Litfin se model vir basiese kommunikasie

Litfin (1981:18) benadruk dat kommunikasie op eenvoudigste gestel drie stappe behels, naamlik ʼn bron wat 'n boodskap in 'n sein enkodeer, hierdie sein word versend en die ontvanger dekodeer dit om die boodskap te ontvang.




***Figuur 73: Litfin se basiese kommunikasiemodel***


Litfin (1981:18-19) benadruk dat die mate waarin die sein wat deur die ontvanger ontvang word, ooreenstem met die boodskap wat die bron beoog het, bepaal of kommunikasie wel plaas gevind het. Twee belangrike aspekte is hier ter sprake:

- Elke kommunikasiehandeling geskied op sy eie; en
- Tussen die sender van die boodskap en die ontvanger is daar 'n sein. Dit is van belang dat die sender en die ontvanger begrip vir mekaar het.

Hierdie basiese kommunikasiemodel van Litfin kan ook as 'n kommunikasiemodel vir die ontmoetingsoomblik in die erediens tussen God en mens dien. God kan in verband gebring word met die bron wat met die hoorder (ontvanger) wil ontmoet. God neem die inisiatief en die hoorder het die geleentheid om daarop te reageer. Die sein is die vorm van kommunikasie wat deur God ingestel word om die ontmoeting in die erediens moontlik te maak. Hierdie mediums kan prediking, musiek en binne die Pinksterdiens, die gawes van die Heilige Gees wees.

#### 5.2.2.2 Dingemans se interaksionele simboolkommunikasie


Dingemans (1991b:147-152 vgl. Leuschner, 2004:202) se interaksionele simboolkommunikasie kan ook indirekte kommunikasie genoem word. Hierdie manier van kommunikasiemodel veronderstel dat daar 'n verbintenis tussen die hoorder en die spreker oor 'n bepaalde saak is en dat hul saam daaroor met mekaar sal wil gesels.


*Figuur 74: Dingemans se interaksionele simboolkommunikasie*


***Figuur 74: Dingemans se interaksionele simboolkommunikasie***

Spreker A en B voer gesprek oor saak X. Die vraag is of saak X die boodskap oor die saak verstaan soos dit bedoel is. Juis om hierdie rede vind uitruiling van tekens en simbole plaas (Leuschner, 2004:202). Die gebruik van tekens en simbole is gewoonlik in ŉ bepaalde kultuur ingebed. Betreffende die erediens, is kommunikeerder A die prediker en B die gemeentelede (oftewel die hoorders). Die gemeenskaplike belang is dat 'n ontmoeting met God plaasvind (dus X). Die Pinksterbenadering tot die erediens sal dan veronderstel dat die werking van die Heilige Gees in die simbole vir die gemeentelede verstaanbaar maak asook die weg vir ŉ dinamiese ontmoeting met God baan. Die gemeentelede (B) hoor die oproep van die prediker (A), naamlik ŉ uitnodiging om op God se teenwoordigheid te reageer (die boodskap wat oorgedra word). Eers nadat die Heilige Gees deur ŉ simbool soos profesie die boodskap aan die gemeentelede bevestig het, word ŉ ontmoeting met God bewerkstellig. Simboliek in die Pinksterdiens neem verskeie vorme aan, die gawes van die Heilige Gees, salwing met olie, handoplegging, kniel, of dit wat nodig is ten einde te reageer op die oproep tot 'n ontmoeting met God.

#### 5.2.2.3 Marais en Nieuwmeijer se model vir beïnvloedingskommunikasie




***Figuur 75: 'n Grafiese voorstelling van gemeenskaplike betekenis***

In enige kommunikasie probeer twee persone ŉ ontmoeting bewerkstellig (Marais en Nieuwmeijer, 1989:8). Persoon een (P1) en persoon twee (P2) het met die verloop van tyd nader aan mekaar beweeg. Die geskakeerde area verteenwoordig dus die gemeenskaplike betekenis wat beide aan die ontmoeting of kontak heg. Hierteenoor het persoon drie (P3) in voorstelling (ii) persoon vier (P4) manipuleer oorreed om die betekenis wat persoon drie aan die saak heg, te deel (Marais en Nieuwmeijer, 1989:8). Indien die een party probeer om die ander party te oorreed om die verandering sy standpunt aan te neem, word gemeenskaplike betekenis behaal en kan dit as kommunikasie met die doel om te oorreed of the beïnvloed bestempel word (Marais en Nieuwmeijer, 1989:112).

Hierdie model het besondere waarde vir kommunikasie binne die erediens. Die ideaal in enige erediens is om 'n ontmoeting tussen God en mens te bewerk waarvan die teenwoordigheid van God die mens (hoorder/gemeentelid) positief tot 'n lewe aan God gewy, beïnvloed. ŉ Klagstaat wat nog altyd teen die Pinksterbeweging gebied is, is dat die ontmoetingsoomblik tussen God en mens emosioneel gemanipuleer kan word. Die gevolg hiervan is dan dat daar nie ŉ ware ontmoeting tussen God en mens plaasgevind het nie, maar dat die mens (hoorder/gemeentelid) deur manipulasie oortuig word dat ŉ ontmoeting wel plaasgevind het. Gevolglik word ŉ emosionele belewenis aan enige ontmoetingsoomblik met God gekoppel, bv. ŉ gelowige moet oor presiese ŉ dag en datum wat bekering plaasgevind het, beskik. Nog 'n voorbeeld is dat die omval in die Gees (waar persone nie staande kan bly in die teenwoordigheid van die Here nie) wat manipuleer kon word deur die euforie van die oomblik. Sekere goddelike genesings waar ŉ persoon op die oomblik van gebed huppelend oor die genesing getuig, maar ŉ paar dae later weer siek is. Hierdie tendense in sommige Pinksterkerke het skeptisisme oor die egtheid van die ontmoeting

tussen God en mens laat ontstaan. ŉ Oplossing vir hierdie manipulerende gedrag word in die volgende model aangebied.


### 5.2.2.4 ŉ Geïntegreerde model vir dinamiese ontmoeting tussen God en mens tydens die erediens

Kommunikasie is ontmoeting en ŉ ontmoeting is kommunikasie, soos vroeër skematies voorgestel is. Hierdie kommunikasie as ontmoeting kan lineêr van aard wees. Dit kan selfs sirkelvormig wees en in sekere gevalle is daar tekens en simbole om die proses te vergemaklik. Ongeag die hoek van waaruit die ontmoeting tussen God en mens beskou word, speel kommunikasie ŉ pertinente rol in die erediensgebeure asook om doeltreffende ontmoetings tussen God en mens te bewerk.

Die volgende model word voorgehou om te help dat ŉ dinamiese ontmoeting in die erediens interaksionêr tussen God en mense kan plaasvind.

God is die bron wat nog altyd met die verloop van die geskiedenis die inisiatief geneem het om met die mens te kommunikeer en te ontmoet. Na Christus se sterwe, opstanding en hemelvaart word die Heilige Gees aan die kerk as sein gegee om weer ŉ ontmoeting met God en mens te bewerkstellig. Allereers inspireer die Heilige Gees die Woord van God. Die Woord (aanwesig in die erediens) oorreed die prediker, wat op sy beurt die liturgiese aktiwiteite soos seënbede, gebed en sang instel ten einde die gemeentelede (hoorders) te inspireer om met God in interaksie te tree. Hierop inspireer die gemeentelede mekaar ook onderling tot 'n ontmoeting met God. Die erediens word die ontvanger van al hierdie fasette wat saamwerk sodat ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en mens in die erediens kan plaasvind.

***Figuur 76: Model vir Dinamiese ontmoeting en beïnvloeding/oorreding in die erediens***



### 5.2.3 Die noodsaaklikheid van kommunikasie as ’n wyse om ’n verbintenis te vorm wat ’n ontmoeting met God bewerk

Met die oogmerke van hierdie navorsing in gedagte word gefokus op die werk van Maxwell in 2010 oor kommunikasie as 'n wyse om konneksie of verbintenis te bewerkstellig. Die werk beklemtoon dat kommunikasie ontmoetings bewerk om 'n impak op mense se lewens te hê. Die afdelings waaronder die inhoud oor kommunikasie en konneksies bespreek word, word uiteengesit. In die inhoud word deurgaans besondere klem geplaas op die spreker en die gehoor (gemeentelid) as deurslaggewende elemente vir ’n ontmoetingsoomblik met God in die erediens.

5.2.3.1 Inleiding
5.2.3.2 ’n Model om konneksievorming moontlik te maak
5.2.3.3 Gemeenskaplike belange skep ’n konneksie tussen mense
5.2.3.4 Die vier bestanddele vir konneksievorming
5.2.3.5 Die inspirasie vergelykingsformule – ’n ontmoeting word bewerk

#### 5.2.3.1 Inleiding

Maxwell (2010:11) sien konneksievorming as die vermoë om met mense te identifiseer en te kommunikeer. Hierdeur word aansluiting by mense gevind sodat invloed op hulle kan toeneem en oorreding makliker kan plaasvind. Volgens Maxwell help konneksievorming in so 'n mate die mens om te kommunikeer, dat dit ’n bepalende faktor in die bereiking van hulle potensiaal is.

Die raakpunte met die oogmerke van hierdie studie kan ’n verdere bydrae lewer. ’n Ontmoeting tussen God en mens is ook ’n konneksie oomblik waarbinne God die mens op 'n dinamiese wyse aanraak. Hierdie dinamiese aanraking is ’n ontmoeting wat blywend in daardie persoon se lewe is. Verder word die persoon se potensiaal ontwikkel omrede ’n ontmoeting met God die mens se lewe verryk. Daarnaas vind daar verdere konneksies tussen al die persone wat God ontmoet het, plaas. Dit het ’n impak op die geloofsgemeenskap wat hul roeping vir God en kerk volkome kan volbring.


#### 5.2.3.2 ’n Model om konneksievorming moontlik te maak

Konneksievorming berus op die vermoë om op alle vlakke te kommunikeer (Maxwell, 2010:12).

Indien persone oor die vaardighede beskik om die volgende aspekte toe te pas is dit moontlik om konneksies te versterk.

- Hul moet in staat wees te kan beskryf waarheen hul op pad is (Visie);
- Hul moet mense kan oorreed om saam op hierdie pad te gaan (Konsensus);
- Hul moet op ’n persoonlike vlak konneksie kan vorm (Charisma); en
- Hulle moet geloofwaardig wees, dit wil sê doen wat hul se hul gaan doen (Betroubaarheid).

Hierdie aspekte bevorder ’n persoon se kommunikasievaardighede vir konneksievorming. Figuur 77 gee 'n skematiese beeld van die model:




***Figuur 77: Konneksievorming as kommunikasiemodel***

Maxwell (2010:15) verklaar onomwonde:

“Ervaring is nie goed genoeg nie, om suksesvol te wees, moet mense goed kan kommunikeer en konneksievorming is deurslaggewend”. Maxwell (2010:12) bewys verder dat die mees suksesvolle presidensiële kandidate in die geskiedenis van Amerika in konneksievorming geslaag het omrede hul kommunikasievaardighede op die beginsels van bogenoemde model berus het. Die aanname vir God se kerk is beslissend: die kerk het goeie konneksievormers nodig sodat ’n ontmoeting met God bewerk kan word. Dit hang veral af van die prediker wat verantwoordelik is om doeltreffend te kommunikeer. Robinson (1980:142,143) stel dit **“a Mist in the pulpit will create a fog in the pew”.**

### 5.2.3.3 Gemeenskaplike belange skep ’n konneksie tussen mense

Norman Vincent Peale, pastoor en skrywer het gesê: “Ek kan ’n boodskap oordra omdat ek lief is vir mense en hulle wil help” (Maxwell, 2010:46).

Maxwell (2010:129) meld dat die eerste reël vir kommunikasie, die belangrikste faktor wat die deur van kommunikasie oopmaak, sal wees om te soek na ’n gemeenskaplike terrein wat ontmoeting moontlik kan maak. Die Middeleeuse geleerde Thomas Aquinas het gesê: “Om mense te bekeer, moet jy hulle hand neem en hulle lei”. Sonder twyfel moet mens bereid wees om van sy eie wêreld na hulle wêreld te gaan (Maxwell, 2010:145).

Konneksievorming met ’n gehoor beteken ook dat die hoorders die belangrikste bate in die erediens is. Indien die prediker konneksie met die gehoor op ’n gemeenskaplike terrein kan vind, word die geleentheid vir ’n ontmoetingsoomblik bewerk.

### 5.2.3.4 Die vier bestanddele vir konneksievorming

Daar is reeds verwys na die rol wat simbole en tekens in die kommunikasieproses speel. Maxwell (2010:61) sluit hierby aan deur te verklaar dat kommunikasie meer as woorde behels. Daar word op vier vlakke gekonnekteer: visueel, intellektueel, emosioneel en verbaal.

- **Die visuele konneksie (wat mense sien)**

Sig is die belangrikste en kragtigste sintuig vir konneksievorming. Hamlin (2005:59) skryf dat die mens 85% tot 90% van wat gesien word, onthou. Minder as 15 % van wat die mens hoor, kan herroep word. Hamlin staaf hierdie aspek met die volgende statistiek uit Amerika:


- 77 % van alle Amerikaners ontvang sowat 90% van hul nuus deur televisie;
- 47% kry hul nuus deur televisie; en
- Tans sal kinders teen die tyd dat hul die ouderdom van 19 bereik het, sowat 22 000 ure voor die televisie spandeer het. Dit is meer as dubbel die ure as wat hul in die skool deurgebring het.

Maxwell (2010:61) stel dit duidelik: "Ons leef in 'n visuele era". Die Pentekostalistiese beweging het hierdie begrip gesnap. Massamedia, televisie en visuele demonstrasies is deel van die beweging se trefkrag en vind by die postmoderne mens aanklank.

- **Intellektuele konneksievorming (wat mense verstaan)**

Ten einde mense te verstaan, is dit belangrik om jouself asook die onderwerp wat jy verteenwoordig of wil oordra, goed te verstaan. Daar is geen plaasvervanger vir persoonlike ervaring wanneer daar met mense se harte gekonnekteer wil word nie (Maxwell, 2010:70).

Betreffende die erediens beteken dit eenvoudig dat indien die prediker God begryp en 'n goeie kennis en begrip van die hoorders het, 'n wonderlike ondervinding tussen God en mens bewerk kan word.




***Figuur 78: 'n Wonderlike ontmoeting tussen God en mens word bewerk***

Indien die prediker God verstaan en vind (A), kan 'n soortgelyke konneksie vir die hoorders bewerk word (B).

- **Emosionele konneksievorming (wat mense voel)**

Betreffende die prediker kan die hoorders die woorde hoor wat oor God gespreek word, maar nog meer word die gesindheid van die prediker teenoor God geëggo (Maxwell, 2010:72). Goeie kommunikeerders verower die hart van mense. Kommunikasie volgens Maxwell (2010:71) word nie bepaal deur sintaksis, welsprekendheid, retoriek of aanbieding

nie, maar deur die emosionele konteks waarin die boodskap gehoor word. Dus is gesindheid die werklike stylfigure (Maxwell, 2010:71).

Hieruit ontstaan charisma. Indien charisma ontdek word, troon dit bo die skare uit (Maxwell, 2010:71). Die Pinksterdiens is 'n emosioneel belaaide ontmoeting en belewenis. Dit is dan die charisma van die Heilige Gees wat bo die skare uittroon en God en volk in ontmoeting met mekaar bring. Op so 'n dinamiese konneksie moet daar eenvoudig emosie betrokke wees.

- **Verbale konneksievorming (wat mense hoor)**

Maxwell (2010:73) onderskat egter nie die trefkrag van woordkennis om konneksies te vorm nie. Stemtoon, stembuiging, tydsberekening, volume en tempo is alles wat deur die stem gedoen word. Dit is ook deur die stem wat die boodskap uitgedra word.

Die Pinksterbeweging het van die beste sprekers in die geskiedenis van die kerk opgelewer. Spurgeon, Finney, en Whitfield word as die beste sprekers van hul tyd gereken. Wanneer hierdie sprekers gepraat het, het die mense geluister. Daar is krag in taal. Dit was nie slegs ***wat*** oorgedra is nie, maar ook ***hoe*** dit oorgedra is, wat mense na die Pinkster- en Charismatiese kerke getrek het.

### 5.2.3.5 Die inspirasie vergelykingsformule – 'n ontmoeting word bewerk

Wanneer daar met mense gekommunikeer word, ontluik vrae in hul onderbewuste. Hul wil weet watter voordeel die boodskap vir hul inhou. Die kwessie van geloofwaardigheid van die bron en die boodskap word bevraagteken. Tog is die manier waarop inligting gekommunikeer word, ook belangrik. So 'n manier om inligting te kommunikeer noem Maxwell die inspirasie vergelykingsformule (Maxwell, 2010:209). Dit werk soos volg:

Wat hulle weet + wat hulle sien + wat hulle voel = **Inspirasie**

Wanneer hierdie faktore in werking kom en die kommunikeerder dit laat saamwerk, skep dit sinergie wat mense inspireer. Konneksievorming berus grootliks daarop dat wie jy is, alles wat jy doen beïnvloed (Maxwell, 2010:217). Vir 'n prediker is hierdie belangrike inligting omrede mense nie altyd kan herroep wat gesê en gedoen is nie, maar hul sal altyd onthou hoe 'n goeie kommunikeerder hul laat voel het. Passie is aansteeklik en kragtig en maak dat mense so 'n persoon wil volg (Maxwell, 2010:218-219).

'n Goeie kommunikeerder bemoedig mense, laat hulle goed voel en help hul om selfvertroue te kry. Indien dit hul egter nie tot optrede lei nie, het geen konneksie plaasgevind nie. Dit is slegs optrede wat lewens kan verander.

Hierdie formule sluit op 'n besondere wyse by die dinamiese model vir ontmoeting en beïnvloeding (figuur 76 p. 142) van hierdie studie aan. Uiteindelike konneksie vind deur die dinamiese ontmoeting tydens die erediens plaas. Om so 'n oomblik te bewerk is daar voortdurende inspirasie noodsaaklik: die Heilige Gees inspireer die Woord, die Woord die prediker totdat daar uiteindelik tot aksie oorgegaan word, naamlik 'n ontmoeting. Hierdie ontmoeting beïnvloed die hoorder se lewe sodanig dat baie ander mense se lewens daardeur geraak word, selfs buite die deure van die erediens.

**Op die lang duur tel mense se leefwyse meer as wat hulle sê – en 'n ontmoeting met God kristalliseer so 'n leefwyse!**

### 5.2.4 Bydrae uit die Kommunikasiekunde

- In sy eenvoudigste vorm is kommunikasie ŉ proses of handeling wat tussen verskillende mense plaasvind;
- Daar is ŉ voortdurende wisselwerking tussen ontmoeting en kommunikasie;
- Religieuse kommunikasie help die mens om hom op ŉ etiese vlak te vind sodat God aan hom geopenbaar kan word. So ontmoet God en mens;
- Kommunikasiemodelle is genoem en bespreek met besondere klem op ontmoeting. Hierdie modelle is geïntegreer en van toepassing op die erediens gemaak. God is die bron in die kommunikasie van die erediens, die Heilige Gees is die sein, die Woord, prediker, liturgiese aktiwiteite en die gehoor word deur tekens en simbole geïnspireer sodat die erediens as plek waar ontvang word, die weg vir ŉ wonderlike dinamiese ontmoeting tussen God en mens in die erediens voorberei. Dit is alles moontlik gemaak deur die verlossing wat Christus aan die kruis bewerk het;
- Kommunikasie is 'n wyse waardeur konneksievorming kan plaasvind. Konneksievorming bied ruimte vir ontmoetings wat 'n impak op die mens se lewe het;
- Doeltreffende kommunikasie bestaan uit begrippe soos visie, konsensus, charisma en betroubaarheid. Hierdie begrippe maak suksesvolle konneksies moontlik;
- Daar is vier bestanddele vir konneksievorming: die visuele, die intellektuele, die emosionele en die verbale;
- Konneksie lei tot inspirasie en aksie en daarom is daar verwys na die inspirasie vergelykingsformule van Maxwell. Hierdie formule toon dat wat mens weet, sien en voel, die mens tot aksie inspireer; en
- ŉ Ontmoetingsoomblik met God is ŉ inspirerend dinamiese oomblik wat ook ander mense se lewens binne en buite die kerk raak en die sukses van kommunikasie as 'n wyse om konneksie te bewerk, bevestig.


## 5.3 EMOSIE BESKOU VANUIT DIE HOEK VAN DIE PSIGOLOGIE

Emosie speel ŉ belangrike rol in Pentekostalisme. Daar word aanvaar dat emosionele opwekking en emosionele belewing nog altyd deel van die beweging was en is. Dit is daarom nodig dat 'n afdeling afgestaan word aan die bespreking van emosie.

### 5.3.1 Definisie van emosie

Binne die Psigologie word emosie as ŉ komplekse verskynsel beskou. ŉ Emosie ontstaan nie in isolasie of uit 'n vakuum nie. Dit is altyd ŉ reaksie op ŉ gebeurtenis of objek wat as ŉ stimulus bekend staan. Die emosie is nie altyd ŉ direkte gevolg van die stimulus nie. Die stimulus moet eers waargeneem en kognitief of intellektueel geïnterpreteer word. ŉ Emosie of gevoel is die reaksie op die kognitiewe interpretasie van ŉ stimulus. Op die lang duur is emosie die sentrale gebeurtenis in die mens se aanpassing by ŉ bepaalde stimulus (Louw, 1986:436-437).


Emosie is ŉ kettingreaksie en kan op ŉ erediens van toepassing gemaak word wat in Figuur 79 skematies uiteengesit is.




***Figuur 79: Emosie is 'n kettingreaksie***

Fisiologiese wekking vind ook by die ontlokking van 'n gevoel of emosie plaas. Versnelde hartklop, asemhaling, verandering in spiertoning en ander fisiologiese veranderings tree in (Louw, 1986:437).

***Figuur 80: Fisiologiese opwekking en emosie***




**Die interaksie tussen fisiologiese wekking en kognitiewe interpretasie by emosie**

Louw (1986:438) kom tot die gevolgtrekking dat emosie 'n komplekse belewenis van gevoelens is. Dit gaan gepaard met sekere kenmerkende fisiologiese toestande en kom tot uitdrukking in bepaalde gedragspatrone (Louw, 1986:438).

By die pinksterervaring is fisiologiese reaksie nog altyd van toepassing. Pentekostalisme is al gekenmerk deur aksente soos "onophoudelik begin lag" en sommige voel soms selfs duiselig en swak in die teenwoordigheid van die Here. Ekstreme gevalle was al aangedui waar beoefenaars van die Pentekostalisme ook abnormale liggaamsveranderinge ervaar het bv. dat hulle nie in die teenwoordigheid van 'n "gesalfde" prediker of persoon kan kom nie omrede hulle nie staande onder die salwing kan bly nie. Louw (1986:443) dui verder dat binne die Psigologie selfs liggaamlike funksionering deur emosionele ervarings kan verander:

- ✓ Bloeddruk / hartklop;
- ✓ Asemhaling;
- ✓ Pupilgrootte;

- ✓ Sweet / speekselafskeidings;
- ✓ Verandering in bloedsuikervlakke;
- ✓ Verandering in bloedstollingsvlakke; en
- ✓ Ingewandsbeweging.

Ervaring van emosies soos hierbo uiteengesit, het sonder twyfel bepaalde gedragspatrone tot gevolg. Hierdie gedragspatrone kan verbaal of nie verbaal tot uiting kom. Verbale uitdrukking gaan gepaard met:

- ➢ Aktivering – sekere emosies lei tot sekere optredes;
- ➢ Omgewing – sekere emosies word in verband gebring met ŉ omgewing bv. die atmosfeer by ŉ begrafnisdiens is anders as by ŉ huweliksbevestiging;
- ➢ Hedoniese toon – die graad van emosie bepaal of daar gemak of spanning ervaar word; en
- ➢ Bevoegdheid – emosies laat ŉ persoon toereikend of ontoereikend voel (Louw, 1986:448-449).

Nie verbale uitdrukkings verwys na liggaamshoudings soos glimlag, trane in die oë en selfs ŉ frons.

### 5.3.2 Die invloed van godsdienstige oortuigings op die emosie van die mens

Dit is sonder twyfel so dat godsdienstige oortuigings ŉ baie sterk invloed op die lewe van die mens uitoefen. Allport (1963:163) onderskei tussen twee vorme van godsdienstige sentiment wat kortliks weergegee word, naamlik ekstrinsieke en intrinsieke godsdiens.

- ➢ **Ekstrinsieke godsdiens**

Die mens se godsdiens is daarop gerig om sosiale aansien te verwerf of om van bv. vrees verlos te word. Die godheid wat deur hierdie groep ervaar word, is een wat na hulle persoonlike of groepbelange omsien.

- ➢ **Intrinsieke godsdiens**

Hier gaan dit vir die groep oor die intrinsieke waarde van die godsdiens self. Hulle is aan geloof oorgegee. Dit is dus 'n volwasse godsdiens.

Dit is belangrik om te bepaal waar Pentekostalisme geplaas word na aanleiding Allport se uitspraak. Met die begin van die Pinksterbeweging is die armer klas mense bereik. Tog, met die verloop van tyd het daar ook ŉ klasverskuiwing in die pentekostalisme ontstaan. Dit is vandag ook 'n multimiljoene besigheid en aansien is belangrik. Die hart van pentekostalisme behels ŉ intrinsieke godsdiens, maar tans is daar ŉ ekstrinsieke karakter wat ontwikkel. Dit laat gemengde emosie onder die beoefenaars en kleiner groepe begin toenemend ontstaan. Hierdie groepe wil terugbeweeg na die aard van die beweging soos dit met ontstaan was. Dit wil sê ŉ huiskerkoriëntasie met sterk emosie en intimiteit.

### 5.3.3 ŉ Kognitiewe model vir die pinksterondervinding van die Heilige Gees

Gevolglik word die laaste aspek van hierdie hoofstuk onder die loep geneem. Yong (2009:191) glo dat daar ŉ breër sielkundige begrip van die pinksterondervinding bestaan. Fenomene binne die pinksterondervinding waaraan aandag gegee moet word, sluit onder andere die volgende in:

- ➢ Die rede dat die pinksterondervinding, ondanks sy fenomenale groei, steeds van ander vorme van godsdiens gedisassosieer word;

- Die verskeidenheid vorms van ekstase wat voorkom moet meer intens aandag geniet; en
- Die aard van gebeure van die mens se psige wanneer hy/sy met so 'n ervaring sy bewussyn verloor.

Yong (2009:192) glo onomwonde dat die Psigologie bewys het dat individue en groepe se emosies verskil vanuit die oogpunt van hoe sekere gebeure ervaar is (reeds in die hierdie hoofstuk bespreek). Dit geld ook vir die pinksterondervinding van individue en groepe rakende die Heilige Gees.

Yong (2009:193) het vervolgens navorsing gedoen om die effek van die ondervinding van die Heilige Gees in die Pinksterdiens op die kognitiewe prosesse van die individu te ondersoek.

Betreffende die bonatuurlike interaksie tussen die Heilige Gees en die mens, neem Yong (2009:192-193). die volgende drie aspekte rakende die Skrif waar:

- ✓ Die Heilige Gees is 'n inwonende Gees wat die mens kultiveer en die vrug van die Gees is die produk hiervan;
- ✓ Die Heilige Gees is ook 'n gids wat mense help om die woorde en dade van Jesus te onthou en na te volg; en
- ✓ Die Heilige Gees bekragtig die mens tot aksie.

Die derde aspek behels egter dat die individu 'n kognitiewe waarderingsproses toepas. Dit help die individu om te die waarde van die bonatuurlike ontmoeting wat ervaar is, te bepaal. Die waarderingsproses ondersteun die individu ook om die betekenisvolheid van die bonatuurlike ontmoeting vir sy/haar lewe vir die toekoms is, vas te stel (Yong, 2009:12).

Op grond hiervan het Yong (2009:194-202) 'n vier-stadia kognitiewe waarderingsmodel ontwerp om die pinksterondervinding van die Heilige Gees te probeer verstaan.

Yong maak die aanname dat die pinksterondervinding van die Heilige Gees in enige openbare byeenkoms deur die gedagte wat die ontvanger reeds oor die gebeurtenis huldig, beïnvloed sal word. Die persoon vir wie "Pinkster" en "Pinksterliturgie" vreemd is, se kognitiewe prosesse sal anders ingestel wees as daardie persoon wat dit alreeds ondervind het of gemaklik daarmee is. Die individu neem dus vanweë sy besondere verwysingsraamwerk reeds 'n besluit in watter mate hy/sy op die ervaring van die Heilige Gees sal reageer (Yong, 2009:195). Hierdie besluit (of kognitiewe respons) word deur die faktore soos in Figuur 81 gelys, beïnvloed.

**KOGNITIEWE PROSESSE WORD BEÏNVLOED DEUR:**

| | | |
|---|---|---|
| A | Ondervinding | - Ekstern<br>- Intern |
| B | Waardering | - Primêr<br>- Sekondêr<br>- Attribusie<br>- Vars waardering |
| C | Relevante faktore | - Konteks<br>- Situasie<br>- Persoonlike gevoel<br>- Vorige ervarings |
| D | Uitkomste | - Betekenis<br>- Bevestiging<br>- Reaksie<br>- Vars waardering |

***Figuur 81: Kognitiewe prosesse***

Met hierdie model sluit Yong aan by Lazarus en Folkman (1984:1-21). Yong meld dat alhoewel Lazarus en Folkman (2009:194) op prosesse tydens streshantering fokus, daar genoegsame bewys is dat hierdie sisteem ook op ander menslike ontmoetings van toepassing gemaak kan word.

Figuur 81 word prakties toegelig ten einde die pinksterondervinding van die Heilige Gees in die erediens aan te dui.

A. Met die afspeel van die erediens ervaar die individu ŉ eksterne sowel as ŉ interne ondervinding. Die eksterne ondervinding behels die gemeenskaplike ervaring van alles wat in die erediens gebeur soos die liturgiese aktiwiteite en die ander mense se vertolking daarvan. Die interne ondervinding is wat die betrokke individu se ervaring van die erediens is.

B. Die individu sal gevolglik bepaalde kognitiewe besluite neem ten opsigte van die waardering van die gebeure wat in die erediens afspeel. Primêr is dit allereers vir hom/haar ŉ kwessie van betekenis en sekondêr is dit sy/haar reaksie op hierdie belewing. Hoe sterker die persoon se geloof aan die pinksterbelewing van die erediens as bonatuurlik gekoppel is, hoe sterker sal enige attribute wat as manifestasie ervaar word, aan goddelikheid toegedig word. ŉ Vars waardering vir God en Sy teenwoordigheid word opnuut ervaar.

C. Die konteks waarbinne die erediens afspeel het ook ŉ groot invloed op die mate waartoe die persoon die Heilige Gees ervaar. In ŉ belewenisgeoriënteerde erediens sal die situasie vreemd wees vir die persoon wat nie met dieselfde vertroue kan deelneem as ŉ persoon wat met die konteks vertroud is nie. Kognitiewe prosesse word ook beïnvloed vanweë die persoonlike situasie waarin ŉ persoon hom/haar mag bevind. Die aanwesigheid van ŉ ernstige siekte kan ŉ persoon meer gereed vir ŉ Goddelike ontmoeting maak selfs al sou die situasie vir hierdie persoon vreemd wees. Sekere individue het reeds vorige ervarings van pinkstergeoriënteerde eredienste beleef wat hom/haar ŉ bepaalde kognitiewe ingesteldheid gee.

D. Die belewenis van die Heilige Gees tydens enige erediens dui ongetwyfeld op ŉ Goddelike ontmoeting wat plaasvind. Hierdie ontmoeting word bevestig al dan nie deur vreugde, teleurstelling, ŉ nuwe lewe, genesing en die herhalende terugkeer om weer so ŉ ontmoeting mee te maak. Hierdie reaksie op die ontmoeting lei weer eens tot ŉ vars waardering vir God se liefde en gemoeidheid met sy soekende kinders.

Die bestudering van Yong se model, lei tot sekere vrae wat deur toekomstige navorsing aangespreek kan word:

- Kan ŉ ontmoeting met God werklik kognitief verstaan word?
- Die eerste besondere ontmoeting tussen God en mense en die Heilige Gees met die kerk, was met die uitstorting van die Heilige Gees in Handelinge 2. Geen ondervindings van so ŉ aard het voorheen plaasgevind nie. Dus, waarom het die beweging steeds soveel veld in so ŉ kort periode gewen?
- Kan ŉ werklike ondervinding met die Heilige Gees kognitief verwoord word?
- God neem die inisiatief in 'n ontmoeting. God besluit immers of die ontmoeting gaan plaasvind, die kognitiewe besluit van ŉ persoon is niks beduidend nie. God kan ontmoet wie Hy wil.

**GEVOLGTREKKING**

- Emosie speel nog altyd ŉ bepalende rol in die Pinksterdiens.
- Emosie is kompleks met sekere kenmerkende fisiologie toestande en kom tot uitdrukking in bepaalde gedragspatrone.
- Hierdie gedragspatrone kan verbaal of nie-verbaal uitgedruk word.
- Emosie het ŉ bepalende invloed op die godsdienstige oortuiging van die mens.
- ŉ Kognitiewe model vir die pinksterondervinding van die Heilige Gees is gevestig.
- Die Heilige Gees bekragtig die mens tot aksie.
- Enige persoon wat ŉ erediens bywoon, het reeds ŉ gedagte oor wat besig is om af te speel.
- Die uitkoms van ŉ Heilige Gees ondervinding tydens enige erediens is ongetwyfeld ŉ Goddelike ontmoeting. Elke ontmoeting tussen God en mens hang af van die werking van die Heilige Gees.


## 5.4 DIE ANTROPOLOGIE EN RITUELE STUDIES

In Hoofstuk 1 is daar reeds melding gemaak dat die Antropologie en studie van Rites ŉ baie belangrike bydrae kan lewer tot die navorsing van die Pentekostalistiese en Charismatiese tradisie (Stinger, 2005:234). Antropologie kan verstaan word as die studie van die kultuur van groepe (living people) mense. So byvoorbeeld kan een groep mense in voorvadergeeste glo en ŉ ander groep nie. Antropologie fokus op die redes vir die verskille tussen bepaalde kultuurgroepe. Ander aspekte wat vir die Antropologie van belang is sluit die volgende in:

- ✓ Die wyse waarop groepe mense in 'n bepaalde omgewing aanpas;
- ✓ Die wyse waarop hierdie groepe hul gemeenskap organiseer en inrig; en
- ✓ Die gemeenskaplike waardesisteem wat deur die groepe ingestel en met die verloop van tyd verder ontwikkel word.

Hierdie inligting word versamel deur mense te observeer en met hul in gesprek te tree (Handler, 2004:3-5).

Morris (2006:1-13) in sy werk getiteld "Religion and Anthropology" meld dat hoewel Antropologie die verskeidenheid groeperings in samelewings ondersoek daar tog 'n mate van eenheid in doel en visie bestaan vir die navorsing van Godsdiens binne 'n Antropologiese benadering (Morris, 2006:2). Antropologie het baie verskillende teoretiese benaderings vir die studie van Godsdiens wat in Figuur 82 opgesom is.




***Figuur 82: Skematiese uitbeelding van die verskillende Antropologiese benaderings tot Godsdiens***

### 1. Die intellektuele vlak

Vanuit die intellektuele benadering word Godsdiens as 'n wyse gesien om gebeure wat in die wêreld plaasvind, te beskryf.

### 2. Die emosionele vlak

Die Antropologiese benadering vanuit 'n emosionele gesigspunt verstaan Godsdiens as 'n reaksie op emosionele stres. Dus help Godsdiens om vrese en angste te onderdruk (Morris, 2006:3).

### 3. Die strukturele vlak

Vanuit die strukturele standpunt word Godsdiens as 'n kultuur van kommunikasie verstaan wat in die vorm van byvoorbeeld mites en simbole uitgedruk kan word (Morris, 2006:4).

### 4. Die interpretatiewe vlak

Binne hierdie benadering word Godsdiens beskou as 'n kultuur of simboliese sisteem wat deur beelde die sosiale werklikheid vorm. Binne hierdie sosiale werklikheid word die mens se identiteit ook bepaal. (Morris, 2006:4).

## 5. Die kognitiewe vlak

Op die kognitiewe vlak word godsdiens beskou as ŉ basiese en kulturele psigologiese karaktertrek van die mens. Hiervolgens is rituele ŉ aanduiding van hoe die menslike verstand werk (Morris, 2006:5). Gevolglik word die menslike verstand as ŉ kognitiewe meganisme gesien wat Godsdiens as ŉ verskynsel ervaar wat regdeur die verloop van die menslike geskiedenis plaasvind.

## 6. Die fenomeniese vlak

Godsdiens word verstaan as ŉ filosofiese metode wat probeer om menslike ondervindings as natuurlik te verklaar (Morris, 2006:5).

## 7. Die sosiologiese vlak

Die sosiologiese benadering binne die Antropologie verstaan Godsdiens as rituele praktyke en organisatoriese strukture wat die produk van sosiale prosesse en sosiale verwantskappe is. Die Antropoloë van die moderne eeu sluit sterk hierby aan. Klem val op die werk van Weber en Durheim (vgl. 5.1). Die Sosiale Antropologie sien Godsdiens as “a field of inquiry” wat nie alleenlik deur observasies van groepe gelowiges nagevors kan word nie. Die navorser moet ook deel word van die beoefening van die rituele van die godsdiensgroepe en saam met hulle, hul geloofsisteme bespreek. (Morris, 2006:7).

Durkheim het in besonder aangedui dat Sosiale Antropologie op die onderstaande terreine ŉ bydrae tot Godsdiens lewer (Morris, 2006:10):

- ✓ Bestaan (Antropologie);
- ✓ Waarheid (Epistomologie); en
- ✓ Moraliteit (Etiek).

Vir Morris het Antropologie 'n bydra gelewer in die aanduiding dat daar 'n evolusie binne godsdiensbeoefening plaasgevind het. So stel Morris (2006:3) dat die emosionele benadering nie 'n resente tendens is nie, maar tog bygedra om Godsdiens te vorm. Die sosiologiese benadering geniet tans die grootste aanhang.

Die Pentekostalistiese ideologie vind ook sterk aanklank hierby. Soos reeds in hierdie hoofstuk onder 5.3 bespreek is, speel emosie en Psigologie nog altyd ŉ kardinale rol vir die ondersteuner van die Pinkstergeloof. Krediet moet egter aan die Antropologie gegee word veral ten opsigte van die charismatiese fenomeen en sosiologiese benadering. Die beoefening van die charismata as fenomeen (wat deur elke navolger van die Pinkstergeloof beleef mag word) is ŉ groot aantrekkingskrag om deel van die geloof te word. Die Sosiale Antropologie se klem op die rituele praktyk van bepaalde godsdiensgroepe het die Pinksterkerke sterk onder die soeklig geplaas. Rituele praktyke is uniek en eie aan hierdie groep waarvan enkeles dieper ondersoek word.

Daar is reeds melding gemaak van Stinger en sy werk wat handel oor die sosiologiese geskiedenis van Christelike aanbidding waarin hy ŉ paar waardevolle opmerkings maak (Stinger, 2005:212-233).

- ➢ Teen die einde van die twintigste eeu het beide die katolieke kerk en die protestante merkwaardige veranderings in hul aanbiddingspraktyke ervaar (Stinger, 2005:212).
- ➢ Die aanbiddingstyle van die Evangeliese-, Pinkster- en Charismatiese bewegings vloei voort uit die Protestantse tradisie. Sterk klem op “expression” bestaan en ŉ

unieke aanbiddingstyl is ontwikkel. Hierdie styl het die simbool van die Pinksterbeweging van die kerk wêreldwyd geword (Stinger, 2005:214).

- Die Pinkster-aanbiddingstyl het in 1906 by WJ Seymour begin (Vgl. hoofstuk 4). Dit het prediking en die gawes van die Heilige Gees beklemtoon en fenomene ingesluit soos:

  - Sing en spreek in tale;
  - Val in die gees onder die krag van die Heilige Gees; en

- “Slain in the Spirit“ wat sedert 1906 aanvaarbare praktyk binne die Pinksterbeweging is (Stinger, 2005:228-229).
- Soos die eeu verloop het, het Pentekostalisme sterker gegroei en baie kontinente in die wêreld bereik. Die groep se praktyke, herlewings en geestelike fenomene het van een kerk na die ander wêreldwyd soos 'n epidemie versprei (Stinger, 2005:230).
- Die Pentekostalisme het regdeur die geskiedenis vryheid betreffende hul liturgie vir aanbidding gehad. Prediking, sang en musiek, gebed en die beoefening van die gawes van die Heilige Gees word as rites op 'n ongeorganiseerde wyse beoefen. Die fokus was op gemeente deelname gevestig (Stinger, 2005:231).
- 'n Goeie balans tussen die gesag van die Skrif en die openbaring van die Heilige Gees deur die beoefening van hul rites is nog altyd sterk aanwesig in die beweging se erediensstrukture (Stinger, 2005:233).

Stinger (2005:233) stel dit onomwonde: “It is in part the very simplicity of this form of worship, rooted in preaching, the singing of songs or choruses and the manifestation of the gifts of the Spirit that has made the adaptation possible" (Stinger, 2005:233).

Volgens Stinger (2005:234) beklemtoon al bogenoemde die belangrikheid van rites, beweging, ruimte en klank vir die aanbiddingsvorme binne die Pinkster en Charismatiese tradisie. Rituele studies sal voorts 'n meer belangrike meganisme in alle vorme van aanbiddingstyle binne die Christelike geloof word.

Daar is egter ander rites wat ook die Pinksterkerke in die Christelike geloof onderskei, bv. die doop deur onderdompeling. Volgens De Maris (2008:14) was die doop die wyse hoe jy die Christelike kerk in Handelinge betree het. Ander rites sluit in die doping met die Heilige Gees met die spreek in tale as aanvangsbewys, genesing en wonderwerke wat tydens eredienste beoefen en beleef is. Bowler (1994:43-45) wys daarop dat sekere rites die Christelike geloof van ander gelowe onderskei. Volgens Bowler (1994:51) is enige aksie wat in ’n Godsdiens plaasvind vir die Antropoloog ’n rite omrede die Antropoloë nie teologies ingestel is nie. Hoe dit ook al sy, die Antropologie en die bestudering van Rites maak ’n merkwaardige bydrae ten einde die dinamiese ontmoeting tussen God en mens te verstaan. Dit beklemtoon dat hierdie oomblikke observeer, bestudeer en die resultate weergegee moet word.

Ter afsluiting word verwys na Paloutzian en Park (2005:36) se werk “Handbook of the Psychology of Religion and Spirituality”. In hierdie werk het Spilka (2005:365-374) gedagtes oor godsdienstige praktyke, rituele en gebed van nader ondersoek. Spilka meld:

- Godsdienstige praktyke en gebed is rituele;
- Rituele is ’n fundamentele gedragspatrone wat gestruktureerd voorkom;
- Rituele wys op die unieke karakter van ’n bepaalde groep;
- Rituele is uiters noodsaaklik om emosies te kontroleer en is belangrik in die beoefening van Godsdiens; en
- Rituele bind mense saam, fokus op sosiale organisering en help mense om ’n gemeenskaplike gevoel vir ’n sekere saak te ontwikkel.

Spilka (2005:366) sluit die gedeelte oor die funksie van rites af deur ŉ Navojo dokter aan te haal:

"Ceremonies in my tribe are events of power and healing. Ceremonies invites change, it prays for growth, harmony, order and balance".

Vir Spilka (2005:366) gee rites jou ŉ plek, mense en ŉ kultuur, alles wat een nodig het om veilig te voel en te bestaan. Rites verklaar ŉ groep se bestaanreg en bevestig hul uniekheid en identiteit. Dit is ook die bakens wat die grondgebied waarbinne ŉ groep veilig voel en mag voortbestaan aandui. Hierdie afbakenings het die Pentekostalistiese beweging standvastigheid gegee en ŉ besondere etiket wat ŉ wêreldwye fenomeen geword het.

## GEVOLGTREKKINGS

- Antropologie gebruik ŉ verskeidenheid van benaderings om godsdiens te beskryf.
- Antropologie versamel inligting deur observasie, gesprekvoering en deelname.
- Die Pentekostalistiese ideologie vind sterk aanklank by die Sosiale Antropologie aangesien rituele praktyke beklemtoon word. Hierdie tendens het die Pentekostalistiese beweging sterk onder die soeklig geplaas omrede hul ŉ unieke en eiesoortige aanbiddingstyl en rites beoefen.
- Rituele is ŉ fundamentele gedragspatroon wat ŉ bepaalde groep bestaansreg gee asook standvastigheid. Pentekostalisme het hierdeur as ŉ wêreldwye fenomeen toegeneem.

# HOOFSTUK 6

## PERSPEKTIEWE OP DIE EREDIENS AS UITDRUKKING VAN DIE DINAMIESE ONTMOETING TUSSEN GOD EN MENS IN DIE HUIDIGE PRAKTYK

### 6.1 INLEIDING

Hierdie empiriese ondersoek word onderneem om te bepaal of dinamiese ontmoetingsoomblikke tussen God en mens in die erediens inderdaad huidige lewenspraktyk raak. In hoofstuk 1 word reeds gevra wat afgelei kan word uit empiriese navorsing oor die karakter van die erediens binne die Pentekostalistiese beweging.

Teologiese teorieë word altyd beïnvloed deur die konteks waarin daar geteologiseer word (Heystek, 2000:168). "In die Praktiese Teologie is hierdie konteks die empiriese werklikheid van die plaaslike gemeente" (Du Preez, 2006:61 vgl. Pieterse, 1998:189). Die doel van empiriese ondersoek is om kennis te genereer wat dit moontlik sal maak om 'n huidige, onbevredigende situasie na meer aanvaarbaar te verander (Leuschner, 2004:239 vgl. Heitink, 1999:223-225). Heitink (1999:221) toon aan dat die woord "empiries" afgelei is van die Griekse woord **empeira** wat ervaring beteken. Met empiriese navorsing word deur ervaring bepaal hoe die basisteorie in die praktyk funksioneer. Hierdie empiriese perspektief koppel die basisteorie aan die praktykteorie (vergelyk Leuschner, 2001:50; Erasmus 2001:86).
Daar bestaan verskeie metodes van empiriese navorsing aldus Heitink (1999:229-231). Hierdie metodes is as volg:

- ✓ Beskrywende navorsing fokus op 'n sistematiese beskrywing van 'n tema op grond van empiriese data.
- ✓ Verkennende navorsing beklemtoon die verduideliking en interpretasie van gegewens waarvan min bekend is en geen teorie oor ontwikkel is nie.
- ✓ In navorsing waar die geldigheid van bepaalde hipoteses getoets word, word daar bepaal of daar verbande tussen die werklikheid en die bepaalde wetenskapsteorie bestaan.

In hierdie studie is laasgenoemde metode gevolg. In die voorafgaande hoofstukke wat gefokus het op spesifieke basisteorieë is die skriftuurlike gronde in belang van dinamiese ontmoetings tussen God en mens in die erediens beredeneer. Die sentrale navorsingsvraag is: ***Hoe kan die erediens vanuit 'n Pentekostalistiese perspektief uitdrukking gee aan 'n dinamiese ontmoeting tussen God en mens?*** Hierdie vraag word vervolgens verder ondersoek en beredeneer. Die doel van hierdie hoofstuk is om vanuit bepaalde kernwaarhede hierdie navorsingsvraag in die praktiese situasie toe te lig.

### 6.2 METODE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

#### 6.2.1 Metodiek

Pieterse (1998:191) wys daarop dat navorsing óf kwantitatief ('n groot getal respondente) óf kwalitatief (minder respondente, maar 'n meer intensiewe werkwyse) óf op albei maniere gedoen word. Hierdie studie fokus op kwalitatiewe navorsing, waar induktief vanuit gegewens uit onderhoude met mense sekere gevolgtrekkings gemaak word. (du Preez, 2006:61 vgl. Pieterse, 1990:81). Vir die doeleindes van hierdie studie is van semi-

gestruktureerde onderhoude gebruik gemaak tot genoegsame inligting bekom is en dataversadiging plaasgevind het.

Steyn, Smit en Du Toit (1987:7) meld dat baie kenmerke van 'n persoon of entiteit nie numeries meetbaar is nie, soos byvoorbeeld inligting oor oog- of haarkleur, sy gesindheid teenoor sy kerk of teenoor sy werk is moeilik bepaalbare inligting. Sodanige inligting word kwalitatiewe of kategoriese data genoem (vgl. Du Preez, 2006:61). Oor die gebruik van 'n vraelys meld Steyn et al. (1987:39) die volgende: "Die beste metode om 'n vraelys by data-insameling te gebruik, word verkry indien die veldwerker dit self invul in die teenwoordigheid van die respondent". Die doel van hierdie empiriese ondersoek is om vas te stel hoe die erediens vanuit 'n Pentekostalistiese perspektief uitdrukking gee aan die ontmoetingsgebeure tussen God en mens. In hierdie studie is persoonlike onderhoude gevoer met individue totdat dieselfde toepaslike inligting herhaal is. Na 10 voltooide onderhoude, was die data reeds versadig en is 'n paar addisionele onderhoude gevoer om dit te bevestig. Altesaam is 16 onderhoude gevoer met individue uit vier verskillende pinkstergeoriënteerde gemeentes uit Bloemfontein, Nelspruit, Potchefstroom en Middelburg. Die individue wat deelgeneem het verteenwoordig die volgende groepe:

- Vier individue uit Doksa Deo (Doksa)
- Vier individue uit die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS)
- Vier individue uit die Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike-Afrika (VEK)
- Vier individue uit die Pinkster Protestantse Kerk (PPK)

Onderhoude het bestaan uit afsprake met respondente gereël waartydens hulle kortliks ingelig oor die studie, en 'n 30 minute onderhoud gevoer is. Respondente is deurgaans verseker rondom die vertroulikheid van identiteit. 'n Vraelys is ingevul waarop die respondent se antwoorde weergegee is (Du Preez, 2006:62). Belangrike generiese inligting soos beroep, ouderdom, geslag, taalvoorkeur, kerkverband en dorpe woonagtig is op vraelyste aangebring. Aangesien van 'n semi-gestruktureerde ontwerp gebruik gemaak is, is die inhoud van die antwoorde geanaliseer om die data te bekom.

**Hierdie metode impliseer die volgende**:

- Die vraelys bevat basiese gestruktureerde vrae, maar die respondent kry steeds die geleentheid om kommentaar op die vrae en antwoorde te gee. Hierdie moontlikheid verhoog uiteraard die betroubaarheid van die ondersoek.
- Ja- en nee antwoorde moet vermy word. Die navorser moet van opvolgvrae gebruik maak. Die primêre uitgangspunt van die ondersoek is die respondent se subjektiewe respons op die vraelys.

Oor hierdie metodiek merk Smit (1985:160-163) die volgende op:

- Hierdie metode gee die navorser die geleentheid om voorbeelde te selekteer en sodoende belangrike inligting in die navorsingsprogram te beklemtoon (Smit, 1985:160).
- Die ontleding van die vraelyste sal oor die algemeen in terme van die konstruksie van taksonomieë wees, met ander woorde 'n klassifikasie volgens natuurlike verwantskappe (Smit, 1985:160).
- Die benadering om die inhoud analities te beskryf, impliseer 'n kwalitatiewe benadering (Smit, 1985:160).
- Die doel van hierdie benadering is volgens Smit (1985:160-161) die volgende:
    - Om die onderliggende tendense in die inhoud van die kommunikasieproses te beskryf;

- Om die inhoud van die vrae wat gekommunikeer word, volgens bepaalde standaarde oor te dra;
- Om die oorredingstegnieke te ontleed;
- Om die styl van die kommunikasie te ontleed;
- Om die bydrae van die respondent in verband te bring met die boodskappe wat aan hulle voorgelê is; en
- Om die kommunikasiepatrone te beskryf.

- Smit (1985:161) beveel die volgende stappe aan by die metode om die inhoud van die antwoorde te analiseer: stel verteenwoordigende vraelyste op; definieer die inhoud van die kategorieë (die inhoud van die kategorieë word deur die doel van die navorsing bepaal). Definieer ook die volgende: die eenhede wat ontleed moet word, die kontekseenhede, die kwantifiseringstelsel (vergelyk du Preez, 2006:63).
- Volgens Smit (1985:161) is kategorisering seker die belangrikste stap in inhoudsanalise. Binne die keuse van kategorisering is daar volgens Smit (1985:161-162) vyf belangrike eenhede vir inhoudsanalise, waarvan tematisering een is. Vir die doel van hierdie navorsing is die metode soos volg toegepas:

**Kategorisering:**

Die belangrikste kategorie is om vas te stel of die karakter van die erediens binne die Pentekostalistiese beweging uitdrukking gee aan die dinamiese ontmoeting tussen God en mens. Om bogenoemde doel te bereik, is vir bepaalde temas in die vraelys gekies. Die doel met die insluiting van die temas was om die data wat bekom is, na afloop van die onderhoude en die voltooiing van die vraelyste analities te ontleed. Dit is belangrik dat ontmoetingsmomente betrek word in alle fasette wat deur die verskillende temas aangeraak word.

**Kategorie:**

Dinamiese ontmoetingsgebeure tussen God en mens in die erediens vanuit ŉ Pentekostalistiese perspektief.


**Algemene vraag**

**Tema 1** Bepaal in watter mate die respondente die erediens ervaar het as ontmoetingsgebeure tussen God-mens, mens-God en mens-mens.

**Temas waaronder spesifieke vrae plaasgevind het.**

**Tema 2** Liturgie en die respondent se ervaring van ontmoetingsoomblikke.
**Tema 3** Sang en musiek en die respondent se ervaring van ontmoetingsoomblikke.
**Tema 4** Prediking en die respondent se ervaring van ontmoetingsoomblikke.
**Tema 5** Koinonia en die respondent se ervaring van ontmoetingsoomblikke.
**Tema 6** Plaasvind van ontmoetingsoomblikke.
**Tema 7** Ervaring van dinamiese ontmoetingsoomblikke.

Skematiese voorstelling van hierdie metode:




***Figuur 83: Metode van inhoudsanalise***

Op grond van bogenoemde semi-gestruktureerde ondersoek wat gekategoriseer en verder in kleiner temas verdeel is, kan die navorser hom wetenskaplik verantwoord oor die respondent se ervaring van die navorsingsonderwerp. Ontmoetingsgebeure asook die dinamika daaraan verbonde word getoets binne die erediens en vanuit 'n Pinkster-perspektief loop die analise daarop uit om die hoofmoment in tema 7 in die navorsingsonderwerp te verwoord. Die metode is wetenskaplik verantwoordbaar in terme van geldigheid en betroubaarheid, omdat dit as 'n beproefde metode vir kwalitatiewe ontleding beskou word (vgl. Du Preez, 2006:65). Die tendense wat in die respondente se terugvoer voorkom, sal bespreek word. Die bevindings op grond van die terugvoer sal breedvoerig gerapporteer, ontleed en geëvalueer word.

**Die etiese implikasie van vraagstelling/vraelyste**

Die etiese implikasie moet in berekening gehou word in empiriese navorsing om die navorsingsinstelling of universiteit asook die navorser en respondente te beskerm. Die respondente word gevolglik ingelig dat die inligting vertroulik hanteer word en dat hulle identiteit beskerm sal word. Hierdie onderneming word ook op die vraelys aangetoon.

Met bogenoemde in gedagte lyk die basiese vraeraamwerk waarvolgens die gesprek gevoer is, soos volg:

Geslag

| | | | |
|---|---|---|---|
| | M | V | |
| Taalvoorkeur | Afr. | Eng. | Ander. |

Dorp ______________________________
Ouderdom _________________________
Beroep ____________________________
Kerkverband _______________________

**Algemene belewenis van die respondent (Tema 1)**

Vertel my asseblief op watter wyse u tydens die erediens bewus is van enige ontmoetings wat plaasvind, bv. Watter ontmoeting dink jy vind plaas met die preek? (Die doel met hierdie vraag is om die respondent op sy/haar gemak te stel en die drie tipe ontmoetings in die erediens ter verduideliking van die vraelys).

| God -mens | Mens-God | Mens-mens |
|---|---|---|
| | | |

**Meer spesifieke vrae**

| **Vrae** | **Navorsingsnotas** |
|---|---|
| **Liturgie as ontmoetingsoomblik (Tema 2)** | |
| Wat verstaan u onder liturgie? | |
| Watter liturgiese aksies het u in die erediens waargeneem? | |
| Wat glo u is die doel van die liturgie? | |
| Op watter vlak kan die liturgie 'n ontmoeting bewerk? | |
| **Sang en musiek as ontmoetingsoomblik (Tema 3)** | |
| Watter rol speel sang en musiek in die erediens? | |
| In watter mate bewerk sang en musiek 'n ontmoeting? Om watter rede dink u so? | |
| Op watter vlak vind ontmoeting plaas tydens die sang en musiek? | |
| In watter mate kan sang en musiek u in die teenwoordigheid van die Here inlei? | |

| | |
|---|---|
| **Prediking en ontmoetingsoomblikke (Tema 4)** | |
| Om watter rede glo u dat die prediker ’n geroepene van God moet wees? | |
| Om watter rede kan prediking ’n ontmoeting bewerk? | |
| Op watter vlak reël prediking ’n ontmoeting? Verduidelik u antwoord. | |
| Hoe weet u dat die Here met u praat deur prediking? | |
| Om watter redes behoort daar ’n uitnodiging te wees na ’n preek, al dan nie? | |
| **Koinonia en ontmoetingsoomblikke (Tema 5)** | |
| Wat verstaan u met broederskap? | |
| Waarom hou u van die mense in u kerk? | |
| Op watter vlak vind die nagmaal plaas as ’n ontmoetingsoomblik? | |
| In watter mate ervaar u liefde tussen u gemeentelede? | |
| Op watter vlak is die mens tot mens ontmoeting in ’n erediens goddelik? | |
| **Plaasvind van ontmoetingsoomblikke (Tema 6)** | |
| Watter ontmoeting in die erediens is vir u die belangrikste? | |
| Hoe weet u dat u God ontmoet het? | |
| Op watter wyse kan God ander mense deur u aanraak? | |
| Wat glo u is die werk van die Heilige Gees in ’n erediens? | |
| **Ervaring van dinamiese ontmoetingsoomblikke (Tema 7)** | |
| Wat verstaan u onder dinamies? In watter mate is u ’n dinamiese persoon? | |
| Op watter vlak sou ’n ontmoeting tussen u en God u lewe dinamies kan verander? | |
| Om watter rede sou u mense uitnooi om ’n erediens by u gemeente by te woon? | |
| Hoe verskil u kerk se eredienste van die eredienste wat u al in ander kerke bygewoon het? | |
| Watter leemtes merk u op in u gemeente en hoe dink u kan ons dit aanspreek? | |

Die persoon met wie die onderhoud gevoer word, word bedank en verseker van beskerming van identiteit en vertroulikheid en daar word gevra of daar enige laaste opmerkings is.

### 6.2.2 Vraelys

Vraag 1 is 'n algemene vraag om die respondente op hul gemak te stel. Met hierdie vraag word die hooftema van die ondersoek betrek, nl. bepaalde ontmoetings wat in die erediens beleef kan word. In enige erediens word ontmoetings op drie vlakke beleef, naamlik die ontmoeting tussen God en mens, mens en God en mense onderling. Hierdie vraag is 'n verduideliking dat die vraelys hierdie vlakke van ontmoeting gaan toets. Vraag 2 betrek meer spesifieke vrae en word in tema 2 tot 7 uiteengesit. Eerstens word vasgestel of die kerkganger verstaan wat met liturgie bedoel word en of liturgie belangrik is om 'n ontmoeting in 'n erediens te bewerk. Tweedens word sang en musiek hanteer as 'n aspek wat die ontmoeting van mens na God uitbeeld en daarna prediking wat uitgebeeld word as ontmoeting tussen God en die kerkganger deur Sy geroepe dienskneg. Derdens volg koinonia wat die rol van die mens-mens ontmoeting in die erediens uitlig. Die belangrikheid van die gemeentemaal word hier geaksentueer. In tema 6 word die kernaspek aangeraak nl. of die ontmoeting plaasgevind het en die laaste tema handel oor die dinamika. Hier word ook bepaal wat die kerkganger verstaan onder dinamies en wanneer die ontmoetingsoomblik in die erediens 'n dinamika in die kerkganger se lewe veroorsaak.

Daar behoort ook nou 'n sinvolle verhouding met die respondent te wees om bepaalde leemtes in hul gemeente te bespreek, wat moontlike verdere studie tot gevolg kan hê. Daarna word die respondent bedank vir sy/haar tyd en is die onderhoud afgehandel.

### 6.2.3 Respons

Vervolgens word die antwoorde wat die respondente gegee het, bespreek. Waar nodig word sekere bevindings in talbelvorm weergegee. Deur respons-ontleding, word gepoog om aan te toon dat ontmoetingsoomblikke tussen God en mens in Pinksterkerke dinamies ervaar word. Hierdie ontmoetings kan die mens in die erediens se lewe in die lewenspraktyk raak.

**Tema 1: Eerste vraag: Die belewenis van die respondent oor die algemeen rondom ontmoetingsoomblikke in die erediens.**

Hierdie inleidende vraag toets bepaalde ontmoetings wat in die erediens beleef kan word (Tema 1). Om te verhoed dat die vraag die antwoord lei, is hierdie vraag soos volg gestel: “Vertel my asseblief op watter wyse u tydens die erediens bewus is van enige ontmoetings wat plaasvind. Die respondente is geleentheid gegee om daaroor te dink en self vrae te vrae. Al 16 respondente het aangedui dat bepaalde ontmoetings in die erediens plaasvind. Vervolgens is die volgende vraag gevra: bv. Watter ontmoeting dink u vind plaas met die prediking? Die antwoorde op hierdie vraag was as volg:

| Ontmoetingsoomblik | DOKSA | AGS | VEK | PPK | Totaal | Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Tussen God en mens | 3 | 3 | 2 | 3 | 11 | 69% |
| Tussen mens en God | | | | 1 | 1 | 6% |
| Tussen mens en mens | 1 | 1 | 2 | | 4 | 25% |

***Tabel 13: Vlakke van ontmoeting***

Elf van die respondente het aangedui dat prediking 'n ontmoeting van God na mens is, en as primêre rede daarvoor is aangedui dat die woord van God bedien word en daardeur word God geopenbaar. Een respondent het egter aangedui dat prediking mens na God is omdat die mens in die ontvang van die boodskap graag hoor wat hy wil hoor. Twee respondente het egter prediking as niks anders ervaar as mens tot mens ontmoeting nie omdat God tog nie sigbaar aanwesig is nie. Vir hul maak slegs die werking van die Heilige Gees God sigbaar in die prediking.

Al die respondente was dit eens dat daar wel Goddelike en/of menslike ontmoetings in die erediens plaasvind en 'n belangrike aksent van die erediens is.

**Meer spesifieke vrae (Tema 2 tot 7)**

Hierdie kategorie bestaan uit meer spesifieke vrae en poog om die drie vlakke van ontmoetings in die erediens verder te ondersoek. Hierdie vraag bestaan uit ses temas wat deur die respondente beantwoord en beredeneer is.

**Tema 2**

Met tema 2 is gepoog om vas te stel in watter mate die respondent verstaan wat liturgie is en nadat begrip vir die term verkry is te bepaal hoe liturgiese aktiwiteite 'n bydrae lewer om ontmoetingsoomblikke in die erediens te bewerk. Hierdie is 'n baie belangrike vraag omdat die respondente ontmoetingsoomblikke kan kontekstualiseer in terme van die erediens-gebeure. Vyftien van die respondente het geen idee gehad wat die woord liturgie beteken en/of wat liturgie in die erediens behels nie. Een respondent het 'n vae begrip getoon. Die begrip is met groot sorg aan die respondente verduidelik om te verseker dat daar konsensus is vir daaropvolgende vrae. Vir 12 van die 16 respondente is sang en musiek die belangrikste liturgiese aktiwiteit en vir 4 die prediking. Wat die doel van liturgie is, is soos volg aangedui:

- Sodat die gemeente die erediens kan volg (1 respondent)
- Om uit te reik na mense wat Jesus soek (1 respondent)
- Om die erediens te begelei (4 respondente)
- Om orde te handhaaf (3 respondente)
- Om die mens te help om in God se teenwoordigheid te kom (2 respondente)
- Skep atmosfeer vir aanbidding (5 respondente)

Of die liturgie ontmoetings bewerk en tussen wie kan soos volg weergegee word:

| Vraag | DOKSA | AGS | VEK | PPK | Totaal | Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Op watter vlak kan die liturgie 'n ontmoeting bewerk? | 4 | 4 | 4 | 4 | 16 | 100% |

***Tabel 14: Liturgiese aktiwiteite***

Tussen wie die ontmoetings bewerk word naamlik God en mens, mens en God en ook mens en mens het die antwoorde gewissel. Al drie ontmoetingsvlakke is deur meeste van die respondente tydens liturgiese aktiwiteite ervaar en is daar nie in besonder een wat uitstaan nie. Een respondent se reaksie kan wel vermeld word. Die respondent het aangedui dat die liturgie veronderstel is om 'n plek van Goddelike ontmoeting te wees, maar tog ook kan ontaard in 'n ruimte waarin menslike manipulasie die rigting van die erediens kan beïnvloed.

**Tema 3**

Die bydrae wat sang en musiek lewer om uitdrukking te gee aan ontmoetingsoomblikke in die Pinksterdiens aanbetref is kardinaal en 'n hoogtepunt van hul erediens belewenis. Die resultate is as volg:

| Vraag | DOKSA | AGS | VEK | PPK | Totaal | Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Watter rol speel sang en musiek in die erediens? | 4 | 4 | 4 | 4 | 16 | 100% |
| In watter mate kan sang en musiek u in die teenwoordigheid van die Here inlei? | 4 | 4 | 4 | 4 | 16 | 100% |

***Tabel 15: Sang en musiek***

Wat spesifieke fokus op die ontmoetingsoomblik aanbetref, die volgende:

| Vraag | DOKSA | AGS | VEK | PPK | Totaal | Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| God en mens | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0% |
| Mens en God | 4 | 4 | 4 | 4 | 16 | 100% |
| Mens en mens | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0% |

***Tabel 16: Sang en musiek as ontmoetingsoomblik***

Sang en musiek is van primêre belang om ŉ atmosfeer te skep vir ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en mens. Vir die Pinksterdiens is sang en musiek emosioneel en ŉ belewenis. Die respondente het aangedui dat daar ŉ soeke is na ŉ aanraking van die Here en dat aanbidding deur sang en musiek die kerkganger begelei om God se teenwoordigheid te voel en ervaar. Die respondente het woorde soos smag en honger gebruik as werkwoorde wat hul oproep na God tydens lofprysing en aanbidding uitdruk.

**Tema 4**

Prediking speel ŉ belangrike rol in die erediens, en vir die Pinksterdiens is die prediker ook ŉ sleutelfiguur omdat hy/sy die man/vrou van God is. Die resultate is as volg:

| Vraag | DOKSA | AGS | VEK | PPK | Totaal | Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Om watter rede glo u dat die prediker ŉ geroepene van God moet wees? | 4 | 4 | 4 | 4 | 16 | 100% |
| Om watter rede kan prediking ŉ ontmoeting bewerk? | 4 | 4 | 4 | 4 | 16 | 100% |
| Hoe weet u dat die Here met u praat deur prediking? | 4 | 4 | 4 | 4 | 16 | 100% |
| Om watter redes behoort daar ŉ uitnodiging te wees na ŉ preek, al dan nie? | 1 | 1 | 2 | 3 | 7 | 43% |

***Tabel 17: Prediking en ontmoeting***

Vir al die respondente is dit van primêre belang dat die prediker ŉ geroepene van God moet wees. Prediking bewerk ŉ ontmoeting omdat die woord van God bedien word. Daar is ŉ vaste geloof dat die prediker by die Here hoor en deur die prediking God se hart aan die gemeente openbaar. Die werking van die Heilige Gees word as rede aangevoer of die

respondente weet of die Here met hul praat deur die prediking. Redes hoe hul weet of die Here met hul praat deur die prediking, was as volg:

- Die skrifgedeelte is van toepassing op hul lewe (3 respondente)
- Wanneer die prediking hul spesifieke situasie aanspreek (6 respondente)
- Daar is 'n bewuswording dat die preek spesiaal op hul gerig is (4 respondente)
- Die prediking bevestig wat hul reeds weet (3 respondente)

Die fokuspunt in die Pinksterdiens wat prediking aanbetref is die woord van God en die gepaardgaande salwing wat op die prediker se lewe rus.

Wat die ontmoetingsoomblik spesifiek aanbetref die volgende:

***Tabel 18: God en mens ontmoeting***

| Vraag | DOKSA | AGS | VEK | PPK | Totaal | Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| God en mens | 3 | 3 | 2 | 3 | 11 | 69% |
| Mens en God | 0 | 0 | 0 | 1 | 1 | 6% |
| mens en mens | 1 | 1 | 2 | 0 | 4 | 25% |

(vgl. tabel 13 op p. 163)

**Tema 5**

In hierdie gedeelte word die mens-mens verhouding in die erediens uitgelig. Daar is gevra wat onder broederskap verstaan word. Die volgende is aangedui:

- Liefde
- Om bymekaar te wees
- Wanneer iemand weet wat aangaan in jou lewe sonder om iets te sê
- Omgee en "sterf" vir mekaar
- Om deel van ander se lewens te wees
- Geen tweestryd nie

Daar is ook besondere klem op die Nagmaal geplaas. Die gemeentemaal is van baie hoë waarde in die Pinksterdiens en daar is gevra watter ontmoeting met die nagmaal plaasvind. Die bevindinge is as volg:

➢ Die nagmaal is 'n God-mens ontmoeting. God nooi ons uit, maar dit is ons keuse of ons wil deelneem daaraan.
➢ God wil met ons ontmoet deur Jesus Christus wat dit vir ons moontlik maak om deel van die gemeentemaal te wees.
➢ Dit is 'n mens-God ontmoeting omdat dit nie verpligtend is nie. Indien die mens nagmaal gebruik reageer hy op God se liefdesdaad.
➢ Dit is ook 'n mens-mens ontmoeting, want een kan nagmaal deel met ander gelowiges. Indien een egter iets teen iemand het mag hy/sy dit nie gebruik nie.
➢ Een respondent het aangedui dat die nagmaal 'n Christus-mens ontmoeting is. Christus se dood en opstanding maak die nagmaal toeganklik vir almal wat dit aanvaar en bely.
➢ Nog een respondent het geen ontmoeting in die nagmaal ervaar nie. Vir hom het die nagmaal 'n ritueel en tradisie geword wat as 'n gewoonte beoefen word.

Wat die ontmoetings spesifiek aanbetref, die volgende:

| Vraag | DOKSA | AGS | VEK | PPK | Totaal | Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Op watter vlak is die mens tot mens ontmoeting in ʼn erediens goddelik? | 4 | 4 | 4 | 4 | 16 | 100% |

***Tabel 19: Mens-mens ontmoeting***

Een respondent het dit soos volg gestel: "God wil Homself deur jou aan ander openbaar". Sterk klem is deur al die respondente daarop gelê dat ons mekaar moet bystaan en help. Ons moet ook vir mekaar bid en deur opregte liefde en omgee goddelike ontmoetings in die erediens bewerk.

**Tema 6**

Hierdie tema, naamlik of ʼn ontmoeting plaasgevind het, is ʼn primêre fokuspunt in hierdie studie. Daar is geen sprake van dinamika as die ontmoeting nie plaasgevind het nie. Op die vraag watter ontmoeting in die erediens die belangrikste is, is die resultate soos volg:

| Vraag | DOKSA | AGS | VEK | PPK | Totaal | Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Watter ontmoeting in die erediens is vir u die belangrikste? | | | | | | |
| God na mens | 1 | 2 | 1 | 2 | 6 | 37% |
| Mens na God | 2 | 2 | 3 | 2 | 9 | 56% |
| Mens na mens | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0% |

***Tabel 20: Die belangrikste ontmoeting tydens die erediens***

Een respondent het aangedui dat nie een uitgesonder kan word nie en dat al drie sentraal belangrik vir die erediens is.

Die Goddelike ontmoeting in die erediens staan sentraal. Op die vraag 'Hoe weet u dat u God ontmoet het?", het belewing in die antwoorde ʼn primêre rol gespeel. Die respondente het aangedui dat dit onder andere "gevoel" is, dis emosie, hoendervleis, dis ʼn ervaring, huil, tasbare aanvoeling van God se teenwoordigheid". Al 16 respondente is van oortuiging dat God deur hulle ander mense kan aanraak. Op die vraag "Wat glo u is die werk van die Heilige Gees in die Pinksterdiens?" was dit opvallend dat die Heilige Gees ʼn groot bewerker van ontmoeting in die erediens is. Die bevindinge is as volg:

- Die Heilige Gees berei die grond in die erediens voor vir ʼn goddelike ontmoeting.
- Die Heilige Gees lei en rig die erediens presies soos God dit wil hê.
- Sonder die Heilige Gees is daar niks goddelik in die erediens nie.
- Die Heilige Gees berei die mens se hart voor om God te ontmoet.
- Deur die gawes van die Heilige Gees word die mense in die erediens bedien.
- Die Heilige Gees onderskei en help dat ʼn ontmoeting met die ware God beleef mag word.

Verdere studie oor die rol van die Heilige Gees in die liturgiese aktiwiteite in die Pinksterdiens is ʼn besondere veld vir verdere navorsing.

**Tema 7**

Deur hierdie aspek word die uitgangspunt van hierdie studie uitgelig en bevestig. Was hierdie ontmoeting dinamies?

Die respondente is almal eers gevra wat hul onder dinamies verstaan. Die volgende is onder andere weergegee:

VOLUIT → FOKUS → LEWENDIG → BUIGBAAR → STERK → TOTALE GODDELIKE AFHANKLIKHEID → MOMENTUM

Die gesprek met die respondent sou soos volg kon verloop:

A. **Vraag**: Wat verstaan u onder dinamies?
**Antwoord:** Dit is om voluit te leef.
**Vraag:** Sien u uself as iemand wat voluit leef?
**Antwoord:** Soms

**B** **Vraag:** Op watter vlak sou 'n ontmoeting tussen u en God u lewe dinamies kan verander?

In lig van die respondent se verstaan van dinamies is sy/haar ontmoetingsoomblikke dienooreenkomstig verwoord.

Skematies is die resultate is volg:

| Vraag | DOKSA | AGS | VEK | PPK | Totaal | Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Op watter vlak sou 'n ontmoeting tussen u en God u lewe dinamies kan verander? | 4 | 4 | 4 | 4 | 16 | 100% |

***Tabel 21: Dinamiese ontmoetings***

Ter afsluiting is die respondente gevra of hul ander mense sou uitnooi om 'n erediens by hul kerk by te woon. Veertien respondente was positief dat hul nie 'n probleem het om ander mense na hul kerk uit te nooi nie, maar twee het aangedui dat weens oppervlakkigheid en skynheiligheid hul nie ander mense na hul kerk sal uitnooi nie. Dit is ook duidelik dat al 16 respondente al eredienste in ander kerke bygewoon het. Die verskille wat aangedui is, is onder andere die volgende:

- Prediking is meer uitstaande in hul kerk as ander
- Musiek is nie so lewendig in ander kerke nie.
- Atmosfeer is nie dieselfde nie.


Twee respondente het aangedui dat dit nie saak maak as ander kerke se eredienste verskil nie en dat mens met 'n positiewe gesindheid ander kerke behoort te besoek en hulle besondere opset eer en respekteer. Die respondente het almal ook melding gemaak van leemtes in hul besondere Pinkster-gemeentes. Hierdie leemtes sluit onder andere die volgende in:

- Polemiek
- Skinder
- Nie genoeg geleentheid vir die gawes van die Heilige Gees om te werk nie
- Sing te veel Engelse liedere
- Dienste is te lank
- Nie betrokke in hul gemeente nie

**Geheelbeeld**

Die gemiddeld van al die vrae uit tema 2 tot 7 met fokus op die daarstel van ontmoetingsaktiwiteite.

**Ontmoetingskaal**




***Figuur 84: Geheelbeeld van ontmoetingsoomblik tydens die erediens***

Die kolomme dui temas 2-7 aan en fokus op ontmoetings in die erediens. Op grond van hierdie gegewens kan afgelei word dat respondente die erediens ervaar as ontmoetingsgebeure tussen God en mens, mens en God en mens en mens en dat hierdie ontmoetingsgebeure plaasvind. Tema 7 verwoord ook die uitgangspunt van hierdie studie dat die erediens 'n dinamiese ontmoeting tussen God en mens is. Die Pinksterdiens skep geleentheid vir sulke ontmoetingsgebeure om in die erediens plaas te vind.

**SAMEVATTEND**

Aangaande tema 1 het die respondente aangedui dat ontmoetings plaasvind in die erediens. Prediking is voorgehou as so 'n ontmoeting en 75% van die respondente het aangedui dat prediking 'n goddelike ontmoeting is tussen God-mens en tussen mens-God. 25% van die respondente het prediking as 'n mens-mens ontmoeting ervaar. Die antwoorde op die spesifieke vrae (tema 2-7) dui aan dat die liturgie, musiek, prediking en samesyn almal as besondere ontmoetingsoomblikke tydens die erediens beleef word. Volgens al die respondente het ontmoetings plaasgevind in die erediens en 100% van die respondente ervaar dat ontmoetingsoomblikke in die erediens dinamies kan wees.

**AFLEIDING**

Die volgende samevattende afleidings kan weergegee word:

- Wat ontmoetings in die erediens aanbetref het al die respondente aangedui dat liturgie ontmoetingsoomblikke bewerk (Tema 2). Die liturgie berei die kerkganger voor om met God en ander mense te sosialiseer. Sang en musiek is 'n belangrike aspek in die ontmoetingsoomblikke in die erediens. Al die respondente het ervaar dat sang en musiek die atmosfeer in die erediens skep (Tema 3). Ontmoetings is die werk van die Heilige Gees in die erediens. Van die respondente het aangedui dat hul ervaar dat die Heilige Gees die mens voorberei om God te ontmoet (Tema 6).
- Wat verootmoediging aanbetref het die respondente aangedui dat die Heilige Gees die grond voorberei vir 'n ontmoeting. Die gawes van die Heilige Gees bedien gevolglik die hart van die verootmoedige mens (Tema 6).

- Op die vraag of die respondente leemtes in hul eie gemeentes ervaar is sake aangespreek soos polemiek, onderlangse skinder en selfs die keuse van liedjies. Hierdie aspekte wil versoening teenwerk en kan die dinamiek van die ontmoetings in die erediens belemmer.
- Die woorddiens is 'n belangrike ontmoeting in die erediens. Tema 4 het gehandel oor prediking. Al die respondente het aangedui dat die prediker 'n geroepene van God moet wees. Omdat die Woord van God bedien word, word God aan die mens geopenbaar, aldus 69% van die respondente.
- Wat die responsoria aanbetref was daar 'n besondere skeptisme rondom die vraag of 'n uitnoding op 'n preek noodsaaklik is. Meer as die helfte van die respondente het aangedui dat die preek genoegsaam is om hul tot optrede te lei na 'n erediens. Baie van die respondente het aangedui dat hul ongemaklik voel met 'n uitnodinging en skuldig voel as hul nie daarop reageer nie (Tema 4). Gevolglik word die dinamiek ook hierdeur belemmer.
- Al die respondente het aangedui dat 'n ontmoeting tussen God en mens 'n persoon se lewe dinamies sal verander (Tema 7).
- Wat Tema 7 aanbetref is die respondente gevra of hul ander mense sou uitnooi om hul eredienste in hul eie kerk by te woon. Die reaksie was positief en ook negatief. Negatief dat gebeure wat in hul kerk plaasvind hul beïnvloed om mense na hul kerk te nooi.

Op grond van bogenoemde kan afgelei word dat die Pinksterdiens 'n uitdrukking is van die dinamiese ontmoeting tussen God en die mens. Laasgenoemde bevestig die afleidings wat met die basisteoretiese perspektiewe in Hoofstuk 2 en 3 aangedui is. Skematies word die resultate weergegee in terme van die metode van inhoudsanalise.

DIE METODE VAN INHOUDSANALISE

DIE ONTLEDING VAN DIE DATA DEUR

KATEGORISERING – DIE EREDIENS AS UITDRUKKING VAN DIE DINAMIESE ONTMOETING TUSSEN GOD EN MENS

TEMATISERING

| **Tema 1** Vlakke van ontmoeting in die erediens | **Tema 2** Liturgiek as ontmoetings-oomblik | **Tema 3** Sang/musiek as ontmoetings-oomblik | **Tema 4** Prediking as ontmoetings-oomblik | **Tema 5** Koinonia as ontmoetings-oomblik | **Tema 6** Het die ontmoeting plaasgevind | **Tema 7** Was die ontmoeting dinamies |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bevinding** 100% van die respondente glo dat daar ontmoetings in die erediens plaasvind | **Bevinding** 100% van die respondente antwoord dat liturgie 'n ontmoeting in die erediens kan bewerk | **Bevinding** 100% van die respondente glo dat sang en musiek 'n ontmoeting in die erediens bewerk | **Bevinding** 100% van die respondente glo dat prediking 'n ontmoeting in die erediens bewerk | **Bevinding** 100% van die respondente antwoord dat mens-mens ontmoeting in die erediens goddelik kan wees. | **Bevinding** 100% van die respondente antwoord dat hul glo dat 'n goddelike ontmoeting in die erediens plaasvind | **Bevinding** 100% van die respondente antwoord dat 'n ontmoeting met God in die erediens jou lewe dinamies kan verander |

**GEVOLGTREKKING – 'n DEEL VAN DIE HIPOTESE VAN HIERDIE STUDIE WORD BEVESTIG, NAAMLIK DAT DIE EREDIENS 'n UITDRUKKING IS VAN ONTMOETINGS OP DRIE VLAKKE, ALHOEWEL DIE VLAKKE VAN ONTMOETINGS GEVARIEER HET EN DIE DINAMIKA IN SOMMIGE GEVALLE ONTBREEK HET.**

***Figuur 85: Resultate van die Inhoudsanalise***

# HOOFSTUK 7

**PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE VANUIT DIE WISSELWERKING TUSSEN BASISTEORIE EN METATEORIE OM UITDRUKKING TE GEE AAN DIE EREDIENS AS DINAMIESE ONTMOETING TUSSEN GOD EN MENS**


## 7.1 INLEIDING

Praktykteorie beskryf hoe ŉ basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer (Venter, 1996:89). In hoofstuk 1 is reeds aangetoon dat nuwe praktykteorieë gevorm word deur die hermeneutiese wisselwerking tussen ŉ basisteorie en ŉ bestaande situasie. Die teorievorming vind plaas vanuit die perspektief van ŉ bepaalde basisteoretiese en metateoretiese visie (Pieterse, 1991:138). Venter (1996:90) toon ook aan dat die begrip praktykteoreties nie resepmatig met die oog op die praktyk beteken nie, maar wel dat dit prakties-teologiese navorsing vanuit ŉ bepaalde teorie impliseer. In hierdie hoofstuk sal praktykteoretiese perspektiewe gebied word as ŉ uitvloeisel van die wisselwerking wat reeds tussen die basisteorieë en metateorieë aangetoon is.

### 7.1.1 Basisteoretiese oorsig van hoofstukke 2-4

- ŉ Ontmoeting (A1) in die erediens kan bewerk word deur deeglike voorbereiding van die liturgie van die erediens, dit behels ŉ ontmoeting wat plaasvind tussen God en mens, mens en God en mense onderling.
- Wanneer so ŉ ontmoeting plaasvind kan mense nie anders as om te verootmoedig (A2) voor die troon van God en versoening (A3) te kry nie.
- Die woordbediening (A4) wat ingelei word deur gebed speel ook ŉ belangrike rol waarop die gemeente respondeer of antwoord deur gebede, sang, aanbidding, lofprysing en getuienis.
- Die kerkganger se reaksie (A5) op God se teenwoordigheid in die erediens lei tot ŉ dinamiese ontmoeting (A6) wat ook die persoon se lewe na afloop van die erediens so beïnvloed dat hy uitgestuur (A7) word om ander se lewens te bereik.
- Vyf dinamiese aktiwiteite word geïdentifiseer in die eerste kerk, naamlik ontmoeting, prediking, getuienis, familiegemeenskap en wonderwerke. Hierdie aktiwiteite bevestig Christus se teenwoordig, met die gevolg dat die gemeente mekaar mag bedien met bepaalde charismata (1 Kor. 11-14).
- Pentekostalisme bewerk dinamiese ontmoetingsoomblikke tussen God en mens in die erediens omdat daar nie slegs klem gelê word op die ontmoetingsoomblik alleen nie, maar die resultaat/dinamiek juis ingebed is in die belewenis wat ervaar is. 1 Kor. 14:25 verklaar: "en so kom die geheime van sy hart aan die lig. En so sal hy op sy aangesig val, God aanbid, en verkondig dat **God werklik onder julle is"**.

ŉ Samevoeging van bogenoemde basisteoretiese beginsels word in A aangetoon:




***Figuur 86: Samevoegende basisteoretiese beginsels***


### 7.1.2 Metateoretiese oorsig van hoofstuk 5

- Binne godsdiensbeoefening is daar ŉ "geestelike markplein" waarbinne die individue "inkopies" kan doen om hul geestelike behoeftes te bevredig. Pentekostalisme is ook so ŉ inkopiesentrum.
- Binne die Sosiologie is die liturgie van die Pinksterdiens van belang. Pinkster het ŉ eiesoortige liturgie ontwikkel en kan gekoppel word aan hul geskiedenis as ŉ minderheidsgroep en selfsegregasie wat hulle ŉ unieke stel rituele laat ontwikkel het. Die Bybel, musiek en gawes van die Heilige Gees is belangrike rituele in die Pinksterdiens.
- Wat die erediens aanbetref gee die Heilige Gees sekere gawes aan die gemeente sodat die gemeente gebou en gestig kan word met die oog daarop om integrasie te laat plaasvind. Hierin word die Woord van God ervaar as die absolute norm.
- Daar is ŉ voortdurende wisselwerking tussen kommunikasie en ontmoeting. Religieuse kommunikasie help die mens om hom op etiese vlak te vind sodat God aan hom openbaar kan word; so ontmoet God en mens.
- God is die bron in die kommunikasie van die erediens, die Heilige Gees is die sein, die Woord, prediker, liturgiese aktiwiteite en die gehoor word deur tekens en simbole geïnspireer sodat die erediens die ontvangslokaal hiervan die weg voorberei vir ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en mens. Dit is alles bewerk deur die verlossing van Christus aan die kruis. Hierdie ontmoetingsoomblik tussen God en mens is ŉ inspirerende dinamiese oomblik in die erediens.
- Emosie het ŉ bepalende invloed op die godsdienstige oortuiging van die mens en het nog altyd ŉ bepalende rol in die Pentekostalisme gespeel, hetsy die gebeure in die erediens as emosionele belewing of emosionele opwekking beskou is.
- Enige persoon wat ŉ erediens bywoon, het reeds ŉ idee oor wat besig is om af te speel; hierin bekragtig die Heilige Gees die ontvanger se aksies sodat die uitkoms van ŉ Heilige Gees-ondervinding in die erediens ŉ goddelike ontmoeting tot gevolg kan hê. Binne die raamwerk van die Pentekostalisme hang alles hiervan af.
- Die Sosiale Antropologie plaas sterk klem op rituele praktyke van Godsdiens. Hierdie aspek het sterk klem op Pentekostalisme laat val omdat hulle ŉ unieke en

eiesoortige aanbiddingstyl beoefen. As gevolg hiervan het Pentekostalisme as 'n wêreldwye fenomeen toegeneem.

'n Samevoeging van bogenoemde metateoretiese beginsels word B aangedui:

***Figuur 87: Samevoegende metateoretiese beginsels***




Vanuit A word die volgende aangaande B1-B5 uitgelig:

Pentekostalisme word gesien as ŉ geestelike inkopiesentrum binne die geestelike markplein. Soos met enige produk word daar ook ŉ geestelike strategie gevolg om die produk geestelik te verkoop.

B1 ŉ Unieke, eiesoortige liturgie wat ŉ persoon toelaat om te koop en handel te dryf na goeddunke.
B2 Spesiale aanbiedinge, kragtige prediking vol demonstrasie, opgewekte, professionele sang en die gawes van die Heilige Gees is gratis beskikbaar.
B3 Naverkoopdiens, ŉ emosionele ervaring wat weer beleef moet word, ook ŉ kognitiewe ervaring en Goddelike gedagtes verander mens se lewe vir altyd.
B4 Die herverkoopwaarde is dat die Heilige Gees hierdie ontmoeting in die mens se lewe bekragtig deur sy daaglikse teenwoordigheid in lewenspraktyk.
B5 ŉ Wonderlike eindproduk, ŉ waarborg dat mens ŉ dinamiese ontmoeting met God sal beleef met geloof as geldeenheid.

Die aanname uit beide die basisteoretiese beginsels asook die metateoretiese beginsels, dat die dinamiese ontmoeting tussen God en mens die hoogtepunt van die erediens is, word ook bevestig deur die studie wat Hendriks (Hoofstuk 4) hieroor gedoen het.

## 7.2 PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE VANUIT DIE WISSELWERKING TUSSEN BASISTEORIE EN METATEORIE OM UITDRUKKING TE GEE AAN DIE EREDIENS AS DINAMIESE ONTMOETING TUSSEN GOD EN MENS

Vervolgens gaan die verskillende basisteoretiese beginsels (A, A1-A7) aandag geniet. Die beginsel word telkens eers genoem en daarna word die basisteoretiese insigte weergegee. Die insigte uit die verwante vakwetenskappe (hoofstuk 5), sowel as die beeld van die situasie in die praktyk soos dit uit die empiriese ondersoek (hoofstuk 6) na vore gekom het, word weergegee. Uiteindelik word enkele praktiese voorstelle gedoen (vgl. Leuschner, 2004:287).

### 7.2.1 Ontmoetings in die erediens (A1)

#### 7.2.1.1 Basisteoretiese beginsels

- God het reeds voor die aanvang van die erediens sy regmatige plek in die erediens ingeneem en Hy nooi ons uit om Hom hier te ontmoet.
- In die ontmoetingsoomblik tussen God en mens in die erediens word ŉ atmosfeer vir totale toewyding reeds voor die erediens geskep.
- Musiek en samesang het ten doel om God te loof vir Sy ontmoeting met ons. Dit dien dus as ŉ belangrike element in die ontmoetingsoomblik tussen God en mens.

#### 7.2.1.2 Metateoretiese gegewens

Ontmoetingsoomblikke in hierdie studie word op drie vlakke verwoord, naamlik: God-mens; mens-God en mens-mens. Daarom is dit te verstane dat die sosialisering van die mens ter sprake is. Die mense wat gesosialiseer word, is terselfdertyd ook dié wat die sosialiseerder sosialiseer. Bepaalde voorbereidingselemente van die erediens begelei diegene wat dit bywoon tot sosiale interaksie wat ŉ ontmoeting kan bevorder. Die mens word ook met deeglike voorbereiding opgevoed dat die byeenkoms vir die erediens heilige sake is en dat daar met bepaalde respek daarmee omgegaan moet word. Daar is reeds in die voorbereiding ŉ bepaalde struktuur wat gevolg word sodat eenvormigheid vir ŉ gekose doelwitte nagestreef kan word, wat in hierdie geval ŉ ontmoetingsoomblik tussen God en mens is.

In die Pinksterdiens is ontmoetings vir ŉ erediens ŉ emosionele, kreatiewe gebeurtenis. God word met erns "ingewag" en voor die diens "gesoek" deur voorbidding en bediening van sang sodat daar ŉ gereedheid bestaan vir ŉ bonatuurlike ontmoeting.

Rituele speel ŉ belangrike rol om die geloofsgemeenskap voor te berei op ŉ ontmoeting. Hiervoor word Bybelse beelde, simbole en metafore aangewend. Musiek, danse, hande opsteek, uitlewing van blydskap en hartseer laat die afwagtende gehoor besef "God is hier om ons te seën". Die erediens en die lofprysing is ŉ offer aan God sodat die Heilige Gees die voorbereidingswerk kan doen om God bonatuurlik te ontmoet en ervaar.

ŉ Laaste aspek wat van belang is in die voorbereiding van ŉ Pinksterdiens, is die getuienis van die gemeentelede wat ander uitnooi om ook deel te wees van hierdie ontmoetingservaring. Die geloofsgemeenskap getuig teenoor mekaar dat God, hulle gehelp, genees of gedra het. Hierdie getuienis berei baie mense daarop voor dat God hulle ook op dieselfde wyse sou kon aanraak.

### 7.2.1.3 Insigte vanuit prakties-teologiese empiriese navorsing

#### 7.2.1.3.1 Liturgie en die respondent se ervaring van ontmoetingsoomblikke

Tema 2 het gehandel oor liturgie. Al die respondente het aangedui dat liturgie ontmoetingsoomblikke bewerk. Die liturgie berei die kerkganger voor om met God en ander mense te sosialiseer.

#### 7.2.1.3.2 Sang en musiek en die respondent se ervaring van ontmoetingsoomblikke

Tema 3 het gehandel oor die bydrae wat sang en musiek maak in die ontmoetingsoomblikke in die erediens. Dit is ŉ belangrike aspek. Al die respondente het ervaar dat sang en musiek die atmosfeer in die erediens skep.

#### 7.2.1.3.3 Plaasvind van ontmoetingsoomblikke

Ontmoetings is die werk van die Heilige Gees in die erediens. Tema 6 het gevra of die ontmoeting plaasgevind het. Van die respondente het aangedui dat hul ervaar dat die Heilige Gees die mens voorberei om God te ontmoet.

### 7.2.1.4 Praktykteoretiese riglyne

Die ontmoeting tussen God en Sy gemeente in die erediens word deur deeglike voorbereiding bewerk. Voorbereiding begin alreeds met die inrigting en versorging van die gebou waarin die erediens gaan plaasvind. Die instandhouding van die waarneembare area (tuin, parkering ens.) en die oprigting van visuele kennisgewingborde op die kerkterrein help om ŉ atmosfeer van afwagting en gasvryheid te skep. Die ampsdraers asook persone wat behulpsaam is met die erediens moet deeglik voorbereid wees. Die persone wat die mense ontvang voor die erediens begin moet hoflik, goed geklee en vriendelik wees, sodat die persone wat die erediens bywoon hulle daarop kan voorberei om die erediens te ervaar as ŉ ontmoetingsoomblik.

Sakramente soos die doop, nagmaal, aanneming en selfs kinder- en jeugbediening kan nooit ontmoetings bewerk sonder deeglike voorbereiding nie.

**PENTEKOSTALISTIESE PERSPEKTIEF**

- Die sukses van die erediens is of die ontmoeting plaasgevind het. Daarom is die voorbereiding vir die erediens/ontmoeting die werk van die Heilige Gees. Die Heilige Gees bewerk deur die charismata bonatuurlike ontmoetingsoomblikke waar die teenwoordigheid van die Here ervaar mag word. Dit skep ook geleentheid vir medegelowiges om mekaar te bedien sodat God sodoende openbaar kan word.
- Hierin lê die dinamika opgesluit: Die erediens word heilige grond waarop God se almag deur die werk van die Heilige Gees deur die nietige mens in ontvangs geneem word.

### 7.2.2 Verootmoediging (A2)

#### 7.2.2.1. Basisteoretiese beginsels

✓ Die gebeure in die erediens bereik 'n hoogtepunt in die goddelike ontmoeting. Daarom kan die gemeente nie anders om voor die heiligheid van God drie-enig neer te buig en hulself te verootmoedig nie. Daar is 'n bewuswording van God se teenwoordigheid en 'n diepe sug na Sy aanraking. Deur die sang en gebed antwoord die gemeente op God se teenwoordigheid in diepe waardering dat God Hom met hul bemoei.

#### 7.2.2.2 Metateoretiese gegewens

✓ Al die faktore wat vooraf bespreek is, dra by tot 'n ontmoeting tussen God en mens. 'n Sinergie word sodoende geskep wat mense inspireer. Hierdie ontmoeting voorsien die ontvanger van identiteit, en alle optrede daarna beïnvloed voortgaande lewenstyl, met dinamiese vooruitsigte.

✓ 'n Ontmoeting met God het 'n leefwyse van nederigheid en diensbaarheid tot gevolg.

#### 7.2.2.3 Insigte vanuit Prakties-teologiese empiriese navorsing

#### 7.2.2.3.1 Plaasvind van ontmoetingsoomblikke

✓ Met tema 6 het die respondente aangedui dat die Heilige Gees die grond voorberei vir 'n ontmoeting. Die gawes van die Heilige Gees bedien gevolglik die hart van die verootmoedige mens.

#### 7.2.2.4 Praktykteoretiese riglyne

✓ Verootmoediging impliseer dat die ontvanger in die erediens sy hart instel om die stem van die Here te hoor.

✓ Die stem van die Here word geopenbaar op verskeie maniere soos: gesange, die woord, profesieë op welke wyse ook al God tasbaar ervaar word.

✓ Op hierdie ontmoeting buig die toehoorder in eerbied vir die werk van 'n genadige God in sy lewe.

**PENTEKOSTALISTIESE PERSPEKTIEWE**

- ✓ Verootmoediging is ŉ emosionele belewenis en word verskillend ervaar deur die wat dit ontvang.
- ✓ Verootmoediging kan stilte wees, maar ook luidrugtig.
- ✓ Dit kan hartseer wees, maar ook blydskap.
- ✓ Dit kan bemoedigend wees, maar ook vermanend.
- ✓ Hoe ook al die Heilige Gees kies om die ontvanger te verootmoedig voor die Here.

### 7.2.3 Versoening (A3)

#### 7.2.3.1 Basisteoretiese beginsels

- ✓ Die gevolg van ŉ dinamiese ontmoetingsoomblik tussen God en Sy gemeente in ŉ erediens is ŉ voortdurende aanmoediging om aan God toegewyd en gehoorsaam te wees as gevolg van die versoeningswerk wat Christus aan die kruis bewerk het.
- ✓ ŉ Lewe van diensbaarheid volg omdat God Hom aan sy kinders “sigbaar” gemaak het deur die dood en opstanding van Sy Seun.
- ✓ Bekering is ŉ gevolg van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens as gevolg van die verlossingswerk van Christus.
- ✓ Uit bogenoemde is dit duidelik: Die dinamiese ontmoeting tussen God en mens is ŉ genadewerk vanaf God aan Sy gemeente.

#### 7.2.3.2 Metateoretiese gegewens

- ✓ Groepskohesie het te make met die wyse waarop mense in eenheid saamgebind word: ŉ ontmoeting tussen God en mens, en mense onderling bewerk ŉ morele eenheid in Christus wat bevestig dat daar eenheid in diversiteit is.
- ✓ Die Heilige Gees gee sekere gawes aan die gemeente sodat daar onderlinge integrasie mag plaasvind: hierin bemoedig en versterk die gemeente mekaar. Die gevolg is koinonia wat verwoord word in die gemeenskaplike onderlinge sorg van gemeentelede.
- ✓ Die gevolg van ŉ goddelike ontmoeting is dat God die mens positief beïnvloed en die mense mekaar onderling stig en opbou.

#### 7.2.3.3 Insigte vanuit prakties-teologiese empiriese navorsing

##### 7.2.3.3.1 Ervaring van dinamiese ontmoetingsoomblikke

- ✓ Op die vraag of die respondente leemtes in hul eie gemeentes ervaar is sake aangespreek soos bv. polemiek, onderlangse skinder en selfs die keuse van liedjies wat versoening teenwerk.
- ✓ Dit belemmer die dinamiek van die ontmoetings in die erediens.

#### 7.2.3.4 Praktykteoretiese riglyne

- ✓ Versoening is ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en mens.

  - Bekering, ŉ dinamiese omkeer en verandering in die lewe van die mens;
  - Wonderwerke en genesings; ŉ bonatuurlike aanraking kan die mens se gees, siel en liggaam genees;
  - ŉ Lewe van gehoorsaamheid aan God se Woord;

- ŉ Lewe van diensbaarheid waarin die goeie nuus van die evangelie verkondig word;
- Ander mense te inspireer om ook op God se versoening in die ontmoetingsoomblik te reageer.

| **PENTEKOSTALISTIESE PERSPEKTIEWE** |
|---|
| ✓ Versoening is ŉ liefdesdaad van God wat deur Christus en met die bediening van die Heilige Gees aan Sy gemeente geopenbaar word. |
| ✓ Versoening maak dit moontlik vir God en mens om te ontmoet omrede God die versoening bewerk het en die mens dit in ontvangs neem. |
| ✓ Die beoefening van die charismata bevestig dat die versoening tussen God en Sy gemeente plaasgevind het. |

### 7.2.4 Die woorddiens (A4)

#### 7.2.4.1 Basisteoretiese beginsels

- ✓ Die teenwoordigheid van God in die erediens word bevestig deur die voorlesing en prediking uit die Woord van God.
- ✓ Deur die Woord bevestig en ontmoet God sy verbondsvolk.
- ✓ Prediking bestaan uit die verkondiging van God se genade asook die bevestiging van goddelike beloftes aan sy kinders.
- ✓ Prediking is ŉ dinamiese aktiwiteit omdat dit ŉ kragtige getuienis lewer onder die salwing van die Heilige Gees.
- ✓ Daar is krag in taal.

#### 7.2.4.2 Metateoretiese gegewens

- ✓ Prediking het te make met kommunikasie, derhalwe poog prediking om ŉ ontmoeting tussen God en mens te bewerkstellig.
- ✓ Daar is ŉ besondere wisselwerking tussen kommunikasie en ontmoeting, wat simbole, prosesse en multidimensionele gesprek insluit om besondere dinamika aan prediking te verskaf.
- ✓ Prediking raak ook etiese aspekte aan. ŉ Bepaalde geloofwaardigheid word aan die prediker gekoppel; slegs hierin kan God geopenbaar word.
- ✓ Kommunikasie deur prediking word nie slegs bepaal deur sintaksis, welsprekendheid, retoriek of aanbieding nie, maar ook deur die emosionele konteks waarin God geopenbaar word.
- ✓ In die erediens is God die bron wat die inisiatief neem om met die mens te kommunikeer en die Heilige Gees is as seën aan die kerk gegee om in die erediens weer ŉ ontmoeting tussen God en mens te bewerk.
- ✓ Prediking is ŉ ontmoetingsgebeure tussen God en sy afwagtende volk en die ontmoeting word bepaal deur wat mens sien, verstaan, voel en hoor in die prediking, wat hulle kan inspireer dat hulle God wil ontmoet.

#### 7.2.4.3 Insigte vanuit prakties-teologiese empiriese navorsing

##### 7.2.4.3.1 Prediking en die respondent se ervaring van ontmoetingsoomblikke

Tema 4 het gehandel oor prediking. Al die respondente het aangedui dat die prediker ŉ geroepene van God moet wees. 69% van die respondente het aangedui dat deur prediking

God die mens ontmoet. Omdat die Woord van God bedien word, word God aan die mens geopenbaar.

#### 7.2.4.4 Praktykteoretiese riglyne

- ✓ Die woorddiens is 'n hoogtepunt van die erediens. Dit is 'n goddelike oomblik waar God gestalte kry deur Sy Woord sodat 'n ontmoeting met Sy kinders bewerk kan word.
- ✓ Om hierdie rede rus daar 'n etiese verantwoordelikheid op die prediker. As geroepene moet hy deur God en die mense waardig geag word om die Woord van God te verkondig.
- ✓ Die prediker moet kreatief wees in die gebruik van simbole, metafore en taal om die nodige ontmoeting met die gehoor te maak.
- ✓ Die prediker moet glo wat hy preek; die krag van prediking lê juis in die openbaring van die waarheid wat in God se Woord teenwoordig is.
- ✓ Effektiewe prediking bemoedig, versterk en inspireer die gehoor. God se Woord is immers 'n genade-Woord wat in sy Seun verseël is en daarom beloftes aan sy kinders bevat om hulle aan te moedig om daagliks sy voorbeeld uit te leef. Hierin lê juis die dinamika van die ontmoeting tussen God en mens in die prediking: dat God verstaanbaar aan sy kinders vertolk word sodat hulle mag reageer op sy genadedaad.
- ✓ Laastens is dit belangrik om daarop te let dat prediking God openbaar aan sy kinders. Hierdie openbaring van God maak Hom toeganklik vir dié wat dit ontvang, wat vergestalt word in waarneembare ontmoetingsgebeure in die erediens.

***Figuur 88: Die Woord van God openbaar God tydens die erediens***

| | | |
|---|---|---|
| Die Woord van God | openbaar God in die prediking sodat | ontmoetingsge-beure in die erediens mag plaasvind |

**PENTEKOSTALISTIESE PERSPEKTIEF**

- ➢ Prediking is 'n dinamiese gebeurtenis waar God aan die woord is. Demonstratiewe, emosionele interpretasies van God se Woord word dinamies verkondig.
- ➢ Alle fasette van die prediking is Heilige Gees-geïnspireerd: die Woord, die prediking en die uitnodiging. Hierin word goddelike oomblikke bewerk.
- ➢ Die Woord is 'n tweesnydende swaard en die prediker, as gesalfde (vervul met die Heilige Gees), verkondig die Woord onverskrokke, sodat die kerkganger tot inkeer mag kom.
- ➢ Preektemas wat sterk aanklank vind, is bekering, die Heilige Gees, wederkoms, Goddelike genesings en heiligmaking.
- ➢ Die ontmoeting vind plaas in die uitnodiging, waarin God vergewe en omhels en die ontvanger daarvan God se genade ervaar.

### 7.2.5 Die reaksie/responsoria (A5)

#### 7.2.5.1 Basisteoretiese beginsels

- ➢ Prediking lei/roep die gemeente tot gebed, sang, getuienis en die beoefening van die charismata.
- ➢ Die erediens is 'n plek van aanbidding.

- Daar vind dinamiese ontwikkeling in die erediens plaas. Soos die erediens vorder deur liturgiese aktiwiteite soos sang en prediking, raak die gemeente meer en meer bewus van die teenwoordigheid van die Here. Gebed is ŉ gepaste manier om die Here te dank vir Sy ontmoeting met sy verbondsvolk in die erediens.
- In die responsoria word daar waardering vir God se teenwoordigheid getoon en het die hele gemeente die voorreg om op die Goddelike openbaring te reageer.
- In gebed vind die mens sy hoogste heerlikheid omdat hy geskape is om in gemeenskap met God te leef.
- Wanneer daar gebid word in die erediens is daar ŉ oproep tot ooreenstemming, harmonie en eenheid tussen God en mens. Hierin word ŉ ontmoetingsoomblik tussen God en mens bewerk.
- Die gemeente word geseën. Hierdie seën bevestig dat die ontmoeting plaasgevind het en dat die lewe met nuwe hoop en krag ingegaan kan word.

#### 7.2.5.2 Metateoretiese gegewens

- Godsdiens het die vermoë om dit wat vernietig is, te herstel in die samelewing. Met die responsoria in die erediens kry die gemeente geleentheid om dank te betuig oor wat in hul lewe herstel is.
- Deur geleentheid te gee vir gebed word die persoonlike en emosionele bestaan van die individue erken en waardeer.
- Binne die Pinksterliturgie word elke aanbidder die geleentheid gegun om die aangesig van God te soek. Meelewing en deelname is kenmerkend van die karakter van die postmoderne mens.
- Die responsoria in die erediens bevestig ŉ gemeenskaplike doelwit: dit impliseer dat ŉ ontmoeting plaasgevind het en dat die gemeente in waardering staan dat God ontmoet is.

#### 7.2.5.3 Insigte vanuit prakties-teologiese empiriese navorsing

##### 7.2.5.3.1 Prediking en die respondent se ervaring van ontmoetingsoomblikke

Ten opsigte van tema 4 die volgende:

Daar was ŉ besondere skeptisisme rondom die vraag of ŉ uitnodiging op ŉ preek noodsaaklik is: slegs 43% van die respondente het aangedui dat ŉ uitnodiging noodsaaklik is. Meer as die helfte van die respondente het ervaar dat die preek genoegsaam is om hul tot optrede te lei na ŉ erediens. Baie van die respondente het aangedui dat hul ongemaklik is met ŉ uitnodiging en skuldig voel as hul nie daarop reageer nie.

#### 7.2.5.4 Praktykteoretiese riglyne

- Gebed is die reaksie van die mens op die openbaring van God tydens die erediens.
- Met gebed word daar bevestig dat:

  - God ontmoet is
  - Daar waardering is vir daardie ontmoeting
  - Die ontmoeting individueel en kollektief ervaar is
  - Daar eenstemmigheid is
  - Daar dankbaarheid is dat God die ontmoeting moontlik gemaak het deur die verlossingsdaad van Christus aan die kruis

- Die interaksie tussen die mense na afloop van die erediens is ook van belang. Dit skep ŉ huislike atmosfeer en moedig mense aan om weer die erediens by te woon.

- ŉ Seënbede is ŉ gepaste wyse om op die openbaring van God te reageer, die ontmoeting tussen God en mens word bekragtig.

> **PENTEKOSTALISTIESE PERSPEKTIEWE**
>
> - ✓ Gebed in die Pinksterdiens is ŉ spanpoging. Die voorganger word deur die gehoor met amens, hallelujas en uitinge van bevestiging begroet.
> - ✓ Die charismata word ook kragtig in gebed gebruik: daar word gebid in tale, gebid vir genesing en enige iets anders waartoe die Gees van die Here die gemeente begelei.
> - ✓ Gebed is ook baie demonstratief: dit gaan gepaard met handgebare, kniel, plat lê op die grond en mag luidrugtig of in stilte ervaar word.
> - ✓ Gebed is ŉ oorlogverklaring teen Satan en die demoniese magte.
> - ✓ Die Woord van God word gebid omdat dit die krag van God verseël in die lewe van die gelowige.
> - ✓ Intersessors en gebedspanne word ook opgelei om na eredienste voortdurend vir mense met behoefte voor God in te tree.

### 7.2.6 ŉ Dinamiese ontmoeting (A6)

#### 7.2.6.1 Basisteoretiese beginsels

- ✓ Die gebeure in die erediens bereik ŉ hoogtepunt in die goddelike ontmoeting.
- ✓ Die dinamika word verwoord in die belewenis van die gemeente op die teenwoordigheid van God.
- ✓ Die charismata bevestig dat die dinamiese ontmoeting plaasgevind het deur die bonatuurlike werking in die lewe van die gemeente.

#### 7.2.6.2 Metateoretiese gegewens

- ✓ Godsdiens is dinamies. Binne Antropologie word godsdiens ook benader as ŉ fenomeen. Die dinamiek is daarin opgesluit dat die besondere aanbiddingstyl nie net kenmerkend van ŉ bepaalde godsdiens is nie, maar ook die simbool dat God openbaar word.

#### 7.2.6.3 Insigte vanuit Prakties-teologiese empiriese navorsing

##### 7.2.6.3.1 Ervaring van dinamiese ontmoetingsoomblikke

Met tema 7 het 100% van die respondente aangedui dat ŉ ontmoeting tussen God en mens ŉ persoon se lewe dinamies sal verander.

#### 7.2.6.4 Praktykteoretiese riglyne

- ✓ Die dinamika in die goddelike ontmoeting tussen God en mens in die erediens word verwoord in die leefwyse van die ontvangers van hierdie ontmoeting.
- ✓ Die leefwyse is die getuienis dat ŉ dinamiese ontmoeting plaasgevind het.
- ✓ Aangesien die dinamiese ontmoeting tussen God en mens in die erediens ŉ lewende ontmoeting is as gevolg van die verlossingswerk van Christus, maak die

Gees ons deel van die liggaam van Christus en deel van die voortsetting van Christus se werk.

**PENTEKOSTALISTIESE PERSPEKTIEWE**

- ✓ Die Heilige Gees werk in die lewe van die kerk.
- ✓ ŉ Belangrike uitkoms van ŉ Heilige Gees-ondervinding in enige erediens is ŉ Goddelike ontmoeting. Hierin inspireer die Heilige Gees die ontvanger om ander te inspireer om ook op God se genade en goedheid te reageer.

### 7.2.7 Uitstuur (A7)

#### 7.2.7.1 Basisteoretiese beginsels

- ✓ Die ontmoeting tussen God en mens in die erediens is nie beperk tot die "erediens-oomblik" nie, maar moet ook ŉ blywende invloed hê op die ontvanger na afloop van die erediens.
- ✓ ŉ Besondere reaksie op goddelike ontmoetings in die erediens is dat die gemeente groei (Hand. 2:47).
- ✓ Die ontvanger van die goddelike ontmoeting reageer deur ŉ lewe van getuienis.
- ✓ God reageer ook op die offers wat die gemeente aan Hom bring in die erediens deurdat die Heilige Gees deur genadegawes werk om ŉ bewustheid te bring van God se teenwoordigheid in die lewe van die gemeente.

#### 7.2.7.2 Metateoretiese gegewens

- ✓ In Godsdiens vind daar ŉ ruiltransaksie plaas. In ruil vir die kerk se charismatiese geskenke (profetiese woorde, visioene ens.) reageer die ontvangers daarop deur geld, kos en beskerming te bied.
- ✓ Binne die Pinksterdiens word daar onder andere soos volg gereageer op God se teenwoordigheid:

  - Salwing met olie as ŉ bevestiging dat God ŉ persoon ontmoet vir ŉ dinamiese werk en hom uitstuur vir dienswerk.
  - Handoplegging.
  - Kniel,
  - ŉ Goddelike ontmoetingsoomblik lei inderdaad tot ŉ emosionele belewenis.
  - Deur aanbiddingstyl word waardering uitgespreek vir God se teenwoordigheid en opdrag om dissipels ook van ander mense te maak (Matt. 28:19).

#### 7.2.7.3 Insigte vanuit prakties-teologiese empiriese navorsing

##### 7.2.7.3.1 Ervaring van dinamiese ontmoetingsoomblikke

Met tema 7 is die respondente gevra of hulle ander mense sou uitnooi om ŉ erediens in hul eie kerk by te woon. Die reaksie was positief asook negatief. Negatief in die sin dat gebeure wat in hul kerk plaasgevind het hul beïnvloed het om mense na hul kerk uit te nooi.

#### 7.2.7.4 Praktykteoretiese riglyne

- ✓ Die kerkganger in die erediens word aangemoedig om ander ook uit te nooi om deel te hê aan sulke ontmoetingsoomblikke.

**PENTEKOSTALISTIESE PERSPEKTIEF**

- ✓ Die ontmoeting tussen God en mens word nie slegs deur vreugde, 'n nuwe lewe en herhaalde terugkeer bevestig nie, maar die reaksie op die ontmoeting lei ook tot 'n vars waardering vir God se liefde en bemoeienis met sy soekende kinders.
- ✓ Daar word ook reageer deur die kruis op te neem en Jesus te volg, al sou dit beteken om negatiewe reaksie te ontvang.
- ✓ Daar word geesdriftig getuig en vertel wat 'n persoonlike ontmoeting met God vir 'n mens se lewe gaan beteken; so word 'n goddelike opdrag vervul om 'n dissipel van Jesus Christus te wees.

### 7.2.8 Algemene opmerkings

- ✓ Vervolgens word sekere aspekte wat op die basisteoretiese beginsels (Hoofstuk 4) van toepassing is, bespreek. Die fokus val veral op die Pentekostalistiese perspektief en die ontmoetingsgebeure wat as 'n belangrike uitgangspunt van hierdie studie beskou word.
- ✓ In 'n tydperk van 100 jaar het die Pentekostalisme die belangrikste massa godsdiensbeweging in die moderne era geword (Vgl. 4.2.1.17). Daar bestaan besondere dinamika tussen die beweging en goddelike ontmoetings en word 'n paar opmerkings opsommend weergegee:

#### 7.2.8.1 Groei in die Pentekostalistiese beweging

Skematies word hierdie aspek soos volg uiteengesit:

| BESONDERE KLEM OP DIE MENS | BESONDERE KLEM OP DIE BOODSKAP |
|---|---|
| ➢ Bekering<br>➢ Verkondiging van hoop<br>➢ Postmoderne mens<br><br>A | ➢ Geloof in die produk<br>➢ Multimedia<br>➢ Aggressiewe bemarking<br><br>**B** |

***Tabel 22: Groei in Pentekostalisme***

##### 7.2.8.1.1 Wat A aanbetref

- ✓ Die belangrikste ontmoetingsoomblik tussen God en mens is bekering. (Hand 2:37,38) (vgl. 4.1.2,4.2.1.17).
- ✓ Hoop word aan die mens verkondig. Bonatuurlike oomblikke deur die werking van die charismata sluit in genesings, wonderwerke, profesieë, woorde van wysheid, kennis en geloof. Hierdie gebeure laat die mens nie net groei nie, maar gee die ontvanger daarvan 'n vaste vertroue dat God sy toekoms bewerk.
- ✓ Die mens is spiritueel honger en wil Christus herontdek (Vgl. 4.1.3).

##### 7.2.8.1.2 Wat B aanbetref:

- ✓ Ondersteuners van die Pentekostalisme het nog altyd geglo in hul produk. Sterk klem op soteriologie, pneumatologie en die eskatologie vorm die basis van 'n

ideologie wat verklaar dat geen mens verlore mag gaan nie, maar 'n persoonlike ontmoeting met God moet hê.

- ✓ Pentekostalisme verstaan bemarking. Met die begin van die beweging is nuusbriewe gebruik en versprei, tans word die multimedia aangewend om die boodskap van die goeie nuus te verkondig.
- ✓ Derhalwe staan die beweging bekend vir aggressiewe bemarking. Sendelinge word nog altyd oor die wêreld heen gestuur om die evangelie te verkondig – dit is ook hoe die boodskap Afrika en Suid-Afrika bereik het (vgl. 4.2.1.15 en 4.2.1.17). Sterk sosiale organisasie en 'n hedendaagse globale oriëntasie met 'n metakultuur vorm die grondslag van die bemarking. Laasgenoemde beteken dat alhoewel Pentekostalisme oor die wêreld heen versprei, daar bepaalde gemeenskaplike eienskappe bestaan.

#### 7.2.8.2 Interne skeurings en afsplinterings (vgl. 4.2.1.16)

- ✓ Pentekostalisme word deur hul hele geskiedenis gekenmerk deur sterk, charismatiese leiers. Die rede wat aangevoer word, is dat die leiers geroepe en gesalfde predikante is (vgl. 4.2.1.17). Die beweging se geskiedenis het geleer dat alhoewel baie van die leiers goddelike status geniet, hulle feilbaar is en verskeie skandale deur die verloop van die geskiedenis het 'n negatiewe effek op die geloofwaardigheid van die beweging tot gevolg gehad.
- ✓ Pentekostalisme was nog nooit verpligtend nie. Gevolglik is daar gereelde wisseling van mense en personeel (vgl. 4.2.1.16).
- ✓ Daar vind ook charismania plaas, waar oordrewe geestelikheid rondom alledaagse lewensaspekte die mens verwyderd laat van alledaagse lewenspraktyk (vgl. 4.2.1.16).

#### 7.2.8.3 'n Ou ideologie teenoor 'n nuwe ideologie

##### 7.2.8.3.1 'n Ou Ideologie

- Pentekostalisme se ontstaan word verbind met aan herlewings waar God deur die werking van die Heilige Gees sy kerk weer oprig, bv. die Asuza herlewing (vgl. 4.2.1.13).
- Die mark was die werkersklas en die fokus was die redding van mense en behoeftige mense is hoop gegee (vgl. 4.2.1.17).
- Intimiteit en versorging was 'n kenmerk van tradisionele Pentekostalisme en Handelinge 2 is as maatstaf gebruik waaraan kerke binne die beweging gemeet is.
- Die spreek in tale was kenmerkende optrede na bekering en 'n teken dat 'n persoon gedoop is met die krag van die Heilige Gees.
- Derhalwe is daar meer klem gelê op salwing as geleerdheid.

##### 7.2.8.3.2 Nuwe Ideologie

- Alhoewel daar steeds gereeld herlewings plaasvind soos die "Toronto Blessing", het die mark in moderne Pentekostalisme geskuif na die middelklas en hoër.
- Makrokerke wat duisende mense huisves, word opgerig met vele vertakkinge.
- Leerstelligheid soos die redding van mense word steeds uitgelig, maar Pentekostalisme het ook wêreldwyd 'n groot kommersiële karakter begin vertoon. Nuwe ideologieë soos "prosperity teaching" word verkondig waar die klem val op finansiële voorspoed wanneer God teenwoordig is. Hier bestaan gevaar vir menslike manipulasie (vgl. 4.2.2). Wêreldwyd ontstaan kleiner

huiskerke sodat teruggekeer kan word na kerkbegrip volgens Handelinge 2 (vgl. 4.2.1.17).

- Moderne Pentekostalisme verkondig ŉ lewe van die volheid van die Heilige Gees, en is die spreek in tale nie meer die enigste bewys van die doping in die Heilige Gees-krag nie. Die vrug van die Gees en ŉ lewe van getuienis is aspekte wat nou beklemtoon word. God is ŉ genadige God, wat sy kinders in liefde vergewe en onderrig.
- Salwing is steeds belangrik, maar meer waarde word ook aan geleerdheid verleen.

### 7.2.8.4 Die toekoms van die Pentekostalisme (vgl. 4.2.1.16)

- ✓ Pentekostalisme moet ernstig opgeneem word.
- ✓ Die beweging is aanpasbaar en lê klem op ŉ ekumeniese gemeenskap, wat veronderstel dat mense se unieke karakter aanvaar word (vgl. 4.2.1.16).
- ✓ Daar is sterk geloofverbintenis aan die goeie nuus: Christus wil ŉ persoonlike ontmoeting met die mens hê.
- ✓ Eredienste word gekenmerk deur spontane liturgie, nuwe gesange, deelname en uitleef van emosies. Dit is ŉ trekpleister vir die massas wat uiting wil gee aan hul menswees in hul godsdiensbelewing.
- ✓ God se Woord bly steeds die absolute norm – al word die Bybel soms emosioneel geïnterpreteer is die kernwaardes ononderhandelbaar. Alle mense moet gered word, die verlossingswerk van Christus is ŉ volkome werk en die Heilige Gees is teenwoordig in die kerk om te bou, stig en te help om God te ontmoet.
- ✓ Pentekostalisme praat ŉ universele taal. In hierdie verband is daar eienskappe van Pentekostalisme wat wêreldwyd voorkom, soos byvoorbeeld:.

  - Geestelike gawes soos spreek in tale
  - Genesing, wat ŉ sigbare bewys is van die ontmoeting tussen God en mens
  - Manifestasies van die Heilige Gees
  - ŉ Begeerte om te bid
  - ŉ Begeerte vir evangelisasie
  - Wederkomsverwagtinge
  - Meelewende lofprysing en aanbidding

### 7.2.8.5 Pentekostalisme bestaan en word verwoord in ŉ dinamiese ontmoeting tussen God-mens, mens-God en mens-mens onderling

ŉ Ontmoeting met God bewys immers God bestaan. Die dinamika lê opgesluit in dissipelskap (vgl. 4.2.2). Hierdie aspek kan Bybels verantwoord word na aanleiding van die bediening van die apostel Petrus

**Petrus**

| | |
|---|---|
| Dag van ontmoeting en roeping in Petrus se lewe | Mattheus 4:18-19 |
| Petrus reageer op die ontmoeting en word ’n volgeling | Mattheus 4:18-28 |
| Petrus word vervul met die Heilige Gees | Handelinge 2 |
| Petrus word apostel en verkondig evangelie aan vele | Handelinge 2 - |

***Tabel 23: Petrus word ’n dissipel***

### 7.2.8.6 Samevatting

In hoofstuk 2-4 is gewys op die belang en wese van die erediens as ’n uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens. Hoofstuk 5 het hierdie basisteoretiese beginsels in die metateorie getoets. In hierdie hoofstuk is hierdie beginsels bymekaar gebring en is praktykteoretiese riglyne gegee ten einde die nodige verstellings aan die praktyk te bring om dit nader aan die basisteorie te laat funksioneer (vgl. Leuschner, 2004:323).

Eerstens is sekere riglyne gegee na aanleiding van die basisteoretiese beginsels (soos dit in Hoofstuk 2-3 saamgevat en uitgedruk is). Aandag is gegee aan:

- Ontmoetings in die erediens
- Verootmoediging in die erediens
- Versoening in die erediens
- Die woorddiens in die erediens
- Die reaksie/responsoria in die erediens
- Dinamiese ontmoeting in die erediens
- Uitgestuur: die opdrag van die erediens


Vervolgens is gefokus op algemene riglyne wat die basisteoretiese beginsels (Hoofstuk 4) bespreek. Die fokus het geval op die Pentekostalistiese perspektief en ontmoetingsgebeure. Hier is aandag gegee aan:

- Die Pentekostalistiese beweging groei
- Die kanker van binne – skeurings en afsplinterings
- ’n Ou ideologieë teenoor ’n nuwe ideologie
- Die toekoms van Pentekostalisme lyk steeds rooskleurig
- Pentekostalisme bestaan en word verwoord in ’n dinamiese ontmoeting tussen God-mens, mens-God en mens-mens onderling

Laastens gaan aandag gegee word aan samevattende bydraes uit ’n Pinksteroogpunt vir die daarstel van ’n model vir die erediens met spesifieke aksent op ontmoetingsgebeure.

## 7.3 BEPAALDE BYDRAES UIT `N PINKSTEROOGPUNT VIR DIE DAARSTEL VAN `N MODEL VIR DIE EREDIENS AS UITDRUKKING VAN DIE DINAMIESE ONTMOETING TUSSEN GOD EN MENS.

As raamwerk vir die model word aangesluit by die navorsing wat Letšosa (2005:397) gedoen het om ʼn volledige liturgie vir aanbidding vir die Gereformeerde kerke daar te stel. In samewerking hiermee word daar ook gelet op figuur 86 (p. 172) van hierdie studie. Die gedagte is om die model so saam te stel dat ʼn Pentekostalistiese perspektief op die erediens as ontmoetingsgebeure gestel kan word. Daar gaan ook gelet word op die praktiese implikasies van hierdie model vir die belewenis van die erediens vandag. Die beeld kan soos volg voorgestel word:




***Figuur 89: ʼn Pentekostalistiese perspektief op die erediens***

Uit die model kan die volgende afleidings gemaak word:

- In ʼn Pentekostalistiese perspektief gebruik ons voorbereiding vir die ontmoeting asof die voorbereiding die ontmoeting bewerkstellig, terwyl God reeds in ons midde is. God drie-enig word verwelkom, die gemeente word verwelkom. Die grond word bewerk vir ontmoetingsgebeure om in die erediens plaas te vind.
- Die gemeente word aangemoedig om deur aanbidding, sang en musiek, hulself te verootmoedig. God word geëer vir Sy teenwoordigheid en in respons word daar

gebid, hande opgesteek, uitgeroep en gekniel om hulself te stel as 'n welgevalle offer vir die goddelike ontmoeting wat besig is om plaas te vind.

- In die heilige teenwoordigheid van God kan die kerkganger nie anders as om intens bewus te wees van sy eie tekortkominge en sondige natuur nie. Versoening word opnuut bewerk tussen God en die gemeente. Belydenis word gedoen in stilte of selfs luidrugtig en dank word teenoor God uitgespreek omrede Hy toeganklik is vir 'n ontmoeting. Die gesindheid van die gemeente is een van nederigheid en diepe afhanklikheid.
- Lofprysing en aanbidding word voortgesit deur die woorddiens. Skriflesing berei die hart van die gemeente voor dat God deur die werking van die Heilige Gees die mens gaan ontmoet. Dinamiese, demonstratiewe prediking roep die gemeente tot inkeer en groei in hul verhouding met God. Die woorddiens word bevestig met 'n uitnodiging om daarop te reageer, en gehoorsaamheid aan die uitnodiging produseer vrug in die lewe van die gemeente.
- In reaksie loof en prys die gemeente weereens God deur sang, musiek en gebed, en word die Heilige Gees toegelaat om die gang van die erediens te bepaal. Die gevolg hiervan is 'n besondere broederskap tussen die gemeentelede omrede die gees van God die gemeente bou en stig. Die vrug hiervan stig nie net die gemeente nie, maar ook die wat leef buite die deure van die kerk. Spontane reaksie is die vrug van die Gees (Gal.5:22) wat die liefde tussen God en Sy mense in die ontmoeting bevestig.
- Die gemeente word aangemoedig om ook kerk te wees buite die deure van hul kerkgebou. Hierin word die liturgiek van die lewe gedemonstreer deurdat ontmoetings tussen God, Sy gemeente en die mense daarbuite bewerk kan word sodat God se kerk kan groei. Uitstuur is nie 'n keuse nie, maar wel 'n opdrag, en hierin word die krag van 'n ontmoeting gedemonstreer. Ontmoetings met God is haalbaar vir alle mense.
- Die hoofmoment van figuur 89 is sonder twyfel die dinamiese ontmoeting tussen God en Sy mense tydens die erediens. Hierdie dinamiese ontmoeting word bevestig deur die charismata, wonders en tekens, getuienis en veranderinge wat plaasvind in die lewe van die gemeente as gevolg van hierdie ontmoeting. Daarom word die erediens nooit afgesluit nie, maar bly dit voortleef in die lewe van die mens wat dit deelagtig was.

### 7.3.1 Die gebruik van die model

Die model kan soos volg vir die erediens aangewend word:

✓ Wat die voorbereiding van die erediens aanbetref speel gebed 'n belangrike rol. Die kinderbediening, jeugbediening, musiekbediening en ander bedieningsgroepe moet tyd saam in gebed deurbring.

✓ Musiek en sang moet deelnemend wees. Gemeentes word soms bederf met goeie musikante en sangers in hul geledere. Ontgin hierdie talent deur lof en aanbiddingspanne te ontwikkel. Dit ontgin talent in die gemeente en moedig gemeente-betrokkenheid in eredienste aan.

✓ Liturgiese personeel behoort voor enige erediens tyd in gebed saam deur te bring, dit berei die tafel voor vir die ontmoetings.

✓ Eredienste behoort daarop ingestel te wees dat die teenwoordiges die Here kan aanbid vanuit hul unieke spiritualiteit. Goeie lering kan hieroor aangebied word en die predikant en liturgiese span behoort leiding daarin te neem.

✓ Aan die einde van die erediens kan geleentheid vir getuienis gegee word. Hierin lê dinamika opgesluit:, die bevestiging dat God ontmoet is.

✓ 'n Voorstel vir die liturgiese aktiwiteite vir 'n erediens kan vanuit 'n Pentekostalistiese perspektief soos volg wees:

- Die ontmoeting van gemeentelede en besoekers voor die erediens met besondere klem op gasvryheid;
- Die speel van musiek in die kerk voor die erediens; dit bewerk die atmosfeer vir 'n ontmoeting;
- Die verwelkoming met die aanvang van die erediens. 'n Informele gesprek word voorgestel;
- Die lofprysings- en aanbiddingsgedeelte volg waarin 'n paar liedere saam gesing kan word. Skep 'n ruimte waar die gemeente geleentheid kry om die woorde van die liedere in hul lewe te verwoord deur aanbidding;
- Die prediking volg hierop. Predikers kan meer demonstratief wees en selfs uiting aan emosies gee. Predikers moet goeie kommunikeerders wees. Die krag van prediking lê juis daarin om die boodskap verstaanbaar aan die kerkgangers weer te gee.
- 'n Geleentheid vir gemeente-deelname deur sang, getuienis, selfs danse om die dinamiek van die gemeentelewe te beklemtoom;
- Afsluit en verdaag. Moedig die gemeente aan om na afloop van die erediens tyd met 'n paar ander gemeentelede deur te bring voor hulle huiswaarts keer.

### 7.3.2 Slot

Die erediens is ontmoetingsgebeure waar God se teenwoordigheid aangedui word aan die mens. Die dinamika is daarin opgesluit dat die mens herhaaldelik sal terugkeer om weer so 'n ontmoeting te ervaar. Hierin lê die uitdaging vir enige kerk: om sy mense te oortuig dat ontmoetings in die erediens plaasgevind het sodat verdere ontmoetings gereël kan word. Die antwoord hierop is in die bywoning, meelewing en ervaring in die erediens.

Binne die Pinksterraamwerk is hierdie ontmoeting bepalend en is die uitkoms van die erediens gevestig in die wyse waarop die teenwoordigheid van God deur die mens beleef word.

Die erediens is 'n dinamiese ontmoetingsgebeure tussen God en mens. Dit is die hartklop vir voortdurende lewensveranderde oomblikke in menselewens wat hierdie ontmoetings in die erediens meemaak.

# SAMEVATTING

Hoofstuk 1 van hierdie studie fokus op die ondersoek van die liturgie in die erediens vanuit Pinkster-belewenis. Die aksent van die studie is die erediens as ŉ uitdrukking van die dinamiese ontmoeting tussen God en mens. Hierdie ontmoetingsoomblikke is tref-oomblikke in die erediens wat die erediens ŉ vertoonvenster maak van gebeure soos koinonia, kerugma, musiek, gebed en meelewing wat ervaar word deur alle teenwoordiges.

Die dinamika wat in die erediens ter sprake is, het ten diepste met ontmoetingsgebeure te doen. Die studie vind aansluiting by Zerfass se model vir praktiese teologie, naamlik dat eers ŉ basisteorie ontwerp moet word (hoofstuk 2-4) (vgl. Leuschner, 2004:335), waarna perspektiewe uit die metateorie geneem word (hoofstuk 5). Hierdie perspektiewe sluit perspektiewe vanuit ander vakwetenskappe en ŉ empiriese ondersoek (hoofstuk6) na die situasie in die praktyk in. Uiteindelik artikuleer praktykteoretiese perspektiewe ŉ nuwe teorie (Hoofstuk 7). Sodoende word vanuit die twee refleksiedomeine van basisteorie en situasie/werklikheid in hermeneutiese wisselwerking ŉ nuwe praktykteorie ontwerp.

## 1. Die Basisteorie

In hoofstuk 2-4 is die basisteorie ondersoek. Hierdie ondersoek het eksegetiese ondersoeke van 2 Kronieke 5-7, Handelinge 2 en 1 Korinthiërs 11-14 ingesluit. ŉ Literatuurstudie oor aanbiddingspraktyke in die Ou en Nuwe Testament is gedoen en daar is ook aandag gegee aan die ontmoetingsoomblikke deur die loop van die geskiedenis, wat ook die kerkgeskiedenis binne die Pentekostalisme ingesluit het. Wat die erediens as ŉ dinamiese ontmoetingsgebeure aanbetref, is die volgende basisteoretiese beginsels uiteindelik afgelei:

A1 Die erediens is ŉ ontmoeting. Die erediens moet deeglik voorberei word. Dit sluit alle fasette in, nie net die gebeure in die erediens nie, maar ook die gebeure voor die aanvang van die erediens. Die liturgiese aktiwiteite soos musiek en sang kom ook hier ter sprake.

A2 Die erediens is ŉ plek van verootmoediging en daar word met danksegging op God se teenwoordigheid gereageer.

A3 Die erediens is ŉ plek van versoening. In die kruisdood en opstanding van Christus kan God nou die gemeente in die erediens ontmoet.

A4 Die erediens is ŉ woorddiens. Deur die prediking ontmoet God en volk. Prediking is ŉ dinamiese aktiwiteit aangesien dit ŉ kragtige getuienis lewer onder die salwing van die Heilige Gees.

A5 Daar is ŉ blywende reaksie by die mens op ŉ goddelike ontmoeting in die erediens. Dis ŉ feesvierende reaksie wat ook onderling met mekaar gedeel word.

A6 Die erediens is ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en mens. Hierdie ontmoeting word vergestalt in die charismata, sang, musiek, aanbidding en getuienis wat dit deelagtig is.

A7 Buite die deure van die erediens word ŉ dinamiese lewe uitgeleef en word God se gemeente uitgestuur met die opdrag om dissipels van alle mense te maak.

## 2. Die Metateorie

Hoofstuk 5 het die basisteoretiese beginsels uit die hoek van die metateorie ondersoek. Ander vakwetenskappe, naamlik die Sosiologie, Kommunikasiekunde, Psigologie en die Antropologie is ondersoek. Die volgende gevolgtrekkings is gemaak:

### 2.1 Sosiologie

- ✓ In godsdiens vind daar ŉ ruiltransaksie plaas. In ruil vir kerkleiers se charisma ontvang hulle beskerming van hul lede. Hierdie ruiltransaksie funksioneer in enige godsdienstige gemeenskap, beslis ook in die Pentekostalisme.
- ✓ Binne die samelewing is die beoefening van godsdiens ŉ geestelike markplein waarbinne die individue "inkopies" doen om hul geestelike behoeftes te bevredig. Pentekostalisme is ook so ŉ inkopiesentrum.

### 2.2 Kommunikasiekunde

- ✓ Daar is ŉ voortdurende wisselwerking tussen ontmoeting en kommunikasie.
- ✓ Religieuse kommunikasie help die mens om homself op ŉ etiese vlak te vind sodat God aan hom openbaar kan word – so ontmoet God en mens.
- ✓ God is die bron in die kommunikasie van die erediens, die Heilige Gees is die sein, die Woord, prediker, liturgiese aktiwiteite en die gehoor word deur tekens en simbole geïnspireer sodat die erediens as ontvangslokaal hiervan die weg voorberei vir ŉ dinamiese ontmoeting tussen God en mens in die erediens. Dit is alles gerealiseer deur die verlossing wat Christus aan die kruis bewerk het.
- ✓ ŉ Ontmoeting met God is ŉ inspirerende dinamiese oomblik wat ook ander mense se lewens binne en buite die kerk raak, wat die sukses van kommunikasie as ontmoetingsgebeure bevestig.

### 2.3 Psigologie

- ✓ Emosie het ŉ bepalende invloed op die godsdienstige oortuigings van die mens, Pentekostalisme laat emosionele belewing toe aangesien mens nie anders kan as om emosioneel te reageer op ŉ goddelike ontmoeting nie.

### 2.4 Antropologie

- ✓ Pinkster het ŉ eiesoortige liturgie ontwikkel waarin die Bybel, musiek en gawes van die Heilige Gees belangrike simbole geword het. Binne hierdie perspektief is die Bybel die absolute norm waarbinne alle geloofswaarhede in die Pentekostalisme funksioneer.

## 3. Die Empiriese studie

Die lewenspraktyk is aan die hand van vier Pinksterkerke (Doksa Deo, die AGS, VEK, en PPK) ondersoek. Kwalitatiewe onderhoude is gevoer en van die belangrikste uitkomste is die volgende:

- ✓ Tema 1 het aangedui dat 100% van die respondente glo dat bepaalde ontmoetings in die erediens plaasvind.
- ✓ Tema 2 het aangedui dat 100% van die respondente glo dat liturgiese aktiwiteite ŉ ontmoeting in die erediens bewerk.
- ✓ Tema 3 het aangedui dat 100% van die respondente glo dat sang en musiek ŉ ontmoeting in die erediens bewerk.

- ✓ Tema 4 het aangedui dat 100% van die respondente glo dat prediking 'n ontmoeting in die erediens bewerk.
- ✓ Tema 5 het aangedui dat 100% van die respondente glo dat mens-mens ontmoetings in die erediens goddelike ontmoetings kan wees.
- ✓ Tema 6 het aangedui dat 100% van die respondente glo dat ontmoetings in die erediens plaasgevind het.
- ✓ Tema 7 het aangedui dat 100% van die respondente glo dat 'n ontmoeting tussen God en mens hul lewe dinamies kan verander.

Die empiriese studie het die hipotese van die navorsing gedeeltelik bevestig dat die erediens 'n uitdrukking is van 'n dinamiese ontmoeting tussen God en mens op drie vlakke. Die vlakke het egter gevarieer en dinamika het ook by tye ontbreek.

## 4. Die Praktykteorie

Ten einde 'n praktykgerigte projeksie daar te stel, is die volgende riglyne verskaf:

- ✓ Riglyne spesifiek gerig op bepaalde basisteoretiese beginsels vanuit hoofstuk 2-4. Besondere aksent is op die liturgiese aktiwiteite in die erediens geplaas, veral ten opsigte van:
  - Liturgiese aktiwiteite wat die erediens voorafgaan;
  - Liturgiese aktiwiteite wat in die erediens afspeel;
  - Liturgiese aktiwiteite wat ter sprake is met die afsluiting van die erediens.
- ✓ Algemene riglyne wat op hoofstuk 4 van toepassing is. Aangesien hierdie studie 'n Pentekostalistiese perspektief handhaaf, is die Pentekostalisme in nabetragting van nader beskou en toekomsbeeld geskets.

Om hierdie proses te fasiliteer is 'n model daargestel waarvolgens basisteoretiese beginsels toegepas kan word. Die doel van die model is om ontmoetingsoomblikke in die erediens vanuit 'n Pinksteroogpunt toe te lig. Sake wat aandag geniet het in die erediens is ontmoetings, verootmoediging, versoening, woorddiens, reaksie, dinamiese ontmoeting en dissipelskap.

## 5. Gevolgtrekking

Die ontmoeting staan sentraal in die erediens. Vanuit 'n Pentekostalistiese perspektief hang alles wat in die lewe van die gemeente gebeur van hierdie ontmoeting af. Dit is 'n goddelike ontmoeting, tog ook 'n mens-ontmoeting met dinamiese gevolge en word die wonderlike geur van die evangelie met almal wat die erediens bywoon, gedeel.

## 6. Terreine vir verdere ondersoek

Op grond van die navorsing wat vir hierdie studie gedoen is, is veral twee terreine geïdentifiseer vir verdere ondersoek:

- ✓ 'n Diepte-analise van "Prosperity Teaching" en die invloed daarvan op die toekoms van die Pentekostalisme.
- ✓ Die beoefening van charismata in die bediening van die gemeente.

# OPSOMMING

**DIE EREDIENS AS ’n UITDRUKKING VAN DIE DINAMIESE ONTMOETING TUSSEN GOD EN MENS: ’n PENTEKOSTALISTIESE PERSPEKTIEF.**

Pentekostalisme speel ’n belangrike rol in kerkgroei. Die erediens staan sentraal in die bewerking van ontmoetingsoomblikke tussen God en mens, asook mense onderling. Om hierdie rede is die erediens ’n uitdrukking van dinamiese gebeure in die lewe van God en die mens wat soekend is na so ’n ontmoeting. Gevolglik is hierdie aksent nagevors om vas te stel watter bydrae die Pinksterdiens kan bied om die lewe van die erediens te versterk.

Hoofstuk 2-4 het belangrike begrippe verhelder waaronder dinamiese ontmoetingsgebeure verstaan word as gebeure in die erediens wanneer die krag en mag van God drie-enig die mens wat dit beleef op ’n wonderlike wyse aanraak.

Eksegetiese studies van 2 Kronieke 5-7 om ontmoetingsoomblikke in die Ou Testament te ondersoek, asook Handelinge 2 om ontmoetingsoomblikke in die Nuwe Testament te ondersoek, is in diepte gedoen. 1 Korinthiërs 11-14 is ook van nader beskou om die rol van die Heilige Gees as bewerker van ontmoetings in die lewe van die kerk toe te lig.

Uit die navorsing is aandag gegee aan aspekte wat die voorbereiding van die erediens raak. Die invloed van musiek om ’n atmosfeer vir die ontmoeting in die erediens te bewerk is van nader bekyk. Verdere klem op die prediking in die erediens, die afsluiting van die erediens deur gebed asook die reaksie op die ontmoeting en die gevolge van so ’n ontmoeting in die erediens is verwoord.

Die dinamika lê juis opgesluit in ’n lewe van dissipelskap wat volg op ’n wonderlike ontmoeting tussen God en mens. Die erediens is ’n ideale geleentheid om so ontmoeting te fasiliteer.

Hoofstuk 5 het vakwetenskappe soos Sosiologie, Kommunikasiekunde, Psigologie en Antropologie bestudeer. Hierdie vakwetenskappe ondersteun die beginsels in Hoofstuk 2-4 en bied belangrike perspektiewe vir die praktiese toepassing daarvan. Die situasie in die praktyk is deur ’n empiriese ondersoek verder nagevors. Die ondersoek het getoon dat ontmoetingsoomblikke sentraal staan in die belewing van die mens in die erediens.

Hoofstuk 7 poog om praktykgerigte riglyne te bied sodat ’n verstelde praksis oorweeg kan word. Ten slotte is ’n model daargestel waarbinne sekere aspekte vanuit ’n Pinkster-oogpunt oorweeg kan word om die erediens beter vir ’n dinamiese ontmoeting in te rig. Die toets vir enige erediens is uiteindelik of die ontmoeting wel plaasgevind het en of dit ’n dinamiese gevolg het in die lewe van die een wat dit ontvang het. Uiteraard is hierdie aspek die hart van die erediens, om ’n ontmoeting tussen ’n genadige God en Sy soekende kind te bewerk.

# ABSTRACT

**PUBLIC WORSHIP AS AN EXPRESSIVE FORUM AS IT RELATES TO THE DYNAMIC ENCOUNTER BETWEEN MAN AND GOD: A PENTECOSTAL PERSPECTIVE.**

Pentecostalism has, in recent times, undeniably contributed towards the growth of the church as a whole. Public worship services inherently submit and contribute towards the meeting between man and God as well as fellowship between the people who form part of said service. Public services in honor of God speak to the purposes of God and man's fundamental desire to meet with our Creator. Consequently, research into this phenomenon proves vital in determining and even extending the role of the Pentecostal ideology in correlation to the longevity of honorary public services.

Chapters 2 through 4 shed light on some of the key concepts that clarifies the dynamic nature of these events, throughout the service wherein the radiant power of God touches the human heart in some astounding ways.

Exegetic studies have been undertaken into 2 Chronicles 5-7 which examines these instances of divine meeting in the Old Testament while the second chapter of Acts deals with the event from a New Testament perspective. In addition to this, 1 Corinthians 11-14 was utilized to highlight the role of the Holy Ghost as the instigator for divine meeting.

Specific issues addressed by the research include service preparation and the role of music and its contribution to ambience preceding a meeting between man and God. Moreover, a keen focus on the sermon and the delivery thereof as well as its progression leading up to the conclusion and summary in closing and prayer, are all dealt with as part of this study.

This dynamic, in essence, becomes visible through the statement issued by the life of each disciple as a living testament to this consuming and changing event. Honorary public services fit the bill as an event to promote divine meeting.

Chapter 5 delves into some of the auxiliary sciences i.e. sociology, communication science, psychology and the field of antropology. The principles in chapters 2 through 4 are affirmed by these aspects of science and provide perspective on the practical applications thereof. All these factors in relation to practice have also been scrutinized through empirical research. This research clearly places divine meeting as a central to and inseparable from perceiver experience.

Chapter 7 provides practical guidelines to alternative approaches in practicum. The study proposes a model whereby certain aspects can be examined from a Pentecostal point of view in order to tailor services as a dais for divine meeting. Most importantly it should be evident in the life of the participant that they have truly encounter God. This meeting is the prime objective and at the heart of public service. It serves and should always serve as a doorway to Christian life.

# SLEUTELTERME
# KEY WORDS

| **SLEUTELTERME** | **KEY WORDS** |
|---|---|
| Dinamiese ontmoetingsgebeure | Dynamic Encounters |
| Emosie | Emotion |
| Erediens | Public worship service |
| Liturgie | Liturgy |
| Pentekostalisme | Pentecostalism |
| 1Kronieke 5-7 | 1 Chronicles 5-7 |
| Handelinge 2 | Acts 2 |
| 1 Korintiërs 11-14 | 1 Corinthians 11-14 |

# BIBLIOGRAFIE


ABBOTT, T. 1966. Sancrosanctum Councilium (In the documents of Vatican II). American Press. s.n.

ACKROYD, P. R. 1991. The Chronicler in His Age. Sheffield: Jsot Press.

ADAMS, K & GALANES, G.J. 2003. Communication in groups. Applications and Skills. New York: McGraw – Hill.

ALBRECHT, D.E. 1999. Rites in the Spirit: A Ritual approach to Pentecostal/Charismatic Sprituality. *Journal of Peneacostal Theology Supplement Series 17.* Sheffield: Sheffield Academic.

ALLEN, L.C. 1999. The New Interpreter's Bible. A commentary in twelve volumes. Nashville: Abingdon Press.

ALLPORT, G.W. 1963. Pattern and Growth in personality. New York: Holt, Rinehart & Winston.

ANDERSON, A. 2004. An introduction to Pentecostalism. Cambridge: University Press.

BANG, S.J. 2004. The form of the sermon and effective communication. A homiletical study. Potchefstroom: PU vir CHO. (Thesis – Ph.D.)

BARKER, M. 2003. The temple roots of Christian Liturgy. London: T & T Clark LTD.

BARKER, M. 2004. Temple Theology. An Introduction. London: Mpg Books Limited.

BARNARD, A.C. 1981. Die Erediens. Pretoria: NG kerkboekhandel.

BARNARD, M. 1998. De Weg van de Liturgie: Tradities, achergronden, praktyk. Zoetermeer: Meinema

BARNETT, P. 1999. Jesus and the rise of early Christianity. A History of New Testament Times. Downes Grove, Illinois: Intervarsity Press.

BARRETT, C.K. 2004. Acts 1 – 14. International Critical Commentary. London/ New York: T & T Clark International.

BECHWITH, R.T. 1992. The Jewish background to Christian worship. (In Jones, C Wainwright, G, Yarnold. E, Bradshaw, P. eds. The study of Liturgy. London: SPCK. p 68 – 79).

BEEBE, S.A. 2005. Interpersonal communication. United States of America: Pearson Education.

BEKKER, T.H. 2008. Die belewing van God se teenwoordigheid in die erediens. Universiteit van Pretoria (Verhandeling Th.M.)

BENNIS, SCHEIN, STEEL & BERLEW. 1968. Interpersonal dynamics: Essays and readings on human interaction. Dorsey: Homewood.

BINDER, D.D. 1997. Into the Temple Courts. The Place of the Synagogues in the Second Temple Period. Atlanta Georgia, USA: Society of Biblical Literature.

BLOMBERG, C. 1994. 1 Corinthians. The NIV application Commentary.Michagen: Zondervan Publishing House.

BOCK, D.L. 2009. Acts. Baker Exegetical Commentary on the New Testament. Michagan, USA: Baker academic, Grand Rapids: Mick

BORG, M.J. 2005. The Spirit Filled experience of Jesus. In James D.G. Dunn & Scott Mcknight, p. 303-314. [The historical Jesus in recent research. Sources for Biblical and Theological studies, volume 10]. Winona Lake, Indiana: Eisenbrauns.

BOTES, A. 2010. Tabernakel. Kaapstad: Tafelberg.

BOWKER, J. 1994. Worship. Themes in Religious Studies. London: Printer Publishers.

BRASO, O.S.B. 1960. Liturgical Spirituality. Tr. L. Doyle, Collegeville Mn: Liturgical Press.

BROWN, R. 1973. Rules and laws in Sociology. London: Routledge & Kegan Paul.

BURGER, I. The pentecostal movement in historical perspective. [Beskikbaar op Internet:] http://www.afm – ags.org [Datum van gebruik: 15 Sept 2008].

BURKE, J. 2003. Paul and the Corinthians: studies on a community in conflict: essays in honour of Margeret Thrall. Leiden, Boston: Brill.

BUYS, P.W. 1996. The Pentecostalism. (In De Bruyn, P.J., ed. Apologetics perspectives. PU/CHE: Sentrale Publikasies. P 56 – 93.)

CALHOUN, C., LIGHT, D. & KELLER, S. 1997. Sociology. 7th ed. New York: Mcgraw – Hill.

CALHOUN, C., ROJEK, C. & TURNER, B. 2005. The Sage Handbook of Sociology. London: Sage Publications.

CHETTY, D. 2006. A Pentecostal Theology of Mission. *African Journal of Pentecostal Studies,* 3: 4 – 18.

CILLIERS, J.H. 2008. “Skrifgetrouheid” in die Erediens. Kantaantekeninge by ’n kerkbelydenis. [Beskikbaar op Internet:]http://www.academic.sun.ac.za/tsv/staff/cilliers.html [Datum van gebruik: 4 Oktober 2011].

COETZEE, J.C. 1997. Hermeneutics and exegesis of the New Testament. Orkney: EFJS.

COLEMAN, S. 2000. The Globalisation of Charismatic Christianity: Spreading the Gospel of Prosperity. Cambridge: University Press.

CONNER, K. J. 1976. The Tabernacle of David. The presence of God as experienced in the Tabernacle. Portland, Oregan: City Bible Publishing.

COX, H. 2007. Fire from Heaven. University of California Press: Berkeley.

DAWSON, G.S. 2004. Jesus ascended. The meaning of Christ continuing Incarnation. London, New York: A Continuum Imprint

DEARMAN, J. A. 2003. Religion & Culture in Ancient Israel. Massahusetts, USA: Hendrickson Publishers.

DE KLERK, B.J. 1987. Die Heilige Gees in die verhouding skriflesing, prediking en gebed in die erediens. Potchefstroom. PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D)

DE KLERK, B.J. & DREYER, T.F. 2007. Die rol van die gemeente as geloofsgemeenskap in die begeleiding tot belydenisaflegging. *In die Skriflig*, 41(2): 209 – 232.

DE KLERK, B.J. & VAN RENSBURG, F.J. 2005. Preekgeboorte. Pretoria: V & R Drukkers.

DE MARIS, R.E. 2008. The New Testament in its Ritual World. London, New York: Routledge.

DE RUITER, T. 2005. Het ontstaan van de Pinksterbeweging.[ Beskikbaar op internet:] http://www.vpe.nl/index.php?option=com_content&task=view&id=199&Hemed=94 (Datum van gebruik: 7 April 2012).

DE VILLIERS, J.L.1977. Die Handelinge van die Apostels, Deel I. Kaapstad: NG kerk Uitgewers.

DE WET, F.W. 2006. Die aanwending van Rolf Zerfass se handelingswetenskaplike model in prakties-teologiese teorie vorming, 'n gereformeerde perspektief. *In die Skriflig 40 (1): 57-87*

DILLARD, B. 1987. World Biblical Commentary, Volume 15. Texas: Word Books.

DINGEMANS, G.D.J. 1991. Als hoorder onder die hoorders. Kampen: Kok.

DIX, G. 1945. The Shape of the Liturgy, 2nd ed: London. s.n.

DU PLESSIS, I.G.L. 1984. Pinkster Panorama: 'n Geskiedenis van die Volle Evangelie kerk van God in Suidelike Afrika. Silverton: Promedia – Publikasies (Edms.) Bpk.

DU PLESSIS, I.J. 1993. Die Bybel in Praktyk. Medewerker, Matthéüs. Vereeniging: Christelike Uitgewers Maatskappy.

DU PREEZ, A.P. 2006. Die gesindheid van die hoorder as moontlike geruis (kommunikasiestoornis tussen prediker en gehoor) in die oordrag van die preek. 'n Homiletiese studie. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling – M.A.)

DU RAND, J.A. 1993. 1 Korintiërs. (In: Vosloo, W & Van Rensburg, F., reds. Die Bybel in Praktyk. Vereeniging: Cum.)(In Logos Bybelbiblioteek vlak 3.) [CD Rom.]

DURKHEIM, E. 1961. The Elementary forms of the Religious Life. New York: Collier.

DU TOIT, A. 1998. The New Testament Milieu. Orion: Halfway House.

DYCKE, J. E. 1998. The Theocratic Ideology of the Chronicler. Netherlands: Brill, Leiden, Boston, Kölu: s.n.

EDWARDS, D.L. 1997. Christianity. The firts two thousand years. Maryhnoll, New York: Orbis Books.

ERASMUS, J.A. 2001. Die praktyk van jeugbediening binne Gereformeerde gemeente opbou. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling – Th.M.)

ERNSTZEN, C. 2006. The Physical Manifestations of the Glory of God – Fact or Fiction? *African journal of Pentecostal studies.* South Africa: Hebron Press

FAUPEL, D. W. 1993. "Whither Pentecostalism?" Pneuma 15: 1 (1993), 9 – 28. The Everlasting Gospel: The Significance of Escathology in the Development of Pentecostal Thought. Sheffield: Academic Press.

FINKELSTEIN, L. 1975. The Origin of the Synagogue.(In Gutmann, J. The Library of Biblical studies, The Synagogue: Studies in Origin, Archaeology & Architecture. USA: KTAV Publishing House, Inc.)

FRETHEIM, T. 1991. Exodus, Interpretation: a Bible Commentary for Preaching and Teaching. Louisville: Johu knox Press.

GIDDENS, A. 2009. Sociology. USA: Polity Press.

GREIDANUS, S. 1988. The modern preacher and the ancient text. Interpreting and preaching biblical literature. Grand Rapids: IVP.

GREY, J. 2011. Three's a crowd. Pentecostalism, Hermeneutics, and the Old Testament. Eugene, Oregon USA: Pickwick Publications.

GUTMANN, J. 1975. The Library of Biblical Studies, The Synagogue: Studies in Origin, Archaeology and Architecture. USA: KTAV Publishing House, Inc.

GUZIK, H 2006. The Chronicals [Beskikbaar op Internet] http://www.enduringword.com/commentries/1407 [Datum van gebruik: 13 November 2013]

HAMLIN, S. 2005. How to talk so people listen. New York: Collins Business.

HANCOCK & TYLER. 2001. Work, Postmodernism and Organization. a Critical introduction. London: SAGE Publications.

HANDLER, R. 2004. The Story of Anthropology. Volume 10. Significant others. Interpersonal and professional Commitments in Anthropology. London, The University of Wiscousin Press.

HARVEY, A.E. 2004. A Companion to the New Testament, Second Edition. Cambridge: University Press.

HEITINK, G. 1999. Practical Theology: history, theory, action domains. Translated by Reinder Bruinsma. Grand Rapids: Eerdmans

HENDRIKS, J. 2003. Die Toekoms van die kerk, die kerk van die Toekoms. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch Drukkery.

HENNEL, M. 1988. Die Geskiedenis van die Christendom. Die Evangeliegesindes. Kaapstad: Struik Christelike boeke.

HENRY, M. 1992. Zondervan NIV. Matthew Henry Commentary. Cambridge: Tyndale House.

HEYNS, L.M. 1990. Modelle as hulpmiddels vir die verkeer tussen teorie en praxis. (In: Heyns, L.M. & Pieterse H.J.C. Eerste treë in die Praktiese teologie. Pretoria: Gnosis.p. 36 – 40.)

HEYSTEK, P.H. 2000. 'n Prakties-teologiese ondersoek van die "mekaar-opdragte" in die corpus Paullinium met die oog op kerklike geloofsgemeenskap. Potchefstroom: PU vir CHO.(Proefskrif Th.D.)

HILL, A.E. & WALTON, J.H. 2009. A survey of the Old Testament. China: Zondervan.

HOENIG, B. 1975. The Suppostions Temple Synagogue. (In Guttman, J. The Library of Biblical Studies, The Synagogue: Studies in Origin, Archaeology & Architecture. USA: KTAV Publishing House, Inc.)

HORSLEY, R.A. 1998. 1 Corinthians. Abingdon New Testament Commentries. Nashville: Abingdon Press.

HUGHES, G. 2003. Worship as Meaning. Cambridge: University Press.

HUMMEL, C.E. 1993. Fire in the Fireplace. Charismatic Renewal in the Nineties. USA: Intervarsity Press, Downers Grove, Illinois.

HURTADO, L.W. 1999. At the Origins of Christian Worship. Grand Rapids, M1: Zondervan.

ISAAC, K. 2005. An Ancient Israel Historian. Studies in the Chronicler, His Time, Place and Writing. Vol 46. The Netherlands: Koninklije van Gorcum Ansen.

JACOBS, A.C. 2008. Die pastor se belewenis van die uitdagings in multikulturele Pinkster – Charismatiese gemeentes van Suid-Afrika. Universiteit van Johannesburg. (Proefskrif – Doctor Litterarum et Philosophiae.)

JANSE VAN RESBURG, J. 2004. Wat is 'n Gereformeerde Liturgie? *Acta Theologica*: 45 – 50.

JAPHET, S. 1993. 1 & 11 Chronicles. The Old Testament Library. Louisville Kentucky: John Knox Press.

JENKINS, P. 2011. The next Christendom. The coming of global christianity. Oxfort. University Press.

JODISON, S. 2005. The joy of sects. An A – Z of cults, cranks and religious eccentries. England: Robinson Books.

JONES, C., WAINWRIGHT, E., YARNOLD, S.J. & BRADSHAW, P. 1992. The study of liturgy. Oxford: University Press

JONKER, W.D. 1976. Die woord as opdrag. Pretoria: NG kerkboekhandel.

JOUBERT, J.J. 2008. A Pentecostal Theological reflection on the emerging church movement. Universiteit van Johannesburg. (Proefskrif – Doctor Litterarum et Philosopiae).

KEENER, C.S. 2009. The historical Jesus of the gospels. Michigan/Canbridge, UK: Grand Rapids

KEITH, F. 2003. Continuum Worship. New Century Theology. London, New York: MPG Books LTD, Bodmin, Cornwall.

KELLY, B.E. 1996. Retribution, and Eschatology in Chronicles. England: Sheffield Academic Press, Mansion House.

KELSEY, M. 1981. Tongue Speaking: The History of Meaning of Charismatic Experience. New York: Crossroad.

KLAUS, B.D. 1990. Pentecostalism as a global culture. An Introductory overview. In Dempster, Klaus & Peterson (eds), The Globalization of Pentecostalism: A Religion made to Travel, p 127. Regnum Pr.

KNUTTILA, M. 1996. Introducing sociology: a Critical perspective. Ontario: Oxford University Press.

KRUGER, F.P. 1999. Prediker en preekgesindheid. 'n Praktiese-Teologiese studie in die lig van die Pastorale Briewe. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling-Th.M.)

KRUGER, F.P. 2002. Prediking en gesindheidsverandering. 'n Praktiese-Teologiese studie in die lig van Hebreërs. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif-Th.D.)

KÜHN, H. 1994. Christianity, It's Essence and History. London: SCM Press, LTD.

LABUSCHAGNE, F.J. & Eksteen, L.C. 1993. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Goodwood, Kaap: J.L. van Schaik.

LAW, TERRY. 1987. How to Enter the Presence of God. USA: Victory House, Inc.

LAZARUS, R.S. & FOLKMAN, S. 1984. Stress, Appraisel and Coping. New York: Springer.

LETSOSA, R. 2005. A relevant Liturgy for the Reformed Churches in Synod Midlands. (Proefskrif-Ph.-D.)

LETSOSA, R. 2010. Relevant Liturgy: Special focus on Reformed Churches of African Origin USA: VDM verslag Dr. Müller Aktien gesellschaft & co.KG.

LEUSCHNER, F.W. 2001. Die Erediens as instrument in gemeentebou. Potchefstroom: NWU. (Skripsie – M. Th.)

LEUSCHNER, F.W. 2004. Atmosfeer in die erediens. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – Ph.D.)

LITFIN, D. 1981. The Art of Public Speaking. Grand Rapids: Baker Bookhouse.

LLOY, D. 2010. Axis of Glory. A Biblical and Theological Analysis of the Temple Motif in Scripture. New York: Peter Long Publishers, Inc.

LONG, L. 2001. Translating the Bible. From the 7th to the 17th century .Aldershot: Ashgate.

LONGMAN, T. III. 2001. The Gospel according to the Old Testament. Immanuel in our place, seeing Christ in Israel's worship. New Jersey: P & R Publishing Phillipsburg.

LOUW, D.A. 1986. Inleiding tot die Psigologie. Johannesburg: Mcgraw-Hill.

LÜDEMANN, G. 1989. Early Christianity according to the Traditions in Acts, a Commentary. London: SCM Press. LTD.

MARAIS, H.C. & S NIEUWMEIJER, L.J. 1989. Kommunikasie in kleingroepe. Pretoria: Serva-uitgewers.

MAXWELL, J. 1999. The 21 Indispensable Qualities of a Leader. Nashville: Thomas Nelson

MAXWELL, JOHN. C. 2010. Die kuns van ware kommunikasie. Hoe jy kommunikeer bepaal jou sukses. Suid-Afrika, Maitland: Struik Christelike Boeke.

MENZIES, R.P. 1991. The development of early Christian Pneumatology with special reference to Luke-Acts. *Journal for the study of the New Testament: Supplement series 54.* Sheffield: Sheffield Academic Press.

MEYER, J. 1987. The everyday live bible. New York, Boston, Nashville: Hachette Book group USA.

MEYERS, E. 1996. Ancient Synagogues: An Archaelogical Introduction." In Saved Realm: The Emergence of the Synogogue in the Ancient World, edited by Steven Fine, 3 – 20. New York: Oxford University Press.

MEYERS, R. 2003. E-Sword. Strong's concordance with Hebrew and Greek Lexicon. All rights reserved. [CD-ROM].

MOELLER, P.A. 1998. Exploring Worship Anew: Dreams and Visions. St. Louis, Missourri: Charlice Press.

MOLL, A. 2012. Maak wenners van jou mense. Die sleutel tot motivering in die werkplek. Vereeniging: Christelike Uitgewers Maatskappy.

MONTAQUE, G.T. 1976. The Holy Spirit: Growth of a Biblication Tradition. A Commentary on the principal texts of the Old and the New Testaments. New York: Panlist.

MORRIS, B. 2006. Religion and Anthropology. Cambridge: University Press.

MOSTERT, B. 2008. Geestelike oorlogvoering. Vereeniging: Christelike Uitgewers Maatskappy

MURRAY, A. 1943. Die Werk van die Heilige Gees. Gedagtes oor die inwoning van die Heilige Gees in die gelowige en die kerk. Kaapstad: Lux Verbi.

NIEMANDT, N. 2007. Nuwe drome vir nuwe werklikhede. Lux Verbi. BM

OLIPHANT, H. 2002. Worship, Reformed according to Scripture. Louisville, London: Westminister John Knox Press.

OLIVIER, I.J. 2006. The strategic task of the church in creating spaces for spirituality. Thesis submitted for the degree Philosophiae Doctor in Practical Theology at the Northwest University (Potchefstroom Campus).

ORR, J.E. 1952. The second Evangelical Awakening in America. London. s.n.

OSKAMP, P. & SHUMAN, N. 1998. De Weg van de Liturgie: Tradities, achergronden, praktijk. Zoetermeer: Meinema.

OSMER, R.R. 2008. Practical Theology: an Introduction. Michigan: Grand Rapids

PERSON, R. F. 2010. The Deutronomic History and the Book of Chronicles. Scribal works in an oral world. Atlanta: Society of Biblical Literature.

PFATTEICHER, P.H. 1997. Liturgical Spirituality. Pennsylvania: Trinity Press International Valley Forge.

PIETERSE, H.J.C. 1990. Die praktiese teoloog en empiriese navorsing. (In: Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. Eerste treë in die Praktiese teologie. Pretoria: Gnosis.p. 75 – 87).

PIETERSE, H.J.C. 1991. Gemeente en Prediking. Halfwayhouse: NG kerkboekbandel.

PIETERSE, H.J.C. 1998. A theological theory of communitave action. Religion and Theology, 5 (2): 176 – 194.

PLUG, C., MEYER, W.F., LOUW, D.A. & GOUWS, L.A. 1986. Psigologie woordeboek. Johannesburg: McGraw-Hill.

POA, D.W. & SCHNABEL, E.J. 2007. Luke. In GK Beale and DA Carson (eds.) (Commentary of the New Testament use of the Old Testament). Grand Rapids: Baker.

POHLMAN, M.H. 1990. The Experience of the Holy Spirit: an exegetical and theological study of Acts 2: 1 – 4. University of Port Elizabeth. (Verhandeling M.A.)

POLOMA, M.M. 1989. The assemblies of God at the cross-roads: Charisma and Institutional Dilemmas. Knoxville: University of Tennessee Press.

POPENOE, D., Cunningham, P. & Boult, B. 1998. Sociology: First South African edition. South-Africa: Prentice Hall.

POWERS, L.D. 1991. Bible for Spirit Filled Living. Nasville, Atlanta, London, Vancover: Thomas Nelson Publishers.

REID, P.U.M. 2000. Diverse Worship: African-American, Caribbean & Hispanic Perspectives. Illinois: Intervarsity Press.

ROBINSON, H.W. 1980. Biblical Preaching: The development and delivery of expository preaching. Grand Rapids: Baker Bookhouse.

ROOF, W.C. 1999. Spiritual Marketplace. Baby Boomers and the remaking of American Religion, Princeton, NJ/Oxford: Princeton University Press.

SALIERS, D.E. 1994. Worship as Theology – Foretaste of Glory Devine. Nashville: Abingdon Press.

SCHAEFER, R.T.& LAMM, R.P. 1997. Sociology: A brief introduction. 2nd ed. New York: McGraw-Hill.

SHANKS, H. 2007. Jerusalem's Temple Mount from Solomon to the Golden Dome. London: The Continuum International Publishing Group LTD, The Tower.

SMIT, G.J. 1985. Navorsingsmetodes in die gedragwetenskappe. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewers.

SPENCER, F.S. 2004. Journeying through Acts: a Literary-Cultural Reading. Peabody MA: Hendrickson.

SPILKA, B. 2005. Religious Practice, Ritual and prayer. Handbook of the Psychology of Religion and spirituality. In Raymond, F Paloutzian and crystal. L Park. P 365-377. New York, London: The Guil Ford Press.

STANDER, H.F. & LOUW, J.P. 1990. Gebruike en gewoontes in die Bybel. Vereeniging: CUM Boeke [CD-ROM]

STANTON, G.N., LONGENECHER, B.W. & BARTON, S.C. 2004. The Holy Spirit and Christian origins. Essays in Honor of James D.G. Dunn. UK: Cambrigde.

STARK, R. 1997. The Rise of Christianity. San Francisco: Harper Collins.

STEPHENS, R.J. 2012. Assessing the Roots of Pentecostalism. A historiographic essay. [Beskikbaar op Internet:] http://www.ex-pentecostalism.org/history.htm [Datum van gebruik: 7 April 2012].

STEYN, A.F. & UYS, T. 1988. Die Kleingroep. Struktuur en Dinamika. Stellenbosch-Grahamstad: Universiteituitgewers en Boekhandelaars.

STEYN, A.G.W., SMIT, C.F. & DU TOIT, S.H.C. 1987. Moderne Statistiek vir die praktyk. Pretoria: van Schaick.

STINGER, M.D. 2005. A sociological history of Christian Worship. Cambridge: University Press.

STOKER, H.G. 1961. Beginsels en metodes in die wetenskap. Potchefstroom. Pro Rege.

STRYDOM, W.M.L. 1973. Dogma and Doxa.(In: Worship: Good news in action. Minneapolis: Augsburgpress.)

SUTCLIFFE, JOHN & ANN. 1977. Getting to know about places of worship in the Land of the Bible. Redhill, Surrey: Denholm House Press.

TAYLOR, J. V. 1972. The Go-Between God. The Holy Spirit and the Christian Mission.London: SCM.

THOMPSON, J.A. 1994. The New American Commentary. An exegitical and theological exposition of Holy Scripture, NIV Text. USA: Broadman & Holman Publishers.

VAN DER VEN, J.A., DREYER, J.S. & PIETERSE, H.J. 1997. Believe in God among South-African youth and it's relation to their religious socialization and praxis. *Hervormde teologiese studies*, 53(3): 867 – 873.

VAN DER WALT, E. 2009. Die stem van die Here. [Beskikbaar op internet:] http://www.kruisvuurkamp.org.za (Datum van gebruik: 4 Oktober 2011)

VAN DER WATT, G. 2009. "Opreg en Bereidwillig": Nagedink oor Calvyn en die Heilige Gees. [Beskikbaar op die Internet:] http://www.clf.co.za/files/Pinkster2009 [Datum van Gebruik: 15 September 2008].

VAN DER WATT, J. (Ed). 2003. Die Bybel A-Z. 'n Omvattende, nuttige hulpbron wat die Bybel en sy leefwêreld vir hedendaagse gelowiges oopsluit. Vereeniging: Christelike Uitgewers Maatskappy.

VAN HELDEN, S. 2010. 'n Hermeneutiese emoiriese strategie rakende die veskynsel van kerkkrimping in tradisioneel Afrikaanse "susterskerke" in Suid-Afrika – 'n Praktiese-Teologiese studie. Potchefstroom: NWU (Proefskrif – Ph.D.)

VAN ROOYEN, H.A. 1983. Die erediens as koinonia. Pretoria: UP. (Skripsie – Nagraadse Diploma in Teologie.)

VAN SCHOOR, M. 1982. Wat is kommunikasie? Pretoria: Sigma-Pers (Edms) Bpk.

VAUGHN, A. G. 1999. Theology, History, and Archaelogy in the chronicler's account of Hezekia. Atlanta, Georgia: Scholars Press.

VENTER C.J.H. 1992. Diakoniologie en rasionaliteit – 'n verkenning. *In die Skriflig*, 26 (1): 29 – 51.

VENTER C.J.H. 1996. Die Woord in die werklikheid. Wetenskapsteoretiese perspektiewe op Diakonologie. *In die Skriflig*, 29 (182): 181 – 202.

VENTER C.J.H. 1996. Uitkringende liefdesbetoon. Pretoria: RGN.

VENTER, P.M. 1993. Die Bybel in Praktyk. Vereeniging: Christelike Uitgewers Maatskappy

VERSTER, A.H. & VAN EIJK, R.K. 1984. Die wonder van die Heilige Gees. Praktiese en teologiese besinning oor die werklikheid van die Heilige Gees in die lewe van die Christengelowige. Pretoria: Soteria Publikasies.

VORSTER, J.M. 1996. Is die kerk funksioneel? Gedagtes oor gereformeerde kerkvernuwing in 'n postmoderne konteks. Potchefstroom: PTP.

VOS, C.J.A. & PIETERSE, H.J.C. 1997. Hoe lieflik is U woning. Pretoria: RGN

VRIJLANDT, M.A. 1987. Liturgiek. Meinema: Delft.

WACKER, G.1995. Searching for Eden with a satelite dish. (In Hacket, G. ed. Religion and American culture. New York/ London: Routlegde).

WAGNER – FERREIRA, E.C. 2008. 'n Praktiese – Teologiese ondersoek na die inkleding van die erediens met die doel om die verskillende generasies in 'n gesamentlike familie – erediens aan te spreek. Universiteit van Pretoria. (Proefskrif – Ph.D.)

WALKER, W. 1970. A history of the Christian church. New York: Charles Schribner's & Son's.

WALL, R.W. 2002. The New Interpeter's Bible. The Acts of the Apostles. Introduction, Commentary and Reflections. Nashville: Abingdon Press.

WEBER, M. 1974. Economy and Society. An outline of Interpretive Sociology. Berkeley, C.A.: University of California Press.

WENHAM, G.J. 1987. Word Biblical Commentary, Volume 1: Genesis 1 – 15. Dallas: Word Books. [CD-ROM].

WEPENER, C. 2006. Participation and power. Opportunities for method and theory in liturgical research from a changing (Dutch Reformed) South African liturgical landscape. *Instituut voor liturgie – wetenschap, jaarboek voor liturgie ondersoek deel 2.* Tillburg: Groningen.

WHITE, J.F. 1989. Protestant worship: Traditions in Transitions. Louisville, Kentucky: Westminister/ John Knox Press.

WHITE, L.M. 1996. The Second Origins of Christianity Architecture. Valley Ferge. Pennsylvania: Trinity Press International.

WHITE, S.J. 1999. The spirit of worship: The liturgical tradition. Maryknoll, N.Y.: Orbis Books.

WHITTAKER, C. 1984. Great Revivals. Basingstoke: Marchall Morgon & Scott.

WIGGLESWORTH, S. 1999. Wigglesworth on the Anionting. USA: Whitaker House:

WOOD, S.A. 1988. Die Geskiedenis van die Christendom. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

YONG, A. 2009. The Spirit renews the face of the earth. Pentecostal forays in science and theology of creation. Eugene Origin, Pickwick Publications. s.n.

ZEITHLIN, S. 1975. The Library of Biblical studies, The Synagogue(In Gutmann, J. Studies in Origin, Archaelogy and Architecture. The Origin of the Synogogue. New York: KTAV Publishing, House, Inc.)

ZERFASS, R. 1974. Praktiese Theologie als Handlungwissenchaft (In Klostermann, F. & Zerfass, R. Praktische Theologie heute. Munchen: Kaiser. p. 164 – 177.)